

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK



111100410601220000019

HIER DIE BESITTELAARTE ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

DIE AGTERGROND EN IMPLIKASIES VAN ENKELE BEGINSELS IN  
VERBAND MET 'N NASIONALE ONDERWYSBELEID VIR DIE  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA:  
'N HISTORIES-PRINSIPIËLE STUDIE



deur

**Dudley Vermaak M.Sc., M.Ed.**

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die  
graad DOCTOR EDUCATIONIS in die Fakulteit van Opvoed-  
kunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat,  
Bloemfontein.

Promotor: Prof. dr. J. J. Fourie

Januarie 1970.

HIERDIE EKSEMPLAAR LAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

- 7-4-1970

REK. No. 109985

No. \_\_\_\_\_

BIBLIOTEEK

## V O O R W O O R D

Ek ag dit 'n besondere eer om hierdie studie in verband met 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika onder die leiding van prof. dr. J J. Fourie te kon onderneem. Vir sy noukeurige wetenskaplike leiding, akademiese voorligting en persoonlike aanmoediging is ek aan hom baie dank verskuldig. Prof. Fourie se jarelange verbintenis met onderwysliggame soos die Nasionale Adviserende Onderwysraad, die Federale Raad van Onderwysersverenigings en die hoofbestuur van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging het aan my dié voorreg besorg om onder iemand te studeer wat inderdaad die vinger op die pols van die denke van die onderwyspraktyk in ons land het.

My opregte dank aan prof. N.T. van Loggerenberg vir al die gesprekke wat ons oor hierdie studieonderwerp gevoer het asook vir die aanmoediging wat van hom af uitgegaan het. Ook aan prof. W.J. Richards baie dankie vir prikkelende gedagtewisseling, praktiese hulp en die leen van talle boeke en artikels. Sy belangstelling was altyd 'n aanmoediging. Ek is ook veel verskuldig aan prof. M.C.E. van Schoor wat sy besondere versameling van boeke en publikasies veral ten opsigte van die Vrystaatse Republiek tot my beskikking gestel het en by wie ek tydig en ontydig om raad in verband met tegniese versorging kon gaan aanklop.

Ten slotte betuig ek my erkentlikheid teenoor 'n vorige leermeester, prof. dr. P.S. du Toit, wat by my die belangstelling in die Geskiedenis en Administrasie van die Onderwys gewek het.

Januarie 1970.

D. Vermaak.

BLOEMFONTEIN.

## I N H O U D S O P G A W E

## H O O F S T U K I

bladsy.I N L E I D I N G

1.	ONDERWYSWETGEWING VAN GROOT BETEKENIS.....	1
2.	DIE PROBLEEM IN VERBAND MET DIE ONTWIKKELING VAN 'n GRONDWETLOSE ONDERWYSBELEID EN 'n VERDEELDE ONDERWYSBEHEER.....	3
	(a) Grondwetlose onderwysbeleid.....	3
	(b) Verdeelde onderwysbeheer.....	5
3.	DIE PROBLEMATIEK IN VERBAND MET DIE RE- ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS OP NASIONALE GRONDSLAG.....	7
4.	TAAKBEPALING, TERREINAFBAKENING EN BEGREN- SING VAN DIE ONDERSOEK.....	11

## H O O F S T U K II

DIE FILOSOFIESE ONDERBOU EN AGTERGROND-  
PROBLEMATIEK TEN OPSIGTE VAN 'n PAAR BE-  
LANGRIKE BEGINSELS IN VERBAND MET 'n NA-  
SIONALE ONDERWYSBELEID IN SUID-AFRIKA

1.	ORIËNTERING.....	13
2.	GRONDLIGGENDE CALVINISTIESE BEGINSELS VIR ONDERWYSBEHEER.....	16
	(a) Die soewereiniteit in eie kring van gesagstrukture.....	16
	(b) Die vervlegtheid van gesagstrukture.....	20
	(c) Gesagstrukture se funksionering in noodsituasies.....	23
3.	DIE SKOOLVERBAND VOLGENS CALVINISTIESE BEGINSEL.....	26
	(a) Die skool 'n selfstandige samelewings- verband.....	26
	(b) Medeseggenskap in onderwysbeheer deur die ouergemeenskap.....	29
	(c) Die „finale" gesag van die staat in onderwysbeheer.....	34

(d)	Medeseggenkap in onderwysbeheer deur die georganiseerde onderwyserskorps.....	42
(e)	Indirekte medeseggenkap in onderwysbeheer deur die kerk.....	45
4.	DIE DEMOKRATIESE BEGINSEL IN DIE ANGEL-SAKSIESE EN CALVINISTIESE DENKE.....	51
(a)	Demokrasie volgens Angel-Saksiese tradisie.....	51
(b)	Demokrasie en onderwysbeheer.....	61
(c)	Demokrasie en Calvinisme.....	63
5.	DIE NASIONALE, CHRISTELIK-NASIONALE EN MOEDERTAAL-BEGINSELS.....	68
(a)	Die nasionale beginsel in die algemeen...	68
(b)	Calvinisme en die nasionale beginsel.....	74
(c)	Humanisme en die nasionale beginsel.....	82
(d)	Die beginsel van moedertaalonderwys.....	85
6.	SINTESE TEN OPSIGTE VAN 'n AGTERGRONDPROBLEMATIEK.....	88

### H O O F S T U K    I I I

#### 'n KRITIESE-HISTORIESE ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE STRYD OM DIE SKOOL VOOR UNIEWORDING

1.	TOESPITSING.....	91
2.	GEREFORMEERDE STAATSKOLE ONDER STAATSBEHEER EN KERKLIKE TOESIG GEDURENDE DIE EERSTE 150 JAAR.....	92
(a)	Onderwysbeheer in die stamland.....	92
(i)	Die stryd tussen kerk en staat om die skool.....	92
(ii)	Die gereformeerde staatskool onder staatsbeheer.....	94
(iii)	Die gereformeerde staatskool onder kerklike toesig.....	96
(b)	Nuwe wortels uit 'n ou stam : Die eerste Staatsgesag, Kerk en Onderwys aan die Kaap.....	98
(i)	Die Kaap se staatsgesag.....	98
(ii)	Die Kaap se gereformeerde Kerk.....	100
(iii)	Die Kaap se gereformeerde staatskool onder kerklike toesig.....	102

- (iv) Die Kaap se gereformeerde staatskool onder staatsbeheer..... 104
- (v) Die Kaap se huisonderwys in die buiteland..... 107
3. LIBERALE EN VERLIGTE DENKBEELDE VAN BATAAFSE BEWIND : STAATSBEHEER SONDER KERKLIKE TOESIG... 110
- (a) Kenteringsdenkbeelde ten grondslag van die Bataafse onderwysbeleid..... 110
- (b) Onderwysveranderinge in Nederland gedurende Bataafse Tydperk..... 112
- (c) Kaapse Onderwys onder Bataafse Bewind..... 114
- (i) De Mist se houding teenoor die Kerk, die Christelike en die nasionale beginsels..... 114
- (ii) De Mist se onderwys onder staatsbeheer sonder kerklike toesig..... 118
- (iii) De Mist se staatskoolstelsel misken die beginsel van ouermedesegenskap..... 122
- (iv) De Mist se beskouinge in botsing met die van die Afrikaner..... 125
4. STRYD TUSSEN SENTRALISASIE EN DESENTRALISASIE ONDER ENGELSE BEWIND AAN DIE KAAP..... 127
- (a) Die inplanting van vreemde wortels deur 'n vreemde bewind..... 127
- (b) Sir John Cradock se versoeningsmaatreëls.. 129
- (c) Somerset se vry, Engelse, gemengde staatskole..... 133
- (d) Die Herschelstelsel en sentralisasiebeleid onder die eerste Kaapse Onderwysdepartement..... 139
5. DIE VESTIGING VAN DIE NEUTRALE STAATSKOOLGEDAGTE AAN DIE KAAP ONDER ROSE-INNES EN LANGHAM DALE TEN SPYTE VAN TOEGEWINGS EN PROTES..... 141
- (a) Desentralisasie onder Rose-Innes..... 141
- (b) Langham Dale se neutrale staatsondersteunde skole en verengelsingsbeleid vestig te midde van private onderwys..... 145
- (i) Aksie en reaksie t.o.v. Langham Dale se stelsel van neutrale staatsondersteunde skole en plaaslike onderwysbestuur..... 145
- (ii) Toesig en invloed van 'n gedeeltelik verengelsde Hollandse Kerk oor die onderwys..... 148
- (iii) Enkelingpogings van vernet uit Afrikanergeleedere teen die Anglesaksiese mag..... 153



6. DIE WISSELENDE GANG VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE GEDAGTE IN DIE NOORDELIKE REPUBLIEKE..... 156
- (a) Oueronderwys gedurende pioniersjare plant Christelik-nasionale onderwysgedagte in nuwe Boererepublieke..... 156
- (b) Ontkiemende Staatskoolgedagte bring verwarring oor ouermedeseggenenskap..... 158
- (i) Engelse en Hollandse invloed bring staatsonderwys na Noordelike Republieke..... 158
- (ii) Eerste Republikeinse grondwette erken staatsverantwoordelikheid oor onderwys, maar misken ouerseggenskap. 161
- (c) Die neutrale staatsondersteunde skole en plaaslik verkose skoolkommissies van Burgers en Brebner..... 167
- (i) Liberale Hollands-Britse invloed in die Transvaal onder Burgers en die Britse Anneksasie-periode..... 167
- (ii) Brits-Skotse invloed en Brebner se neutrale staatsondersteunde skole in die Vrystaat..... 171
- (d) Christelik-nasionale onderwys seëvier in Transvaal onder S.J. du Toit en Mansvelt.. 178
7. RETROGRESSIE ONDER DIE IMPERIALISTIESE BELEID VAN SARGANT-MILNER IN DIE NOORDE EN PROGRESSIE ONDER DIE SKOOLRADEWET VAN THOMAS MUIR IN DIE SUIDE..... 187
- (a) Neutrale Engelse staatsbeheerde skole onder Sargant-Milner..... 187
- (b) Ouermedeseggenenskap vestig in Kaapland onder die Skoolraadwet van 1905..... 191
8. VRYE, CHRISTELIK-NASIONALE SKOLE AS TEENVOETER VIR NEUTRALE ENGELSE STAATSKOLE VAN SARGANT-MILNER..... 194
9. NEUTRALE STAATSKOOLSTELSELS MET OUERMEDESEGGENSKAP ONDER DIE SMUTS- EN HERTZOGWETTE IN DIE NOORDE IN PERSPEKTIEF MET THOMAS MUIR SE SKOOLRADEWET IN DIE SUIDE..... 200
- (a) Smuts se versoeningsbeleid vestig 'n neutrale staatskoolstelsel met ouermedeseggenenskap ten koste van die C.N.O.-stelsel in Transvaal..... 201
- (b) Hertzog implementeer gelyke taalregte en ouermedeseggenenskap in die reeds bestaande staatskoolstelsel van die Vrystaat..... 206
10. NEUTRALE STAATSKOOLSTELSEL SONDER OUERMEDESEGGENSKAP : NATAL..... 211

11. SINTESE TEN OPSIGTE VAN DIE STRYD OM DIE SKOOL EN DIE C.N.O.-BEGINSELS IN DIE VIER GEWESTELIKE OORDE ONMIDDELLIK VOOR UNIEWORDING.....	217
--	-----

#### H O O F S T U K   I V

### 'n FEDERALE ONDERWYSBELEID NA UNIEWORDING EN 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID NA REPUBLIEKWORDING

1. TOESPITSING.....	225
2. 'n FEDERALE BELEID VIR ONDERWYSBEHEER EN DIVERGENSIE VAN ONDERWYSBEGINSELS NA UNIEWORDING.....	227
(a) Verdeling van onderwysbeheer tussen provinsies en staat.....	227
(i) Federale onderwysbeleid.....	227
(ii) Verdeelde onderwysbeheer.....	229
(iii) Die stelsel en organisasie op nasionale en provinsiale vlak in die verdeelde onderwysbeheer.....	234
(iv) Divergensie die resultaat van verdeelde onderwysbeheer.....	239
(b) Divergensie ten opsigte van stelsels van plaaslike onderwysbesture.....	240
(i) Skoolkommissies.....	241
(ii) Skoolrade.....	245
(iii) Beheerrade.....	250
(c) Divergensie ten opsigte van die Christelike en die nasionale beginsels in die onderwys.....	253
(i) Natalse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels..	254
(ii) Kaaplandse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels.....	255
(iii) Transvaalse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels.....	261
(iv) Vrystaatse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels.....	264
(v) Die geheelperspektief.....	268
(d) Divergensie ten opsigte van die voertaalbeginsel in die onderwys.....	269
(i) Provinsiale taalordonnansies na aanleiding van optrede van die Unie-Parlement in 1911.....	269
(ii) Taalordonnansies van Natal na 1916..	272

(iii)	Taalordonnansies van Kaapland na 1912.....	274
(iv)	Taalordonnansies van Transvaal na 1912.....	281
(v)	Taalordonnansies van die Vrystaat na 1912.....	286
(e)	Die Christelik-nasionale onderwysbeginsels verower na Uniewording die neutrale staatskole geleidelik.....	293
(i)	Kerklike en Onderwyskongresse dra die Christelik-nasionale Onderwysgedagte na Uniewording voort.....	294
(ii)	Die F.A.K. word die spreekbuis van die Afrikaner.....	302
(iii)	Die Afrikaner se deurbraak na 1948..	305
(iv)	Verdeelde onderwysbeheer 'n remskoen vir die volle ontplooiing van die Afrikaner se opvoedingsideale.....	307
3.	'n NASIONALE BELEID VIR GEKOÖRDINEERDE ONDERWYSBEHEER EN VIR ONDERWYSBEGINSELS NA REPUBLIEKWORDING.....	310
(a)	Die eerste stap na 'n gekoördineerde nasionale onderwysbeleid : Die instelling van die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad.....	310
(i)	Nasionale optrede op parlementêre vlak.....	311
(ii)	Die beginsels ten grondslag van die Wet op die instelling van die Nasionale Adviserende Onderwysraad..	313
(iii)	Die funksionering van die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad..	318
(b)	Die Triomf van die Stryd : Die drie Onderwyswette van 1967.....	321
(i)	Botsing tussen magte word deur die Nasionale Onderwysraad en Kontakliggaam uitgeskakel.....	321
(ii)	Wetgewende magte span op nasionale vlak saam.....	322
(iii)	'n Nasionale Onderwysbeleid word 'n werklikheid.....	323
(iv)	Verdeelde beheer maak plek vir die beginsel van eenheid-in-verskeidenheid in 'n nasionale stelsel onder interprovinsiaal-gekoördineerde provinsiale beheer.....	331

## H O O F S T U K V

bladsy.

TOEKOMSBLIK EN TOEKOMSVERWAGTING

1.	Verlede, hede en toekoms stuur op dieselfde doel af.....	339
2.	Konsekwente toepassing van moedertaalonderwys en die stigting van moedertaalskole op nasio- nale grondslag 'n toekomswerklikheid.....	340
3.	Toekomstige nasionale opvoeding en onderwys ooreenkomstig die lewensopvatting van elke kultuurgemeenskap.....	342
4.	Toekomstige Christelike opvoeding en onder- wys antities in Christelik-Reformatoriese en algemene Christelike (respektiewelik „Christelik-Deïstiese“) lewensbeskouings- verband.....	347
5.	Die inskerping van sekere fundamentele be- ginsels van samelewingsverbande as toekoms- taak.....	353
6.	Die toekomstaak van die onderwyser as nasie- bouer.....	362
	BIBLIOGRAFIE.....	366

## H O O F S T U K I

## I N L E I D I N G

---

---

1. ONDERWYSWETGEWING VAN GROOT BETEKENIS

(a) In die stryd van die verskillende volkere en nasies om oor hulle geestelike waardes en nasionale lewensfilosofie te waak, besef almal dat die onderwys een van die kragtigste wapens is. Onderwysstelsels is egter nie strak en staties nie, maar dinamies. Dit groei saam met 'n volk en is gedurig aan 'n ontwikkelingsproses onderhewig. Trouens, dit is 'n produk van die evolusie van 'n volk. Die nasionale karakter van onderwysstelsels word gevolglik nie net deur die verlede met sy soms vergete stryd bepaal nie, maar ook deur die hede met sy eise betreffende nuwe ideale, nuwe beskouinge en nuwe ontwikkeling. Dit is dan ook opmerklik dat verskeie lande die afgelope paar dekades ernstige aandag aan die reorganisasie van onderwys geskenk het.<sup>1</sup>

Ook in Suid-Afrika het nuwe tydsomstandighede nuwe maatreëls geverg. Die politieke en staatkundige gebeure wat in 1961 aan Suid-Afrika volwaardige nasionale selfstandigheid in die vorm van 'n eie Republiek besorg het, stel byvoorbeeld nuwe eise aan hierdie land se onderwys. Daarom tree as een van die eerste groot take na Re-

---

1. Vgl. J.M. Crijns, W. de Hey, L.M.H. Joosten en E. Pelosi, de Mammoetwet, pp. 18-19; S.L. Hunter, The Scottish Educational System, pp. 34-43; en G. Baron, Society, Schools and Progress in England, pp. 220-223.

publiekwording na vore die daarstelling van 'n nasionale onderwysbeleid en die nodige masjinerie om dit uit te voer sodat die onderwys wat 'n saak van groot nasionale belang is, tot sy reg kom. Die federale onderwysbenadering van 1910 waarin die provinsies outonome gesag oor gedeeltes van die onderwys ontvang het, maak nou plek vir 'n nasionale onderwysbenadering waarin elke bevolkingsgroep volle geleentheid moet ontvang om ooreenkomstig sy eie lewens- en wêreldbeskouing tot nasionale ontplooiing te kom. Dit is op hierdie ontwikkelingsweg dat Suid-Afrika reeds binne vyf jaar na Republiekwording sy belangrikste jaar op onderwysgebied betree.

(b) Gedurende Februarie 1967 is drie Onderwyswette van groot nasionale belang deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika goedgekeur: Wet nr. 39 - die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 40 - die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys en Wet nr. 41 - die Wet op Onderwysdienste. Dié drie Wette wat betrekking op die onderwys vir blankes het<sup>1</sup>, is deur senator J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangekondig as die drie hoekstene waarop Suid-Afrika in die toekoms sy onderwysstelsel vir blankes sal bou en ons land bekend sal staan „as een van die mees moderne Westerse nasies wat betref die hele beplanning van ons onderwys en die sake van die toekoms.”<sup>2</sup> In hierdie verband is Wet nr. 39 van heel besondere betekenis. Dit het aan Suid-Afrika 'n nasionale

- 
1. Ander nasionale onderwyswetgewing reël elkeen van die verskillende nie-blanke bevolkingsgroepe se onderwys afsonderlik op 'n nasionale grondslag.
  2. Rep. van S.-A., Debatte van die Volksraad (hierna Hansard genoem), 15 Februarie 1967, kol. 1396.

onderwysbeleid gegee en is die wet wat deur die geslagte wat kom as die „Magna Carta“ van die onderwys in Suid-Afrika beskou sal word.<sup>1</sup>

Hierdie gebeurtenis word dan klaarblyklik as van so 'n groot nasionale belang geag dat dit die aanvang van 'n nuwe era in die geskiedenis van hierdie land se onderwys aandui. Hiermee is veel gesê: dis 'n appél tot die verlede sowel as die toekoms van die onderwys in hierdie land. Dit noop tot 'n histories-prinsipiële besinning in die lig van die grootsheid van die gebeure.

2. DIE PROBLEEM IN VERBAND MET DIE ONTWIKKELING VAN 'n GRONDWETLOSE ONDERWYSBELEID EN 'n VERDEELDE ONDERWYSBEHEER

(a) Grondwetlose onderwysbeleid

'n Land se grondwet moet vir 'n nasionale onderwysbeleid voorsiening maak. Daarsonder is die onderwys beginselloos en koersloos en kan daar nie van doeltreffende funksionering en koördinering sprake wees nie. Nou is dit egter opvallend dat die Suid-Afrika-Wet van 1910 nie 'n enkele woord oor 'n nasionale onderwysbeleid meld nie en hierdie belangrike nasionale aangeleentheid gevolglik niemand se verantwoordelikheid gemaak het nie. Dié grondwetloosheid het aanleiding gegee tot 'n dilemma waarin Suid-Afrikaanse onderwys baie jare lank verkeer het. So byvoorbeeld kon geen onderwysinstitusie optree toe die uitbreiding van beroepsonderwys op middelbare vlak 'n landswye beplanning en koördinering noodsaaklik gemaak het nie. Selfs nie die provinsiale administrasies, of

1. Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 23 Februarie 1967, kol. 1903.

die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap of die Eerste Minister kon daarvoor aangespreek word nie. Die landswette het nie vir die verteenwoordigers van die volk in die Parlement voorsiening gemaak om besprekings te voer en besluite te neem oor onderwysaangeleenthede wat deur die provinsies beheer is nie. Omdat die geheel van die land se onderwys nooit in die hoogste vergadersale in oënskou geneem kon word nie, het 'n nasionale perspektief ten opsigte van die onderwys baie jare lank uitgebly.<sup>1</sup>

Die afwesigheid van 'n nasionale onderwysbeleid het die onderwys hier te lande jare lank koersloos laat verloop. Geen besondere poging kon op nasionale grondslag aangewend word om die volk se ideale vir die onderwys in die lig van hulle lewens- en wêreldbeskouing te vertolk en te implementeer nie. In die beplanning en organisasie van die onderwys is weinig of geen aandag aan prinsipiële en opvoedkundige grondslae gegee nie; meestal was dit finansiële faktore wat deurslag gegee het.<sup>2</sup> Die gedagte dat die onderwysbeleid voorsiening moet maak vir 'n verskeidenheid van groeperings van volksgemeenskappe maar oorspan deur die perspektief van die nasie, het totaal ontbreek. Die aanvaarding van Wet nr. 39 van 1967 het egter parlementêre wetgewing op die wetboek geplaas wat aan hierdie toestand 'n einde gebring het en wat aan Suid-Afrika sy eerste nasionale onderwysbeleid besorg het.

1. Vgl. Die Skoolblad, „Die Dilemma van Onderwys in Suid-Afrika gedurende die laaste 15 jaar“, Januarie 1962, p. 2; en Memorandum insake die behoefte aan 'n Uniale Onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, opgestel deur die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika, p. 27.
2. Unie van S.-A., Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (U.G. 65/1948), p. 275.



(b) Verdeelde onderwysbeheer

Onderwysbeleid word deur 'n stelsel van onderwysbeheer in die praktyk beplan en geïmplementeer. Nasionale onderwysbeheer het gevolglik te doen met die wetlike, administratiewe en organisatoriese aspekte van die onderwys. Dit verskaf die nodige onderwysfasiliteite.<sup>1</sup> Volgens die Verslag van die Transvaalse Oorsese sending in verband met Grondwetlike beheer oor die onderwys word 'n land se onderwys beheer deur „die instansie aan wie in die land se konstitusie die reg toegesê word om oor die onderwys wetgewing aan te neem.”<sup>2</sup> Hiervolgens is openbare skole uitsluitlik staatsbeheerde inrigtings, hetsy provinciaal of nasionaal.

Die uiterste vorm van staatsbeheer oor skole is wanneer al die gesag in die hande van die staat of 'n politieke party gesentraliseer word en absolute uniformiteit ten opsigte van alle onderwysaangeleenthede intree. Dit is 'n tipe onderwysbeheer wat veral in totalitêre state gewild is, hoewel dié onderwysstelsel ook in lande soos Frankryk toegepas is. Hierteenoor staan algehele desentralisasie wat onderwysbeheer in die hande van plaaslike instansies of gemeenskappe plaas en tot verskeidenheid en selfs uiteenlopendheid in die onderwys aanleiding gee. Gedesentraliseerde onderwysbeheer gaan altyd hand aan hand met die erkenning en implementering van die demo-

1. Vgl. D.H. Cilliers, Onderwysbeleid en -beheer in Suid-Afrika 1910-1960, p. 3; G.J.B. Haasbroek en R.F. Crowther, Sentrale en plaaslike beheer oor die onderwys in enkele oorsese lande met verwysing na die beheer oor die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks nr. 55, p.3.
2. Tvl., Onderwysdepartement, Verslag van 'n sending na oorsese lande, 1965, dl. I, p. 113.

kratiese beginsel in die onderwys. Die onderwysstelsels van die Verenigde State van Amerika en Engeland is goeie voorbeelde hiervan.<sup>1</sup>

Onderwys, veral tot aan die einde van die middelbare skool, word opvoedkundig en organisatories egter ook as 'n ondeelbare geheel beskou.<sup>2</sup> Die verdeling hiervan om sodoende gedeeltes aan verskillende instansies toe te vertrou, hou ernstige gevare in vir die verwesenliking van belangrike opvoedkundige grondslae. 'n Verskeidenheid van beheerinstansies wat namens bepaalde gewestelike oorde outonome gesag oor dieselfde gedeeltes van die onderwys het, is ook nie bevorderlik vir die erkenning van nasionale en volksideale betreffende opvoeding en onderwys nie, veral as die nodige koördinering ontbreek. In 'n stelsel waarin 'n verskeidenheid instansies die onderwys beheer, moet doeltreffende koördinasie van die verskeidenheid op nasionale vlak as 'n dwingende vereiste beskou word.

Juis in hierdie verband is daar egter ernstige aanklagte teen ons onderwys sedert Uniewording ingebring. Sonder die bestaan van enige noemenswaardige koördinerende masjinerie is aan die vier provinsiale administrasies outonome gesag oor die onderwys tot op middelbare vlak gegee, en 'n vyfde onderwysdepartement is later ook met middelbare onderwys belas toe beroepsonderwys op middelbare vlak onder die gesag van die destydse Unie-Onderwys-

1. Vgl. Tvl., Onderwysdepartement, Verslag van 'n sending na oorsese lande, 1965, dl. I, pp. 18, 32; O.V.S., Onderwysdepartement, Rapport van 'n Oorsese Sending oor Gedifferensieerde Middelbare Onderwys, 1963, p. 16; Haasbroek en Crowther, op. cit., pp. 5-11, 37-41; Kandel, The new era in Education, pp. 119-125, 153, 174; en N. Hans, Comparative Education, pp. 254, 273, 290.
2. Vgl. P.S. du Toit, Opvoedkundige Studies, p. 163.

departement geplaas is. Dié verdeling en versnippering van onderwysbeheer in Suid-Afrika het tot ernstige gebreke in die onderwys aanleiding gegee; trouens dit het die onderwys in die geheel ernstig gestrem en benadeel.<sup>1</sup> Hierdie nadele word breedvoerig deur talle onderwyskommissies, soos dié onder die voorsitterskap van Jagger (1916), Hofmeyr (1924), De Villiers (1948), Pretorius (1951) en Kotzee (1965) uiteengesit en sal gevolglik in hierdie studie nie volledig bespreek word nie. Eers na die aanvaarding van Wette 41 en 39 van 1967 kon 'n begin gemaak word met die opheffing van verdeelde beheer oor die onderwys. In hierdie wette word beginsels soos die eenheid van skoolonderwys op 'n provinsiale grondslag met interprovinsiale koördinasie en medeseggenskap deur ouers en onderwyserskorps as die grondslag van toekomstige onderwysbeheer in Suid-Afrika aangedui.

### 3. DIE PROBLEMATIEK IN VERBAND MET DIE REORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS OP NASIONALE GRONDSLAG

Reorganisasiepogings op onderwysgebied toon egter 'n verskeidenheid van gemeenskaplike probleme waarvoor daar vandag veral in die Westerse lande 'n oplossing gesoek word. Daar is byvoorbeeld die konsekwente erkenning van die demokratiese beginsel in die onderwys, die beplanning van 'n nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys wat aan almal gelyke opvoedingsgeleentheid volgens aanleg bied, die verlenging van skoolplig, die voorsiening in die mannekragbehoefte van die land en so meer,

1. Vgl. Unie van S.-A., Verslag van die Kommissie in sake Tegnieese en Beroepsonderwys (U.G. 65/1948), P.S. du Toit, op. cit., pp. 161-166.

maar daar is veral ook die belangrike faktor van die kulturele agtergrond en lewensbeskouing van die volk. In hierdie verband sê Kandel dat „the important fact that stands out is that national systems of education today constitute more than ever experimental laboratories dealing with similar problems, to the solution of which traditional cultural backgrounds and current political and social aims as well as economic forces will contribute more than any universal theory of education.”<sup>1</sup> Ook Cramer en Browne beklemtoon hierdie belangrike faktor wanneer hul skryf dat „the major influences affecting the character of national systems of education today may be grouped under seven headings: 1. Sense of national unity 2. General economic situation 3. Basic beliefs and traditions, including religious and cultural heritage 4. Status of progressive educational thought 5. Language problems 6. Political background: communism, fascism, democracy 7. Attitude toward international cooperation and understanding.”<sup>2</sup> Elke land moet gevolglik die oplossing vir sy onderwysprobleme soek in 'n stelsel wat by sy eie land se omstandighede aanpas en sodoende uniek en nasionaal van aard en karakter is.

Onderwysreorganisasie in Suid-Afrika moet derhalwe in die eerste plek die uitbouing van 'n eie Suid-Afrikaanse onderwysstelsel ten doel stel wat voorsiening sal maak vir die nodige eenheid sonder om die veelheid en verskeidenheid van byvoorbeeld taal- en geloofsgroepeerings te negeer en wat oor 'n sentrale gesag beskik om die breë

---

1. I.L. Kandel, The new era in Education, p. 8.

2. J.F. Cramer en G.S. Browne, Contemporary Education, p. 5.

beginsels en riglyne van die onderwys, die nasionale onderwysbeleid, neer te lê en om dié beleid af te dwing. Binne die stelsel kan die gesag dan gedelegeer word om vir 'n verskeidenheid in die praktiese nastrewing van die nasionale doel voorsiening te maak; maar die nasionale stelsel sal veral ook rekening moet hou met die tradisies, historiese verlede, taal, kultuur, volksdenke, aspirasies en volkseie atmosfeer van die verskillende volks-gemeenskappe, asook die nasionale perspektief van die nasie.<sup>1</sup> In die memorandum wat Bingle namens die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aan die „Gekose Komitee oor die onderwerp van die Wetsontwerp op die Nasionale Onderwys-adviesraad“ voorgelê het, word dit beklemtoon dat „alle wetenskaplikes op die gebied van die Vergelykende Opvoedkunde dit reeds lankal eens is dat 'n land se onderwysstelsel net so 'n eie kultuurprodukt as sy letterkunde en sy kuns is - dit lê diep in al die ankers van die volk verweef: Sy ..... nasionaliteit, sy godsdiens, sy lewens- en wêreldbeskouing, ens.“<sup>2</sup>

Die nasionale onderwysbeleid dui die breë rigting en koers van 'n land se onderwys aan. Daarin word die ideale vir die nasionale onderwysstelsel geformuleer. 'n Nasionale onderwysbeleid gaan gevolglik oor die breë beginsels en riglyne, die koersbepalende grondslae van

1. N.T. van Loggerenberg en A.J.C. Jooste, Verantwoordelike Opvoeding, pp. 328-329.

2. Rep. van S.-A., Verslag van die Gekose Komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die Nasionale onderwys-adviesraad (G.K. 5-1962), p. 134.

die onderwys en opvoeding.<sup>1</sup> F.J. Potgieter beskrywe die onderwysbeleid van 'n land as „gewoonlik lewens- en wêreldbeskoulik gefundeer en geïnspireerd, maar meestal op grond van die heersende politiek en finansiële toestand beplan ..... In teorie is dit die vrug van die opvoedingsbesinnings van 'n volk en in die praktyk is dit die kompromie wat getref word tussen die politieke heersers, die finansies tot hulle beskikking en die genoemde opvoedingsdoelstellings.“<sup>2</sup>

Omdat 'n nasionale onderwysbeleid op grond van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing geformuleer en geïmplementeer word, is dit belangrik dat die volksideale in hierdie verband reg vertolk word. In Suid-Afrika was dit baie jare lank die behoefte om die verband tussen teorie en praktyk nouer te trek. In hierdie verband wys Ruperti daarop dat „filosofiese grondslae en middellike praktiese implikasies te dikwels geïgnoreer en op onmiddellike doelmatigheid gekonsentreer“<sup>3</sup> word. 'n Grondige ondersoek in die lig van filosofiese grondslae en die historiese agtergrond van die Suid-Afrikaanse onderwys is gevolglik dringend en gedurig nodig ten opsigte van elk van

- 
1. Vgl. D.H. Cilliers, Onderwysbeleid en -beheer in Suid-Afrika 1910-1960, p. 3; Aanvullende Toeligting by deel III van die Memorandum insake 'n Uniale Onderwysbeleid en die verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, opgestel deur die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van S.-A., pp. 2, 6; en P.M. Robbertse, „Onderwysbeplanning om in die Behoeftes van die Volkshuishouding te Voorsien“ in Onderwysblad, November 1965, p. 353.
  2. F. J. Potgieter, Skool- en Klasorganisasie, pp. 11-12.
  3. R.M. Ruperti, „'n Paar aspekte van sekondêre onderwys in die Verenigde state van Amerika“ in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Maart 1966, p. 18.

die tien onderwysbeginsels soos deur Wet nr. 39 van 1967 neergelê.

4. TAAKBEPALING, TERREINAFBAKENING EN BEGRENSSING VAN DIE ONDERSOEK

In die Onderwyswetgewing van 1967 is saamgevat daardie onderwysbeginsels waarop Suid-Afrika in die toekoms sy nasionale onderwysbeleid vir blanke onderwys moet bou. Omdat Suid-Afrikaanse wetgewing as gevolg van die verskeidenheid van blanke bevolkingsgroepe slegs die breë riglyne en beginsels vir so 'n nasionale onderwysbeleid kan aantoon, word dit egter die taak van opvoedkundiges om verder oor die agtergrond, implikasies en implementering van dié onderwysbeginsels te besin. Die groot uitdaging wat gevolglik aan Suid-Afrikaanse opvoedkundiges gestel word, is om die nasionale onderwysbeleid en nasionale onderwysbeheer van die Republiek se nasionale onderwysstelsel vir blankes so te beplan en te implementeer dat dit by die verlede aansluiting vind, dat dit in die lewens- en wêreldbeskouing van albei blanke bevolkingsgroepe gefundeerd is en dat dit met die eise en invloede van die moderne tyd rekening hou.

Die drie Onderwyswette spreek dan op 'n ondubbelsoinnige wyse tot die Opvoedkunde as vakwetenskap. Vir diegene wat hulle met die Administrasie van die Onderwys en die beplanning van 'n eie nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika besig hou, wêg daar byvoorbeeld die implementering van die neergelegde tien onderwysbeginsels van die nasionale onderwysbeleid in 'n nuwe eenheidsbedeling volgens 'n duidelik neergelegde en prinsipieel-gefundeerde nasionale onderwysbeleid wat met-

een rekening moet hou met 'n histories-geworde landspatroon soos later vollediger sal blyk. Tot die wysgerige pedagogiek kom die beroep om die prinsipiële riglyne aan te toon waaraan verdere onderwyswetgewing en -beplanning in Suid-Afrika moet voldoen sodat dit opvoedkundig verantwoord kan word en ook by die lewens- en wêreldbeskouings van die bevolkingsgroepe kan aansluit. 'n Studie van hierdie wette gesien as 'n produk van die historiese gebeure sedert Jan van Riebeeck se volksplanting in 1652 kan opvoedkundiges help om die historiese perspektief van onderwysgebeure duideliker aan te toon. Genoeg om te beklemtoon dat die promulgering van die drie Onderwyswette belangrike studiemateriaal in die hande van opvoedkundiges plaas, veral vir diegene wat in die hervorming en toekomstige beplanning van Suid-Afrika se onderwysstelsel op 'n nasionale grondslag belang stel.

In die lig hiervan word hierdie studie onderneem met toespitsing op die volgende belangrike beginsels wat in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967) beliggam is: die Christelike beginsel, die nasionale beginsel, die beginsel van onderrig deur medium van die moedertaal en die beginsel van medeseggenkap van ouers ten opsigte van onderwysbeheer. In terme van die Wet word hierdie studie ook vanselfsprekend beperk tot die onderwys van blankes tot op middelbare vlak.

Die hede kan egter nie by homself begin nie. Trouens, die hede en die toekoms lê albei in die verlede ingebed en vloei regstreeks daaruit. Daarom sal daar gepoog word om op die prinsipiële grondslag van die verlede die eise van die nuwe tyd te bepaal en om die filosofiese agtergrond van die volksdenke as rigsgoed te respekteer.



## H O O F S T U K   I I

DIE FILOSOFIESE ONDERBOU EN AGTERGRONDPROBLEMATIEK  
TEN OPSIGTE VAN 'n PAAR BELANGRIKE BEGINSELS IN VER-  
BAND MET 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID IN SUID-AFRIKA

---

1. O R I ë N T E R I N G

Omdat die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39) van 1967 op alle blanke bevolkingsgroepe van Suid-Afrika wie se kinders openbare skole besoek, van toepassing is en 'n nasionale onderwysstelsel nie los te maak is van die filosofiese agtergrond en problematiek wat ten grondslag van die denke van 'n volk lê nie, sal daar in hierdie hoofstuk 'n poging aangewend word om daardie fundamentele beginsels van die denkrigtings wat deur die eeu heen as die geestelike erfenis van die Suid-Afrikaanse bevolking na vore gekom het en op 'n nasionale onderwysbeleid betrekking het, na vore te bring.

Hierin lê daar vir die Suid-Afrikaanse opvoedkundige egter 'n groot problematiek opgesluit, want nie alle blankes wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het, het 'n gemeenskaplike afkoms, taal, tradisie en lewensbeskouing gehad nie. Maar nog meer: die twee hoofstrome waaruit die afsonderlike Afrikaanssprekende en Engelssprekende bevolkingsgroepe - elk met sy eie karakter - spruit, het maar slegs 'n ander halwe eeu van gemeenskaplike verlede waarvan die grootste gedeelte ook nog 'n hewige onderlinge stryd om beginsels was. In Suid-Afrika is daar derhalwe nog nie een volk nie, maar slegs 'n Suid-Afrikaanse nasie

bestaande uit twee blanke bevolkingsgroepe naas mekaar.<sup>1</sup>

Van 'n sterk strewe na nasionale eenheid met die volle behoud van eie identiteit, eie taal, eie godsdiens, eie sedes en eie tradisies van elke bevolkingsgroep, is daar egter wel sprake.<sup>2</sup>

Oor die gedagte of daar alreeds 'n sterk Suid-Afrikaanse kultuur (waarby onderwys ook inbegrepe is) bestaan, skrywe A.P. Treurnicht: „Ons kan alleen maar in baie vae terme van 'n Suid-Afrikaanse kultuur praat en dan moet ons dit spesifiseer en verduidelik in die lig van wat ons gesamentlik raak.”<sup>3</sup> Sonder om te kenne te wil gee dat almal wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het, slegs een van twee geestesrigtings verteenwoordig of dat die keuse van 'n lewens- en wêreldbeskouing deur 'n besondere spreektaal bepaal word, kan gesê word dat, in oorsprong en geskiedenis die Calvinisme die wortel van die Afrikaner se volksbestaan<sup>4</sup> is en dat die tradisionele Angel-Saksiese denke van die Engelssprekendes hier tot ander bane herlei kan word.

Hierdie dualistiese volkskaraktertrek of kultuurpatroon maak nie noodwendig die daarstelling van 'n prin-

1. Vgl. P.J. Meyer, „Die nasionale grondbeginsels van die opvoeding en onderwys in Suid-Afrika, meer bepaald ten opsigte van die Afrikanerjeug” in ongepubliseerde referaat nr. 3(a) van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, pp. 12-13; A.G. Coetsee, „Nasionalisme as Wesensfaktor by die bepaling van Onderwysstelsels” in Koers, Januarie/Februarie 1966, p. 323; en C.F.G. Gunter, Opvoedingsfilosofieë, p. 408.
2. Vgl. Beleidsverklaring deur die Eerste Minister oor volkseenheid in die parlement op 22 April 1969.
3. Hoofstad, „Politieke Perspektief”, 28 Maart 1969.
4. Vgl. H.B. Thom, „Ons historiese vorming” in Die Waardes van die Afrikaner, pp. 27-32; H.G. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. I, pp. 328-329; P.J. Meyer, Die Afrikaner, pp. 26-28; en W.J. de Klerk, Die Calvinisme in 'n neutedop (Studiestuk 36. Instituut vir bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.), p. 1.

sipieel gefundeerde nasionale onderwysstelsel vir Suid-Afrika met 'n nasionale onderwysbeleid onmoontlik nie. Veral nie as daar algemene beginsels aangedui kan word wat, ten spyte van die eie inhoud wat elke bevolkingsgroep daaraan gee, aan albei gemeenskaplik is nie. Daarby sal dit nodig wees om in alle beleidswetgewing in verband met die onderwys met twee belangrike faktore rekening te hou, naamlik die rigtingbepalende lewensbeskoulike grondslag van die meerderheid van die blanke bevolking in Suid-Afrika, en die kwessie van die aanvaarbaarheid vir alle blanke bevolkingsgroepe - ook vir dié wat hul besondere lewensbeskoulike eise daarin moet bevredig.

Ten opsigte van eersgenoemde moet die volgende opmerking van A.L. Behr betekenisvol wees vir alle opvoedkundige beplanning vir Suid-Afrika: „a seventeenth century Protestant religion with a strongly Calvinistic trend became powerfully embedded into the web and woof of South African life, and continues to this very day to influence the pattern of living, the morals and the thinking of the majority of the White population of this country.”<sup>1</sup> By hierdie uitgangspunt sal derhalwe begin moet word vir 'n verantwoordbare ontleding van die lewensbeskoulike onderbou van alle nasionale onderwyswetgewing, ook dié wat betrekking het op onderwysbeheer waarvan die Calvinistiese en tradisionele Angel-Saksiese denkrigtings in Suid-Afrika vanuit hul eie prinsipiële vertrekpunte 'n besondere plek aan alle instansies wat met die onderwys gemoeid is, wil toesê.

---

1. A.L. Behr en R.G. MacMillian, Education in South Africa, p. 2.

## 2. GRONDLIGGENDE CALVINISTIESE BEGINSELS VIR ONDERWYS- BEHEER

Om oor die funksionering van die verskillende gesagsinstansies - staat, ouers, onderwysprofessie en kerk - wat by die beheer van die onderwys belang het, vanuit Calvinistiese standpunt te besin, is dit nodig om allereers die grondliggende beginsels van soewereiniteit in eie kring en kosmiese eenheid as primêre Calvinistiese prinsipes van naderby te beskou.

### (a) Die soewereiniteit in eie kring van gesagstruk- ture

Alle besinning vanuit Calvinistiese standpunt soos ook dié oor die gesag van samelewingskringe en kultuurkringe, moet vertrek vanuit die skriftuurlike grondwaarheid dat alle dinge uit, deur en tot God is<sup>1</sup>, omdat dit vir die Calvinis die fundamentele en universele lewensbeginsel bly. Hieruit spruit vir hom die beginsel dat God Drie-enig die Absolute en Selfgenoegsame is; dat die ganse skepping wat uit Hom ontstaan het en aan Hom behoort, aan Sy volstrekte soewereine gesag onderworpe is vir welke doel God dan ook die wetsorde vir sy hele skepping en vir alle dinge hul onderskeie ordinansies gestel het.<sup>2</sup>

Vir die Calvinis het God nie net die kosmos be-

1. Romeine 11 vers 36.

2. Vgl. A. Kuyper, Antirevolutionaire Staatskunde, dl. I, pp. 261-266; J.M. Spier, Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, pp. 38-39, 52-55; H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, pp. 220-221; J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 84-85; en J.J. Fourie, "Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-onderwysersvereniging" in Die Skoolblad, Maart 1968, p. 10.

grens en aan Sy wetsorde onderwerp nie, maar ook 'n ryke verskeidenheid daaraan gegee toe Hy dit in radikale verskeidenheid geskape het. So is daar dan die verskeidenheid van stof, plant, dier en mens en dié van die verskillende volkere, nasies en tale, elk met 'n eie bestemming en doel. Vanuit die verskeidenheid wat in die samelewing gegee is, spruit die verskillende samelewingsverbande<sup>1</sup> waarvan die huis, die skool, die kerk en die staat vir hierdie studie van besondere betekenis is.

Elke mens, kultuurverband, samelewingsverband, ja, die ganse verskeidenheid, ontvang sy roeping en taak van God en is in die uitvoering daarvan aan God verantwoordig. So ontleen almal ook hulle norme en beginsels van God sodat alle samelewingsverbande soos ook die huis, skool, staat en kerk 'n eie aard en karakter asook 'n besondere taak en eiesoortige gesag besit waarvolgens hulle as gesagstrukture kan optree. Elkeen moet egter die ander se mondigheid en gesag op eie terrein erken en eerbiedig. Die verskeidenheid is derhalwe formeel gelykwaardig; geen menslike verband mag geheel en al aan die ander ondergeskik gestel word nie, omdat 'n absolute soewereiniteit slegs in vertikale verband denkbaar is en daar op horisontale kosmiese vlak nie 'n uiteindelijke hoogste verband is nie.

Die Calvinis beskou die verskeidenheid in die heelal as van transendente oorsprong en komende van God. Daarom is dit vir hom 'n onderling onherleibare verskeidenheid wat geërbiedig moet word en nie gerelativeer of

---

1. Vgl. H.G. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. I, pp. 44-53.

weg geteoretiseer moet word nie.<sup>1</sup>

Hieruit spruit die baie belangrike beginsel van eiewetlikheid of soewereiniteit in eie kring waarvolgens elke lewensverband in radikale verskeidenheid 'n „unieksoortige eenheid" met 'n „eie struktuur" vorm en 'n eie selfstandigheid (mondigheid) „'n bepaalde eie aard en eie roeping" of 'n eie soewereiniteit ontvang om volgens sy eie wetmatighede in sy eie kring oor sy eie sake te besluis.<sup>2</sup>

Dis egter belangrik om daarop te let dat die soewereiniteit van die menslike verbande en mondigheid van die individu 'n afgeleide soewereiniteit is wat van God ontvang word en waaroor daar aan Hom verantwoording verskuldig is. Dit word ook relatief gemaak deur die grense van die eie kring waarbinne dit alleen geldig is. Geen samelewingsverband het die reg om op selfgenoegsaamheid aanspraak te maak nie, want absolute soewereiniteit is slegs in God geleë. So beklemtoon Kuyper dat God se oorspronklike soewereiniteit altyd die absolute bly wanneer hy skrywe: „In de tweede plaats heeft overdracht van souvereiniteit nooit anders dan in beperkten zin plaats, en deze overdracht houdt nooit in, dat God haar nu loslaat, opdat de mensch ze eigenmachtig zou uitoefenen. Ook bij overdracht blijft de Souvereiniteit in God rusten en de mensch doet slechts dienst als zijn orgaan of instru-

1. Vgl. H.G. Stoker, „Die eenheid van die wetenskap. 'n Ensiklopediese besinning" in S.A. Akademie. Referate gelewer op algemene vergadering, 1967, nr. 3, p. 126.

2. Vgl. Spier, op. cit., pp. 52-54; Stoker, Die Stryd om die Ordes, p. 229; en J.J. Fourie, „Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-onderwysersvereniging" in Die Skoolblad, Maart 1968, p. 10.

ment. Maar tewens in de derde plaats is de souvereiniteit, die bij overdracht door menschen wordt uitgeoefend, gesplitst. Ze spreidt zich uit over velerlei en onderscheiden terrein, en draagt op elk dezer terreinen een ander karakter. Er is het terrein van het Gezin, er is het terrein van de Kerk, ....."<sup>1</sup> Die soewereiniteit van die kosmiese wette en norme moet derhalwe van die oorspronklike soewereiniteit van God onderskei word.

Geen samelewingsverband mag sy bevoegdheidsfeer ten opsigte van sy eie interne aangeleenthede van 'n ander verband aflei nie, maar moet dit in sy eie Godgegewe karakter soek. Oor die eiewetlikheid wat elke samelewingsverband van God ontvang soos dit in 'n direkte verband met elkeen se roeping staan, het geen ander menslike verband seggenskap nie. Geeneen mag ook sy grense sonder meer verbreed of inkort of die grense van 'n ander lewensverband voorskryf of verander nie. Wanneer Dooyeweerd oor die „sphere-sovereignty" van die „modal spheres" skrywe, sê hy dat „every modal aspect of temporal reality has its proper sphere of laws, irreducible to those of other modal aspects, and in this sense it is sovereign in its own orbit, because of its irreducible modality of meaning."<sup>2</sup>

As aanvaar word dat die hoof funksie van die gesagsterrein van die staat regs vorming en regshandhawing is, dat die kerk oor die godsdienstige belydenis en leiding moet beslis en die skool op sy beurt onderwys as hoof taak ontvang, beteken die soewereiniteitsbeginsel dat hierdie verbande ten opsigte van hierdie aangeleenthede

1. A. Kuyper, Antirevolutionaire Staatskunde, dl. I, p. 265.

2. H. Dooyeweerd, A New Critique of Theoretical Thought, dl. I, p. 102. (Eie kursivering).

eiewetlik is, maar in hulle doen en late aan die absolute soewereiniteit van God onderworpe is en die waarheid en wil van die Skepper moet gehoorsaam. Geeneen mag die ander oorheers of strem in die vervulling van sy roeping nie. Die kerk, staat, huis - ook al die ander verbande is nie geroepe om iets anders te wees as wat hulle is nie. Die een mag die ander nie in sy roepingsvervulling vervang nie en almal moet mekaar se selfstandigheid, vryheid, verantwoordelikheid, spesifieke struktuur, taak en roeping respekteer. Daarom kon Spier ook na die soewereiniteitsbeginsel verwys as „één van de grondpijlers, waarop de calvinistische wijsbegeerte rust.“<sup>1</sup>

(b) Die vervlegtheid van gesagstrukture

Hoe skerper daar tussen die verskeidenheid in die kosmos onderskei word, hoe duideliker blyk 'n onderlinge ineengevlegtheid. Dit kan ook nie anders nie omdat God die radikale verskeidenheid samehangend geskape het. Trouens, die hele skepping is 'n eenheid en die ryke verskeidenheid wat God daarin gelê het, word deur 'n mekaarveronderstellende enkaptiese vervlegtingsverband tot 'n kosmiese eenheid saamgebind.<sup>2</sup> Daar is derhalwe 'n intieme ineengewefdheid wat hulle van mekaar afhanklik maak. Die een kan nie sonder die hulp en aanvulling van die ander sy roeping ten volle vervul nie. Die menslike verbande kan derhalwe nie van mekaar geïsoleer word nie. Al-

1. Spier, op. cit., p. 53.

2. Vgl. H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, pp. 222-235; Spier, op. cit., pp. 55, 104-107; J. Chris Coetzee, Die Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 86-87; en Fourie, op. cit., p. 10, vir 'n beskrywing van die beginsel van kosmiese eenheid.



hoewel elkeen sy eie spesifieke roeping en soewereiniteit het, is 'n onderlinge harmoniese aanvulling 'n vereiste en moet elkeen sy afhanklikheid van die ander erken. Die roepinge van almal saam vorm 'n groot harmoniese geheel; „As a general rule we could establish that no single structure of individuality can be realized but in inter-structural intertwinements with other individuality-structures.“<sup>1</sup>

Uit die samehang van die verskeidenheid volg dit dat die hele skepping intiem vervleg is. Die huis, skool, kerk en staat is byvoorbeeld tot onderlinge samewerking verplig, want slegs deur harmonie en nie deur isolasie nie, kan die deur God bepaalde roeping na behore vervul word. Dit is dan ook die taak van almal om altyd hierdie samehang te soek en te aanvaar sonder om die radikale verskeidenheid geweld aan te doen. Die verskeidenheid en die eenheid veronderstel mekaar en vul mekaar aan, want „Gods schepping is één groot en rijk geheel, in volle zin een kosmos, een sieraad. Maar een kosmos met rijke zin-verscheidenheid, en in die verscheidenheid veel samenhangen, door welke de eenheid bewaard wordt.“<sup>2</sup>

In die universele wisselwerking tussen die verskillende samelewingsverbande onderskei Stoker tussen drie beginsels: (i) Die beginsel van vrye wisselwerking. (ii) Die beginsel van leenfronte. (iii) Die beginsel van aksiefronte.<sup>3</sup>

Vrye wisselwerking bestaan hiervolgens wanneer die wedersydse harmoniese aanvulling tussen byvoorbeeld

1. H. Dooyeweerd, A New Critique of Theoretical Thought, dl. 3, p. 627.

2. Spier, op. cit., p. 55.

3. H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, pp. 235-239.

huis en skool vry en vrywillig geskied.

Die beginsel van leenfronte tree na vore wanneer 'n samelewingsverband van 'n ander een moet leen en oorneem dít wat hy nodig het, maar nie self kan verskaf nie soos byvoorbeeld in die geval van die skool wat in sy taakvervulling nie kan klaarkom sonder sekere regsbevoegdhede en regsbeveiligings nie en dus op juridiese gebied by die staat leen. Op die vraag wie die beleid insake die gebruik van die geleende bepaal, kan gewys word op die soewereine mag wat elke verband oor sy gebied van God ontvang. Alhoewel die lener self besluit wat hy van die uitlener nodig het en wil gebruik, gee die uitlener derhalwe prinsipiële leiding oor die gebruik van die geleende. As hierdie leiding nie gevolg word nie, sal die eenheidsleiding vir die roepingsvervulling wat vir alle verbande in die wil van God lê, ontbreek.

Aan die aksiefront roep God almal tot aksie, tot daad, tot stryd en tot inspanning. Om aksiefront van God te wees, beteken dat elke individu en elke samelewingsverband die wil van God moet doen. Ook in hierdie taak het die een menslike verband die hulp van die ander nodig, want alhoewel elkeen 'n eie struktuur, roeping, soewereiniteit en bestemming het, is die hulp van die ander nodig om volledig as aksiefront op te tree. Elkeen is in verskillende opsigte 'n aksiefront vir die ander en net soos in die geval van die leenfronte, is die funksionele en prinsipiële beleidsbepaling in die hande van daardie menslike verband wat as aksiefront vir ander optree.

Al die universele wisselwerkinge veronderstel die samehangende verskeidenheid van die samelewingsverbande, die afwesigheid van isolasie asook geen onderwer-

ping van die een verband aan die ander nie. Slegs ten opsigte van sy spesifieke funksie en taak kan die een bo die ander staan. So byvoorbeeld moet almal die staatsowerheid gehoorsaam wanneer dit oor die regs vorming en regshandhawing gaan, en sodra dit oor die onderwys gaan, moet almal - ook die staat - weer na die skool luister. So word die verhoudinge tussen die samelewingsverbande dan bepaal op die beginselgrondslag „dat die een tegelyk transendent buite én immanent in, tegelyk naas én bo (of onder) die ander staan, tegelyk soeverein in eie kring én afhanklik van die ander, tegelyk selfstandig én met die ander vervleg is.“<sup>1</sup>

(c) Gesagstrukture se funksionering in noodsituasies

Tot hiertoe is die ideale verhouding tussen samelewingsverbande in 'n Christelike samelewing wat hom aan die Wet van God onderwerp, geskets. Omdat die sonde alles deursuur, word ook hierdie ideale funksionering van die verskillende verbande as gesagstrukture dikwels versteur. Stoker praat van noodsituasies wat onder sulke omstandighede ontstaan.<sup>2</sup> So byvoorbeeld kan 'n samelewingsverband sy plig verwaarloos, onbevoeg wees om sy pligte uit te voer of deur praktiese omstandighede verhinder word om sy taak te verrig. Onder sulke omstandighede mag 'n ander verwante verband tydelik die taak oorneem. Dit is egter belangrik dat so 'n intredende samelewingsverband dadelik sal terugstaan sodra die betrokke verband weer bevoegd is om sy plig na te kom. Dit is byvoorbeeld die plig van die ouers om deur middel van eie gekose

1. H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, p. 239.

2. Vgl. ibid., pp. 239-242.

skoolkomitees ouerseggenkap uit te oefen. As ouers nie hierdie reg uitoefen of kan uitoefen nie, soos in die geval van 'n nuwe skool wat gestig word, moet die staat deur middel van amptenare intree en die funksies van die ouers soos die benoeming van die personeel, self behartig. Sodra die ouers in staat is om hulle skoolkomitee self te kies, moet die staat hierdie regte onmiddellik aan die ouers teruggee.

Dit kan gebeur dat 'n samelewingsverband verkeerd beheer word, dat die gesagdraers teen die belange van die verband optree of dat die samelewingsverband ontrou aan sy bestemming raak. Ook kan die lener, volgens die beginsels van die leenfronte, die prinsipiële leiding van die uitlener verwerp of as 'n verband weier om as 'n aksiefront vir ander verbande op te tree. Onder sulke omstandighede het die lede van die betrokke verband die reg om kritiek op die optrede van hulle samelewingsverband uit te spreek en protes aan te teken. So kan die staatsburger teen die regering en die ouer teen die skool protes aanteken as hulle leiding verkeerd is. Dieselfde geld ook wanneer 'n samelewingsverband misbruik maak van dit wat hy van die ander geleen het.

Soms help protes en kritiek nie en is daadwerklike hervorming nodig. Sulke hervorming moet egter langs konstitusionele weë plaasvind en wel op 'n direkte of indirekte wyse. As 'n bestaande skoolkomitee byvoorbeeld nalaaft om die standpunt van die ouers ten opsigte van die gees en rigting van die skool te vertolk, is dit die konstitusionele weg om met die volgende skoolkomiteeverkie-sing ander lede te kies. Indirekte hervorming moet gevolg word wanneer een samelewingsverband in 'n ander een

hervorming wil bewerkstellig omdat die betrokke verband die beginsels van leenfronte en aksiefronte misken en sy eie belange benadeel. Omdat die beginsel van soewereiniteit in eie kring direkte inmenging belet, kan 'n samelewingsverband slegs deur lede van sy verband wat ook lede van die samelewingsverband is, wat die noodsituasie veroorsaak het, as aksiefront optree. So 'n toestand ontstaan wanneer 'n skool ten spyte van protes en kritiek, doelbewus die gees en rigting van die onderwys in 'n rigting stuur wat bots met die Christelike beskouing van die kerk. Die kerk kan nou op sy lidmate wat lede van die skoolpersoneel is, 'n beroep doen om hulle invloed te gebruik om die betrokke leenfront te herstel.

As geeneen van hierdie metodes die noodsituasie herstel nie, is die volgende metode een van skeuring en splitsing met die doel om nuwe parallelle menslike verbande in die lewe te roep wat aan hulle roeping getrou sal wees. Onnodige skeuring is sondig en moet vermy word. Soms is dit egter die enigste metode soos wanneer 'n samelewingsverband ondermyn of die wette van God verkrag word. Voorbeelde van direkte splitsing is die afsplitsing van die Protestantse Kerke van die Rooms-Katolieke Kerk tydens die hervorming en die stigting van nuwe skole deur ouers wat ontevrede is met die gees en rigting van die bestaande skole. Wanneer een samelewingsverband splitsing in 'n ander een wil bewerkstellig, is hy aangewys op die direkte metode. Net soos in die geval van indirekte hervorming, kan die gegewe verband slegs van sy eie lede wat ook tot die ander samelewingsverband behoort, vir indirekte splitsing gebruik.

Al hierdie metodes is konstitusioneel en eer-

biedig die struktuurbeplanning van 'n betrokke samelewingsverband en die gesagsbeginsel.

### 3. DIE SKOOLVERBAND VOLGENS CALVINISTIESE BEGINSEL

#### (a) Die skool 'n selfstandige samelewingsverband

In die lig van die voorafgaande moet 'n besinning uit Calvinistiese standpunt oor hoe die skool beheer moet word, by 'n bespreking van die skool as 'n samelewingsverband begin. In welke verband dit belangrik is om daarop te let dat die skool 'n samelewingsverband met 'n tipiese gestruktureerdheid is, dat dit 'n bepaalde gesagsverhouding besit en dat dit sy strukturele identiteit behou ondanks die wisseling van individue wat daaraan deel het.<sup>1</sup> Samevattend kan gesê word dat ons hier te doen het met 'n samelewingsvorm „met vryheid in eie bevoegdheid.“<sup>2</sup> Oor die beheer van die onderwys mag daar gevolglik nie gedink word asof dit bloot 'n taak van een of ander geskikte staatsinstansie is wat dit maar net op 'n gesentraliseerde of gedesentraliseerde wyse behartig nie. Intendeel, die struktuur van die gesag oor die skool moet uit die eie aard en karakter van die skool as 'n unieke samelewingsverband afgelei word. Sonder om op die omvang van die skoolverband in te gaan en die verskillende standpunte oor die analise van die struktuur van die skool aan te toon, is dit tog nodig om breë prinsipiële riglyne vir die skool as samelewingsverband aan te stip.

1. Vgl. P. de B. Kock, „Besinning oor die Skoolverband“ in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 3e kwartaal 1968, pp. 46-47; en A.H. Strydom, Die Plek en Taak van die skool as samelewingsverband in die moderne Christelike samelewing, pp. 81-94.

2. Kock, op. cit., p. 46.

Die skool is geen natuurlike opvoedingsinstelling wat uit die skepping voortgespruit het nie, maar 'n kunsmatige produk van die menslike beskawing wat moet sorg vir daardie onderwysgeleenthede waartoe die ouergemeenskap nie meer in staat is nie.<sup>1</sup> Die skool is egter geen uitbreiding of verlengstuk van die huis nie, „maar het in die Calvinistiese denke (Sinode van Dordrecht, 1618) 'n aparte bestaan as 'n selfstandige inrigting gekry wat sy taak op selfstandige wyse kan verrig.“<sup>2</sup> Die skool kan derhalwe met reg daarop aanspraak maak om deur 'n eie selfstandige gesagstruktuur beheer te word en vry te wees van die oorheersing van ander samelewingsverbande.

Kragtens die skool se eie besondere aard is daar veral vier samelewingsverbande, ouergemeenskap, onderwyserskorps, staat en kerk, wat besondere belang by die skool het en wat as gevolg van onderlinge vervlegting die skool tot gevolg het.<sup>3</sup> Die skool moet egter nie as die blote somtotaal van hierdie vier samelewingsvorme beskou word nie, want elkeen besit ook eie eienskappe wat met die skool niks te maak het nie. Ook moet die skool nie as 'n deel van die staat, ouers, onderwyserskorps of kerk beskou word nie, maar as 'n eiesoortige verband gesien word wat met almal moet saamwerk en in almal se diens

- 
1. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 285.
  2. J.J. Fourie, „Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-  
onderwysersvereniging“ in Die Skoolblad, Maart 1968, p. 11. Vgl. ook H. Bavinck, Paedagogische Beginselen, pp. 96-97.
  3. N.T. van Loggerenberg en A.J.C. Jooste, Verantwoordelike Opvoeding, pp. 80-82; H.J.J. Bingle, „Differensiasie as Een van die Basiese Probleme van ons Onderwysstelsel“ in Die Skoolblad, November 1965, p. 19; en W.G. van der Schijf, Die gereformeerde beginsel in die Onderwys in Transvaal tot 1963, pp. 17-18.

moet staan sonder om aan enige een ondergeskik te wees. Die skool is 'n maatskaplike instelling met sy eie struktuur, roeping, taak, vryheid, reg en verantwoordelikheid. Hy is aan almal gebonde, maar aan niemand ondergeskik nie behalwe aan God. In die eenheid van die skoolverband is daar kragtens die vervlegtingsbeginsel derhalwe die verskeidenheid wat deur die huis, onderwyserskorps, staat en kerk bepaal word. Hierdie verbande handhaaf gedurig 'n onderlinge wisselwerking en erken dat hulle onderling van mekaar afhanklik is. Alhoewel hierdie universele afhanklikheidsverhouding tussen die verskillende samelewingsverbande positief en steungewend moet wees, moet elkeen mekaar se soewereiniteit in eie kring ten volle eerbiedig.

Volgens hierdie beskouing oor die „veelheid“ in die skoolverband is die gewenste onderwysbeheer nie bloot losstaande grepe van beheer wat verskillende samelewingsverbande oor gedeeltes van die onderwys uitoefen nie, maar 'n selfstandige gesagstruktuur waarin die verskeidenheid verteenwoordig moet wees om as 'n eenheid te funksioneer en die ganse skool te beheer. By die bepaling van hierdie gesagstruktuur mag samelewingsverbande soos die huis, staat en onderwyserskorps bepaalde eise ten opsigte van die beheer van die skool stel, maar dan slegs ten opsigte van dié terreine waarby hulle direkte belang het op grond van die soewereiniteitsbeginsel - 'n reg wat hierdie verbande alleen doeltreffend kan uitoefen indien elkeen persoonlike verteenwoordiging in die gesagstruktuur van die skoolverband het. Omdat hier dan sprake is van verskillende verbande wat medesegenskap kan voer, is dit noodsaaklik om die grense van elkeen se terrein noukeurig te omskrywe, want nòg die ouers, nòg die onderwyserskorps, nòg die staat of



kerk mag die skool oorheers, en slegs deur die eerbiediging van die soewereiniteitsbeginsel kan die vryheid van die skool gewaarborg word om te voorkom dat dit 'n slaaf van een of ander lewensverband sal word.

(b) Medeseggenkap in onderwysbeheer deur die ouergemeenskap

Die samelewingsverband wat, prinsipiëel sowel as histories, in die eerste plek met die skool gemoeid is, is die ouergemeenskap. Volgens Christelike beskouing is die huisgesin dan ook die enigste natuurlike instelling van die opvoeding wat God uit die skepping self laat voortkom het<sup>1</sup>, want „Het gezin is niet een vinding of constructie van den mensch, het gezin is een Schepping Gods....." <sup>2</sup>

Die standpunt dat die opvoeding van die kind primêr die taak van die huisgesin is, sluit aan by die beskouing dat die teenwoordigheid van ouers sowel as kinders 'n vereiste vir die bestaan van 'n volledige huisgesin is. Hiervolgens is die ouers nie net 'n middel in God se Wil om nuwe lewe in die wêreld te bring nie, maar het hulle ook 'n Goddelike opdrag om, as volwassenes, hulle kinders van onvolwassenheid tot volwassenheid in die

- 
1. Vgl. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 278-279; en J.J. Fourie, „Prinsipiële toeligtig in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-onderwysersvereniging" in Die Skoolblad, Maart 1968, p. 11.
  2. A.Kuyper, Antirevolutionaire Staatkunde, dl. I, p. 218.

diens van God op te voed.<sup>1</sup>

Wanneer die hoofkenmerke van die gesin in sy eenheid en geslotenheid gesoek word, wanneer daarop gewys word dat die gesin 'n klein gemeenskap is wat stewig deur bande van bloed, gemeenskaplike afkoms en liefde aan mekaar gebind word<sup>2</sup>, dan spreek dit vanself dat geen ander samelewingsverband, hetsy die staat, kerk of onderwyserskorps, die reg het om deur middel van die onderwys so volledig op die kind beslag te lê dat die eenheid van die gesin en die gepaardgaande ouerverantwoordelikheid vir opvoeding opgehef word nie. Die verbroekeling van die eenheid van die gesin en die opskorting van sy funksie beteken in der waarheid die ondergang van die hele samelewing. Sonder die volledige gesin is geen gemeenskapslewe en volk in die ware sin van die woord moontlik nie.<sup>3</sup>

Dis ook belangrik om daarop te let dat die samehang van die gesin homself nie net in die uitwendige sake nie, maar ook op die geestelike gebied openbaar. Daarom moet die geestelike versorging van die gesin as een van die belangrikste faktore beskou word wat die eie aard en samehang van die gesin bepaal, en daarom lê die hoofopvoedingstaak van die ouer op die terrein van die geestelike

1. J. Chris Coetzee, Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, pp. 37, 40-42. Vgl. ook S. Leeson, Christian Education, p. 181.
2. Spier, op. cit., p. 187, skrywe soos volg oor die struktuurprinsipe van die gesinsverband: „Met gezin is een constante individuele liefdesgemeenschap op de grondslag van de natuurlijke bloedbanden tussen ouders en kinderen." Die interne bestemming van die gesin lê uitsluitlik in die liefde terwyl die eks-terne doelordening aan die gesin die eis stel om medediensbaar te wees aan die opvoeding, aan die instandhouding van die Christelike kerk, die voorsetting van die bedryfslewe en so meer. Vgl. J. Chris Coetzee, Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, pp. 37-38.
3. Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 90.

versorging van sy kinders. Dit is dus die ouers se verantwoordelikheid om hulle kinders te versorg en groot te maak, nie net na die liggaam nie, maar ook na die gees, nie net vir hierdie lewe nie, maar ook vir die toekomstige lewe. Hierdie versorging van die kinders „waarby die opvoeding inbegrepe is, is 'n verpligting wat op die ouers rus wat voortvloei uit die skeppingsordinansie, 'n taak waarmee hulle van Godswêë belas is en wat telkens weer in die doopbelofte herbevestig word.“<sup>1</sup> So gesien, het die ouer ten opsigte van sy kinders se opvoeding 'n verantwoordelikheid teenoor God wat hy nie mag ontduik nie en op niemand anders mag oordra nie.

In baie opsigte is die huis met sy gees van liefde, onderlinge begrip en gemeenskaplike belang die ideale en beste opvoedingsgemeenskap sodat Gunter tereg na die normale huis verwys as „die natuurlikste, intiemste en beste vorm van gemeenskapslewe op hierdie aarde.“<sup>2</sup> Die huis is dan ook in staat om aan sy kinders gedurende hulle eerste jare 'n volledige opvoeding aan te bied, maar soos die kind ouer word, lê die beperktheid van die gesin die volledige ontwikkeling van die kind volgens die eise van die moderne samelewing aan bande en is die ouer verplig om meer en meer hulp by te haal.<sup>3</sup>

Dit is veral ten opsigte van die verstandelike ontwikkeling van die kind, die bybring van kennis en vaardigheid en die ontwikkeling van die denke, dat die ouers

- 
1. Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 90. Vgl. ook J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 279-282; en H. Bavinck, Paedagogische Beginselen, pp. 13.14, 96.
  2. Gunter, op. cit., p. 448.
  3. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 285.

in die lig van die moderne samelewing se eise te kort skiet en die hulp van die skool moet inroep. Waterink soek die sin van die bestaan van die skool in „het bringe van zekere kennis aan die kindere, kennis, die zij bij de huisgelyke opvoeding niet kunnen krijgen" en sê vervolgens dat die skool se bestaansreg histories en prakties rus „in de behoefte van die kindere, om in die huidige kultuursituatie zekere kennis zich eigen te maken."<sup>1</sup> So kom 'n nuwe selfstandige, onafhanklike en eiesoortige samelewingsverband, die skool, tot stand om die onderwys te behartig. Hiervolgens beskik die skool oor gesag in eie bevoegdheid om sonder inmenging van buite die didaktiese van die skool te mag bepaal. Dit sou derhalwe foutief wees om sonder meer die standpunt te huldig dat die skool aan die ouers behoort<sup>2</sup>; dit is slegs waar in soverre die skool naas sy onderwysfunksie ook nog altyd 'n opvoedingsfunksie het, want in dié opsig behoort dit nog altyd primêr aan die ouer en is dit die ouer se prerogatief om die gees en rigting van die skool te bepaal; maar in soverre die skool 'n onderwysinrigting is „wat primêr met die onderwys taak belas is, geniet dit soewereiniteit in eie kring om sy taak selfstandig te verrig."<sup>3</sup> Omdat onderwys en opvoeding egter nie geskei word nie, betree die skool ook die opvoedingsterrein, 'n terrein waarvan die

1. J. Waterink, Grondslagen der Didactiek, p. 23.

2. Vgl. in die verband die standpunt van Coetzee : „Histories en prinsipiël gesien lê die beslissing oor die skool by die ouers, veral wat betref die oprigting daarvan en die bepaling van sy gees en rigting." (J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 290).

3. J.J. Fourie, „Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer- onderwysersvereniging" in Die Skoolblad, Maart 1968, p. 12.

vryheid in eie bevoegdheid in die ouer setel. Trouens, dit is veral oor „die geestelike, sedelike en karakterwaardes wat hom in die ware sin van die woord 'n opgevoede mens maak - onder meer die vorming van sy gemoed, sy sentimente, opvattinge en vooroordele, sy sedelike begrippe, sy besef van plig en verantwoordelikheid, sy eerbied vir gesag en liefde vir die vryheid, sy godsdienssin en die bepaling van sy waardesisteme, kortom sy „voeding na bo' volgens die letterlike betekenis van die woord deur die ontsluiting van sy ganse aktstruktuur“<sup>1</sup> dat die opvoedingstaak primêr die Godgegewe taak van die ouer is en bly. Die ouergemeenskap het derhalwe prinsipiëel die reg om geleenthede vir volwaardige ouerverteenwoordiging, deur hulself aangewys, in die stelsel van onderwysbeheer te eis. Sodoende oefen hulle medebeheer uit oor die onderwys terwille van die geleentheid om hulle wense ten opsigte van die gees en rigting van die skool te mag stel, om te kan eis dat hulle lewens- en wêreldbeskouing deur die onderwysmetodes en leerplaninhoud geëerbiedig en bevorder word, om medeseggenskap oor die benoeming van onderwysers te kan uitoefen en sodoende te verseker dat onderwysers met dieselfde lewensbeskouing as dié van die ouers aangestel word en om eise ten opsigte van die Christelike en nasionale opvoeding aan die skool te kan stel.<sup>2</sup>

Hierdie medeseggenskap verleen egter aan die

1. J.J. Fourie, „Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-ouderwysersvereniging“ in Die Skoolblad, Maart 1968, pp. 11-12.
2. Ibid., p. 12; J. Waterink, Grondslagen der Didactiek, pp. 34-35; J. Chris Coetzee, Indleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 290-295; en F.J.M. Potgieter, Prinsipiële verantwoordings ten opsigte van Christelike opvoeding, Opvoeding en Onderwys, pp. 9, 13.

ouer geen reg om in die inwendige beheer en inrigting van die skool wat op die terrein van die didaktiese lê ten opsigte waarvan die skool soewereiniteit in eie kring besit, in te meng nie, mits laasgenoemde wel by die Christelike lewensbeskouing van die ouergemeenskap aansluit. Sou die onderwys karakterskendend en in stryd met die ouers se Christelike beginsels wees, mag die ouers slegs deur die amptelike kanale (byvoorbeeld skoolkomitees en plaaslike beheerrade) optree.

Daar moet verder onderskei word tussen die plaaslike onderwysbestuursliggame wat deel vorm van die gesagstrukture vir onderwysbeheer en ander verenigings wat glad nie 'n beheerfunksie het nie en vir ander doeleindes soos die samewerking tussen ouers en onderwysers bestaan. Voorbeelde van die eerste soort is skoolkomitees en skoolrade wat van owerheidsweë amptelike beslag in verband met die beheer van die skool op plaaslike vlak gekry het, terwyl ouer-onderwysersverenigings 'n goeie voorbeeld is van liggame wat oor geen gesag op die terrein van die onderwysbeheer beskik nie. Die finale gesag in verband met die beheer van die skool wat in die Calvinistiese denke egter geen absolute gesag, oppergesag of alleenbeheer kan wees nie, berus egter by die staat as organisasie van die reg en regsreëlings in die gemeenskap.

(c) Die „finale“ gesag van die staat in onderwysbeheer

Coetzee sien die staat wat die volksgemeenskap tot 'n eenheid moet saambind en as sy mondstuk moet optree, as 'n genadige instelling van God wat moet poog om die sonde onder die mens te beteuel deur die reëling en handhawing

van regsverhoudinge.<sup>1</sup> Spier stel dit nog sterker en wys daarop dat die Christelike staatsbeskouing uitgaan van die teenstelling van sonde en verlossing. Die staat bestaan derhalwe om die sonde ontwil (Romeine 13: 1-7) en kan nooit los van Christus, die Koning van alle aardse konings, staan nie. Daarom is die bestemmingsfunksie en funderingsfunksie van die struktuur van die staatsverband in reg en mag geleë.<sup>2</sup> Volgens Kuyper ontspring die staat met sy swaardmag nie uit die skepping nie, maar uit die algemene genade van God en vind die instelling van die owerheids gesag eers na die son<sup>d</sup>vloed plaas.<sup>3</sup> Meteen word egter ook die ontwikkeling van die staatkundige lewe uit die gesinslewe beklemtoon: „In dien door de Gemeene Gratie geschapen toestand ~~wordt~~ nu, en met zulks als het voornaamste resultaat, de opkomst van het Staatkundig leven der onderscheiden volkeren, gelijk zich dit staatkundig leven uit het gezinsleven onder de leiding van Gods voorziening bestel, in het kader van zijn wereldorde, ontwikkeld heeft.”<sup>4</sup>

Die wese van die staat lê daarin dat dit 'n organisasie van mense in samelewing is, net soos die ge-

- 
1. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 176-177; en J. Chris Coetzee, Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, pp. 74-75.
  2. Spier, op. cit., pp. 201-202, 205.
  3. A. Kuyper, Antirevolutionaire Staatkunde, dl. I, pp. 125-126.
  4. Ibid., p. 217. Kuyper se beskouing oor die algemene genade word deur sommige denkers in Hervormde kringe, byvoorbeeld A.A. van Ruler, in twyfel getrek, vgl. J.H.P. van Rooyen, Kerk en Staat, pp. 13-64. G.C. Berkouwer handhaaf egter die beginsel van algemene genade in sy Dogmatiese Studiën - De Algemene Openbaring, pp. 128, 140, 154-155, so ook Spier, op. cit., p. 217 wat skrywe: „Noch Prof. VOLLENHOVEN, noch Prof. DOOYEWEERD denkt er aan deze algemene genade te loochenen.”

meenskap op sy beurt die organisasie van die arbeid en bedryf is. Terwyl die staat gekenmerk word deur sy eenheid, verteenwoordig die volksgemeenskap daarenteen 'n veelheid en verskeidenheid van groeperings.<sup>1</sup> Die staat is 'n natuurlike en noodsaaklike ontwikkeling van die volkslewe en nie bloot 'n meganiese eenheid gegrond op kunsmatige ooreenkomste tussen individue nie. Die staat is die nasionale gemeenskap in georganiseerde vorm en die regering die staat se bestuursliggaam wat namens die nasionale gemeenskap of volk optree.<sup>2</sup>

Die owerheid van die moderne staat moet derhalwe gesien word as 'n instelling, 'n instrument wat in die menslike samelewing ingebring is terwille van die handhawing van die gesag en reg van die gemeenskap en geroepe is om die bestaan van die volksgemeenskap te handhaaf, vir welke doel hy wette mag neerlê, toesien dat die wette gehandhaaf word en sorg dat geregtigheid in die samelewing heers. Die grondwet van die staat moet egter berus op die hoofbeginsels van die nasionale gemeenskap se lewens- en wêreldbeskouing, en die handhawing van wet en orde behels onder andere die handhawing van hierdie beginsels en lewenswaardes.<sup>3</sup>

Relatief gesproke, mag daar binne en buite die staat geen hoër gesag as die staatsgesag wees nie. In relatiewe verband is die staatsgesag derhalwe soewerein en

---

1. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoeding, p. 177.

2. Vgl. J. de W. Keyter, Opvoeding en Onderwys, pp. 94-95; Gunter, op. cit., p. 453; en D. Maclean, "Die Soewereiniteit van God" in Koers in die Krisis, dl. 3, p. 15.

3. Vgl. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoeding, pp. 176-179; Keyter, op. cit., pp. 94-95; en S. Leeson, op. cit., pp. 188-189.



oppermagtig. Dit is veral wanneer die staat as wetgewer, as wetshandhaver en as regspleger van die volksgemeenskap optree dat hy oor soewereiniteit in eie kring beskik. Die owerheid is derhalwe ook met mag en gesag oor sy onderdane bekleed en het sekere seggenskap oor sy onderdane wat hy deur middel van sy mag kan handhaaf. Voortvloeiend uit die wese van die staat is sy primêre funksie om as dwanggesag in die volksamelewing op te tree en aan die nasionale gemeenskap 'n grondslag vir reg en orde te gee, die lewe en besittings en regte van almal te beskerm en die vrede te bewaar. Daarom moet die gemagtigde regering wat as bestuursliggaam van die staat optree, toesien dat die „nasionale samelewingsproses, in ooreenstemming met die nasionale wêreld- en lewensbeskouing en tradisies, op ordelike wyse verloop, en dat die gemeenskaplike nasionale aspirasies en behoeftes op doeltreffende wyse bevredig word.”<sup>1</sup> Dit doen die regering deur beleidsbepalings, deur die formulering van nuwe wetgewing, deur die interpretasie van die reeds bestaande wette, deur die handhawing van die wet en orde en die daarstelling van 'n administratiewe masjinerie om alles uit te voer en die staatsgeld in belang van die nasionale gemeenskap te administreer.

Alhoewel die staat volgens hierdie siening nie die oorsprong van die kind en skool is nie en daarom na sy wese geen opvoedingsinstelling is nie, het die staat hiervolgens ook groot belang by die opvoeding en onderwys van sy jeugdige burgers en dus ook 'n roeping, pligte en regte ten opsigte daarvan. Die staat se mag en gesag geld immers vir die hele maatskaplike terrein en omdat dit nie

---

1. Keyter, op. cit., p. 302.

net gaan oor die belange van die volwasse burgers nie, maar ook dié van die onvolwasse burgers insluit, is die skool en sy werksaamhede derhalwe aan die mag en gesag van die staat ondergeskik.<sup>1</sup>

Met reg kan die staat van die ouers en skool verwag om die versorging en opvoeding van die kinders so in te rig dat elke kind uiteindelik tot goeie, lojale en diensbare burgerskap in staat sal wees. Omdat die staat belang het by die nasionale vorming van sy burgers, is dit vir hom belangrik dat alle opvoeding rekening hou met die beveiliging en handhawing van die volkseenheid, dat die jong geslag besiel word met die volkseie uit die geskiedenis, dat elke volksdeel se moedertaal beskerm en uitgebou word en dat die kulturele en godsdienstige lewe van die kind as lid van 'n volk met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing nie agterweë bly nie.

Om verskeie redes is dit die staat se plig om toe te sien dat daar 'n bevredigende peil van volksontwikkeling plaasvind. Hiertoë word die staat nie alleen geroep deur die verband wat daar tussen die bestaan en voortbestaan van 'n volksgemeenskap en die peil en inhoud van die onderwys bestaan nie, maar ook deur die eise van die roepingsbewuste volksgemeenskap dat die staat sy reg op goeie volksjeugopvoeding moet beskerm. Daarom het die staat die reg om direkte beheer oor die peil van die skoolopvoeding in die skole uit te oefen, veral deur middel van die verskillende departemente van onderwys met hulle professionele onderwyshoofde en inspekteurs van skole.

---

1. Vgl. Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 85.

Die staat beskik oor die gesag om 'n sekere minimum skoolopvoeding vir alle kinders verpligtend te maak: onderwys volgens beproefde en algemeen aanvaarde opvoedkundige grondbeginsels (byvoorbeeld moedertaalonderwys) wat gelyke opvoedingsgeleentheid aan al die kinders volgens hulle aanleg sal bied. Besluite oor die doel, teorie en praktyk van die opvoeding moet egter berus op aanbevelings van opvoedkundiges en die georganiseerde onderwys-professie. Die staat moet ook die regte van die verwaarloosde kind handhaaf. In ernstige gevalle moet hy ingryp en waar nodig self voorsiening vir die opvoeding en versorging van hierdie kinders maak.

Vir die ouers sowel as vir die staat is dit derhalwe belangrik dat daar genoegsame skole gestig en in stand gehou word. En alhoewel dit primêr die verantwoordelikheid van die ouers is om die inisiatief vir die stigting van skole te neem, moet die owerheid intree en self die nodige skole stig indien 'n bepaalde ouergemeenskap sy plig versuim. Vanselfsprekend is dit die plig van die staat om toe te sien dat waar daar behoefte aan nuwe skole is en die ouers in dié verband wel vertoë rig, sodanige skole gestig word. In die uitoefening van sy gesag oor die stigting van skole moet die staat egter die wense en eise van die ouergemeenskap eerbiedig en „aan alle burgers, onverskillig wat hul lewens- en wêreldbeskouing ook mag wees, mits dit nie staatsvernietigend of sedebederwend is nie, in sake die gees en rigting van hul skole van sy kant gelyke regte gee. As staatkundige owerheid moet dit in die regte sin van die woord neutraal wees,

d.w.s. regverdig teenoor alle gesindhede."<sup>1</sup>

Ten opsigte van die stigting, finansiëring en instandhouding van skole het die ouers en staat 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid. Die staat se verantwoordelikheid hang saam met die beginsel waarvolgens hy die reg het om skoolbesoek vir alle kinders verpligtend te maak. Van toepassing hier is Leeson se opmerking: „In the defective social economy that we have inherited very few, even of those parents who understand their responsibility, can afford to fulfill it; and a great number neither can fulfill it nor do they understand it. Here the State must intervene, armed with compulsive authority."<sup>2</sup> Die staat as die enigste gesag en mag moet derhalwe vir die grootste gedeelte van die koste verbonde aan die onderwys verantwoordelikheid aanvaar. Omdat die hele volk en nie net die ouers nie, belang by goeie skoolopvoeding het, kan die staat van elke belastingbetaler geld vir hierdie doel invorder. Maar ook die ouer, wat sekere regte vir homself uithou, moet besef dat hy in hierdie opsig 'n besondere verantwoordelikheid het.

As gevolg van sy soewereine gesag ten opsigte van wetgewing, regspraak en administrasie is dit die staat wat as beslegter van geskille tussen onderwysers en ouers of kinders moet optree en wat die verhoudinge tussen owerheidsorgane en onderdane (in hierdie geval onderwysers) moet reël. Die administratiewe reg handel dan ook oor aangeleenthede soos diensvoorwaardes, prosedures vir aanstellings, optrede in geval van wangedrag, ontslag

1. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoeding, p. 292.

2. Leeson, op. cit., p. 189.

en pensionering. So moet die staat dan sorg dat reg en geregtigheid op die ganse skoolgebied gehandhaaf word en selfs in sy vergeldingshoedanigheid ingryp wanneer dit nodig blyk.

Hierdie omvattende taak van die staat dui on-dubbelsinnig daarop dat, alhoewel dit nie die alleenseg-genskap oor die opvoedkundige terrein het nie, die staat 'n uiters belangrike aandeel in die beheer van 'n land se onderwys moet hê. Geen opvoedkundige kan vandag die staat as 'n mag en gesag in die onderwys en opvoeding ver-bygaan nie. Kragtens die regsbeginself besit die staat die finale gesag van ingryping. Nogtans is hierdie gesag van die staat in die Calvinistiese denke ook geen absolute gesag nie, omdat daar vir die Calvinis net een absolute gesag bestaan, ook op die gebied van owerheid en regering, naam-lik die van God Almagtig, en omdat alle samelewingsverban-de - ook die staat - slegs afgeleide soewereiniteit besit. Daarom mag die staat geen individu of samelewingsverband byvoorbeeld die huisgesin, kerk of skool so oorheers en eksploiteer dat hulle hul vryheid voor God verloor nie. Hierdie beskouing plaas die aanspraak van die individu op burgerlike vryheid in die regte perspektief; trouens, dit skep die regte ewewig tussen die magte en regte van al die instellings en verbande soos die owerheid, volk en ouers, omdat almal se gesag in God se almag gefundeer word.<sup>1</sup> So verkry ook die georganiseerde onderwysprofes-sie as 'n selfstandige samelewingsverband eie regte en magte ten opsigte van medesegenskap oor die onderwys.

1. Vgl. A.J.H. van der Walt, „Staatsgesag en Volksvryheid" in Koers in die Krisis, dl. 1, pp. 276-277; en A. Kuyper, Antirevolutionaire Staatskunde, dl. 1, pp. 265-266.

(d) Medeseggenskap in onderwysbeheer deur die georganiseerde onderwyserskorps

Die korps van professioneel geskoolde onderwysers verteenwoordig 'n groep mense wat 'n nie-institutêre verband, 'n kultuurkring op die maatskaplike terrein, vorm. Volgens Spier kom sulke verbande tot stand deur vrye assosiasie, dit wil sê deur die vrywillige saamgaan van mense wat in die sfeer van maatskaplike vryheid op gelike voet staan. Ook is hierdie verbande volgens hom histories gefundeer, geskied hulle positiewe vorming op die grondslag van die mag eie aan die betrokke verband, en hang hulle bestemmingsfunksie saam met hulle bepaalde doelstellings.<sup>1</sup>

Die historiese fundering van die georganiseerde onderwyserskorps as 'n maatskaplike verband lê veral daarin dat die ouers se onvermoë tot onderwys as gevolg van die snelle ontwikkeling op die gebied van kennis, vaardighede en die kultuurlewe, sowel as hulle gebrek aan genoegsame tyd hulle gaandeweg verplig het om geskikte persone van buite as hulle plaasvervangers te gebruik. Die taak wat aan hierdie „plaasvervangende ouers“ oorge- laat is, het deur die jare heen al hoe omvangryker geword en sluit vandag ook 'n opvoedingstaak in. Uit hierdie behoeftes van die ouers spruit dan die ontstaan van 'n groep mense in die gemeenskap wat vir die oordraging van kennis en vaardighede, professionele skoling ondergaan. Hulle is die beroepsopvoeders.<sup>2</sup> Wanneer koördinasie op landswye

1. Spier, op. cit., p. 226.

2. Vgl. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 285; en Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., pp. 97-98.

vlak van al die individuele onderwyspogings in 'n land plaasvind en 'n georganiseerde onderwysstelsel ontstaan, kry hierdie beroepsopvoeders (onderwysers) besonder geleentheid om 'n georganiseerde onderwyserskorps te vorm. So word die onderwysberoep dan 'n geslote professie waartoe slegs diegene wat professionele opleiding besit, mag toetree en vorm dit 'n selfstandige maatskaplike verband met 'n eie terrein waarop dit met die gesag van soewereiniteit in eie kring kan optree. Die georganiseerde onderwyserskorps sou derhalwe met reg daarop kan aanspraak maak om ook oor die beheer van die onderwys medeseggen-skap te mag voer, meer spesifiek oor die professionele aspekte van die onderwys.

Die belangrike implikasies van hierdie soewereiniteit in eie kring is dat die onderwysprofessie selfstandig verantwoordelik is vir dit wat die ouers aan hulle oorgedra het. Dit word dus die verantwoordelikheid van die professioneel geskooldes op die gebied van die onderwys om die leiding te neem ten opsigte van die terrein van die teorie en praktyk van die opvoeding terwyl ouers geen reg het om voor te skrywe watter stof behandel moet word en watter onderwysmetodes die gewenste is nie.<sup>1</sup> Gunter wys daarop dat dit ook nie die staat se funksie is om metodes van die onderwys en opvoeding aan die professioneel opgeleide onderwysers voor te skrywe of op hulle af te dwing nie.<sup>2</sup>

In verband met van die magte, pligte en optrede van die georganiseerde onderwyserskorps moet onthou word

- 
1. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 286.
  2. Gunter, op. cit., p. 456.

dat die Calvinis geen absolute skeiding van die lewensterreine en samelewingskringe soek nie, want alhoewel hy geen uitwissing van die grense en die gelykstelling van die verskillende verbande en kringe duld nie, soek hy ook na die samewerking, die verband en die samehang tussen al die terreine en kringe. Vir die onderwyserskorps is dit ook van besondere belang om die intieme ineengewefdheid van die opvoedings- en onderwyswerkzaamhede van die onderwyserskorps, die ouers, die staat en die kerk te eerbiedig. Daardeer sal daar nie net aan hom eise gestel word nie, maar sal die onderwyserskorps ook aan die ander samelewingskringe billike eise kan stel en sal skoolopvoeding as 'n geïntegreerde eenheid aangebied word.

Dit is veral deur middel van onderwysersverenigings dat die onderwyserskorps hulself organiseer en van 'n mondstuk voorsien.<sup>1</sup> Hierdeer kan hulle op 'n selfstandige en georganiseerde wyse oor die regte koers vir die teorie en praktyk van die opvoeding spreek en hulle eise aan die ander samelewingsverbande stel. Hierdie instellings is die waghond oor die belange van die onderwysers en die professie in die algemeen en kan, veral in die geval van 'n statutêre Onderwysersraad, toesien dat die beginsels in verband met die magsverhoudings tussen werkgewer-instansie en professionele werknemer geëerbiedig word.<sup>2</sup>

Vanweë die breë terrein waarop die onderwyserskorps beweeg, ook as uitvoerders van die eise wat die an-

- 
1. Ook van besondere betekenis is statutêre Onderwysersrade soos die een wat in Skotland na aanleiding van die „Teaching Council (Scotland) Bill" van 1964 ingestel is.
  2. Vgl. J.J. Fourie, „Beginsels en praktyke in verband met onderlinge magsverhoudinge tussen onderwyskorps en onderwysowerheid en oorwegings i.v.m. professionele regte" in Die Skoolblad, Junie 1966, pp. 10-11.



der samelewingsverbande stel, kan hulle met reg eise soos die volgende stel: Dat daar behoorlike en doeltreffende skooladministrasie en -organisasie sal wees sodat die opvoedingsdaad doeltreffend verrig kan word; dat al die noodsaaklike onderwysmiddele vir die vervulling van die onderwystaak voorsien word; dat die leerplanne, onderwysmetodes, voertaal, skooltug en so meer aan sekere opvoedkundige vereistes sal voldoen, ook nadat ouers, staat en kerk hulle eise gestel het.

Met reg kan ten slotte gesê word dat die georganiseerde onderwyserskorps in die Calvinistiese denke as een van die onherleibare, nie-gelykmakende en veral noodsaaklike komponente van die verskeidenheid waaruit die struktuur vir die beheer oor die onderwys saamgestel is, beskou word. Dit is egter ook duidelik dat die onderwyserskorps geen primêre funksie in verband met die stigting en instandhouding van skole het nie en slegs as lid van 'n gesin, 'n kerk en die staat belang daarby het.<sup>1</sup>

Alhoewel die georganiseerde onderwysprofessie, ouergemeenskap en staat die enigste samelewingsverbande is wat volgens Calvinistiese beskouing direkte seggenskap oor die skool het, sluit dit nie die kerk as 'n selfstandige samelewingsverband uit om ooreenkomstig sy wese en struktuur op 'n indirekte wyse oor die skool seggenskap uit te oefen nie.

(e) Indirekte medeseggenskap in onderwysbeheer deur die kerk

Calvinisme was nog altyd met die ideaal van 'n

1. Vgl. Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., pp. 98-99.

intieme verhouding tussen kerk en skool geassosieer. Dat hierdie verhouding aan die kerk die reg tot medebeheer oor die onderwys verleen, mag egter nie sonder meer aanvaar word nie. 'n Prinsipiële omskrywing van die kerk se terrein bewys trouens die teendeel. Met kerk word hier bedoel die kerk as instituut en nie as organisme nie, want dit is die kerk in sy ampte wat funksionierend teenoor die onderwys optree.

Volgens Calvinistiese beskouing is die kerk, net soos die staat en skool, nie 'n instelling wat uit die skepping voortkom nie. Dit spruit uit die besondere genade van God voort en verskil in hierdie opsig weer van die staat en skool wat albei uit die algemene genade voortspruit. Christus het immers self die kerk vir die voeding en versterking van die mens se religieuse lewe ingestel.<sup>1</sup>

Omdat die kerk die draer van die godsdiens is, is die wesenlike van die kerk as gemeenskap sy godsdiens-tige lewe.<sup>2</sup> „Immers, het instituut der kerk is door de ge-looofsfunctie gequalificeerd, het vindt in het pistische z'n bestemming.“<sup>3</sup> Die kerk is in der waarheid die gemeenskap van die gelowiges en daarom verenig 'n bepaalde kerklike instituut diegene wat dieselfde religie het. Anders as die skool is die uitgangspunt van die kerk bonatuurlik en in die geopenbaarde Woord van God en die wedergeboorte

- 
1. Vgl. A. Kuyper, De Gemeene Gratie, dl. 3, p. 110; Spier, op. cit., pp. 216-217; en J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 290.
  2. J. Chris Coetzee, Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, p. 64.
  3. Spier, op. cit., p. 219. Vgl. ook J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 282-283.

geleë.<sup>1</sup> Die kerk as instituut het tot taak en roeping die beoefening van die religie: die suiwere verkondiging van die Evangelie aan alle skepsels - indiwiidueel, of in ander samelewingsverbande saamgetrek; die suiwere bediening van die sakramente aan alle gelowiges soos deur Christus ingestel; die toesig oor die lewe en wandel van indiwiiduele lidmate en die bestraffing van die sonde deur onder andere die toepassing van die kerklike tug; die voeding en versterking van die lidmate se geloof. Dit alles moet geskied tot diens en eer van God en om die kennis aangaande Hom te verbrei.<sup>2</sup>

Alhoewel die kerk nie die oorsprong van die kind is nie, sluit dit as gemeenskap van die gelowiges ook die onvolwassenes as verbondskinders in. Van die belydende lidmaatouers eis die kerk dat hulle hul kinders in hierdie gemeenskap sal laat inlyf deur die sakrament van die doop en deur 'n eie selfstandige belydenis van die geloof deur die kind. Die kerk het derhalwe ook 'n omvangryke opvoedingstaak waaroor hy soewereine gesag binne eie kring voer, maar dit is kategeties van aard en lê op die terrein van die besondere genade wat wesenlik van die aard van die sekulêre onderwys van die moderne skool verskil.<sup>3</sup> Die kerk is ook nie die oorsprong van die skool nie; trouens, kerk en skool is twee selfstandige instellings met duidelike grense en geen onmiddellike en oorspronklike

1. Vgl. A. Kuyper, De Gemeene Gratie, dl. 3, p. 110; en J.J. Pienaar, „Onderwys - die Standpunt van die Ned. Geref. Kerk“, in Die Kerkbode, 7 Februarie 1968, p. 200.

2. Vgl. E.E. van Rooyen, Die Nederlandse Geloofsbelydenis, pp. 225-228; en Spier, op. cit., p. 216.

3. Vgl. Verslag van die Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sitting 13 Oktober 1966 e.v.d., pp. 353-354.

verband tussen hulle nie, maar slegs 'n indirekte verband, en in hulle onderlinge verhouding geld die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Vir die Calvinis is die kerk nie die gebieders wat oor die hele lewe gesag het nie, hierdie eer kom God toe. Trouens, die kerk het geen aanspraak op direkte seggenskap oor die skool nie en hy mag onder geen omstandighede die skool oorheers nie.<sup>1</sup>

Maar die Calvinis soek nie 'n absolute skeiding tussen kerk en skool nie, want tussen alle verbande bestaan daar vir hom een of ander vorm van vervlegting, en so 'n indirekte verband tussen kerk en skool bestaan vir hom daarin dat die roeping en funksie van die kerk hom indirek op die terrein van die skool bring. In die eerste plek is 'n volledige en diensbare lidmaatskap van die kerk prakties onmoontlik sonder „wêreldlike“ onderrig. So moet elke lidmaat in staat wees om Gods Woord selfstandig te lees, sy geloofsluwe te beoefen en sy taak en roeping in die kerklike sowel as die beroepsluwe te verrig. Die kerk het hom dan ook nog altyd vir genoegsame en doeltreffende opvoedings- en onderwysgeleenthede beywer, wat egter nie beteken dat hy skoolstigting as funksie en taak het nie. So vroeg soos 1618 toe skoolkategorie nog 'n belangrike deel van gewone skoolonderwys was en die Gereformeerde Kerk in Nederland streng toesig oor dié onderwys gehou het, het die Dordtse Sinode al besluit dat nie die kerk nie, maar die staat (Christelike Magistraten) die gereformeerde staatskole moes oprig, die onderwysers aanstel

---

1. Vgl. J. Chris Coetzee, Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, p. 70.

en besoldig.<sup>1</sup> Slegs by wyse van hoë uitsondering soos wanneer ouers en staat versuim om onderwys op Christelike (en nasionale) grondslag te organiseer, ontstaan 'n nood-situasie en het die kerk die reg om in te gryp en seku-lêre onderwys (Christelik-nasionaal van aard) te voor-sien.<sup>2</sup> Onder gewone omstandighede mag daar dan ook nie van die kerk geëis word om skole in stand te hou nie.

Die kerk moet ook toesien dat die beloftes deur sy lidmate afgelê, dit wil sê deur die ouers by die doop en die kinders by die belydenis van hulle geloof, op al die lewensterreine en derhalwe ook op skool uitgelewe word. Die kerk het derhalwe daarby belang dat die skoolopvoeding nie stremmend hierop sal inwerk nie, maar dit eerder sal aanhelp. Op hierdie wyse verkry die kerk dan 'n houvas op en 'n bepaalde reg en plig teenoor die opvoeding van sy lidmate se kinders. Dit beteken egter nie dat die kerk van die skool kan eis om die kinders as lidmate van sy kerk voor te berei nie. Omdat direkte seggenskap oor die skool buite die gesag van die kerk val, kan die kerk al-leen indirekte seggenskap hieroor uitoefen via daardie ouers wat belydende lidmate van sy kerk is en oor wie sy kerklike gesag wel geld.

Oor die gees en rigting van 'n bepaalde skool het die kerk ook geen onmiddellike seggenskap nie. Omdat dit egter vir die kerk belangrik is dat daar vir die kin-ders van sy lidmate skole met 'n besliste Christelike

1. Vgl. Acta of Handelingen der Nationale Synode te Dordrecht, ten jare 1618 en 1619, pp. 41-43; en Ver-slag van die Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sit-ting 13 Oktober 1966 e.v.d., p. 292.
2. Vgl. J.J. Pienaar, „Onderwys - die Standpunt van die Ned. Geref. Kerk“, in Die Kerkbode, 7 Februarie 1968, p. 201.

karakter is, lê dit op die weg van die kerk om sy lidmate oor die gewenste gees en rigting van 'n skool in te lig. Oor die kultuurtaak van die kerk op die gebied van die onderwys en opvoeding skrywe Treurnicht: „Natuurlik is die kerk normaalweg nie self skoolmeester nie, behalwe in sy eie kerklike onderrig. Maar hy waak teen 'n godsdiens-neutrale onderrig aan die kinders wat sy dooplidmate is; hy beywer hom daarvoor dat die onderwys Christelik sal wees, omdat hy die Koningskap van Christus oor die hele lewe verkondig. Hy eis nie alleen dat die godsdiensonderrig aan die skole die belydenis wat sy dooplidmate onderskryf, moet eerbiedig nie, maar dat die hele onderrig sal geskied uit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.“<sup>1</sup>

Opsommend kan gesê word dat alles daarop dui dat die kerk volgens Calvinistiese beskouing slegs 'n indirekte en aanvullende funksie ten opsigte van skoolopvoeding het. Toesig oor die Christelike grondslag van die skoolonderwys van sy lidmate se kinders is wel sy funksie, maar van medeseggenkap oor die beheer van die skool is daar prinsipieel nie sprake nie, behalwe dit wat hy op indirekte wyse deur sy lidmate op die skool uitoefen. Hierdie invloed van die kerk is egter groot in alle Christenlande in sy deurwerking op die direkte medeseggenkap van die ouergemeenskap en die georganiseerde onderwysprofessie in die onderwysbeheer, sowel as op die staat wat, as organisasievorm van die reg, die sentrale gesag in verband met die finale beslissingsreg moet bly - nie alleen volgens Calvinistiese beginsels nie, maar ook volgens die tradisioneel-

1. A.P. Treurnicht, „Die Kultuurtaak van die Kerk“ in Handhaaf, Junie 1968, pp. 16-17. Vgl. ook P. de B. Kock, op. cit., pp. 59-60, se standpunt dat godsdiensonderwys op skool Bybelonderrig moet wees en nie kerklik konfessionele voorligting nie.

demokratiese ingesteldheid van die Engelssprekende bevolkingsgroep wat langs ander bane ontwikkel het.

4. DIE DEMOKRATIESE BEGINSEL IN DIE ANGEL-SAKSIESE EN CALVINISTIESE DENKE

(a) Demokrasie volgens Angel-Saksiese tradisie


Getrou aan die Brit se sterk sin vir realisme, soek die tradisionele Engelse denkwysie die wesenlike van alle dinge in die natuur en in die werklikheid. So sê Basson van die tipiese Brit: „Hy is voor alles prakties en sy beste instellings is die produk van sy gesonde verstand - sy 'common sense' - soos hy dit uit die ervaring leer aanwend het.”<sup>1</sup> Die Engelse tradisie wil minder gebonde aan wysgerige beskouinge en teorieë wees; geen beginsels moet hom sy vryheid ontnem om op te tree soos hy goeddink en sy beleid en standpunt te verander wanneer hy wil nie. Individualisme is dan ook sterk ingebed in die tradisie van die Angel-Saksiese denkwysie. Tiperend is Kandel se beskrywing in 1933 dat „educational organization and administration in England seem to be devoid of any philosophy or underlying principles”<sup>2</sup> en „the system of education reflects the essential English characteristics - a horror of theory, fear of mechanical organization, and regard for individual freedom as the fundamental basis for the development of character.”<sup>3</sup>

Hierdie sterk individualisties georiënteerde demokrasie wat in die 18de eeu nog hoofsaaklik tot die Brit-

1. M.A. Basson, Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, dl. 2, 1956, p. 1.

2. I.L. Kandel, Comparative Education, p. 1.

3. Ibid., p. 59.



se aristokraat beperk was en aan hom buitengewone vryheid verleen het om te word wat hy wil, het gedurende die 19de eeu 'n algemene strewe na algehele vryheid vir elke individu geword. Om die wese van hierdie vryheidsbeginsels en sy implikasie vir die onderwys te begryp, is 'n saaklike verwysing na verskillende strominge en denkrigtings wat gedurende die 19de eeu daarby aansluiting gevind het, nodig.

(i) Reeds gedurende die laaste helfte van die 18de eeu het daar uit reaksie teen die doodsheid en formalisme van die Anglikaanse of Engelse Staatskerk wat alles probeer oorheers het, 'n godsdiensherlewing in Engeland begin wat uiteindelik op die Metodisme uitgeloop het.<sup>1</sup> Na sy wese was dit 'n Evangeliese herlewing toegespits op 'n antroposentriese verlossingsleer. Dit verwerp nie alleen die vrymakende genade van God, die uitverkiesingsleer en so meer nie, maar isoleer die mens van sy organiese en historiese kontinuïteit en is individualisties in sy prediking van saligheid aan alle mense waardeur die verbondsgedagte van die Skrif misken word.<sup>2</sup> Omdat hierdie herlewing veral nuwe belangstelling vir die lot van die armes en onbevoorregtes gewek het, het dit die beginsel van onderwys vir almal as deel van die demokratiese ideaal sterk na vore gebring. Omdat die Metodisme egter die lewensfondament in die vroomheid van die eie hart seek, die Christelike hoofsaaklik vir kerk en godsdiensofstandhouding en die

1. A.H. du P. van Wyk, Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, pp. 15-17.

2. Vgl. J.J. Krige, "Metodisme" in Koers in die Krisis, dl. 1, pp. 132-136; J.D. Vorster, "Die Metodistiese Invloed in ons Volkslewe", in Koers in die Krisis, 3, p. 188; en H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, pp. 30-31.



ander lewensterreine soos die onderwys gevolglik as sogenaamd neutraal beskou, vind die Liberalisme maklik daarby aansluiting. Die Calvinis wat glo dat alle lewensterreine aan die absolute soewereiniteit van God en Sy ordinasies onderworpe is, kan nie anders as om die Metodistiese beskouing te verwerp nie. In hierdie verband kan daar ook verwys word na die Piëtisme van die 18de en 19de eeu wat deur sy eensydige beklemtoning van godsdienstige vroomheid en die beperking van die Christelike tot godsdiens in engere sin, op dieselfde wyse 'n verskraling van die Calvinisties-Protestantse lewensgrondslae in die onderwys tot gevolg het.

(ii) 'n Uitbreiding van die demokratiese ideaal het ook onder die invloed van die filantropie en negrofilisme van die 19de eeu plaasgevind. Hierdie filantropie het hulle nie net baie jare lank beywer vir die demokratiese ideaal van die verskaffing van beter onderwysgeriewe aan die minderbevoorregtes in Engeland nie, maar ook kampvegters vir gelyke regte vir die „veronregte" nie-blanke volkere in die Britse kolonies geword en algehele opheffing van rasseskeiding voorgestaan.<sup>1</sup> Vir 'n tyd lank is gemengde skole vir blank en nie-blank dan ook in Suid-Afrika gestig. Ook so 'n onderwysbeleid en idee van vryheid is in direkte botsing met die Calvinistiese standpunt wat die verskeidenheid van volkere en nasies, elk met sy eie grense en identiteit as van God gegee, beskou - 'n verskeidenheid wat God van ons verwag om te handhaaf en te respekteer.

(iii) Maar die omvang van die tradisie van die

1. Van Wyk, op. cit., p. 11.

Britse demokrasie word veral eers duidelik wanneer die verskillende bewegings en denkrigtings van die 19de eeu in Engeland ten gunste van menslike vryheid en nie-staatsinmenging in oënskou geneem word.

Daar was byvoorbeeld die LAISSEZ FAIRE-beskouing wat deur die liberale Whig-regering toegepas is: „State interference, they argued, would paralyse individual enterprise and destroy character by withdrawing incentives to self-help. LAISSEZ FAIRE, LAISSEZ ALLER.”<sup>1</sup> Van die kant van die Benthamiete het weer gekom die beklemtoning van die beginsel van Algemene Bruikbaarheid: „THE PUBLIC GOOD ought to be the object of the legislator; GENERAL UTILITY ought to be the foundation of his reasonings.”<sup>2</sup> Maar die belangrikste bydrae tot die interpretasie van die beginsels van individuele en sosiale vryheid het waarskynlik van J.S. Mill gekom. As geestelike vader van die Britse staatkunde sê hy: „The only freedom which deserves the name, is that of pursuing our own good in our own way, so long as we do not attempt to deprive others of theirs.....”<sup>3</sup> Hy verwys na die onderwys as „the most sacred duties of the parents” en sê dat „the State ought to see it fulfilled, at the charge, as far as possible, of the parent.”<sup>4</sup> Omdat die gesag wat die individu oor homself, sy liggaam en sy verstand het, vir Mill 'n soewereine gesag is, het hy 'n sterk afkeer van enige staatsinmenging wat op die individualiteit van die mens inbreuk maak. Daarom verwerp hy 'n staatsbeheerde onderwysstelsel, want,

1. W. Boyd, The History of Western Education, p. 368.

2. J. Bentham, The Theory of Legislation, p. 1.

3. J.S. Mill, Utilitarianism, Liberty and Representative Government, p. 75.

4. Ibid., p. 160.

sê hy: „A general State education is a mere contrivance for moulding people to be exactly like one another.“<sup>1</sup>

(iv) Gedurende die tweede helfte van die 19de eeu tree Herbert Spencer na vore met sy teorie van biologiese evolusie, waarvolgens nie net die bes-aangepaste individu behoue bly nie, maar ook die nuttigste samelewing ontstaan. Volgens Boyd<sup>2</sup> was hy een van die sterkste teenstanders van 'n nasionale onderwysstelsel onder staatsbeheer. Hy het geglo dat die staat nie met die onderwys moes inmeng nie, maar liever moes toelaat dat dit deur spontane evolusie self vooruitgaan.<sup>3</sup> Wanneer Spencer die aktiwiteite van die ideale skool in orde van belangrikheid opnoem, is die eerste twee: „That education which prepares for direct self-preservation; that which prepares for indirect self-preservation,“ waarna volg, „that which prepares for parenthood ..... prepares for citizenship; that which prepares for miscellaneous refinements of life.“<sup>4</sup> Hy wil ook hê dat die skool die metode van die natuurwetenskap moet volg, naamlik empirisme of direkte ervaring. Verder trek hy 'n absolute skeidslyn tussen godsdiens en wetenskap: „Religion and Science are ..... the positive and negative poles of thought.“<sup>5</sup> Sedelike waardes bestaan vir hom nie in die bonatuurlike nie, maar behels alleen dit wat prakties nuttig is in die stryd om die voortbestaan. Hierdie natuurwetenskaplike mensbeskouing oefen gedurende die 20ste eeu 'n besondere groot invloed uit op die ontwikkelingsgang

1. J.S. Mill, op. cit., p. 161.

2. Boyd, op. cit., p. 371.

3. P. Pistorius, Gister en Vandag in die Opvoeding, p. 210.

4. H. Spencer, Education : Intellectual, Moral, and Physical, pp. 10-11.

5. H. Spencer, First Principles, p. 80.

van opvoeding, veral in die Engelssprekende lande van die wêreld.<sup>1</sup>

(v) Aan die begin van die 20ste eeu is dit Percy Nunn wat die beskouing uitdra dat niks goeds die mensewêreld binne kom behalwe in en deur die vrye aktiwiteit van die individu nie. Op ondubbelsinnige wyse stel hy sy kernbeginsel: „Individuality is the ideal of Life<sup>2</sup> en „educational efforts must, it would seem, be limited to securing for every one the conditions under which individuality is most completely developed .....“<sup>3</sup>

Die sterk Engelse tradisie van individuele vryheid, laissez faire-beleid, veelvuldige standverskille in die sosiale lewe en kerke met sterk gevestigde onderwysbelange was nie bevorderlik vir die totstandkoming van 'n nasionale onderwysstelsel in Engeland nie. Daar was wel sterk pleitredes vir groter staatsbemoeding in die verskaffing van onderwysfasiliteite, maar die staat het in Engeland baie traag tot hierdie terrein toegetree. Baie jare lank het kerklike en private inisiatief derhalwe 'n uiters belangrike rol in die stigting van 'n verskeidenheid van selfstandige skole gespeel. Vergelyk byvoorbeeld die bestaan van die eksklusiewe, onafhanklike, selfregerende „Public Schools“, die „Grammar Schools“ en ander Engelse sekondêre skole. Kenmerkend van Engeland is sy tweeledige skoolstelsel - sektariese private skole naas die nie-sektariese staatskole. In werklikheid was dit eers met die aanneme van die Butlerwet van 1944 dat die Engelse staat volle verantwoordelikheid vir die onderwys aan-

1. Pistorius, op. cit., p. 210-211.

2. P. Nunn, Education, Its Data and First Principles, p. 18.

3. Ibid., p. 13.

vaar en 'n nasionale grondslag vir sy onderwysstelsel neergelê het. Hiervan sê Cramer en Browne: „With their usual genius for compromise, the British have worked out a system which provides for a broad national support and control of general policies, but which leaves much administrative authority in the hands of local units of self-government. At the same time they have preserved the contributions which have been made by voluntary agencies.”<sup>1</sup>

'n Belangrike bepaling van hierdie 1944-Onderwyswet vir staatondersteunde skole is dat elke skooldag met gesamentlike godsdiensoefening sal begin en dat godsdiensoonderrig, onderhewig aan die gewetenskousule, verpligtend is.<sup>2</sup> Dit is iets vreemd aan die Engelse onderwyswetgewing, want alhoewel dit voorheen nooit uitdruklik verbied is nie, sê Leeson dat „the law relating to religious education has been confused, and (is) of a somewhat negative character.”<sup>3</sup>

Oor die Britse demokrasie en die Christelike beginsel daarin, kan volstaan word met die volgende stelling van Jeffreys: „It may be truly said that the commonplace assumptions of modern democracy would have been impossible without the influence of Christianity in history. Nevertheless, it is equally true that much of our ethics remain sub-Christian and are more Greek than Christian in spirit.”<sup>4</sup>

(vi) As deel van die Angel-Saksiese tradisie moet daar ook na die Skotse onderwysstelsel verwys word, en wel as 'n stelsel wat histories eintlik veel meer demokraties

1. J.F. Cramer en G.S. Browne, Contemporary Education, pp. 84-85.

2. Leeson, op. cit., p. 232; en A Guide to the Educational System of England and Wales (Ministry of Education, pamphlet nr. 2), p. 27.

3. Leeson, op. cit., p. 231.

4. M.V.C. Jeffreys, Education Christian or Pagan, p. 17.

as dié van Engeland is en ook 'n sterker Calvinistiese wortel het. In hierdie land waar die Calvinisme homself deur middel van die Presbiteriaanse Kerk aanvanklik sterk gevestig het en waar daar veel minder standverskille as in Engeland is, was die onderwys reeds van die vroegste tye 'n onderwys vir die hele volk, want: „The scheme propounded by Knox and his colleagues was a democratic scheme; education was regarded as the right of all children, and there were to be bursaries for the poor. The parish schools which spread throughout the country in the next 300 years were open to all ..... there has been, and still is, far less social division and class consciousness in the Scottish educational system than, say, in the English.”<sup>1</sup> Hierdie skole was almal gelyk en het 'n nasionale stelsel gevorm; en verder: „Allied to the democratic concept is the principle of co-education, which has been the rule in most Scottish schools since the Reformation.”<sup>2</sup>

In Skotland was daar baie eeue lank 'n sterk band tussen kerk en skool. So het die kerk nog tot 1872 die reg gehad om deur middel van die „Presbytery” onderwysers met die oog op aanstellings te ondervra en goed te keur asook om die skole te besoek.<sup>3</sup>

Die Skotse onderwyswet van 1872 het finale beslag gegee aan 'n nasionale stelsel van openbare primêre skole met verpligte skoolbesoek vanaf die 5de tot die 13de jaar. Plaaslike onderwysbestuur is in die hande van

1. S.L. Hunter, The Scottish Educational System, p. 62.

2. Ibid., p. 63.

3. J. Kerr, Scottish Education School and University, pp. 198, 200; en M. MacKintosh, Education in Scotland Yesterday and Today, pp. 8, 28.

skoolrade met omvangryke pligte en magte geplaas terwyl die Skotse Onderwysdepartement gestig is om die onderwys op sentrale vlak te koördineer en te beheer. In 1918 en 1929 is dit verander sodat die plaaslike administrasie van die Skotse onderwys vandag die verantwoordelikheid van 29 „county councils”, 2 „joint county councils” en „the town councils of four cities” waarvan elkeen 'n „education committee” aanstel om die onderwys in sy gebied te behartig.<sup>1</sup> Vanaf 1963 is verteenwoordigers van die onderwysprofessie toegelaat om op hierdie onderwyskommissies te dien en in 1966 het 24 „education committees” reeds sodanige onderwysersverteenvoordinging gehad.<sup>2</sup>

Die 1872 en daaropvolgende onderwyswette het aan godsdiensoonderrig beskerming verleen en 'n gewetenskousule ingestel wat aan ouers die reg gegee het om in gevalle van gewetensbesware hulle kinders daarvan te onttrek. Oor die huidige stand van sake skrywe Hunter: „the traditional association of religion and education has been to a large extent maintained”<sup>3</sup> en „the practice is growing of appointing to secondary schools specialist teachers of religious education, and although there is at present no Scottish Certificate of Education examination in religion, this is a likely development in the future.”<sup>4</sup>

Die Skotse onderwysstelsel lê meer klem op eenheid en uniformiteit van administrasie, onderwysmetode en -inhoud as byvoorbeeld dié van Engeland en die V.S.A. Daarom oefen die Skotse Onderwysdepartement 'n sterker en meer gedetailleerde onderwysbeheer uit as in genoemde

1. Hunter, op. cit., p. 37, vgl. ook pp. 39-41 en 63-64.

2. Ibid., p. 43.

3. Ibid., p. 64.

4. Ibid., p. 65.

lande.<sup>1</sup>

(vii) Laastens 'n kort verwysing na die demokratiese ideaal soos dit in Amerika versprei het toe eers Hall met sy ewolusionistiese opvatting en na hom John Dewey met sy pragmatisme dit tot 'n deurdagte onderwysstelsel uitgebou het. Laasgenoemde se denke gaan uit van die sosiale organisasie van die lewe en daarom is die gemeenskap of samelewing vir hom primêr en die individu sekondêr. Volgens hom is opvoeding die sosialisering van die individu in 'n vrye demokratiese gemeenskap, dit wil sê sosiale insig, sosiale krag, en sosiale belangstelling terwille van sosiale bruikbaarheid.<sup>2</sup> Van kardinale belang is die volgende: „Two points selected by which to measure the worth of a form of social life are the extent in which the interests of a group are shared by all its members, and the fullness and freedom with which it interacts with other groups.”<sup>3</sup> Kennis word 'n soort van doen en is die resultaat van ons handeling wanneer ons probleme oplos of met ons omgewing eksperimenteer. Daarom die tipiese Amerikaanse komprehensiewe skool met sy doen-leermetode.

Die pragmatiese hou hom nie besig met sisteme of beginsels nie, maar net met konkrete feite, handeling en mag. Oor die doelstelling van opvoedkunde sê hy: „And it is well to remind ourselves that education as such has no aims. Only persons, parents, and teachers, etc., have aims, not an abstract idea like education.”<sup>4</sup> Sy lewensfilosofie ken geen absolute waardes nie, alles in hierdie

1. MacKintosh, op. cit., p. 6.

2. R.M. Ruperti, Die Opvoedingstaak, p. 56.

3. J. Dewey, Democracy and Education, p. 99.

4. Ibid., p. 107.



wêreld hang net van die mens self af. Ook ken hy geen absolute gesag en geen absolute gehoorsaamheid aan gesag nie. Die mens is immers vir hom ook nie 'n sondige wese nie.<sup>1</sup> Daarom is dit 'n soort demokrasie waarin nie God nie, maar die mens, die enkeling se verbondenheid met die groep en die heelal, voorop staan.<sup>2</sup> Pistorius wys dan ook daarop dat die skool vir Dewey meer as 'n nasionale demokratiese instelling is: „dit is 'n kweekplek van internasionalisme want die mensheid is één geheel.“<sup>3</sup>

Hierdie denke het veral gedurende die laaste vier dekades in Suid-Afrika 'n invloed gehad, maar was hoofsaaklik tot onderwysmetodes- en leerplanne beperk.<sup>4</sup>

(b) Demokrasie en onderwysbeheer

Die betekenis van die demokrasie vir stelsels van onderwysbeheer moet gesoek word in sy verset teen alle vorms van totalitarisme en sy gevolglike strewe om onderwysbeheer en -administrasie uit die hande van 'n burokratiese hiërargie met die aksent op die magsoorsig te hou. Teenoor die outoritêre staat waarin die onderwysbeheer altyd neig om sterk gesentraliseerd te wees en openbare en plaaslike bestuursliggame en professionele groepe gewoonlik nie regmatige geleenthede kry om die beleid te help bepaal nie, stel Kandel onderwysadministrasie in die demokratiese staat soos volg: „The democratic state, on the other hand, recognizes that a central governmental body cannot claim omniscience and is not restricted by

1. Rupert, op. cit., p. 58.

2. Pistorius, op. cit., p. 220.

3. Ibid., p. 222.

4. F.J. Potgieter en C.B. Swanepoel, Temas uit die Historiese Pedagogiek, p. 54.

the obscurantism of bureaucrats with vested interests in maintaining the status quo. Accordingly the rights of local groups or communities to determine their own affairs with a minimum of interference are recognized and a partnership in ideas as well as in finances is entered into between the central and local authorities to which a certain amount of responsibility is delegated."<sup>1</sup>

Die demokrasie wil deur staatsinmenging te beperk, aan die groots moontlike verskeidenheid van instansies „vryheid en gelykheid" gee om hulle eise ten opsigte van die skool te stel. Hiervolgens is die ondersteuning en belangstelling van al die lede van die staat en gemeenskap noodsaaklik: ouers, die algemene publiek, professionele verenigings; organisasies vir openbare, ontspannings, ekonomiese en ander doeleindes; godsdienstige groepe en so meer. Al hierdie groepe en organisasies moet trouens direkte of indirekte verteenwoordiging hê sodat almal saam 'n belangrike rol kan speel in die formulering van 'n nasionale beleid binne die raamwerk van plaaslike beleidsrigtings.<sup>2</sup>

Die vertrekpunt van 'n Brits-demokratiese onderwysstelsel is altyd oorwegend die individu. Onderwysadministrasie moet daarop toegespits wees om die individu die maksimum geleentheid te gee om as 'n menslike wese, as 'n werker en as 'n intelligente burger te ontwikkel. Op nasionale vlak moet daar slegs besluit word oor sake soos staatsubsidies, skoolinspeksie, die minimum vereistes ten opsigte van aangeleenthede soos skoolplig, lengte van

1. I.L. Kandel, The new era in Education, p. 119.

2. Ibid., pp. 121-122. Vgl. ook N. Hans, Comparative Education, p. 235.

skooljaar, oprigting van skole en die kwalifikasies en salarisse van onderwysers. Die plaaslike bestuursinstansies en onderwysprofessie moet egter 'n maksimum vryheid geniet. So is dit byvoorbeeld die onderwysprofessie se reg om te besluit oor die inhoud en metodes van onderwys, die uitvoering van opvoedkundige eksperimente, die keuse van teksboeke en so meer. 'n Nasionale onderwysbeheerinstansie moet derhalwe net bestaan vir die bepaling en uitvoering van 'n nasionale beleid wat by plaaslike omstandighede aanpas.<sup>1</sup>

Die tradisionele demokratiese beginsel in die Angel-Saksiese denke is nie daarop ingestel om vanuit sterk prinsipiële gronde die terreine en funksies van die verskillende belanghebbende instansies wat by onderwysbeheer betrokke is, te bepaal nie, maar spits hom slegs daarop toe om vir „the liberation of the creative spirit in every individual”<sup>2</sup> in 'n nasionale onderwysstelsel te sorg. Die taak en funksie van die betrokke beheerinstansies moet dan van tyd tot tyd deur die praktiese omstandighede bepaal word.

### (c) Demokrasie en Calvinisme

'n Demokrasie wat losgemaak is van die beginsels wat die Calvinistiese denke ten grondslag lê, is in sigself eintlik geen waarborg teen 'n ontaarding in totalitarisme nie. Wanneer die demokrasie - hoe verdienstelik ook al - nie langer net as 'n staatsvorm, metode of middel beskou word nie, maar as 'n soort religie verabsoluteer

1. I.L. Kandel, The new era in Education, p. 122.

2. A.G. Hughes, Education and the Democratic Ideal, p. 16.

word, kan dit maklik in suiwer humanitêre verworteldheid in 'n beginsellose dwingelandy van gewaande menseregte ontaard.

Met reg kan daar onderskei word tussen 'n demokrasie wat in die fundamentele Christelike grondslae - soos dié van die Calvinisme - verwortel en veranker is; 'n humanisties-liberalistiese demokrasie waarin 'n humanistiese individualisme tot die verabsoluttering van die menslike vryheid - enkelingvryheid - lei; en 'n humanistiese rewolusionêre demokrasie wat die absolute klem op menslike gelykheid plaas, dit wil sê 'n enkeling-gelykheid met die kreet van „elke mens een stem“, sonder inagneming van religieuse en beskawingsverskille.<sup>1</sup> Vir die Calvinis is die fundamentele beginsel waarop alle demokrasie moet berus, dat alle dinge uit, deur en tot God is, terwyl die liberalistiese demokrasie die fundamentele as „uit, deur en tot die individu“ beskou. Wanneer J.H. Coetzee skrywe dat die Calvinisme as politieke filosofie nie omvat word met begrippe soos konserwatief of liberaal, demokraties of outokraties nie<sup>2</sup>, het die fundamentele uitgangspunt wat so 'n stelling ten grondslag lê, daarmee nog ongesê gebly.

Die grootste invloed ter bevordering van die humanisme in Suid-Afrika het van Angel-Saksiese kant gekom, maar daar was ook vanaf die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu uit Nederland humanisme en kerklike vrysinnigheid en uit Frankryk die gees van die

1. Vgl. H.J. Strauss, „Stemreg“, in Grense. 'n Simposium oor Rasse- en ander verhoudinge, p. 165.

2. J.H. Coetzee, „Afrikaner, die N.P., Calvinisme en Engelssprekende“, in Die Volksblad, 30 April 1969, p. 15.

Franse Rewolusie wat in 'n geringer mate 'n invloed op Suid-Afrika gehad het.

Hoewel daar uit die gedagtesfeer van die Calvinistiese en Angel-Saksiese tradisies in Suid-Afrika 'n gemeenskaplike erfenis van demokrasie is, tree daar groot verskille na vore na gelang elkeen die demokrasie uit sy eie lewens- en wêreldbeskouing toepas. Dit is veral die toepassing van die volgende demokratiese beginsels en hulle humanistiese inslag wat tot radikale verskille aanleiding gee:<sup>1</sup>

- (i) Elke individu is 'n selfstandige, aparte grootheid en verdien in die eerste plek fundamentele erkenning. Hy is 'n soewereine, redelike en sedelike wese.
- (ii) Elke individu moet in sy selfbepalinge absoluut vry wees; soewereine vryheid in persoonlike doen en late is die maatstaf van alle dinge.
- (iii) Alle individue moet gelyke vryhede geniet. Dit impliseer gelyke stemreg vir elke mens, rasse-gelykheid en so meer.
- (iv) Na sy wese is die mens goed en gaaf. Dit spruit uit sy soewereine redelikheid en sedelikheid, dit wil sê, is uit en met sy natuur gegee.
- (v) Die doel van die lewe is die ideaal van die veredelde, volmaakte mens. Die geestelike en stoflike welvaart en gelukkigheid van die individu bly die hoogste doel.
- (vi) Die onderlinge verhoudinge tussen die soewereine,

1. Vgl. H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, pp. 16-19.

gelyke, vrye mededingende, goeie indiwiue en hulle maatskaplike kringe moet volgens die laissez faire-beginsel gereël word, wat eintlik beteken dat elkeen aan sy lot oorgelaat word. Wanverhoudinge wat mag voorkom, is geen permanente gevaar nie; die ewewig herstel homself solank die vrye soewereiniteit van die selfbepalende indiwidu nie aan bande gelê word nie. Die beleid vir onderlinge verhoudinge moet een van nie-inmenging wees.

Al dadelik moet gesê word dat die Calvinis ook die indiwiuele waarde van die mens, dat hy 'n redelike en sedelike wese is, dat die indiwidu en sy verskillende samelewingsverbande op vryheid geregtig is, dat alle indiwiue gelyk is, erken, maar dan altyd vanuit sy Christelike grondslae. Dat dit egter nie altyd die geval is in die kreet om die demokrasie nie, blyk onder meer uit die volgende: „Liberalisme en Humanisme, en die staatsvorm wat daarmee akkoord gaan, naamlik Demokrasie, is noodwendige lewensbeskouings van die Christelike Godsdienst - maar hulle het ontaard deurdat hulle hulle natuurlike grondslag, Christelikheid, waaruit hulle gebore is, verloën het, en 'n nuwe, eie grondslag naamlik ‚Rasionalisme‘ of Redelikheid, aangeneem het i.v.m. die wese van die individu.”<sup>1</sup> Die Calvinis kan die demokratiese beginsels wat van die Christelike ontkoppel is, nie aanvaar nie, want dan word die menslike indiwidu die bousteen van die menslike samelewing en nie God nie; dan kry die waarde van die indiwidu as mens die eerste plek in die lewe en moet

1. C.B. Linder, Christelikheid en Nasionalisme in die Opvoeding, p. 126.

alle menslike gebeure uiteindelik uit die mens verklaar word in plaas van alle dinge uit God. Vir die Calvinis het God wel die mens as 'n redelike en sedelike wese geskape, maar daarin setel geen absolute soewereiniteit nie, want daardie eer kom God toe. Die individu mag nie in homself sy gesag soek nie, maar moet sy gesag as beperkte gesag komende uit die Absolute gesag van God beskou. Trouens, alle gesag, ook dié van die staat, kerk, ouers en so meer mag ook nie uit die individu of die samelewingskring self afgelei word nie, maar vanuit God se skepping, genade, en Sy openbaring in die Skrif - Sy ordinansies.

Ten opsigte van die wyse waarvolgens onderlinge gesagsverhoudinge gereël moet word, is daar ook radikale verskille. Die Calvinis kan nie maar net 'n laat-maar-loop-beleid volg en hoop dat alles sal regkom nie. Hy soek die gesag daarin dat elke lewensterrein en -kring 'n Godgegewe roeping en taak het waarvoor hy 'n soewereine gesag wat aan dié van God onderworpe is, het. Hierteenoor vereis die vervlegting van al die samelewingsverbande ook dat elkeen hom tot samewerking en eenheid sal laat lei.

As die individualisme 'n humanistiese een word, as die menslike gelykheid en menslike vryheid verabsoluteer word en die massagelykheid daaruit vloei, is dit 'n gans ander demokrasie as dié van die Calvinis. Daar bestaan nie vir hom iets soos 'n volksoewereiniteit, 'n volkswil wat die hoogste gesag is of 'n owerheid wat die dienaar van die volk is nie.

Die demokrasie van die humanis is derhêlwe humanitêr, mensgerig en horisontaal gefundeer, terwyl dié van die Calvinis Godgerig en vertikaal gefundeer is. Vanuit die Christelike standpunt maak Linder dan die opmer-

king: „Hierdie lewensbeskouings, hierdie Liberalisme, Humanisme, en Demokrasie, moet dus hulle oorspronklike grondslag weer opeis - en dis noodsaaklik dat hulle dit doen nie net om hulle eie onthalwe nie, want hulle is die produkte van die Christelike Geloof, maar ook omdat hulle wedersyds die beskermers en natuurlike en sterkste vestings van die Christelike Geloof is, en as hulle verwyder word, sal die Christelike Geloof ook weldra dieselfde lot deel.“<sup>1</sup>

##### 5. DIE NASIONALE, CHRISTELIK-NASIONALE EN MOEDERTAAL-BEGINSELS

Die Christelike beginsel in die onderwys wat - soos dit in die voorafgaande gedeeltes van hierdie hoofstuk duidelik aan die lig gekom het - vir die Calvinis grondliggend vir alle oorwegings in verband met demokrasie en onderwysbeplanning moet wees, hou vir hom ook 'n noue verband met die nasionale en Christelik-nasionale, en aangesien die betekenis en implikasies van hierdie beginsels ewe verreikend is, hoort 'n saaklike verwysing daarna tuis by 'n bespreking van 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika. Trouens, die geskiedenis van die onderwys in Suid-Afrika toon dat die toepassing van beginsels soos die Christelike, die nasionale en moedertaalonderwys vir die bevolking van Suid-Afrika nog altyd van kardinale belang was en dat daar ter wille daarvan dikwels 'n heftige stryd om die beheer van die skool gevoer is.

###### (a) Die Nasionale beginsel in die algemeen

Lank voor die bestaan van georganiseerde stelsels

1. Linder, op. cit., p. 128.



van onderwys het die gesin of die groep waartoe hulle behoort het, besef dat daar 'n eie tradisie en 'n eie geestes-erfgoed is wat aan die jonger geslag oorgedra moes word sodat die nuwe geslag ook 'n wesenlike deel van die gesin of groep kon vorm en die voortbestaan van hierdie erfenis terselfdertyd verseker kon wees. Maar dit is veral die bestaan van die verskeidenheid van volkere, elk met sy partikuliere volksgestalte soos weerspieël in die lewensordening en -groepering van die volksgenote rondom hulle volkseie en volkstipiese, wat die begrip nasionaal baie sterk na vore gebring het, want nasionalisme moes juis die unieke volksheid wat die een volk van die ander onderskei, aandui. Met die opkoms van nasiestate en stelsels van formele onderwys het dit spoedig elkeen van hierdie instansies se taak geword om 'n gees van lojaliteit teenoor die volk of die nasie te bewerkstellig en om die nasionale te bewaar en uit te bou, want 'n staat sonder 'n eie nasionaliteit sal nie gedy nie en „'n opvoeding wat in sy wese nie nasionaal is nie, kan geen ware opvoeding wees nie.“<sup>1</sup> So het die beginsel van nasionalisme na vore getree as een van die kragtige wesensfaktore wat die aard van nasionale onderwysstelsels bepaal.<sup>2</sup>

Die betekenis en implikasies van die nasionale beginsel vir die onderwys kan gesoek word in 'n kort oorsig van kriteria vir die vorming van 'n nasie - in dít wat aan 'n volk sy besondere en partikuliere gestalte gee. So moet die nasionale beginsel rekening hou met die ge-

1. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 181. Vgl. ook J.P. van Rensburg, Nasionalisme en die Onderwys, p. 68.
2. Vgl. A.G. Coetzee, „Nasionalisme as wesensfaktor by die bepaling van onderwysstelsels,“ in Koers, Januarie/Februarie 1966, p. 316.

meenskaplike afkoms of bloedverwantskap wat aan 'n volk 'n tipiese biologiese struktuur gee, hoewel hierdie faktor nie oorbeklemtoon mag word nie, omdat gemeenskaplike bloed nog geen lewensrigsnoer is nie en derhalwe nie tot 'n beginselbepalende faktor vir die karakter van 'n volk verhef mag word nie.<sup>1</sup>

Die nasionale beginsel moet ook 'n waardering vir die eie vaderland en 'n liefde daarvoor ten doel hê, maar alhoewel 'n gemeenskaplike lewensruimte onontbeerlik vir die samesyn van 'n volk is, kan dit nog nie die geestelike grondslag vir 'n volk verskaf nie en het ook hierdie faktor sy beperkinge.<sup>2</sup>

Belangriker as bloed en bodem is 'n gemeenskaplike taal wat deur alle lede van die groep aanvaar word as „the natural medium of social intercourse and as an outward symbol of their nationality.”<sup>3</sup> Omdat die gemeenskaplike taal 'n baie hegte volkseenheid kan bewerkstellig, omdat dit een van die uitgange van die hart is en die ganse volkslewe - die geloof, die reg, die handel, ja die ganse volkse kultuurbesit - homself daarin uitdruk, vereis die nasionale beginsel van die onderwys nie net respek en liefde vir die eie taal nie, maar ook onderrig van en deur die moedertaal. Die gemeenskaplike taal is egter geen sine qua non vir nasieskap nie (vergelyk meertalige nasies soos België en Switserland); daarom mag die nasionale beginsel ook nie die eie taal tot 'n absolute beginsel ver-

1. Vgl. A.C. Coetsee, „Nasionalisme as wesenfaktor by die bepaling van onderwysstelsels,” in Koers, Januarie/Februarie 1966, p. 317; Linder, op. cit., p. 108; en N. Diederichs, Nasionalisme as Lewensbeskouing, pp. 29-31.

2. Ibid., pp. 27-31; en Gunter, op. cit., p. 392.

3. Hans, op. cit., p. 11.

hef nie.<sup>1</sup>

Ander samebindingsfaktore wat van baie groot belang vir nasievorming is en derhalwe ingrypende implikasies vir die nasionale beginsel inhou, is byvoorbeeld die gemeenskaplike ontwikkeling en kultuur asook die gemeenskaplike politiese oortuigings en strewe van 'n volk. Die strewe na 'n gemeenskaplike staatkundige ideaal ('n eie soewereine staat) word deur Chris Coetzee as van beslissende belang beskou.<sup>2</sup> Die belangrikheid van die staatsverband en die begeerte om dit in stand te hou word onder andere ook in Smitskamp se samevattende beskrywing van 'n nasie genoem: „Een natie dan is een groep van personen, georganiseerd in een eigen staatsverband of zo'n verband begerend, die zich op de grondslag van een gezamenlijk doorleefd verleden en doorgaans ook van een zekere homogeniteit van taal, cultuur en afstamming, als een eenheid voelt en deze eenheid in stand wil houden.“<sup>3</sup> Maar hoe belangrik die politiek in die lewe van 'n nasie ook al is, waarsku Diederichs tereg teen die gevaar om die staat of staatkundige beginsels tot grondslag van die nasie te maak, want dit kan lei tot verabsoluttering van òf die reg òf die mag van die staat.<sup>4</sup>

Wanneer Gunter op sy beurt die geestelike struktuur vir 'n volk beklemtoon, soek hy die geestelike grondslag van 'n volk in 'n gemeenskaplike tradisie of geskiedenis en in die bewussyn van 'n gemeenskaplike roeping. In die eie roeping vind hy die hoogste motief vir ware

1. H.J. Strauss, Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 11.

2. J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 180.

3. H. Smitskamp en ander, Christendom en Nationalisme, p. 13.

4. Diederichs, op. cit., pp. 32-35.

nasionalisme.<sup>1</sup> Tradisie as karakterbepalende faktor is 'n omvattende begrip, want die tradisie van 'n volk is eintlik die totaalgegewe van sy ontwikkelingsgeskiedenis en omvat sy hele lewe. Elke volk beskik oor 'n histories-geworde godsdienstige lewenstyl, 'n histories-geworde politieke en staatkundige lewe, 'n histories-geworde taal, -kultuur en onderwyslewe en so meer. Die karakter van die volk, sê Strauss, word as't ware geyk in die gang van sy ontwikkelingsgeskiedenis en daarin vorm sy tradisie in der waarheid 'n aanwassende en verstewigende onderbou vir sy voortgaande lewensontwikkeling.<sup>2</sup>

Ware nasieskap is 'n geestelike besit en moet verwerf word: „Werklik lid van 'n nasie is alleen hy wat die waardes van die nasie in liefde aanvaar en hom vereenselwig met die besef van verpligting tot verwesenliking van daardie waardes en tot vervulling van die geskiedkundige roeping soos gevoel deur die nasie.“<sup>3</sup> In sy opsomming van nasionalisme wys A.G. Coetsee daarop dat dit nie net met die verlede moet rekening hou nie, nie net op tradisie moet berus nie, nie slegs volkstrou is nie, maar ook deur die volle besef van verantwoordelikheid en roeping teenoor die toekomstaak getemper en gerig moet wees.<sup>4</sup> Tereg wys hy daarop dat nasionalisme ook in 'n gevaarlike rigting soos chauvinisme kan ontwikkel.

Die plek en waarde wat 'n volk in sy nasionalisme aan elkeen van die genoemde karakterbepalende faktore toeken asook die waarde wat hy aan nasionalisme heg en die

1. Gunter, op. cit., p. 392.

2. H.J. Strauss, Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 13.

3. Diederichs, op. cit., pp. 41-42.

4. A.G. Coetsee, „Nasionalisme as wesensfaktor by die bepaling van onderwysstelsels“ in Koers, Januarie/Februarie 1966, p. 318.

rol wat dit in sy alledaagse lewe speel, word deur die lewensgrondslag van die volk bepaal. Nasionalisme „is immers geen verschijsel, dat los staat van de omstandigheden waarin het optreedt. Integendeel, het is innig verbonden met godsdienstige en wijsgerige overtuigingen en hangt nauw samen met politieke, sociale en economische verhoudingen. Veranderen deze, dan heeft dat onmiddellijk invloed op de inhoud en de intensiteit van het nationalisme.“<sup>1</sup> Soos die enkeling uit sy sin vir waardes lewe, so het ook elke volk sy besondere rangorde van waardes. En juis hierdie voorrang vir bepaalde waardes het tot gevolg bepaalde nasionalismes.<sup>2</sup>

Dit is nie hier ter sake om al die verskillende nasionalismes te noem en te bespreek nie. In die volgende afdelings sal daar slegs op die implikasies van die reeds aangeduide Angel-Saksiese en Calvinistiese denke op die nasionale beginsel ingegaan word.

In die strewe om sy kinders tot gelukkige, getroue en volwaardige burgers op te voed, kies elke nasie die mees waardevolle elemente uit die volkstradisie en die nasionale karakter en probeer om dit op die kinders oor te dra. Van Rensburg wys daarop dat die nasionale beginsel by alle volke as 'n toonaangewende reël in die opvoedingsdoel, die leerplanne, die onderwysprosedures, buitemuurse skoolbedrywigheede, die beheer en organisasie van die nasionale opvoedingstelsel asook by die opleiding en aanstelling van onderwysers geld.<sup>3</sup> Elke volk en nasie wil derhalwe dat die skool die nasionale wêreld- en le-

1. H. Smitskamp en ander, Christendom en Nationalisme, p. 111.

2. Vgl. Van Rensburg, op. cit., pp. 46-50.

3. Ibid., p. 140.

wensbeskouing, die nasionale kultuur en die nasionale lewenswyse as sy grondslag en sy inhoud sal openbaar, dit wil sê „daar word verwag dat die skool by wyse van sy leergang en metode 'n egte, onvervalste en blywende nasionalisme op die kinders van die nasie sal oordra anders beantwoord die opvoedende onderwys nie aan sy doel nie en is dit ontou aan die nasionale roeping.”<sup>1</sup> Die nasionalistiese in die opvoeding lê derhalwe opgesluit in die sosiale en ekonomiese, die estetiese en kulturele, die sedelike, godsdienstige en ander doelstellings wat nagestrewes word. Nasionale opvoeding en onderwys kan gevolglik met reg onderskei tussen 'n nasionalisme wat òf in die Calvinisme òf in die Engel-Saksiese denke veranker en gewortel is.

(b) Calvinisme en die nasionale beginsel

Oor die aard van die Calvinisme se nasionalisme kan daar baie gesê word. Daar is byvoorbeeld die gedagte, veral in aansluiting met die gebeure op die Pinksterdag, dat die Christendom en derhalwe ook die Calvinisme, supernasionaal is, dat sy betekenis en weldade universeel is en onafhanklik van die mensdom in nasies en tale sal standhou tot by die Voleinding.<sup>2</sup> Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing wat met sy lewenshouding, -praktyk en -wandel totalitêr Christelik is, beklemtoon dit egter sterk dat elke gelowige en elke gelowige samelewingskring voor God se aangesig staan en dat almal met God sal wandel volgens die geopenbaarde waarhede van God self ooreenkomstig

1. Van Rensburg, op. cit., p. 137.

2. G. Besselaar, „Internasionale Calvinisme” in Koers in die Krisis, dl. 1, p. 66.

God se verhouding tot alle dinge en ooreenkomstig die daarmee gestelde roeping aan die mens op alle lewensterreine. Hierdie volle, persoonlike verhouding waarin die gelowige enkeling en samelewingskring tot God as Persoon staan, laat gevolglik die Calvinisme in elke volk 'n besondere nasionale vorm aanneem.<sup>1</sup> Die Calvinisme, sê Besselaar, „is internasionaal; dit sluit sig aan by die nasionale verskille van aanleg en temperament, van geskiedenis en van volksprobleme; dit ontwikkel sig sodoende in verskillende nasionale tipes van Calvinisme.“<sup>2</sup> In hierdie differensiasie wat voorsiening maak vir byvoorbeeld 'n Nederlandse, 'n Engelse en 'n Afrikaanse Calvinisme, vind die Calvinisme van 'n betrokke volk 'n sterk motivering om ook volksgebonde in sy lewens- en wêreldbeskouing te wees.

Die Calvinis glo dat die verskeidenheid van volkere en nasies en derhalwe ook die wese van elkeen se nasionalisme, uit God kom. Bevestiging hiervoor vind hy in Genesis 10 verse 31 en 32: „Dit is die seuns van Sem volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies. Dit is die geslagte van die seuns van Noag volgens hulle afstamming, in hulle nasies; en uit hulle het die nasies op die aarde hulle verdeel ná die vloed.“ Na die verskillende volkere word verwys as Godgewilde individualiteitstrukture<sup>3</sup>, elkeen met sy eie terrein waarop die beginsel van soewereiniteit in eie kring van toepassing is en wat aan 'n volk die reg verleen om eise te mag stel ten opsigte van die nasionale beginsel in die onderwys.

1. H.G. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. 1, pp. 79-80.

2. Besselaar, op. cit., p. 71.

3. Vgl. Spier, op. cit., p. 176.

Die Calvinis vind in die verskeidenheidsbeginsel sy prinsipiële fundering vir die eie identiteit van die verskillende volkere, elk met sy eie taal, eie kultuur, eie skool, eie ekonomiese ontwikkeling en so meer. Daarom is dit vir Calviniste moontlik om, wanneer hulle deur universele Christelike beginsels met ander gelowiges oor die hele wêreld tot 'n eenheid in God die Skepper en Heerser oor die ganse heelal vervleg word, dwars-oor die grense van volkere en nasies te sny sonder om die grense self op te hef. Internasionalisme en massagelykheid wat die grense tussen volkere en nasies wil ophef, bots in der waarheid met die Calvinisme. Stoker wys daarop dat dit juis die verskeidenheidsbeginsel is wat die Afrikaner so sterk bewus gemaak het van sy eie identiteit as volk en sê: „Maar hierdie identiteitsbewussyn stel sy identiteit voor Gods aangesig as 'n van God gewilde identiteit; met ander woorde, sy identiteitsbewussyn word gedra en verdiep deur sy roepingsbesef. Hy glo dat God hom hier as volk geplant het, sy besondere aard en sy eie identiteit as 'n bestemming geskenk het om aan die suidelike deel van ons Afrikaanse kontinent, ja, selfs vir die hele kontinent 'n besondere roeping te vervul, 'n bepaalde taak te verwesenlik, wat God hom opgelê het.”<sup>1</sup>

In sy nasionalisme gee die Calvinis aan roeping 'n prominente plek, maar dan roeping as komende van die Here self. Trouens, God gee aan elke volk sy taak en almal staan in Sy diens. Dat ook die Calvinistiese Afrikaner nog altyd sy roeping as 'n Christelike roeping gesien het, getuig die stryd wat hy in die verlede op die ver-

1. G.H. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. 1, p. 326.



skillende lewensterreine om die behoud van fundamentele lewensbeginsels gevoer het. Omdat die Calvinis sy vryheid in hierdie goddelike roeping wortel, is die Afrikaner se vryheidsin ook in God veranker. Vir hom is sy vryheid deur God gewil, en wel om hom in staat te stel om sy roeping te vervul. Daarom is daar aan hierdie vryheidsin 'n sterk verantwoordelikhedsin teenoor die Gewer daarvan verbonde.<sup>1</sup> Uit hierdie vryheidsin het byvoorbeeld Geus, Hugenoot en Afrikaner se moed en heldedade terwille van die volle waarheid van die Woord van God gespruit. Wanneer J.J. Fourie oor die Christelik-nasionale in die onderwys skrywe, verwys hy onder andere na hierdie beginsels en sê: „Hiervolgens moet ons kinders dan ook opgevoed word indien ons stelsel in die ware sin van die woord Christelik en daarom ook Christelik-Nasionaal moet wees: vir 'n sin en waardering vir ons eie Christelike volksroeping, na ons eie godgegewe volksaard.“<sup>2</sup>

So sou daar voortgegaan kon word om aan te toon hoedat die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing die Christelike waarheid as van totalitêre betekenis vir die ganse skepping ag. Die Christelike waarheid vorm die grondslag van die radikale verskeidenheid van die ganse skepping, van die eenheid en universele samehang, van die radikale en universele onderworpenheid aan die wil en wetsorde van God vir elke individu en lewensterrein se handeling, verantwoordelikheid en geroepenheid. Dit moet duidelik gestel word dat hier nie net van 'n Christelike godsdiens (godsdiens in enger sin) sprake is nie, maar van 'n Christelike religie wat alle lewensuitgange, alle le-

1. H.G. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. 1, p. 327.  
 2. J.J. Fourie, „C.N.O.-Beleid het Koers verloor“ in Roeping, Junie 1965, p. 3.

wensvorme en alle kultuurbesit betrek. Die mens moet God ook dien as hy byvoorbeeld die wêreld beheers, onderwys gee, kultuur skep en as enkeling en in samelewingskringe al die moontlikhede van die skepping aktualiseer. Met sy christianisering van die hele lewe beoog die Calvinisme in religieuse sin die vorming (formatories en reformatories) van byvoorbeeld 'n Christelike gesin, volk, staat en kerk; Christelike kuns, wetenskap, reg en sedelike lewe; Christelike opvoeding en Christelike verenigings, skole en universiteite.<sup>1</sup> Genoeg om aan te toon dat daar by die Afrikaner-Calvinis slegs van 'n Christelik-nasionale Afrikaner en 'n Christelik-nasionale beginsel sprake kan wees, omdat sy Protestants-Christelike religie die karakter van sy nasionalisme sal bepaal: 'n nasionalisme wat in die Christelike gefundeer is en altyd deur die Christelike gekwalifiseer moet wees.

Duidelikheidshalwe moet dit gestel word dat Christelik-nasionalisme 'n lewens- en wêreldbeskouing is wat aan enige Christelike nasie of volk eie kan wees en kan behoort. Dit is nie uitsluitlik net die eiendom van die Afrikaner nie.<sup>2</sup>

Dat die Christelik-nasionale beginsels vandag nog steeds 'n riggsnoer vir die Afrikaner is, getuig die volgende aanhalings uit redaksionele artikels van HAND-HAAF en DIE KERKBODE: „Ons aanvaar die Christelik-nasionale lewensbeginsels van ons volkslewe, om dit te handhaaf, uit te bou en toe te pas in 'n eie, selfstandige Republi-

1. Vgl. H.J. Strauss, Christelik-nasionaal en C.N.O., pp. 12, 15-18; en H.G. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. 1, pp. 65-66.

2. J. Leon le R. Cilliers, „Christelik-Nasionale Opvoeding” in Handhaaf, Augustus 1968, p. 15.

keinse staatslewe;"<sup>1</sup> en „met die C.N.O.-beginsels was nog altyd en word nog steeds beoog om die Afrikaner se Christelike godsdiens, nasionaliteit, taal en kultuur tot hul reg te laat kom waar dit die Afrikaanse kind en jongmens geld."<sup>2</sup>

Die implikasies van die Christelik-nasionale beginsel is vir die onderwys verreikend, omdat dit nie bereid is om te volstaan met 'n omskrywing dat nasionale opvoeding daardie opvoeding is wat in en deur die moedertaal en die eie volkskultuur - die hele geestelike erfenis van die volk - geskied, wat by die kind 'n liefde vir die eie land en volk kweek sodat hy tot 'n goeie burger sal opgroei wat in staat is om 'n eie bydrae tot die volkskultuur, die volkskarakter en die vervulling van die volksroeping te maak nie<sup>3</sup>, maar eis dat die Protestants-Christelike dryfkrag agter alles aangdui sal word. Die nasionale kom wel in alle Christelik-nasionale onderwys tot sy reg, maar sonder dat die eie volksaard en -geskiedenis tot die Christelike lewensgids verhef word. Soos Strauss dit stel, vernietig „Christelik-nasionale onderwys ..... dus hoegenaamd nie die volkstipiese karaktereenskappe van 'n volk nie, maar plaas dit allesomvattend onder Christelike beginselleiding en suiwer dit van alles wat die toets van die wet van God nie kan deurstaan nie!

- 
1. Handhaaf, „Penwortels van die Boerevolk“, Junie 1968, p. 1.
  2. Die Kerkbode, „Verwarrende Geluide oor C.N.O.“, 10 Julie 1968, p. 37.
  3. Vgl. Gunter, op cit., pp. 392; en Van Rensburg, op cit., pp. 53-54, vir algemene omskrywings van nasionale opvoeding. Die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, Christelik-Nasionaal Onderwysbeleid, pp. 8-9 beskrywe op sy beurt die besondere betekenis van die Christelik-nasionale beginsels vir die onderwys en opvoeding.

In hierdie sin kom die nasionale of volkseie dus wel deeglik tot sy reg in Christelik-nasionale onderwys."<sup>1</sup> Dat nasionalisme naas Christelikheid kan bly, sê Linder, „is natuurlik heeltemal moontlik, maar dan moet ons duidelik weet watter soort nasionalisme dit is, en tegelykertyd moet ons ons daarvan verseker dat die Christelikheid wat daarnaas gehuldig en geroem word, die ware Christelikheid is en dit sal bly, en nie 'n afgewaterde Christelikheid word waarvan die fundamentele beginsels prysgegee is nie."<sup>2</sup> Die allesomvattende eis is derhalwe dat die nasionalisme Christelik moet wees, en dat die Christelike nooit deur die nasionale gekwalifiseer kan word deur die orde om te draai tot „nasionaal-Christelik" soos die begrip in 'n gedeelte van ons jongste opvoedkunde-literatuur verwater word nie.<sup>3</sup> Vanselfsprekend weer hierdie beskouing van die Christelik-nasionale ook die gevaar van chauvinistiese verabsoluttering van die nasionale ideale af.

Dit lê nie hier op ons weg om volledig op die implikasies van die Christelik-nasionale beginsel vir die onderwys in die praktyk van die leergange, leerplaninhoud, onderwysmetodes, buitemuurse aktiwiteite en so meer in te gaan nie. Wat hier oor die Christelik-nasionale beginsel gesê is, het reeds op die totalitêre omvang van die Christelike waarheid gewys. Dit spreek vanself dat volgens die gereformeerde beginsel die ganse onderwys in al sy geleidingsdinge Christelik moet wees, want „Onderwijs, dat kinderen

- 
1. H.J. Strauss, Christelik-nasionaal en C.N.O., p. 20.
  2. Linder, op. cit., pp. 76-77.
  3. Vgl. C.F.G. Gunter, Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, p. 175 vir die gebruik van „nasionaal-Christelik".

en jonge mense met het gedoceede vak niet voortdurend weet te plaatsen in de situasie van de relatie tussen hen en hun kennis enerzijds, en God en Zijn openbaring in Zijn Woord anderzijds, is geen christelik onderwys."<sup>1</sup> Daarom soek die Calvinis nie net die leer van die Bybelse geskiedenis en godsdiensonderwys in die Christelike opvoeding nie, maar eis hy dat alles wat in die skool geleer of gedoen word, uit God en tot Sy eer moet geskied. Die kind moet goed leer dink omdat hy só alleen sy Skepper kan dien; hy moet kultuurmens wees en die wetenskap beoefen omdat hy só die eer van God kan soek. Tereg sê Bavinck: „Opvoeding behoort niet tot de ‚neutrale zône‘, indien deze overigens ook mocht bestaan, maar zij hangt ten nauwste met heel onze wereld- en levensbeschouwing saam”<sup>2</sup>, en J. Leon le R. Cilliers wys daarop dat Calvinisties-Afrikaanse ouers eis dat die „skool, waarin sy kind moet skoolgaan, sonder skaamte OPENLIK die gees van Calvinisme en Suid-Afrikaanse Republikaanse sal uitleef - met dien verstande dat die Republikaanse nooit verabsoluteer sal word nie en steeds in die lig van en ondergeskik aan God sal staan.”<sup>3</sup> Want die Christelike opvoeding is allesinsluitend. Christelike opvoeding wil dat die mens 'n geskikte instrument moet wees om God te dien, God se werk te doen en God se kind te wees op die plek waar Hy hom gestel het.<sup>4</sup>

- 
1. J. Waterink, Grondslagen der Didactiek, p. 117.
  2. H. Bavinck, Paedagogische Beginselen, p. 16.
  3. J. Leon le R. Cilliers, „Christelik-Nasionale Opvoeding” in Handhaaf, Augustus 1968, p. 16.
  4. Vgl. J. Waterink, Inleiding tot de Theoretiese Paedagogiek, dl. 2: De Geschiedenis der Paedagogiek, derde stuk, pp. 557, 560-562; en Van der Schijf, op. cit., pp. 29-30.

(c) Humanisme en die nasionale beginsel

In teenstelling met die nasionale beginsel wat in die Christelike gefundeer is, staan die nasionale beginsel waarby 'n humanistiese individualisme die bepalende dryfkrag is soos dit onder meer sy beslag in die Angel-Saksiese denke gekry het. Van wesenlike belang vir hierdie nasionalisme is die selfstandigheid, die soewereiniteit en die belange van die individu. Oor die ontstaan van hierdie soort nasionalisme skrywe Kohn dat „..... the community itself, the sum of the individuals who composed it, depended for its character and fortunes upon the individual and his quality.”<sup>1</sup> Dit vra derhalwe nie in die eerste plek erkenning dat die volk of die nasie met sy erfenis en roeping vanuit God verklaar moet word nie, maar stel die lotsbestemming van die volk of die nasie<sup>2</sup> primêr afhanklik van die regte en belange van die individu.<sup>3</sup>

Van besondere betekenis in die humanistiese denke is ook die sterk klemplasing op die menslike vryheid. Die humanis beskou die vryheid as 'n absolute reg waarop elke individu aanspraak het en hy eis van die nasionale beginsel die beskerming hiervan op die nasionale terreine van die volkslewe. Niks wat op nasionale vlak gereël en georganiseer word, mag hierdie fundamentele reg van die menslike individu aftakel nie. In sy optrede wil die humanis vry wees van enige ideologiese grondslag wat nie vanuit sy redelikheid en sedelikheid ontspring nie. Van

---

1. H. Kohn, The Idea of Nationalism, p. 263.

2. Sy „character and fortunes” volgens die gesiteerde bron.

3. Vgl. ibid.

'n Christelike religie wat die verheerliking van God ten doel het en waarvolgens hy op al die lewensterreine moet handel en wandel, wil die konsekwente humanis niks weet nie. Trouens, al die lewensterreine soos die kuns, die wetenskap, onderwys, ekonomie en so meer beskou hy as sogenaamd neutraal. Geen nasionale onderwysstelsel mag dan ook iets anders as neutrale onderwys aanbied nie, want dit sou op die individu se vryheid om 'n eie standpunt daarop na te hou, inbreuk maak. So konsekwent pas die Amerikaner byvoorbeeld sy grondwetlike reg tot godsdienstvryheid toe dat nie alleen die Onse Vader uit sy skole verban is nie, maar dat die Amerikaanse leer ook onlangs aan sy kapelane opdrag gegee het om geen verwysings na God en godsdienstige filosofie te maak wat bedoel is om morele verantwoordelikheid by soldate aan te moedig nie.<sup>1</sup>

Met reg kan hier na 'n humanistiese religie verwys word wat aan die mens 'n humanistiese godsdienst (ongeloof), 'n humanistiese kuns, 'n humanistiese ekonomie, 'n humanistiese sosiale omgang, 'n humanistiese taalgebruik, 'n humanistiese beheersing en natuurlik ook 'n humanistiese denke en wetenskap gee. Kontrasterend teenoor die Christelik-nasionale beginsel wat God-gerig is, staan hier 'n humanistiese nasionale beginsel wat mensgerig is. Waarop so 'n nasionale beginsel die klem gaan lê, sal bloot afhang van dit wat op daardie stadium vanuit die volk na vore kom.

Maar daar is veral 'n ander beginsel wat in hierdie soort nasionalisme van besondere betekenis is, naamlik dié wat gelyke vryhede vir alle individue opeis.

1. Die Kerkbode, „Godsdienst sonder God?“, 16 April 1969, p. 566.

Hiervolgens sal die nasionale beginsel die stemreg van elke burger moet verseker, hom as die gesagsbron van die burgerstaat erken en die idee van volksoewereiniteit uitdra. Die toepassing van hierdie vryheidsbeginsel ken egter geen perke nie. Dit kan byvoorbeeld massagelykheid van alle volksgroepe in een land beteken, maar konsekwent toegepas, ook die grense tussen die verskillende volkere en nasies afbreek terwille van die gelykheid waarop almal, ongeag ras of kultuur, geregtig is. Die Godgegewe verskeidenheid en eie identiteit van volkere en nasies word sodoende opgehef.

Tipies van hierdie nasionalisme is dat dit die idee van inter-afhanklikheid van volkere en nasies ten koste van die ideaal van nasionale afsonderlikheid oorbeklemtoon en op internasionalsisme uitloop. As ideaal word gestel die organisasie van die individuele vryheid van die mens op 'n supra-nasionale grondslag. Kandel verwys hierna wanneer hy sê: „There must then be taken into consideration another force which has been growing since World War I - the realization of a certain interdependence of the nations of the world and the need for international understanding and cooperation. This force may have its effects upon education in different ways - .....”<sup>1</sup> Hierdie streef na internasionalsisme vind vandag sy grootste uitdrukking in UNESCO waarvan die doel en funksie soos volg gestel word: „The purpose of the Organization is to contribute to peace and security by promoting collaboration among the nations through education, science and culture in order to further universal respect for justice, for the rule of law and for the human rights and fundamental free-

1. I.L. Kandel, The new era in Education, p. 62.



doms which are affirmed for the people of the world, without distinction of race, sex, language or religion by the Charter of the United Nations. . . . . To realize this purpose the Organisation will: collaborate in the work of advancing the mutual knowledge and understanding of peoples, through all means of mass communication and to that end recommend such international agreements as may be necessary to promote the free flow of ideas by word and image."<sup>1</sup>

Alles dui daarop dat wanneer nasionalisme sy fundering in 'n humanistiese indiwidualisme vind, daar nouliks geleentheid vir die Christelike en die nasionale is om tot sy volle reg te kom. Trouens, hierdie soort nasionalisme strewe 'n tipiese kleurloosheid en sogenaamde neutraliteit na wat geheel en al vreemd is aan die Christelik-nasionale beskouing van die Calvinistiese Afrikanerdom en stuur derhalwe op 'n onvermydelike botsing met betrekking tot die ideale van Christelik-nasionale onderwys af.

(d) Die beginsel van moedertaalonderwys

Ware nasionalisme vind, naas sy Christelike fundering, sy diepste en suiwerste uitdrukking in die moedertaal van 'n nasionale gemeenskap. Die moedertaal is die draer van alles wat aan 'n kultuurgemeenskap eie is: sy lewens- en wêreldbeskouing, sy nasionale aspirasies, sy kultuur en tradisie. Dit is die medium waardeur 'n kultuurgemeenskap sy godsdienst, sy opvoeding en onderwys, sy

1. UNESCO-grondwet, Purposes and Functions, art. 1, soos aangehaal deur Kandel, The new era in Education, pp. 62-63.

wetenskap beoefen. So verwys Nelson Brooks na die taal as „the most typical, the most representative, and the most central element in any culture.”<sup>1</sup> Die moedertaal omsluit in der waarheid die ganse volkslewe en -kultuur en is derhalwe onafskeidbaar aan die nasionale beginsel verbonde.

As dit aanvaar word dat taal een van die wonderlikste gawes van God is,<sup>2</sup> dat dit beskrywe kan word as daardie „instrument waardeur die mens sy teerste gevoelens, sy verhewenste gedagtes, die skoonste vlugte van sy verbeelding en die subtielste onderskeidings in sy denke kan weergee”<sup>3</sup>, dan slaan dit in 'n heel besondere sin op die moedertaal; want in wese is die moedertaal niks anders nie as een van die uitgange van die hart. Dit is die verklanking van die hele sielsinhoud van die mens wat deur West beskrywe word as sy „medium of thought and emotions,”<sup>4</sup> en die geestesgereedskap waardeur hy uitdrukking vind vir „those dear and intimate things which are the very breath and substance of ..... national feeling”<sup>5</sup> en van sy hele menswees.

Die moedertaal is meer as 'n taal; dit is deel van die mens se persoonlikheid. In die moedertaal vind die geestesontwikkeling van die kind plaas en word sy gedagte-, gevoels- en emosionele lewe vasgelê. Ook geskied die vorming van denksisteme en die inkleding van begrippe in die moedertaal. Helderheid van denke en noukeurige begripsvorming is afhanklik van 'n gevestigde geestesontwik-

1. N. Brooks, Language and Language learning, p. 82.

2. E.A. Venter, Moedertaalonderrig, p. 19.

3. M.A. Basson, Die Onderrig van Afrikaans, Inleiding.

4. M. West, Bilingualism, p. 13.

5. Ibid., p. 66.

keling in die moedertaal.<sup>1</sup> Daarom word dit vandag op grond van talle uitsprake op opvoedkundige gronde as 'n fundamentele opvoedkundige beginsel aanvaar dat 'n kind slegs tot sy volledigste ontwikkeling kan kom indien hy sy onderrig deur medium van sy moedertaal ontvang.<sup>2</sup>

Hierdie beginsel word ook deur 'n belangrike UNESCO-verslag bevestig: „On educational grounds we recommend that the use of the mother tongue be extended to as late a stage in education as possible.”<sup>3</sup>

Die moedertaal is egter nie net vir die ontwikkeling van die individu nie, maar ook vir 'n volk van groot belang. Daarin weerspieël 'n volk sy gedagtes, sy gevoelens, sy hoop en sy strewe.<sup>4</sup> Trouens, die taal van die volk groei saam met die gees van die volk. Daarsonder kan 'n volk ook nie sy verlede en sy kultuur op die huidige geslag oordra nie. Die moedertaal is derhalwe „more important in the building up of national character than any other factor.”<sup>5</sup> Vir die behoud van 'n volk se identi-

1. Vgl. P.G. Schoeman, Die benadering van die voorgeskrewe boek en die bloemlesing vir Engels as tweede taal in die nuwe bedeling van die middelskool in die O.V.S., pp. 7-8; B.L. Whorf, Language, Thought, and Reality, p. 252; S.P.E. Boshoff, Taalonderwys (Radio-Universiteit), pp. 23, 26; C.H. Schmidt, The Language Medium Question, pp. 17-23; en O. Jespersen, Language, its Nature, Development and Origin, p. 141.
2. Vgl. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, pp. 68-69; Natal, Report of the Provincial Education Committee, 1946, p. 27; Rep. van S.-A., Verslag van die Gekose Komitee oor die onderwerp van die wetsontwerp op die Nasionale Onderwysadviesraad (G.K. 5-1962), p. 161; Schmidt, op. cit., pp. 31-79, 97; en A.J. Aucamp, Bilingual Education and Nationalism with special Reference to South Africa, p. 182.
3. UNESCO-verslag, The use of vernacular languages in education, pp. 47-48.
4. Vgl. J.A. Meijers, Taal en Leven, p. 254; en O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, pp. 68-69.
5. Hans, op. cit., p. 40.

teit en die uitbouing van sy nasionale aspirasie is moedertaalopvoeding en -onderwys gevolglik 'n vereiste en slegs in en deur die moedertaal kan die Christelike beskouing van 'n volk die jeug se hart bereik.<sup>1</sup> Vir hierdie soort onderwys is die enkelmediumskool verkieslik bo enige ander tipe skool, want dan kry die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing in die Afrikaanse moedertaalskool en die Engelse s'n in die Engelse moedertaalskool geleentheid vir volle ontplooiing.

Naas die Christelike en nasionale beginsels moet 'n nasionale onderwysbeleid derhalwe ook die moedertaalbeginsel insluit want daarsonder kan geen eie nasionale onderwysstelsel tot stand kom nie.

#### 6. SINTESE TEN OPSIGTE VAN 'n AGTERGRONDPROBLEMATIEK

Die filosofiese onderbou ten opsigte van die fundamentele onderwysbeginsels wat vir die doel van hierdie studie gekies is, naamlik die beginsel van moedertaalonderwys, die nasionale en Christelike beginsels en die beginsel van medesegenskap in die onderwysbeheer, stel ongetwyfeld besondere eise aan 'n nasionale onderwysbeleid vir 'n eie Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, omdat die Suid-Afrikaanse onderwys 'n agtergrondproblematiek het wat uit die twee wortels spruit wat reeds van vroeg af in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding bestaan het: die tradisionele uit 'n Calvinistiese stam wat die eerste honderd en vyftig jaar die volksplanting gevorm het, en die tweede uit 'n Angel-Saksiese stam wat veral na die tweede Britse verowe-

1. Wanneer Langeveld na karaktervorming verwys, beklemtoon hy dat die moedertaal by uitstek opvoedend genoem kan word, „jazelfs fundamenteel is voor alle opvoeding." (M.J. Langeveld, Taal en Denken, p. 127.)

ring van die Kaap in 1806 stewig op Suid-Afrikaanse bodem gevestig het en derhalwe die Engelse se lewensbeskouing, taal en kultuur op hierdie land oorgedra het.

Die twee uiteenlopende lewensbeskouings op Suid-Afrikaanse bodem sou in die Suid-Afrikaanse onderwysdenke as botsende ideologieë uitdrukking vind, want hoewel sowel die Calvinistiese as die Angel-Saksiese beskouinge aan beginsels soos moedertaalonderwys, die Christelike en nasionale asook medeseggenskap oor onderwysbeheer in 'n onderwysstelsel erkenning verleen, dui die voorafgaande besinning daarop dat dié twee denkrigtings oor die interpretasie van hierdie onderwysbeginsels fundamenteel verskil. In hierdie prinsipiële verskille sou daar aanvanklik 'n sterk bedreiging skuil vir die vreedsame naasbestaan van die twee kultuurmagte en hul ideale vir Suid-Afrikaanse onderwys. Trouens, die Afrikaanse en Engelse kultuurgemeenskappe sou 'n heftige stryd om die skool, as draer van hulle lewens- en wêreldbeskouing, taal en kultuur aanknoop.

In hierdie stryd om die skool sou die Afrikaanse volksdeel wat histories-ideologies uit die Calvinisme gegroei het, hom onvoorwaardelik deur die Calvinisme laat lei in die bepaling van sy opvoedingsideaal vir die skool. Die teenwoordigheid van Calvinisme in die harte van die veeboer-pioniers en Voortrekkers sou derhalwe van fundamentele betekenis wees vir die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse onderwysbeskouing. Calvinisme het immers die jong Afrikanervolk geïnspireer tot praktiese Christenskap en konsekwente Christenskap op elke lewensterrein, daarom ook op die gebied van die onderwys. Die Afrikaner sou gevolglik die stryd om die skool slegs om een ideaal voer,

naamlik Christelik-nasionale onderwys. As beskerming teen die heftige aanslae van die magtige Angel-Saksiese invloed wat slegs 'n breë Christelike beginsel onderskrywe en baie jare lank nasionale trou aan die Britse Imperiale Ryk as hoogste ideaal vir Suid-Afrika voorgehou het, sou die Afrikaner sy kind se opvoeding op die vaste fondament van die Calvinisme bou en 'n Afrikaner-nasionalisme met 'n Christelike visie en roeping en nasionale trou aan sy vaderland, Suid-Afrika, nastrewe.

Hierdie stryd om die skool wys op die grootste uitdaging in Suid-Afrikaanse onderwys heen : 'n nasionale onderwysbeleid vir gans Suid-Afrika waarin daar vir elkeen van die bevolkingsgroepe se lewens- en wêreldbeskouing, taal en kultuur volle erkenning en geleentheid vir ont-plooiing is. Die praktiese weg waarlangs so 'n eerbare vergelyk tussen die botsende magte gesoek moes word, kan alleen deur die historiese verloop van die stryd om die skool aangetoon word.

## H O O F S T U K    I I I

'n KRITIESE-HISTORIESE ORIËTERING TEN OPSIGTE VAN DIE  
STRYD OM DIE SKOOL VOOR UNIEWORDING1. T O E S P I T S I N G

Ten spyte daarvan dat lewens- en wêreldbeskouings in 'n groot mate die praktyk bepaal, kan die vorming van sodanige beskouings nie bloot as 'n willekeurige of teoretiese aangeleentheid beskou word nie, omdat lewens- en wêreldbeskouings ook self in bepaalde praktyke wortel.<sup>1</sup> So kan die verskillende denkbeelde wat as wortels in die kultuur-historiese milieu van die driehonderd jaar van blanke beskawing in Suid-Afrika ingeplant is, elk met 'n eie soort onderwyspraktyk hier ter plaatse geassosieer word. Die feit dat elkeen van hierdie magte byvoorbeeld 'n eie vorm van onderwysbeheer geskep en 'n eie inhoud aan beginsels soos die Christelike, die nasionale en moedertaal as onderligmedium gegee het, dui histories op 'n lang slypingsproses op baie harde stene voordat daar sprake kon wees van gemeenskaplike nasionale ideale toegespits op 'n nasionale onderwysbeleid vir 'n nasionale onderwysstelsel in Suid-Afrika.

Maar dis ook van belang om histories na te gaan in hoe 'n mate daar van 'n eie Afrikaner-opvoedingsfilosofie wat op Afrikaanse bodem ontstaan het, sprake kan wees. Begrip oor die bestaan en die omvang hiervan moet noodwen-

1. Vgl. P. Pistorius, Gister en Vandag in die Opvoeding, p. 5; en F.J. Potgieter, Skool- en Klasorganisasie as faset van die praktiese didaktiek, pp. 11-12.

dig 'n invloed op 'n nasionale onderwysbeleid hê.

'n Krities-historiese oriëntering ten opsigte van die stryd om die beheer van die skool sowel as van die toepassing van die Christelike, nasionale en moedertaalbeginsels sedert Jan van Riebeeck hier voet aan wal gesit het, moet dan die perspektief skep wat so nodig is vir die formulering van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika wat uit eie bodem moet groei en ontwikkel en derhalwe vir die hele volk aanvaarbaar sal wees.

## 2. GEREFORMEERDE STAATSKOLE ONDER STAATSBEHEER EN KERKLIKE TOESIG GEDURENDE DIE EERSTE 150 JAAR

Die georganiseerde onderwys in Suid-Afrika het sy oorsprong in 'n gereformeerde staatskool gehad, 'n tipe onderwysbeheer wat die direkte uitvloeisel van die Kerkhervorming in die algemeen en die besluite van die Sinode van Dordrecht (1618-1619) in die besonder was; en omdat hierdie soort onderwysbeheer sy oorsprong in die moederland gehad het, sal 'n oorsig van hoe dit daar toegepas is, bydra tot 'n duideliker begrip daarvan.

### (a) Onderwysbeheer in die stamland

#### (i) Die stryd tussen kerk en staat om die skool.

Die gereformeerde staatskool van die 17de eeu was die antwoord van die Calviniste op die pogings van die Kerkhervormers om te breek met die idee van absolute gesag waarmee die Roomse Kerk alles en almal oorheers het: 'n gesag wat aan die Pous nie net die beslissende en finale seggenskap oor die godsdienslike terrein besorg het nie, maar ook deur die beginsel van 'n kerkstaat die burgerlike terrein aan hom onderwerp het. Volgens die Roomse standpunt was dit ook net die kerk wat die onderwys kon beheer en



is katedraal- en kloosterskole sedert die middeleeue gestig. Hierdie soort skole en onderwys was nie vir die Kerkhervormers aanvaarbaar nie. Hulle wou dat elke individu onderrig moes ontvang wat hom minstens in staat sou stel om die Bybel te lees, persoonlike verantwoordelikheid vir sy ewige heil te aanvaar en volle lidmaat van die Kerk te word, maar die verantwoordelikheid van die ouer vir die opvoeding van sy kinders soos in die doopbelofte vervat, is sterk beklemtoon. Ook was die Hervorming verantwoordelik vir 'n beweging ten gunste van volksonderwys in die moedertaal en die aanmoediging van burgerlike owerhede om skole te stig. 'n Nuwe verhouding tussen kerk en staat het ontstaan waarin die selfstandigheid van die staat met 'n eie besondere taak beklemtoon is.<sup>1</sup>

Die erkenning van die selfstandigheid van die staat naas die kerk het die vraag laat ontstaan hoe die onderwys beheer moes word. Om vrae van hierdie aard te kon beantwoord, was dit vir die Hervormers soos Luther, Calvyn en Swingli van fundamentele belang om eers die verhouding tussen kerk en staat vanuit reformatoriese beginsels te bepaal. In Nederland waar die invloed van die Calvinisme oorheersend was, is daar byvoorbeeld van die staat verwag om, net soos die kerk, die goddelike ordinansies te erken, in die diens van God te staan en sodoende 'n gere-

1. Vgl. L.H. Badenhorst, Die aandeel van die Kerk in die opvoeding spesiaal in die Kaapprovinsie, pp. 1, 7-9, 12-16; A. Kuyper, Antirevolutionaire Staatkunde, dl. I, pp. 432-437; J.A. du Plessis, "Kerk en Staat" in Koers in die Krisis, dl. I, p. 114; J. Chr. Coetzee, Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, pp. 185-189, 191-193; M. du Toit Potgieter, Die N.G. Kerk en die Onderwys van blankes in Kaapland sedert die eerste Sinode (1824), pp. 7-8, 10, 13; W. Boyd, The History of Western Education, pp. 187-189, 198-199; en F.P. Graves, A Student's History of Education, pp. 127-128, 144-148.

formeerde staat wat gereformeerde onderwys verskaf, te wees.<sup>1</sup> Tussen kerk en staat het daar gevolglik vanaf die Reformasie tot aan die einde van die 18de eeu 'n noue verband bestaan en het die Gereformeerde Kerk in Nederland 'n bevoorregte posisie beklee.

Aan die belangrikheid van die Christelike opvoeding in die huisgesin en die aandeel van die kerk en staat in die beheer van die onderwys, het verskeie nasionale sinodale vergaderings van die Gereformeerde Kerk in die Nederlande ernstige aandag geskenk. Die finale offisiële standpunt is tydens die Sinode van Dordrecht (1618-1619) geformuleer toe daar onder andere getrag is om die pligte van die gereformeerde staat en die Gereformeerde Kerk ten opsigte van die onderwys te omskrywe.<sup>2</sup>

(ii) Die gereformeerde staatskool onder staatsbeheer. Omdat dit nooit die bedoeling van die Gereformeerde Kerk was om onder normale omstandighede die beheer oor skoolonderwys vir homself toe te eien en skoolsake self te reël nie, is die gereformeerde staat vir die oprigting en onderhoud van skole asook vir die algemene beheer daarvoor verantwoordelik gehou. Die Kerk wou slegs oor die onderwysers en die gang van sake in die skool toesig hou.

1. Vgl. J. Waterink, Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, dl. 2: De Geschiedenis der Paedagogiek (Derde Stuk), pp. 636-646; E.L.J.Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, p. 3; E.E. van Rooyen, Die Nederlandse Geloofsbelijdenis, pp. 299-300; Badenhorst, op. cit., p. 10; en J.A. du Plessis, op. cit., p. 115.

2. Acta der Nationale Synodi van Dordrecht, 1618 en 1619, p. 41, "zoo moet deze drieërlei wijze van catechiseeren waargenomen worden. In de huizen van de ouders; in de scholen van de schoolmeesters; en in de kerken, van de predikanten, ouderlingen, en lezers, of ziekenbezoekers. En, opdat deze allen hun ambt naarstiglijk mogen doen, zullen de Christelijke Magistraten verzocht worden een zoo heilig en noodig werk door hunne autoriteit te bevorderen; .....

Daarom vind ons dat die skool wat die Dordtse Sinode (1618) omskrywe, 'n gereformeerde staatskool is. Op die Nederlandse state het die verantwoordelikheid gerus om die skoolwese van hul bepaalde gebiede in besonderhede te reël, terwyl die stedelike owerhede oor die skole toesig gehad het en onderwysers of ander persone as visitators van die skole kon aanstel. Dit was die taak van die plaaslike en provinsiale besture om vir die onderwys te sorg.<sup>1</sup> Die Acta van die Dordtse Sinode lui dat „Scholen, in welke de jonge jeugd in de godzaligheid en fundamenten der Christelijke leer behoorlijk onderwezen wordt, zal men niet alleenlijk in de steden, maar ook in alle dorpen oprichten, ..... en de Christelijke Magistraten zullen verzocht worden, dat sij de schoolmeesters met eerlijke bezoldigingen overal voorzien .....”<sup>2</sup> Dit was die staat wat nie net „alle Paapsche catechismussen, en alle andere boeken, die dwalingen en onreinigheden inhouden” uit de skole moes uitwerp nie, maar ook onderwysers wat die kerk se vermaninge veronagsaam het, met bekwamer persone moes

- 
1. Vgl. Badenhorst, op. cit., pp. 17-19; Venter, op. cit., pp. 1-4; E.G. Malherbe, Education in South Africa, pp. 22-24; en D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), p. 12.
  2. Acta der Nasionale Synodi van Dordrecht, 1618 en 1619, p. 42.

vervang.<sup>1</sup>

Die Gereformeerde Kerk van die Nederlande het met sy Sinode-sitting van 1620 te Leeuwarden spesiale aandag aan die interpretasie van die Dordtse besluite oor die onderwys gegee. Hulle besluit dat „de School uitging van de overheid en de Kerk als zoodanig over de School niets te zeggen had”<sup>2</sup> beklemtoon die omvang van die gesag waarmee die gereformeerde staat bekleed is om die onderwys te mag beheer.

(iii) Die gereformeerde staatskool onder kerklike toesig. Die gereformeerde onderwys was in die eerste plek op skoolkategorie ingestel wat die leerlinge moes help om 'n eksamen in die kategismus te slaag, geloofsbelydenis af te lê en lidmate van hulle kerk te word. Daarom het die Gereformeerde Kerk besondere belang by die toesig oor die gees en die rigting van dié onderwys gehad. Strengere kontrole oor die inhoud van die onderwys en die lewenswandel van die onderwysers is as die plig en taak van die

- 
1. Acta der Nationale Synodi van Dordrecht, 1618 en 1619, p. 43, lui soos volg: „En, opdat men wetenschap hebbe van de naarstigheit der schoolmeesters en toeneming van de jeugd, zal het ambt der predikanten wezen, vergezelschaft met een ouderling en (zoo het noodig is) een uit den Magistraat, alle de scholen, zoo bizondere als publieke, dikwijls te bezoeken, de vlijtigheit der meesters op te scherpen, in de wijze van catechiseeren voor te gaan, en met hun exempel de jeugd te onderrichten dezelve vriendelijk aan te spreken, te ondervragen, en met heilige vermaningen, loftuigingen, en met kleine prijsjes bij den Magistraat te stellen, tot vlijt en godzaligheid opwekken. De meesters, indien eenigen nalatig of steeg bevonden worden in hun ambt, zullen van de predikanten, en (zoo't noodig is) van den Kerkeraad ernstiglijk aangaande hun ambt vermaand worden. Indien zij deze vermaningen niet nakomen, zoo zal de Magistraat verzocht worden, dat zij door hunne autoriteit tot hunnen schuldigen plicht gebracht, of andere, meer bekwame in de plaats gesteld worden. Eindelijk zal men van den Magistraat verzoeken, dat geen scholen geduld worden, die deze H. oefeningen van catechiseeren of niet toe laten, of verzuimen.”
2. Soos aangehaal deur Venter, op. cit., p. 3.

Gereformeerde Kerk beskou. So was dit die verantwoordelikheid van elke Klassis om in die algemeen hierdie kontrole in sy Ring uit te oefen en te sorg vir die ondersoek en keuring van aspirant-onderwysers voordat hulle by die burgerlike owerhede vir finale aanstelling aanbeveel is.<sup>1</sup> Kerklike toesig is plaaslik deur die kerkrade uitgeoefen en van die predikant is verwag om min of meer in die hoedanigheid van 'n skoolinspekteur die skole gereeld te besoek. Omdat die skole egter staatskole was, het 'n verteenwoordiger van die staat die predikant soms vergeesel. Van die predikant is nooit verwag om skoolmeester te wees nie.<sup>2</sup>

Die implikasies van hierdie soort onderwysbeheer word eers ten volle begryp wanneer die veronderstelde gereformeerde aard van die staat beklemtoon word. Die gereformeerde staat het in homself geen absolute soewereiniteit besit nie, omdat dit saam met die kerk in die diens van God moes staan om die Wet van God in die samelewing te handhaaf. Onder sulke omstandighede was daar geen kerklike beswaar teen die uitgebreide magte wat die staat verkry het nie. Die beheer oor die Nederlandse onderwys het derhalwe op 'n noue samewerking tussen kerk en staat berus. Finale seggenskap oor die algemene beheer van die

- 
1. Acta der Nationale Synodi van Dordrecht, 1618 en 1619, p. 42, "Tot deze bediening der scholen, zal niemand dan die een lidmaat is der Gereformeerde Kerk, en versierd met getuigenissen van een oprecht geloof en vroom leven, en in de catechetische leer wel geoefend, gebruikt worden, en die met onderteekening zijner hand de confessie en den Nederlandschen catechismus toestaat, en heiliglijk beleeft, dat hij naar deze wijze van catechiseeren de jonkheid, hem toebetrouwd, in de fundamenten der Christelijke religie naarstiglijk zal onderwijzen."
  2. Vgl. Acta der Nationale Synodi van Dordrecht, 1618 en 1619, p. 43; en Badenhorst, op. cit., pp. 18-19.

onderwys het by die staat berus, maar sodra dit oor die uitsprake en interpretasie van die gereformeerde religie en godsdiens gegaan het, was die staat aan die uitsprake van die kerk onderworpe en moes hulle dieselfde belydenis onderskrywe. Daarom was dit alleen die kerk wat oor die suiwerheid van die inhoud van die onderwys en die lewenswandel van die onderwysers kon toesig hou.

(b) Nuwe wortels uit 'n ou stam: Die eerste Staatsgesag, Kerk en Onderwys aan die Kaap

(i) Die Kaap se Staatsgesag. Die Kaap en die ander Nederlandse handelsgebiede was nie in die eerste plek onder die direkte gesag van die State-Generaal van die Nederlande nie, want alhoewel die State-Generaal die soewereine liggaam was, is daar deur middel van oktrooie sulke groot magte aan die Vereenighde Oostindische g'octrooijeerde Companje oorgedra dat hulle byvoorbeeld goewerneys, soldate en „officiere van justitie" kon aanstel om die regering (derhalwe ook die onderwys) van die kolonies te behartig. Vir die Kaap was die hoogste staatsgesag, vir alle praktiese redes, die Here XVII in Nederland, terwyl 'n goewerneur en 'n Politieke Raad die plaaslike regeeringsliggaam gevorm het. Laasgenoemde was egter ook aan die gesag van die Goewerneur-Generaal en Rade van Indië, wat die V.O.C. se belange in die Ooste behartig het, ondergeskik. So het die Kaapse goewerneur dan van sowel Amsterdam as Batavia opdragte en instruksies ontvang.<sup>1</sup> Opsommenderwys kan die Kompanje-bewind as 'n amptenare-regering beskrywe word. Ten spyte van groot gebreke in

1. A.J. Böeseken, „Die koms van die blankes onder Van Riebeeck" in C.F.J. Muller (red), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 18.

hierdie bestuurstelsel, wys Scholtz tereg daarop dat die kiem van die latere so bekende demokratiese gesindheid van die Afrikaner tog daarin geleë was soos onder andere weerspieël in die stelsel van burgerrade.<sup>1</sup>

Die afgesonderde ligging en swak kommunikasie met die Moederland het die persone wat met die bestuur van die volksplanting belas was, dikwels genoodsaak om volgens eie insigte en plaaslike omstandighede op te tree. Eiesoortige ontwikkelingsrigtings was dan ook nie vreemd nie.

Van besondere betekenis vir die idee van gedentraliseerde beheer waaraan die volk ook deel het, is die totstandkoming van 'n eie stelsel van plaaslike bestuur in die Kaapkolonie. Namate die burgers die binne-land ingetrek het, kon die owerheid nie meer die hele volksplanting vanuit die Kaap behoorlik bestuur nie. Vir die meerderheid van die inwoners van die afgeleë distrikte was die goewerneurs en Politieke Raad eintlik niks meer as name nie.<sup>2</sup> Desentralisasie van landsbestuur was derhalwe 'n noodsaaklikheid en die land is gevolglik in distrikte verdeel met 'n landdros aan die hoof wat ook as verteenwoordiger van die staat moes optree. Hy is bygestaan deur 'n heemraad bestaande uit ses burgers sowel as verskeie veldkornette ook uit die geledere van die burgers aangesel.<sup>3</sup> Hierdie beginsel van plaaslike bestuur het die begeerte van die wordende Afrikanervolk om 'n aandeel in sy landsbestuur te hê, weerspieël. Dit het gou tradisie geword en ook op toekomstige stelsels van onderwysbeheer

1. G.D. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, dl. I, 1652-1803, p. 145.

2. Ibid., p. 149.

3. G.W. Eybers, Bepalingen en Instructiën voor het bestuur van de Buitendistricten van De Kaap de Goede Hoop (1805), pp. 51-55.

groot invloed uitgeoefen. Malherbe stel selfs die vraag of dit nie ten grondslag van die latere te stigte skoolkommissies gelê het nie en wys op die belangrikheid daarvan dat almal wat met die beplanning van onderwysbeheer in Suid-Afrika te doen het, hierdie beginsels moet respekteer.<sup>1</sup>

(ii) Die Kaap se Gereformeerde Kerk. Die landing van Jan van Riebeeck aan die voet van Tafelberg in 1652 het ook 'n nuwe loot van die Gereformeerde Kerk aan die suidpunt van Afrika laat uitspruit. Dit was egter nie toevallig nie, want alhoewel die V.O.C. 'n handelsmaatskappy was, het dit reeds vanaf sy stigting in 1602 ongevra deur die kerk en onverplig deur die State-Generaal die verbreiding van die ware geloof ook as taak op hom geneem.<sup>2</sup> Trouens, geen vloot het onder die V.O.C.-vlag gevaar sonder predikante of sieketroosters aan boord nie. Die latere oktrooi van 1622 het die Kompanje verplig om die Gereformeerde Kerk in sy gebiede voort te plant en te beskerm. Oor die suiwerheid in leer en regering het die Gereformeerde Kerk in die Vaderland egter 'n wakende oog gehou.<sup>3</sup>

Die Kaapse Gereformeerde Kerk het nie as gevolg van 'n besluit van die „Vaderlandsche Kerk" tot stand gekom nie, maar onder die V.O.C.-bewind vanuit die volksplanting self gegroei.<sup>4</sup> Dit was veral die Klassis van Amsterdam wat tot aan die einde van die Kompanje-dae seggenskap oor die Kaapse Kerk gehad het en hulle van sieketroosters en predikante voorsien het. Gevolglik was die Dordtse Kerkorde, teoreties sowel as juridies, die geldige

1. Malherbe, op. cit., p. 33.

2. J.D. Vorster, Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanje 1652-1795, p. 11.

3. Ibid., p. 79.

4. Ibid., p. 70.



kerkorde vir die Kaapse Kerk<sup>1</sup> en het die geestelike versorging van die eerste blanke koloniste in ooreenstemming met hulle Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing geskied.

Die Kaapse regering was baie intiem met die werksaamhede van die plaaslike kerk gemoeid en het in werklikheid oor sekere kerklike funksies kontrole uitgeoefen. Die predikante en sieketroosters is byvoorbeeld deur die V.O.C. in diens geneem, besoldig en uit die diens ontslaan, terwyl goewerneurs die predikante en sieketroosters se standplase aangewys het en dikwels ook in kerklike sake ingegryp het. Kerkrade is met die tussenkoms van die regering verkies, 'n Kommissaris-Politiek het elke sitting van die kerkraad bygewoon en kerklike oortredinge is deur die landsowerhede gestraf.<sup>2</sup>

Tog moet dit nie beskou word asof die finale gesag oor godsdienosaangeleenthede aan die Kaap in die V.O.C. gesetel het nie, want dit was in die Klassis van Amsterdam geleë. So was hierdie Klassis se lisensie, uitgereik volgens die voorskrifte van die Dordtse Sinode (1618), nodig voordat 'n predikant of 'n sieketrooster sy beroep aan die Kaap in diens van die V.O.C. kon beoefen. Die Kaapse Politieke Raad moes ook gereeld verslae oor godsdienssake aan hierdie Klassis stuur terwyl die Klassis op sy beurt voorskrifte uitgereik het wat sonder meer deur die Raad van Batavia en derhalwe ook deur die plaaslike Politieke Raad uitgevoer is.<sup>3</sup>

By die staat sowel as die kerk van die Kaap het

1. Voster, op. cit., p. 85.

2. Vgl. J.A. du Plessis, op. cit., p. 115; Badenhorst, op. cit., p. 31; Malherbe, op. cit., pp. 33-34; en M. du T. Potgieter, op. cit., pp. 39-40.

3. Malherbe, op. cit., p. 34.

dit in die eerste plek om die uitvoering van die gereformeerde beginsel van die Calvinisme gegaan en nie om die oorheersing van die een deur die ander nie. Die noue samewerking tussen kerklike en staatkundige owerhede wat uit hierdie verhouding gespruit het, was van die allergrootste betekenis vir die ontwikkeling van die Afrikaner se eie volksaard en opvoeding.<sup>1</sup>

(iii) Die Kaap se gereformeerde staatskool onder kerklike toesig. Saam met die Gereformeerde Kerk en 'n gereformeerde staatsgesag het die eerste volksplanters ook die gereformeerde staatskool van die moederland feitlik onveranderd op die Kaap die Goeie Hoop oorgeplant.

Ten grondslag van hierdie staatskole aan die Kaap het die reeds aangeduide intieme verhouding tussen die Gereformeerde Kerk en 'n gereformeerde owerheid gelê. So het die Politieke Raad, ten spyte van die feit dat hy aan die Kaap die hoogste gesag oor die onderwys was, altyd die invloed en belange van die kerk erken en na die kerk se aanbevelings geluister, terwyl die kerk op sy beurt die Politieke Raad as die hoogste onderwysgesag erken het. Ook die Kaapse Kerk het derhalwe funksies soos die stigting van staatskole en die aanstelling, besoldiging en skorsing van onderwysers aan staatskole as staatsfunksies geëerbiedig.<sup>2</sup>

Net soos in die moederland was die doel van die Kaapse gereformeerde staatskool vir baie jare kerklik en toegespits op 'n Christelike lewenswyse en die voorberei-

1. Vgl. P. Pistorius, Gister en Vandag in die Opvoeding, p. 265.

2. Kyk P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795, (hierna Onderwys aan die Kaap, 1652-1795 genoem), pp. 297-300.

ding vir kerklidmaatskap.<sup>1</sup> Die Kaapse Kerk het derhalwe in navolging van die voorbeeld in Nederland ook toesig oor die gees en rigting van die Kaapse onderwys gehou.

Van besondere betekenis met die tot standkoming van georganiseerde onderwys in Suid-Afrika was die gebruik om van sieketroosters wat in die eerste plek kerklike amptenare was, te verwag om skool te hou. So vroeg soos 1663 het die Politieke Raad sieketrooster Ernestus Back gebruik om as onderwyser op te tree in die eerste skool wat blanke kinders kon bywoon. Tot aan die einde van die V.O.C.-periode was dit hierdie kerklike amptenare wat die leiding op die onderwysgebied geneem het en ten spyte van 'n ruwe en eenvoudige vorm van onderwys, baanbrekerswerk op hierdie gebied gedoen het.<sup>2</sup>

Die kerklike toesig oor hierdie Kaapse gereformeerde staatskole was veral in die hande van die kerkrade op die verskillende kerkplekke. In die praktyk het die kerkrade dan ook 'n groot invloed op die onderwys uitgeoefen. In die buite-distrikte was dit juis die kerkrade wat die beste kontak met die inwoners gehad het en heelwat inisiatief ten opsigte van die beheer en kontrole oor die onderwys en die gedrag van die onderwysers aan die dag gelê het. Vir alle praktiese doeleindes het die kerkrade as 'n vorm van plaaslike onderwysbestuur diens gedoen. Die kerkrade het immers uit lidmate van die plaaslike gemeentes bestaan en baie van die kerkraadslede sou dan ook

- 
1. Vgl. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 31, 299; Pistorius, op. cit., p. 263; en Malherbe, op. cit., pp. 33-34.
  2. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 165-166, 301-302; en Pistorius, op. cit., p. 265.
  3. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 298-299.

gekwalfiseer het om op plaaslike onderwyskommissies te dien indien dit bestaan het. Omdat die destydse onderwys hoofsaaklik met die godsdienis verband gehad het, is dit egter onwaarskynlik dat daar 'n wesentlike behoefte aan sekulêre plaaslike onderwysbesture bestaan het. Eers met die sekularisering van die inhoud van die onderwys en die verbreking van die toesig-verband van die kerk oor die skool, het die behoefte aan sodanige plaaslike onderwysbesture ontstaan.

Die onafskeidbare eenheid tussen kerk en skool gedurende die eerste jare van die volksplanting het 'n baie sterk invloed op die volksaard van die Afrikaner gehad. Hierdie eenheid het nie net van die gereformeerde onderwys 'n draer van die Christelike beginsels gemaak nie, maar ook 'n Afrikanertradisie geskep waarvolgens die Afrikaanse kerke groot belang by die opvoeding en onderwys van hulle lidmate se kinders het en hierdie kerke tot daadwerklike belangstelling en samewerking geroepe is.

(iv) Die Kaap se gereformeerde staatskool onder staatsbeheer. Ten spyte van die godsdienstige strekking van die inhoud van die destydse onderwys moet die eerste skole aan die Kaap reeds as staatskole beskou word. Getrou aan die gereformeerde beginsel van die 17de eeu dat die staat vir die stigting van skole verantwoordelik is, het die Politieke Raad reeds vanaf 1663 skole waarin ook blanke kinders toegelaat is, gestig. Die gereformeerde staatskole was dan ook tot aan die einde van die V.O.C.-bewind die belangrikste tipe openbare skool aan die Kaap.

Teen 1714 was daar reeds verskeie openbare skole en 'n verskeidenheid private skole, maar behalwe vir die kontrole wat die kerkrade oor die dorpskole uitgeoefen

het, was daar nog geen besondere liggaam deur die owerheid in die lewe geroep om met die beheer van die onderwys behulpsaam te wees nie. Selfs 'n algemeen geldende onderwyswet vir die Kaap het vir etlike jare ontbreek so dat die kontrole oor die private onderwys aanvanklik ook minimaal was.<sup>1</sup> Eers in 1714 het die Politieke Raad op aandrang van goewerneur De Chavonnes die eerste en belangrikste algemene wetgewing vir alle onderwys tydens die Kompanje-bewind, aanvaar. Die grondliggende gedagte van hierdie Onderwyswet was dat „de jongheit van kintsbeen af wel werde opgevoet, ende in de vreesse en de regte kennisse Gods en alle goede konsten en zeeden" onderrig moes word.<sup>2</sup> Daarom kon niemand tot die onderwys toetree sonder 'n ondersoek na hulle godsdienstige gesindheid, die ondertekening van 'n formulier volgens die voorskrif van die Dordtse Sinode (1618) en die vooraf verkreë verlof van die Goewerneur en die Politieke Raad nie - 'n duidelike poging om ongewenste persone uit die onderwys te weer.<sup>3</sup> Die Christelike beginsel is verder bevestig deur die onderrig van die Onse Vader, Tien Gebooie, geloofsartikels, voorgeskrewe gebede, kategismusvrae en sang asook deur verpligte kerkbesoek voor te skrywe. Nederlands as moedertaal was die onderrigmedium en die nasionale beginsel soos verbind aan Nederland, het ook erkenning geniet.<sup>4</sup> Geen ander boek as dit wat in die moederland „nut en bequaam" was, kon gebruik word nie. Hierdie skole se gees en rigting

1. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 83-84.

2. Kaap die Goeie Hoop, Resolutiën, Raad van Politie, 21 Augustus 1714.

3. Vgl. W.G. van der Schijf, Die gereformeerde beginsel in die Onderwys in Transvaal tot 1963, pp. 51-52; en Pistorius, op. cit., pp. 269-270.

4. Van der Schijf, op. cit., p. 58.

was derhalwe konfessioneel christelik en nasionaal in die mate waartoe die begrip destyds op Suid-Afrika van toepassing kon wees. Cilliers wys byvoorbeeld daarop dat „De Chavonnes se onderwysordonnansie van 1714 die nasionale en die christelike as 'n twee-eenheid saangekoppel het, .....

„<sup>1</sup>

Van besondere betekenis was die Skolarge wat De Chavonnes se wet in die lewe geroep het, want daardeur is gepoog om alle onderwys, naamlik die openbare onderwys in die gereformeerde staatskool sowel as private onderwys, onder staatsbeheer te plaas. Hierdie Skolarge het onder die oppertoesig van die goewerneur en Politieke Raad gefunksioneer en is aanvanklik saamgestel uit die sekundus, die kaptein van die garnisoen en die predikant van Kaapstad. Teen 1779 het dit uit twee predikante (hulle was in werklikheid betaalde amptenare van die Kompanje) en 'n ouderling van Kaapstad en slegs een staatsvertegenwoordiger, naamlik die Kommissaris-Politiek, bestaan.<sup>2</sup> Gedurende die eerste vyf en sestig jaar van die bestaan van die Skolarge is daar slegs sporadies van sy dienste gebruik gemaak en het die Politieke Raad uitsluitlik self die besluite oor die onderwys geneem. In 1779 het die Politieke Raad egter ingestem om die Skolarge se magte so uit te brei dat die Skolarge bepalings wat volgens hulle oordeel vir die verbetering van skole nodig was, kon opstel. Die Skolarge het dan ook gedurende die laaste paar dekades van die 18de eeu 'n paar belangrike ordes en reglemente vir die Kaapse onderwys opgestel wat hulle aan die Politieke Raad vir af-

1. Cilliers, op. cit., p. 24. Vgl. ook E. Greyling, Christelike en Nasionale Onderwys, Deel II, pp. 31-33.

2. Vgl. Malherbe, op. cit., pp. 35-36; en P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 86-94, 292.

kondiging voorgelê het en die onderwysers van Kaapstad moes uitvoer. Alhoewel die Skolarge nooit 'n soewereine status oor onderwysbeheer besit het nie, het die Politieke Raad as hoogste gesag altyd die Skolarge na 1779 oor onderwyssake geraadpleeg en selfs geen openbare skole opgerig alvorens die Skolarge nie aanbevelings gemaak het nie.<sup>1</sup>

Onder die V.O.C.-bewind het die beheer oor die onderwys altyd by die staat berus sodat die vroegste tradisie van onderwysbeheer in Suid-Afrika derhalwe 'n vorm van staatsbeheerde onderwys was. Van besondere belang is dat hierdie staatsbeheer die beginsel van medesegenskap deur ander instansies erken het. Die intieme vennootskap met die Gereformeerde Kerk ten opsigte van die gereformeerde staatskool getuig hiervan. Ook die besluit om die Skolarge in die lewe te roep en teen 1779 dit oorwegend uit kerklike amptenare saam te stel, het die beginsel van medesegenskap in die praktyk geïmplementeer. Oor die omvang van die verantwoordelikheid van hierdie Skoolkommissie skrywe Du Toit: „Dit het eenvoudig beteken 'n desentralisasie van mag in verband met die reëling van onderwyssake. Die Politieke Raad het hiermee afstand gedoen van 'n funksie wat sover uitsluitlik deur hom behartig is, ten gunste van 'n kollege wat in die besonder daarmee belas is.”<sup>2</sup>

(v) Die Kaap se huisonderwys in die buitelandse distrikte. Daar kon gedurende die V.O.C.-tydperk veral tussen drie tipes private onderwys onderskei word<sup>3</sup>: Eerstens,

1. Vgl. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 100-101, 191, 293-294; Pistorius, op. cit., p. 271; en Malherbe, op. cit., p. 38.
2. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, p.101.
3. Ibid., pp. 68-69.

onderwys in die sogenaamde gepermitteerde openbare skole op kerkplekke soos Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein; tweedens, onderwys op kerkplekke deur persone wat gewoonlik by vermoënde huisgesinne ingewoon het of van huis tot huis gegaan het om kinders te onderrig, dikwels sonder die verlot van die Politieke Raad; derdens, onderwys deur persone wat as knegte of as vrye onderdane op die plase van die koloniste gaan werk het.<sup>1</sup> Sommige van die knegte is spesiaal vir die doel deur die Kompanje beskikbaar gestel.

Alhoewel die bekwaamheid van die kneg- en boere-skoolmeesters gewoonlik beperk was, was dit hulle wat saam met die boere op die voorposte die lig van die beskawing ingedra het. Onder moeilike omstandighede het hulle dikwels baanbrekerswerk gedoen en vir lange jare was hulle die vernaamste steunpilare van die onderwys in die binne-land. Nog in 1794 was die Politieke Raad verplig om weer eens hulle offisiële goedkeuring aan die gebruik van onderwyserknegte te heg.<sup>2</sup> Hierdie huisonderwys was uit die aard van die saak baie elementêr en hoofsaaklik bedoel om die kinders in staat te stel om die Bybel te lees en die belydenisskrifte te ken sodat die ouers se Calvinistiese erfenis vir hulle kinders toeganklik kon wees. In hierdie eenvoudige stelsel van oueriniisiatief en direkte beheer deur ouers, sê Pistorius, „was die kiem waaruit mettertyd die C.N.O.-gedagte sou spruit.“<sup>3</sup> So is dan 'n tipies-Afrikaanse onderwysstelsel gebore waarin die ouer self vir die onderwys van sy kinders voorsiening gemaak het en ook self die gees en rigting van die onderwys bepaal het.

1. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap, 1652-1795, pp. 269-270.

2. Ibid., pp. 266-267.

3. Pistorius, op. cit., p. 268.



Die besondere betekenis van hierdie onderwys op die platteland het veral daarin gelê dat dit al hoe meer 'n gees geadem het wat eie was aan die tradisies en volksaard van die Boerevolk wat in die binneland as 'n aparte volk beslag begin kry het.<sup>1</sup> Dit was „een boek“-skole verantwoordelik vir 'n „een boek“-volk, „'n volk godsdienstig en Bijbelvast, zoals geen ander op aarde..... Zij hebben voortgebracht de voorvaderen van't Boerenvolk, - die pioniers, die Zuid-Afrika van de Kaap tot aan de Sambezie 'schoongemaakt' hebben.....”<sup>2</sup> Nie De Mist met sy neutrale staatskole of Somerset met sy denasionaliseringsbeleid sou die krag en invloed van hierdie onderwys kon breek nie. Met hierdie soort onderwys sou die Afrikaner vir die behoud van sy Calvinisties-godsdienstige lewensbeskouing sorg.<sup>3</sup> 'n Stelsel wat die Voortrekkers gedurende die middel van die 19de eeu na die Noorde saamgeneem het waar dit in die twee Boererepublieke tot selfstandige onderwysstelsels uitgebou is. Samevattend kan gesê word dat die oudste en ook die belangrikste deel van die begrip

1. J. de W. Keyter, „Die opvoedingsideaal en -strewes van die Afrikaner” in P. de V. Pienaar (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, pp. 214-218, beskrywe hoe die Afrikaanse platteland die bakermat vir 'n Afrikaanse gees, taal, kultuur en derhalwe ook 'n eie opvoedingsideaal en -strewes was. Vgl. ook Cilliers, op. cit., pp. 11, 23-24; Badenhorst, op. cit., pp. 31-33; en Malherbe, op. cit., pp. 47-48. Vir beskrywings van die ontstaan van die Afrikanervolk, vgl. S.F.N. Gie, Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. I, pp. 186, 251-252, dl. 2, pp. 11-21; en M.C.E. van Schoor, Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgarië tot 1854, pp. 13-15.
2. L. Fouche, „Onze Eerste Scholen” in De Unie, Julie 1910, pp. 20-21.
3. Vgl. A.G. Coetsee, „Nationalisme as wesenfaktor by die bepaling van onderwysstelsels” in Koers, Januarie/Februarie 1966, p. 322; en J. Ploeger, 'n Inleiding tot die studie van die grondslae van die Christlik-Nasionaal Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 6.

„Christelik-Nasionaal" ten opsigte van die Suid-Afrikaanse onderwys reeds teen die einde van die 19de eeu duidelik omlyn en op die horison afgeteken was.

Ongestoord sou hierdie onderwys egter ook nie gelaat word nie. Reeds met die oornome van die Kaap deur die Bataafse Republiek is dit met nuwe, en in baie opsigte prinsipieel-botsende, denkbeelde in aanraking gebring. Teenoor die Christelik-nasionale onderwysgedagte soos veral deur die private huisonderwys vertolk, sou daar nou 'n neutrale gesekulariseerde staatskoolgedagte as 'n botsende mag stelling inneem.

3. LIBERALE EN VERLIGTE DENKBEELDE VAN BATAAFSE BEWIND:  
STAATSBEHEER SONDER KERKLIKE TOESIG

(a) Kenteringsdenkbeelde ten grondslag van die  
Bataafse onderwysbeleid

Reeds vanaf die einde van die 17de eeu het daar op die gebied van die onderwys, net soos op feitlik alle ander terreine, 'n geleidelike insinking en uiteindelijke verval ingetree. Die gees van die Reformatoriese beginsels het selde tot sy reg gekom en van die verwagte beloftes wat dit vir die protestantse lande ingehou het, het nie veel gekom nie.<sup>1</sup> Onderwysbeheer was gebrekkig terwyl die onderrig, selfs in die Bybel en Kategismus, op geheuewerk toegespits was en in 'n dooie formalisme verval het: „Niet dat de kinderen geloofden, maar wat ze geloofden, althans verstandelijk konden opzeggen, had de aandacht."<sup>2</sup>

1. Vgl. Badenhorst, op. cit., pp. 20-21; Boyd, op. cit., pp. 209-210, 239; en Graves, op. cit., p. 204.  
2. J. Waterink, Inleiding tot de theoretische Paedagogiek, dl. I: De Geschiedenis der Paedagogiek (Vierde Stuk), p. 685.

'n Diep gevoelde begeerte na beter toestande het al hoe sterker posgevat en 'n vrugbare teelaarde vir nuwe denkbeelde en geloofsteorieë, dikwels in stryd met Calvinisme, is geskep. Heftige reaksie het teen alle vorme van oorheersing deur staat en kerk ontstaan. En omdat dit veiliger was, is die aanvalle veral op die kerke toegespits en is onder andere hulle reg om oor die onderwys toesig te hou, in twyfel getrek.

Hierdie reaksies het aanvanklik gestalte gevind in die denkrigtings van Voltaire, Locke, Pope en andere.<sup>1</sup> Die „nuwe“ Humanisme wat in bykans elke land in een of ander vorm aanhang gekry het, het gepleit vir beginsels soos Rasionalisme en Deïsme terwyl daar in sommige lande selfs met Piëtisme, wat die lewensfondament in vroomheid van die eie hart wou soek, geheul is. 'n Sterk beweging ten gunste van VERLIGTING het uitgeloopt op die verheerliking van die REDE van die soewereine mens wat dan ook van alle bande los moes wees en as enigste rigsnoer in die maatskaplike en openbare lewe moes dien.<sup>2</sup>

Hierdie gees van verset en losmaking het gedurende die tweede helfte van die 18de eeu sterk uitgekristalliseer. Op die gebied van die onderwys het filosowe soos Rousseau vir die „vrymaking“ van die onderwys gepleit. Klem is geplaas op die plig van die staat om vir gesekulariseerde onderwys vir elke burger vanaf sy vroegste jare te sorg. In Frankryk was die Franse Rewolusie

1. Vgl. J. Chr. Coetzee, Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, pp. 227-229; G.D. Scholtz, op. cit., pp. 251-254; en Boyd, op. cit., pp. 285-288. Die uitvindings van wetenskaplikes soos Newton het 'n groot invloed op party van hierdie denkers uitgeoefen.
2. Vgl. J.M. Spier, Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 36; en Badenhorst, op. cit., p. 21.

vir die finale aftakeling van die gesag van die Kerk, ook oor die onderwys, asook vir die verbanning van godsdiens uit die skole, verantwoordelik. As voorbeeld dien Talleyrand se wet van September 1790 wat ondubbelsinnig onderwys slegs as 'n funksie van die staat, met gevolglike staatsbeheer, erken het.<sup>1</sup>

Volledigheidshalwe moet genoem word dat die gedagte van 'n nasionale onderwysstelsel onder staatsbeheer reeds lank voor die Franse Rewolusie in sommige Duitse state aandag ontvang het. Dit was veral in die protestantse staat, Gotha, waar 'n staatsbeheerde onderwysstelsel vanaf die middel van die 17de eeu periodiek bestaan het. Die voorbeeld is deur Pruise en ander Duitse state gevolg sodat Duitsland die pionier geword het om die gesag van die Kerk oor die onderwys met dié van die staat te vervang.<sup>2</sup>

Die invloed van al hierdie strominge op die skoolwese in Nederland was groot. Frankryk se inval in Nederland, die verowering van Amsterdam in 1795 en die daaropvolgende nuwe grondwet vir die Bataafse Republiek volgens Franse model, het die klemverskuiwing weg van die invloed van die Kerk na dié van die Humanisme van die Franse Rewolusie verhaas.<sup>3</sup>

(b) Onderwysveranderinge in Nederland gedurende Bataafse Tydperk

Die veranderinge het nie net die Nederlandse

1. Kyk P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, pp. 47-48.
2. Boyd, op. cit., pp. 253-254, 283-284.
3. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 48; en Verslag van die Jeug-studie-kommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sitting 13 Oktober 1966 e.v.d. p. 293.

onderwys sy ortodokse Calvinistiese lewensbeskouing as fondament ontnem nie, maar ook radikale veranderinge van die leerplaninhoud, onderwysmetodiek en -organisasie beteken. In 1798 het die Staatsbewind die onderwys aan 'n Departement van Nasionale Opvoeding met 'n „agent" as hoof, opgedra. Artikel ses van die instruksies aan hierdie agent het bepaal dat „hij zal zorgen, dat alle onderwijs in de leerstellinge Godgeleerdheid der onderscheide Gezindheden, - en alle eerdienst of uiterlijke ceremoniën, welke aan bijzondere Kerk-genootschappen verknogt zijn, van de publieke schoolen geweerd worden"<sup>1</sup>, terwyl artikel tien die verantwoordelikheid vir die aanstelling van onderwysers aan die gemeentebesture opgedra het.<sup>2</sup>

'n Goeie voorbeeld van die aard van die veranderinge is Nederland se eerste Wet op Laer Onderwys van 1801. Daarvolgens moes die staat volksonderwys reël en finansieel ondersteun, die gemeentebesture vir die daarstelling van genoeg skole verantwoordelik wees en departementele skoolbesture, bestaande uit drie skoolopsieners, oor skole toesig hou. Elke burger het egter die reg gehad om 'n besondere skool op te rig, mits hy van die gemeentebestuur toestemming daartoe verkry.<sup>3</sup> Die onderwys wat vroeër op lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk toegespits was, het in hierdie wet plek gemaak vir sekulêre onderwys met die klem op die ontwikkeling van die kinders

1. J. Versluys, Geschiedenis van de Opvoeding en het Onderwijs vooral in Nederland, dl. 4, p. 51 soos aangehaal deur P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 49.

2. J.P. van der Merwe, Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806, p. 187; en P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 49.

3. Ibid., pp. 49-50; en Van der Merwe, op. cit., p. 188.

se verstandelike vermoëns om hulle tot „redelike wesens“ te vorm in diens van die medemens en die maatskappy.<sup>1</sup> Van besondere belang is die vierde artikel van die 1801-Wet, waarin daar onder andere iets van die bekende gewetensklausule opgesluit lê : „In schoolboeken en leermethode met de meeste zorg moest vermeden worden, al hetgeen zoude strekken tot ondermijning eener goede zedekunde en den eerbied voor het Opperwezen, doch tevens worden daargelaten al het leerstellige, dat door de onderscheidene kerkgenootschappen verschillend wordt begrepen.“<sup>2</sup>

(c) Kaapse Onderwys onder Bataafse Bewind

Met die teruggawe van die Kaap aan die Bataafse Republiek in 1803, is ook die onderwys ter plaatse vir drie betekenisvolle jare aan die invloed van die heersende „verligte“ denkbeelde in die Moederland onderwerp. Die algehele hervorming wat goewerneur Janssens en veral kommissaris De Mist - die eintlike beplanner - vir die Kaap beoog het, het verreikende gevolge vir die onderwysbeheer ingehou. De Mist was besiel met die idees van die Franse filosowe en die Franse Rewolusie en het, alhoewel nie altyd op so 'n rewolusionêre wyse nie, sulke beginsels soos vryheid, gelykheid en Rasionalisme op sy hervormingspogings oorgedra.

(i) De Mist se houding teenoor die Kerk, die Christelike en die nasionale beginsels. De Mist het met 'n „nuwe“ filosofie na die Kaap gekom waarvolgens hy dan

1. Van der Merwe, op. cit., p. 188.

2. P. de Zeeuw, De Worsteling om het Kind, p. 31 soos aangehaal deur P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 50.

ook sy hervormingsplanne alhier wou beplan<sup>1</sup>, en ten spyte van die beperkte tyd tot sy beskikking, was hy verantwoordelik vir die eerste groot veranderinge op onderwysgebied sedert die volksplanting wat op belangrike verskuiwings van grondbeginsels berus het.

Getrou aan die gees van sy tyd, was De Mist nie gediend met die idee dat die Gereformeerde Kerk of enige ander kerk 'n bevoorregte posisie moes beklee nie. Reeds in die eerste artikel van sy Kerkorde van Julie 1804 het hy aan al die kerkgenootskappe wat meegewerk het tot die bevordering van „deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen“, gelyke beskerming deur die staat se wette gewaarborg<sup>2</sup>, en in artikel 38 al die kerke absoluut ondergeskik aan die staat gemaak met die oppertoesig oor alle „Kerkelyke Administratien“ in die hande van die goewerneur.<sup>3</sup> De Mist het egter die omvang en invloed van die Kaapse Gereformeerde Kerk gedeeltelik erken toe hy in sy Kerkorde daarvan melding gemaak het dat die meeste burgers aan die „Hervormd Kerk-genoodschap“ ('n ander benaming vir die ou Kaapse Gereformeerde Kerk) behoort het en dat dié kerk om hierdie rede besondere hulp en erkenning van die

- 
1. A.H. Murray, The Political Philosophy of J.A. De Mist - Commissioner-General at the Cape, 1803-1805. A study in Political Pluralism, p. 106, beskou die belangrikste kategoriee van De Mist se politieke filosofie wat hy in die Kaapse Administrasie wou implementeer, soos volg: „The principle of the sovereignty of law; his conception of sovereignty and the state; the notion of contract; his view of the relation of church and state; of state and education; political pluralism, individualism, and free trade; the principle of the right to revolt; the principle of continuity.“
  2. A. Dreyer, Boustawwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, dl. 3, 1804-1836, p. 9.
  3. Ibid., p. 18.

regering verdien en ook nodig het.<sup>1</sup>

Die skool, het De Mist geglo, moet neutraal teenoor die verskillende lewensbeskouinge staan : „De openbaare Schoolen strekkende tot onderwyzing der Jeugd, behooren niet tot eenig byzonder Kerk-genoodschap. Het zyn kweekplaatsen, om goede Burgers voor den Staat te vormen : en als zodanige staan dezelve onder het onmiddelyk toezigt en bestuur van het Gouvernement.”<sup>2</sup> Dit het die einde van die gereformeerde staatskool sowel as die gepaardgaande direkte toesig en gesag van die Gereformeerde Kerk daaroor beteken.

Die godsdiensonderwys in die staatskole moes volgens De Mist net 'n algemene christelikheid, gemeenskaplik aan alle gelowe, behels en aan geen enkele individu aanstoot gee nie.<sup>3</sup> Die bepaling in sy Skoolorde dat die Skoolarge moes toesien dat godsdiensonderwys in die te stigte Kos- en Dagskool vir Kaapstad „zo veel mooglyk naar leiding van het Kerk-Genoodschap, waar toe derzelve Ouderen behooren of behoord hebben”<sup>4</sup>, gegee moes word, het derhalwe nie op leerstellige onderrig gedui nie, maar op neutrale godsdien in 'n neutrale skool.<sup>5</sup> In teenstelling met die onderwys van die Kompanje-dae moes die Bybel nou 'n ondergeskikte plek inneem en die godsdien kon nie meer die hele skoolonderwys deurdring en besiel nie. Die uitleg

1. Kerkorde van 1804, art. 20 in Dreyer, op. cit., p. 12.

2. Kerkorde van 1804, art. 18 in Dreyer, op. cit., p. 12.

3. Vgl. J.A. de Mist, „Memorie, houdende de consideratiën en advijs van het Departement tot de Indische Zaaken, ens.” in Van Riebeeck-vereniging-uitgawe, nr. 3, p. 44.

4. Skoolorde van 1804, art. 21 F in Dreyer, op. cit., p. 39.

5. Vgl. Cilliers, op. cit., pp. 21-22; Venter, op. cit., p. 15; en Greyling, op. cit., pp. 34-35.



van en die skoling in die beginsels van 'n spesifieke geloof, byvoorbeeld dié van die Calvinisme, het De Mist nie as die taak van die onderwys beskou nie. Cilliers skrywe dat „Waar De Chavonnes se onderwysordonnansie van 1714 die nasionale en die christelike as 'n twee-eenheid saamgekoppel het, daar het De Mist se skoolordonnansie van 1804 dié noodsaaklike eenheid verbreek en slegs die nasionale, waarmee nou die burgerlike en die taal verbind was, beklemtoon ten koste van die christelike.”<sup>1</sup>

Die onderwys was vir De Mist 'n nasionale saak met 'n nasionale doel. Nasionale doeltreffendheid, goeie burgerskap en die bestendiging van die nasie moes die hoogste ideaal wees. So verwys sy Kerkorde na die skool as 'n kweekplek vir goeie burgers vir die staat<sup>2</sup> en verklaar die Skoolorde dat De Mist dit as een van sy belangrike pligte beskou het „om te zorgen dat de middelen van Nationaale beschaaving, en daar onder voornaamlyk die der Opvoeding en Onderwyzing van de jeugd, binne deze Volkplanting op alle moogelyke wyzen daargesteld, beschermd, aangemoedigd, vermeerderd en verbeterd worden.”<sup>3</sup> Omdat De Mist nasionale doeltreffendheid die hoofdoel van die onderwys wou maak, sê Pistorius, „verskuiwe hy die klem van die kerklike na die nasionale.”<sup>4</sup> Hierdie Kommissaris-Generaal was derhalwe nie bereid om die nasionale strewe aan 'n spesifieke Christelike beskouing te koppel nie. Teen die idee om die nasionale in die onderwys te erken, het die burgers geen beswaar gehad nie, maar omdat De Mist

1. Cilliers, op. cit., p. 24.

2. Kerkorde van 1804, art. 18 in Dreyer, op. cit., p. 12.

3. Skoolorde van 1804, „Publicatie”, in Dreyer, op. cit., p. 31.

4. Pistorius, op. cit., p. 278.

die nasionale doelstellings te veel plek laat inneem het ten koste van die Christelike element, het dit met die tradisie van die Afrikaner in botsing gekom.

De Mist het ook daaraan geglo dat nasionale opvoeding deur die moedertaal, Nederlands, moes geskied. So wou hy 'n Kweekskool oprig waarin aspirant-onderwysers allereers „in de meeste volmaaktheid" sou leer om suiwer Nederlands te spel, praat, lees en skrywe.<sup>1</sup> Aangaande die onderwyser van die beoogde Kos- en Dagskool vir Kaapstad het sy Skoolorde bepaal dat van die persoon onder andere verwag sou word om leerlinge te leer spel, praat, lees en „sierlyk schryven" in die Nederlandse taal<sup>2</sup>, terwyl daar ten opsigte van die gewone laerskool voorgeskryf is dat „doorgaande de eerste beginselen der Moedertaal geleerd, en de gronden tot de Nationale Opvoeding gelegd moeten worden."<sup>3</sup> Dit was De Mist se strewe om niemand 'n staatsbetrekking te laat beklee wat nie Hollands kon praat, lees en skrywe nie.<sup>4</sup>

De Mist was die eerste in Suid-Afrika om die onderwys as 'n nasionale aangeleentheid te beskou, aan die taalvraagstuk spesiale aandag te gee en 'n nasionale onderwysraad (die gewysigde Skolarge) met omvattende magte vir die beheer oor die volksonderwys in te stel.

(ii) De Mist se onderwys onder staatsbeheer sonder kerklike toesig. Met sy beklemtoning van sekulêre volksonderwys as 'n nasionale taak van die staat, moes De Mist 'n nuwe stelsel vir die beheer van die onderwys beplan

1. Skoolorde van 1804, art, 5 in Dreyer, op. cit., p. 34.

2. Skoolorde van 1804, art. 21 D in Dreyer, op. cit., p. 38.

3. Skoolorde van 1804, art. 25 in Dreyer, op. cit., p. 40.

4. Pistorius, op. cit., p. 277.

waarin die kerk geen aandeel meer sou hê nie.

De Mist het die hoogste gesag oor die onderwys aan die goewerneur opgedra, wat in die uitvoering van sy pligte, derhalwe ook ten opsigte van die onderwys, deur 'n Politieke Raad van vier lede wat in Maart 1803 opnuut ingestel is, bygestaan sou word.<sup>1</sup> Van die Politieke Raad is onder andere verwag om oor die aanstellings, onderhoud en werksaamhede van die skoolmeester en die onderwys in die openbare skole te waak.<sup>2</sup> Nog 'n liggaam wat by die toesig oor die onderwys betrek is, was die Raad der Gemeente<sup>3</sup>, ook in 1803 ingestel. Hulle taak was onder meer om vir beter kontrole oor die openbare skole (die Latynse skool uitgesluit) in Kaapstad en sy distrik te sorg. Twee van hulle lede moes op gesette tye die skole onder hulle toesig besoek en let op die gehalte van die onderrig en die vordering van die leerlinge. Die Gemeenteraad se skriftelike verlof was ook nodig om in Kaapstad en in sy distrik in die openbaar onderwys te gee.<sup>4</sup> As gevolg van die belangrikheid van die Gemeenteraad se onderwysfunksie was eers die president van die Gemeenteraad en later nog 'n tweede lid, lede van De Mist se Skolarge wat die volks- onderwys op 'n nasionale grondslag moes beheer.<sup>5</sup>

De Mist se belangrikste reëling ten opsigte van onderwysbeheer was sy Skoolorde van Julie 1804. In die

1. Vgl. Skoolorde van 1804, art. 1 in Dreyer, op. cit., pp. 32-33; P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 10; en Van der Merwe, op. cit., p. 62.
2. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, pp. 10-11.
3. Die Raad der Gemeente het die Burgersenaat van die V.O.C.-periode vervang.
4. Van der Merwe, op. cit., p. 97.
5. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, pp. 12-13.

„Eerste Hoofdeel Betreffende het Bestuur der Openbaare-Schoolen, binnen deze Volksplanting" is die bestuur van die skoolwese aan 'n nuut saamgestelde kommissie (die reeds genoemde Skolarge) opgedra. Benewens die goewerneur as opper-skolarg, het dit bestaan uit 'n lid van die Politieke Raad soos deur die goewerneur aangewys, 'n verteenwoordiger van elk van die Weeskamer en die Raad der Gemeente, twee predikante van die Gereformeerde Kerk, een predikant van die Lutherse Kerk en 'n sewende lid deur die goewerneur benoem om teen besoldiging as tesourier op te tree. Die landdroste en predikante van die buitelandse distrikte was ere-lede van die Kommissie en kon, wanneer beskikbaar, die vergaderings bywoon en advies aangaande die onderwys in hulle distrikte gee.<sup>1</sup>

Ten opsigte van die onderwys in die buitelandse distrikte het De Mist in sy „Ordonnantie Rakende het Bestuur der Buitelandse distrikte" van 1805, die landdroste aangesê om noukeurig op die opvoeding van die jeug te let en dit sover moontlik binne die bereik van elke huisvader te bring<sup>2</sup>, en van die veldkornette het hy verwag om toe te sien dat niemand sonder die skriftelike verlof van die regering in die buitelandse distrikte as skoolmeester optree nie.<sup>3</sup>

De Mist het besliste pogings aangewend om die finale gesag oor die onderwys, ook dié van die buitelandse distrikte, slegs in die hande van die Skolarge en die goewerneur te plaas. So het sy Skoolorde van 1804 die magte en pligte van die Skolarge soos volg omskrywe: onderwysers

1. Skoolorde van 1804, art. 1-3 in Dreyer, op. cit., pp. 32-33.
2. G.W. Eybers, Bepalingen en Instructiën voor het bestuur van de Buitendistricten van De Kaap de Goede Hoop (1805), p. 88 (art. 25).
3. Ibid., pp. 156-157 (art. 249-251).

sou in alle opsigte aan hulle onderworpe wees; die private en publieke beloning van die onderwysers sou deur hulle bepaal word en hulle moes toesien dat al die onderwysers sover moontlik dieselfde instruksies ontvang. Aan die Skolarge is ook die reg verleen om swak onderwysers af te dank en te vervang en van hulle is verwag om gereeld die toestande in die skole te ondersoek.<sup>1</sup> Vir laasgenoemde doel kon hulle van die plaaslike landdros en predikant (ook 'n betaalde amptenaar van die staat) gebruik maak.

De Mist het ook daaraan geglo dat staatsbeheer 'n verpligting op die staat plaas om geldelike hulp aan staatskole te verleen. Vir hierdie doel het hy in 'n tweede deel van die Skoolorde<sup>2</sup> sekere belastings voorgestel wat egter nooit afgekondig is nie.

Die belangrikste nuwe beginsels wat De Mist in die onderwys wou toepas, was dat die onderwys vry van die gesag en direkte invloed van alle kerke moes wees en dat die staat die verantwoordelikheid vir volksonderwys moes aanvaar.<sup>3</sup> Met die 1804-Onderwyswet het hy dan ook gepoog om al die onderwys deur middel van staatswetgewing en staatsbeheer te reël.

Met die uitskakeling van die toesig van die kerkrade kon slegs die predikante en landdroste as 'n soort skoolkommissie, ondergeskik aan die Skolarge, vir die dorpskole van die buiteland distrikte optree. P.S. du Toit beskrywe die geval van Stellenbosch waar die skoolkommissie

1. Vgl. Skoolorde van 1804, art. 15-18 in Dreyer, op. cit., p. 36.

2. Skoolorde van 1804, Tweede Hoofdeel, in Dreyer, op. cit., pp. 43-46. Vgl. W.S. van der Westhuizen, Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie: Die periode 1804-39, Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, dl. 2, 1953, pp. 5-7.

3. Vgl. Van der Merwe, op. cit., p. 180.

in 1806 uit die predikant en landdros saamgestel is.<sup>1</sup> Dit kan as die geboorte van plaaslike onderwysbestuur deur 'n nie kerklike bestuursliggaam - die skoolkommissie - beskou word.

(iii) De Mist se staatskoolstelsel misken die beginsel van ouermedeseggenskap. Oor die toepassing van die beginsels van plaaslike onderwysbestuur (desentralisasie) en ouermedeseggenskap in De Mist se beoogde stelsel van onderwysbeheer oor staatskole, bestaan daar verskillende menings. So byvoorbeeld verwys Cilliers na De Mist se skoolstelsel as 'n „gesentraliseerde sekulêre stelsel”<sup>2</sup> terwyl Murray daarenteen probeer aantoon dat dit nie sentralisasie van mag in die hande van die goewerneur en die staat nagestrewre het nie, maar slegs as doel gehad het dat die staat die onderwys moes bevorder sonder om die onderwys aan hom ondergeskik te maak.<sup>3</sup> In sy bespreking van die 1804-Onderwyswet maak Murray ook die stelling dat De Mist nie die Franse idees nagevolg het nie en nooit van „state responsibility for education” gepraat het nie. Die instansies verantwoordelik vir die administrasie van die onderwys, sê hy, „come from the ranks of the people and appointees are sought and appointed not by the Governor but by the Commission for Education. As in the other institutions which he set up in the Cape, so in education the Governor's supervisory powers were not intended to go beyond what was required in a social situation in which

1. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Ba-taafse Republiek 1803-1806, pp. 133-135, 119.

2. Cilliers, op. cit., pp. 21, 24.

3. Murray, op. cit., p. 188, „Education is clearly not a government department either financially, administratively or as regards appointments. At the best the Governor must approve.”

4. Ibid., pp. 117-118.

the centrifugal forces were threatening to go on the rampage."<sup>1</sup>

Dit is waar dat naas die goewerneur en die Politieke Raad die Skolarge<sup>2</sup> (Commission of Education) en die Gemeenteraad gesag ontvang het om oor die staat se onderwys toesig te hou en daaroor beheer uit te oefen. Die samestelling van hierdie liggame dui egter daarop dat hulle staatsaangestelde liggame was en dat daar van gewone verkiesings van lede deur die burgers (om nie eers van ouers te praat nie) geen sprake was nie. Van die Skolarge het die goewerneur (as opperskolarg) byvoorbeeld die voorsitter en tesourier aangestel terwyl die res van die lede amptelike verteenwoordigers van die Weeskamer, Gemeenteraad, Gereformeerde en Lutherse Kerke was. Hierdie Onderwyskommissie verteenwoordig derhalwe nie 'n plaaslike verkose skoolkommissie nie, maar herinner eerder aan 'n nasionale onderwysraad wat die onderwys van die land moes bestuur en beheer. Ook die Gemeenteraad van Kaapstad was nie in die eerste plek 'n verteenwoordigende plaaslike onderwyskommissie nie. Trouens, dit was 'n gewone munisipale instelling met die toesig oor die onderwys in en om Kaapstad as een van sy pligte. Nie die burgers of die ouers nie, maar die goewerneur het die vakatures op die Gemeenteraad vanaf 1805 uit 'n nominasielys, deur die sit-tende lede opgestel, aangevul. Die Gemeenteraad moes ook sy onderwysfunksie in Kaapstad in ooreenstemming met die besluite van die Skolarge uitvoer.<sup>3</sup>

1. Murray, op. cit., p. 119.

2. Die Skolarge kon ook die landdros en predikant van 'n buitelandse distrik as 'n soort plaaslike skolarge laat funksioneer.

3. Van der Merwe, op. cit., pp. 97-98.

Die gebruikmaking van predikante en landdroste - ook veldkornette in 'n geringe mate - as plaaslike skoolarges in die buiteland distrikte het wel iets van die gedagte van gedentraliseerde onderwysbeheer verteenwoordig. Maar ook hierin was daar geen geleentheid vir medeseggen-skap deur ouers of ander belanghebbendes nie, omdat al die seggen-skap by persone berus het wat deur die staat benoem en aangewys is. Selfs die inskakeling van die predikante as lede van die plaaslike kommissies en hoof-Skoolarge het nie genoegsame beveiliging van die volk se tradisionele beginsels verseker nie. As gevolg van hulle gebondenheid aan die regering het verskeie toonaangewende geestelikes van byvoorbeeld Kaapstad en Stellenbosch die indruk probeer skep dat hulle De Mist se vernaderinge steun en selfs verwelkom.<sup>1</sup> Dat goewerneur Janssens selfs hierdie geringe mate van verteenwoordiging van die kerke en gemeentes by die eerste en beste geleentheid sou afskaf, blyk uit sy aanbevelings toe hy die Kaap verlaat het. Hy het verkies dat daar op die bestuurkommissie van die onderwys „wijnige of geene geestelijken" moes dien, „deeze laatsten smooren alle liberale denkbeelden, kunnen misschien Christenen vormen, maar veel al elendige Leden voor eene Maatschappij, die veel activiteit behoeft.”<sup>2</sup>

Onder die Bataafse bewind het die burgers derhalwe geen besondere geleentheid vir plaaslike onderwys-beheer oor staatsonderwys gehad nie en die beginsel van ouermedeseggen-skap het hoegenaamd geen erkenning geniet nie. In hierdie opsig het De Mist se staatskoolstelsel

1. Van der Merwe, op. cit., pp. 212-213.

2. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 44.



baie verskil van die tradisionele gereformeerde staatskoolstelsel waarin die ouers en ander belanghebbendes wat op die kerkrade gedien het, tog 'n indirekte geleentheid gekry het om medeseggenskap oor die onderwys uit te oefen.

(iv) De Mist se beskouinge in botsing met dié van die Afrikaner. Uit organisatoriese oogpunt beskou, het die Bataafse hervormingsplanne vir die Kaapse onderwys goeie beloftes ingehou. Die meeste skrywers het ook hiervoor waardering.<sup>1</sup> Maar die denkbeelde ten grondslag van hierdie onderwys hervorming was vreemdsoortig en in botsing met die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner.

Wanneer De Mist se politieke filosofie as 'n voorsetting van die protestantse politieke filosofie van die 16de eeu voorgehou word<sup>2</sup>, is dit belangrik om te onthou dat die Afrikaner se Protestants-Christelike beskouing 'n loot is van die Calvinisme wat Geus en Hugenoet gedurende die 17de eeu in Suid-Afrika geplant het, en dat hierdie Calvinisme daartoe aanleiding gegee het dat die Afrikaner sterk klem gelê het op die Christelike beginsel as die rigsnoer vir alle lewensterreine. Omdat die algemene beginsel van demokratiese vryhede in die 16de eeuse formulering van Calvinisme gewortel het, het die Calvinistiese Afrikaner wel beginsels soos vryheid en gelykheid onderskrywe en 'n besondere voorliefde vir die republi-

1. P.S. du Toit, Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, pp. 160-162; Malherbe, op. cit., pp. 49-50; en Pistorius, op. cit., p. 279.

2. Murray, op. cit., pp. 126-127. Sy beskouing op p. 127 lui: "De Mist is in line with the Protestant christian interpretation of Aristotle and so, because his social bonds are natural and rational, is able to set the people above the king, while admitting the identity and sovereignty of each. De Mist is in line with this tradition when he derives the binding force of law from its moral contents and not from its source in a sovereign body."

keinse bestuursvorm geopenbaar, maar hy was nie bereid om, soos in die geval van De Mist se hervormingsplanne, dit van die Christelike te ontkoppel nie. Hierdie soort protestantse godsdiens was vir die oorgrote meerderheid van die koloniste hulle dierbaarste besitting en hulle het in heftige opstand gekom teen enige aantasting van die gesag van die kerk, want vir hulle was die kerk die beskermmer van hierdie godsdiens. De Mist se neutrale staatskole met godsdiens bo geloofsverdeling, onder die beheer van 'n neutrale staat sonder die geleentheid vir die ouers om op die gees en rigting van die onderwys 'n invloed te kan uitoefen, kon nie by hierdie Calvinistiese beskouing aansluiting vind nie. Ook die losmaking van die nasionale van die Christelike beginsel was hiervolgens onaanvaarbaar. Dit was derhalwe nie net gewone konserwatisme wat 'n groot gedeelte van die bevolking traag gemaak het om die veranderinge van De Mist te aanvaar nie, maar 'n onwil om hulle prinsipiële beskouinge te verander.

Die meeste van die burgers wat in die verafgeleë distrikte so goed as onafhanklik bestaan het, het die idees van De Mist geïgnoreer en deur middel van huisonderwys hulle eie beskouinge op hulle kinders oorgedra. So was die platteland dan nie net die plek van oorsprong van die Afrikaner se eiesoortige lewensbeskoulike denke nie, maar ook die beskermmer teen vreemde ideologieë van buite, terwyl die stoere pioniersvolk wat sy wortels diep in die Afrikaanse bodem gehad het, die draër daarvan geword het.

Betreffende die onderwysbeheer van staatskole, het die Bataafse bewind die toepassing van die beginsel van die gereformeerde staatskool finaal beëindig. Dit was die eerste van verskeie pogings gedurende die 19de eeu om

die onderwysbeheer in Suid-Afrika radikaal te verander. Ook het De Mist se opskorting van die Christelike element van die tradisionele Christelik-nasionale onderwys van die gereformeerde staatskool die degenerasie van die nasionale beginsel voorafgegaan, want die nasionale beginsel was die volgende om in 'n harde stryd teen die magtige Angel-Saksiese kultuur en geesteswêreld gewikkel te raak.

#### 4. STRYD TUSSEN SENTRALISASIE EN DESENTRALISASIE ONDER ENGELSE BEWIND AAN DIE KAAP

##### (a) Die inplanting van vreemde wortels deur 'n vreemde bewind

Die beskouinge waarmee die Engelse as nuwe bewindhebbers die Kaap gedurende die 19de eeu sou bestuur, het baie verskil van sowel dié van die Kompanje-dae as dié van die Bataafse Tydperk en het verreikende implikasies vir die onderwys en sy beheer alhier gehad. Op dieselfde bodem waarop die Afrikaanse Calvinisme tot hiertoe redelik ongehinderd kon wortel skiet en tot wasdom in staat gestel is, is met die koms van die Britte in 1806 'n tweede, totaal vreemde maar magtige denkrigting ingeplant, naamlik dié van die Angel-Saksiese wêreld. Van nou af sou daar nie net een oorheersende denkrigting aan die Kaap wees nie, maar twee, en sou daar ook 'n heftige stryd tussen hierdie twee hoof-denkstrome om erkenning en voortbestaan ontstaan. Hierdie stryd waarin die twee denkrigtings gedurende die 19de eeu as twee onversoenbare en botsende magte teenoor mekaar te staan gekom het, het ook gepaard gegaan met die ontstaan van 'n selfstandige Engelsprekende bevolkingsgroep met sy eiesoortige beskouinge

teenoor die jong maar lewenskragtige inheemse Afrikaanssprekende volk wat reeds gebore was en verdere eiesoortige ontwikkeling as 'n geboortereg beskou het. Die stryd was by tye so heftig dat laasgenoemde volk hulle selfs in onafhanklike en selfstandige republieke sou verskans. Die vestiging van die Engelse aan die Kaap het gevolglik beteken dat baie sterk magte gekoppel aan fundamentele ideologiese verskille en verskillende taalgroepe, eers 'n vergelyk moes vind voordat daar weer soos voorheen van een Suid-Afrikaanse nasie met dieselfde nasionale ideale, ook ten opsigte van die onderwys, sprake kon wees.

Hoewel die Britse bewindhebbers aanvanklik wel versoenend opgetree en slegs op 'n versigtige en subtiele wyse die Engelse taal en kultuur na die Kaap oorgedra en hier ingeplant het, het die draers van die Angel-Saksiese tradisie dit reeds binne die tweede dekad van hulle beheer nodig geag om, namate die krag, vitaliteit en weerstand van die Afrikaner met sy Calvinistiese inslag tot hulle deurgedring het, 'n baie sterk gesentraliseerde landsbestuur hier te lande toe te pas wat in stryd met hulle heersende demokratiese beskouinge in Engeland was. Gevolglik is alle wetgewende en uitvoerende gesag in die hande van die goewerneur geplaas, die Politieke Raad afgeskaf en die Hoë Geregshof onder die goewerneur geplaas.<sup>1</sup>

1. Vgl. C.R. Kotze, "Nuwe Bewind, 1806-1834" in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp. 99-100; M.C.E. van Schoor, Die Nasionale en Politieke bewuswording van die Afrikaner . . . . ., p. 35; G.E. Cory, The Rise of South Africa, dl. 2, pp. 337-338; en Van der Westhuizen, op. cit., p. 18. Malherbe, op. cit., p. 58, beskrywe die afskaffing van die plaaslike bestuursliggame as volg: "The existing system of local government, consisting of heemraden, landdrost, veldcornet . . . . ., which administered revenues and justice in the districts and towns, was all swept away in 1827. Instead, everything was centralised . . . . ."

So oordrewe was die konsentrasie van die gesag in die hande van die goewerneur dat Theal skrywe: „The system under which the colony was henceforth ruled was virtually a despotism pure and simple.”<sup>1</sup>

Teen hierdie agtergrond is die spoedige groeiende belangstelling van die Engelse in die beheer oor die Kaapse onderwys begrypplik. Sonder 'n sterk houvas op die onderwys en sy beheer sou hulle sukkel om die Angel-Saksiese tradisie met sy Engelse taal en kultuur te laat wortel skiet, om die stryd teen die reeds groeiende Calvinistiese wortel op Afrikanerbodem te voer en hulle politieke oogmerke met hierdie kolonie te verwesenlik.

(b) Sir John Cradock se versoeningsmaatreëls

Na die tweede inbesitname van die Kaap deur Engeland, is daar vir 'n tydperk versoenend teenoor die inwoners van die Kaapkolonie opgetree soos onder meer blyk uit die eerste veranderinge wat Cradock op onderwysgebied aangebring het. In 1812 het Cradock byvoorbeeld die samestelling en funksie van die Skoolkommissie (Skolarge) wat vir die algemene beheer van die onderwys verantwoordelik was, verander en het hy die luitenant-goewerneur as president en die koloniale kapelaan as gewone lid aangestel.<sup>2</sup> Vanaf 1813 het die goewerneur „The Patron of the Bible and School Commission” geword en is die koloniale sekretaris en die predikant van Simonstad as gewone lede byge-

1. G.M. Theal, History of South Africa, 1795-1834, pp. 133-134.

2. Kaapkolonie, „Government Advertisement, 9th October, 1812” in G.M. Theal, Records of the Cape Colony, dl. VIII, pp. 500-501.

voeg.<sup>1</sup> Die predikante van die buitelandse wat alreeds deur De Mist se Skoolorde as honorêre lede aangewys is, „are expected, upon their visits to Cape Town, to more fully impart to the Bible and School Commission the circumstances of their respective parishes, and communicate whatever, in their opinion, is likely to aid the special object in view.”<sup>2</sup> Anders as in De Mist se tyd was die lede met kerklike verbintenisse nou in die meerderheid en moes die Skoolkommissie ook toesig hou oor die verspreiding van Bybels. Dit was in ooreenstemming met Cradock se beleid om die skool nader aan die kerk te bring.<sup>3</sup>

Die belangrikste voorbeeld van Cradock se versoeningsbeleid was die stigting van Kosterse skole in 1812 waarin gepoog is om weer die koster- en onderwysamp te verbind. Hierdie skole het onder die gesag van die Kaapse regering en die algemene beheer van die Bybel- en Skoolkommissie gestaan.<sup>4</sup> Godsdiensonderwys het in hierdie skole goeie aandag ontvang en moes volgens die Kategismus of

- 
1. Kaapkolonie, „Government Minute - Creation of Bible and School Commission in 1813, 1st July, 1813” in Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 40.
  2. Ibid.
  3. Vgl. Kaapkolonie, „Minute of the Bible and School Commission on the circulation of the Scriptures and the Religious Education of the Poor, July 8, 1813” in Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 41; en Van der Westhuizen, op. cit., pp. 35-36.
  4. Kaapkolonie, „Establishment by Sir John Cradock of Church Clerk Schools, and of Local School Commissions, in 1812, Secretary's Office, October 24, 1812” in Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 37.

ander boeke soos deur die predikant voorgeskrewe geskied.<sup>1</sup> Vir die onmiddellike toesig en beheer van hierdie plattelandse skole is distrikkomitees in die lewe geroep wat meestal uit die landdros of onder-landdros, die predikant en ouderlinge van die N.G. Kerk van die distrik bestaan het.<sup>2</sup>

Alhoewel hierdie distrikkomitees in die veraf distrikte aspirant-onderwysers kon ondersoek en aan die kosteronderwysers opdragte kon gee, was hulle magte en pligte egter aanvanklik swak en verwarrend omskrywe en is selfs belangrike sake eenvoudig aan hulle oordeel oorgelaat. Dit het derhalwe geen doeltreffende toesig oor die onderwys op die platteland gewaarborg nie.<sup>3</sup> 'n Geleentheid is wel vir die predikante en kerkrade geskep om 'n aandeel in plaaslike onderwysbeheer te hê, maar van die beginsel van medeseggenskap deur die ouers self was daar geen sprake nie. Die plasing van die finale gesag oor alle onderwys in die hande van die goewerneur en die wyse waarop hy hom direk met die werksaamhede van die Algemene Skoolkommissie ingelaat het<sup>4</sup> sodat laasgenoemde eintlik as 'n

1. Vgl. Kaapkolonie, "Minute of the Bible and School Commission on the circulation of the Scriptures and the Religious Education of the Poor, July 8, 1813" in Report of a Commission . . . . . upon the Government Education System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 41; en Van der Westhuizen, op. cit., p. 83.
2. Kaapkolonie, "Establishment by Sir John Cradock of Church Clerk Schools, and of Local School Commissions, in 1812, Secretary's Office, October 24, 1812" in Report of a Commission . . . . . upon the Government Education System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 37.
3. Vgl. Cilliers, op. cit., p. 32; en Van der Westhuizen, op. cit., p. 84.
4. Kyk "Letter from Sir John Cradock to F.E. Turr Esqre, December 8th, 1812" in G.M. Theal, Records of the Cape Colony, dl. IX, pp. 38-39 vir Cradock se inmenging met die aanstelling van 'n rektor vir die "Grammar School" in 1812. Vgl. ook Van der Westhuizen, op. cit., pp. 45-47.

werktuig van die goewerneur beskou kan word, het die deur geopen vir die latere stelsel van absolute gesentraliseerde onderwysbeheer. Die eerste tekens van die verengelsingbeleid wat onder latere goewerneurs op 'n besliste denasionaliseringsproses van die Afrikaner sou uitloop, was ook teenwoordig. Cradock wou die kosterskole graag gebruik om die Engelse taal te versprei en het derhalwe die wens uitgespreek dat die onderwysers Engels moes onderrig en 'n ekstra vergoeding van 100 riksdalers aangebied aan diegene wat daartoe in staat was.<sup>1</sup> Alhoewel die regte van die Hollandse laerskole in hierdie periode onaangestas gebly het, wys Van der Westhuizen daarop dat daar tog in 'n sekere mate teen die Hollandse meesters gediskrimineer is.<sup>2</sup>

Teen hierdie agtergrond gesien, is dit begryplik dat dié stelsel van skole nie geslaagd was nie en in 1816 is daar soos volg gerapporteer: „The worst, however, is that during the three years in which public schools and schoolmasters have existed, not much advantage has been derived from these institutions; at least it is certain that the schools established by public authority are not much frequented, nor are the public schoolmasters, as might have been expected, preferred by the inhabitants to the private ones, whom every colonist procures as he can.”<sup>3</sup> Gedurende die eerste jare van die 19de eeu het die open-

1. Kaapkolonie, „Establishment by Sir John Cradock of Church Clerk Schools, and of Local School Commissions, in 1812, Secretary's Office, October 24, 1812" in Report of a Commission . . . . . upon the Government Education/ System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 38.
2. Van der Westhuizen, op. cit., p. 31.
3. Kaapkolonie, Report of a Commission . . . . . upon the Government Education/ System of the Colony (G.24-1863), p. xxiii.



bare skole op die platteland derhalwe nog nie veel vir die boerebevolking beteken nie en was dit nog steeds die huisonderwys met behulp van private skoolmeesters wat die fakkel van beskawing brandend gehou het en terselfdertyd die Afrikaner se tradisies geleentheid gegee het om tot volle sterkte te groei.

(c) Somerset se vry, Engelse, gemengde staatskole

Die aanvanklike simpatieke houding van die Engelse teenoor die sentimente van die Hollandssprekendes het nie lank geduur nie. 'n Drastiese en versnelde program van verengelsing is deur lord Charles Somerset en sy opvolgers geloods waarin hulle onder andere van die kerk en skool gebruik wou maak om die Kaap so gou moontlik vir die Engelse taal en kultuur te wen.<sup>1</sup> Vir dié doel het hulle 'n stelsel van gesentraliseerde onderwys aan die Kaap toegepas wat direk in stryd met die tradisionele gesentraliseerde onderwysbeleid in die moederland was. In Engeland, die moederland van die Angel-Saksiese tradisie het die idees van die Franse Rewolusie aan die begin van die 19de eeu nog nie veel inslag gevind nie en was die staatsbewind oorwegend in die hande van die ryk adel en Anglikaanse Kerk. Ook ten opsigte van die onderwys was daar toe nog geen geldende onderwysstelsel vir die hele volk nie; trouens, 'n nasionale onderwysstelsel deur die staat voorsien, het heeltemal ontbreek.<sup>2</sup> Tiperend is

1. Vgl. Kaapkolonie, "Proclamation by Lord Charles Somerset, 5th day of July, 1822" in G.M. Theal, Records of the Cape Colony, dl. XIV, pp. 452-453, en "Letter from Henry Ellis, Esqre., to Henry Goulburn, Esqre., December 21, 1821," pp. 183-185.
2. Vgl. A.H. du P. van Wyk, Die invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, p. 14; Graves, op. cit., p. 231; Boyd, op. cit., pp. 306-307, 367-369; en E.H. Reisner, Nationalism and Education, pp. 221-224, 226, 229.

Kandel se beskrywing dat : „The principle of complete state control of education never took a firm hold on English thought. At the time when France was deciding in favor of a state-controlled system of education, the leaders of English thought, including even those who sympathized with French radicalism, were opposed to the provision and organization of education by the State; conservatives were afraid of it because they feared that the enlightenment of the masses would incite them to restlessness and discontent; liberals were suspicious of it because they feared that national education would mean uniformity, indoctrination, and the preservation of the status quo.”<sup>1</sup> In werklikheid was dit godsdienstige en filantropiese bewegings wat aan die begin van die 19de eeu die onderwys in Engeland probeer behartig het<sup>2</sup> en was die kiem van 'n individualisties georiënteerde demokratiese onderwysstelsel reeds teenwoordig. Aan die Kaap is daar egter 'n gans ander patroon gevolg. In ooreenstemming met die algemene regeringsvorm waarvolgens die Ministerie van Kolonies die Kaapse goewerneurs met gesag oorlaai het, het Somerset in 1822 'n stelsel van vry, Engelse gemengde staatskole ingevoer wat direk onder die gesag van die goewerneur gestaan het.<sup>3</sup> Aanvanklik het die goewerneur met slegs die hulp van die paar beskikbare landdroste al die verantwoordelikheid vir die organisasie en finansiëring van hierdie skole op hom geneem.<sup>4</sup> So is die

1. I. L. Kandel, Comparative Education, p. 50.

2. Vgl. Van Wyk, op. cit., pp. 14, 18; Reisner, op. cit., pp. 230-231, 236-239; en Graves, op. cit., pp. 237-239.

3. Kaapkolonie, Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), pp. xxiv-xxv; en Cilliers, op. cit., pp. 34-35.

4. Vgl. Van der Westhuizen, op. cit., pp. 164-167.

Bybel- en Skoolkommissie asook die plaaslike distrikskommissies oor die hoof gesien en het die goewerneur die geleentheid gehad om sonder die inmenging van plaaslike besture die beleid vir hierdie skole alleen te kon voorskrywe en om al die ou gevestigde beginsels van die Kaapse onderwys te veronagsaam : Moedertaal moes plek maak vir Engels as enigste onderwysmedium<sup>1</sup>, die aanstellings van onderwysers sou geheel en al deur die goewerneur behartig word<sup>2</sup> en godsdiensonderwys wat hoofsaaklik op Saterdag volgens die Hollandse of Skotse Kategismus onderrig sou word, moes ook deur medium Engels geskied.<sup>3</sup> Cilliers wys daarop dat blank sowel as nie-blank dié regeringskole kon bywoon; 'n assimilasiepolitiek wat in direkte teëstelling met die Afrikaner se standpunt van apartheid was.<sup>4</sup> Dit is van hierdie skole wat Greyling sê dat dit kinders van verskillende nasionaliteite en gelowe in dieselfde skoollokaal kon byeenbring, dat dit op geloofsterrein tot geloofsneutrale skole sou ontwikkel en op staatkundige ge-

- 
1. Kaapkolonie, „Printed Letter in reply to Teachers applying for Situations" in G.M. Theal, Records of the Cape Colony, dl. XIV, p. 97. Vgl. ook J. du P. Scholtz, Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1875, pp. 68-70. Hollands is nooit offisieel as vak of medium in die vry, Engelse skole erken nie.
  2. Kaapkolonie, Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), pp. xxiv-xxv, beskrywe hoedat Somerset van hierdie reg gebruik gemaak het om ongehinderd Engelse en Skotse onderwysers na die Kaap te laat kom en sonder raadpleging van die Bybel- en Skoolkommissie hulle op Afrikanerdorpe geplaas het.
  3. Vgl. Kaapkolonie, „Printed Letter in reply to Teachers applying for Situations" in G.M. Theal, Records of the Cape Colony, dl. XIV, p. 97. Van der Schijf, op. cit., pp. 90-91 vestig die aandag op die toenemende gebruik van godsdienstige boekies in ooreenstemming met die leer van die Episkopale Kerk en sê dat daar selfs aanduidings is dat hierdie kerk se leerstellinge op leerlinge afgedwing is.
  4. Cilliers, op. cit., pp. 35, 48.

bied die Engelse Imperiale koers sou inslaan.<sup>1</sup> Saam met die uitbreiding van die Engelse staatskole is die hulp uit die staatskas aan die geprivilegeerde Hollandse skole sover moontlik afgeskaf sodat laasgenoemdes verplig was om te sluit.<sup>2</sup> Gedurende hierdie jare is daar derhalwe op die Christelike sowel as die nasionale beginsels van die Afrikaner 'n kragtige aanslag gemaak, met die hoop dat die Afrikanerjeug hulle eie taal, kultuur en denke - hulle hele Afrikanertradisie - vir dié van die Engelsman sou verruil om sodoende lojale burgers van die Britse Imperiale Ryk te word.

Daar was wel halfhartige pogings om die stelsel van plaaslike onderwysbestuur beter te organiseer. So het die koloniale sekretaris op aandrang van die Bybel- en Skoolkommissie in 1827 regulasies goedgekeur wat bedoel was om die werksaamhede van die distrikskoolkomitees duideliker te omlin. Hiervolgens sou 'n distrikskoolkomitee oor al die skole in sy distrik beheer uitoefen en toesig hou deur die skole so gereeld moontlik te besoek en eksamen af te neem, en sou die komitee ook gereeld vergader en aan die Algemene Kommissie verslag doen.<sup>3</sup> In 1828 het die regering die samestelling van die distrikskoolkomitee so gewysig dat dit voortaan sou bestaan uit die Siviele Kommissaris, die Resident-Magistraat en ander lede wat die goewerneur mag aanstel.<sup>4</sup> Die laaste poging van die reeds kwynende Bybel- en Skoolkommissie om iets aan

1. Greyling, op. cit., pp. 35, 48.

2. Vgl. Kaapkolonie, Report of a Commission . . . . . upon the Government Education System of the Colony (G.24-1863), p. xxvii; Van der Schijf, op. cit., pp. 84-85; en Van der Westhuizen, op. cit., p. 192.

3. Vgl. Van der Westhuizen, op. cit., p. 205; Van Wyk, op. cit., pp. 51-52; en Malherbe, op. cit., p. 66.

4. Van der Westhuizen, op. cit., pp. 205-206.

die swak en ongeorganiseerde stelsel van plaaslike onderwysbestuur te doen, was die reeks voorgestelde regulasies wat sir Benjamin D'Urban op 11 Maart 1834 goedgekeur het. Hierdie regulasies wat maar net deur 'n paar skole toegepas is, wou onder andere die stelsel van skoolgeldvrye onderwys van die Somersetskole afskaf en het van ouers verwag om 'n deel van die koste volgens 'n vasgestelde skaal te dra.<sup>1</sup> Ten opsigte van plaaslike onderwysbeheer het die regulasies wel bepaal dat daar vir elke skool 'n plaaslike skoolkommissie sou wees wat uit minstens drie lede moes bestaan, maar by nadere ontleding<sup>2</sup> blyk dat die beginsel van ouermedeseggenkap hierin konsekwent geïgnoreer is, omdat dit nog altyd die goewerneur en diegene wat ampshalwe skoolkommissielede was, wat volle seggenkap oor die onderwys verkry het, en nie die ouers nie, met die gevolg dat die gesag en beleid van die goewerneurs al hoe kragtiger na die plattelandse onderwys uitgedra is, veral ook omdat hierdie skole in 'n groot mate van die finansiële ondersteuning van die regering afhanklik was en die goewerneur na willekeur die aanstellings van onderwysers kon behartig en die beleid kon voorskrywe. Aldus is hiermee gepoog om die hartland van die Afrikaner by te kom en dit te denasionaliseer.

Aanvanklik het die Somersetskole baie leerlinge

1. Kaapkolonie, "Regulations submitted for the approval of Government by the Bible and School Commission, dated 11th March, 1834" in Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), appendix V, pp. 51-52.
2. Vgl. Van der Westhuizen, op. cit., p. 220; en P.S. du Toit, "Onderwys in Kaapland" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 56.

getrek en het die Voorleserskole meestal gekwyn.<sup>1</sup> Ten spyte van die feit dat die Afrikanerbevolking die waarde van Engels besef het, het hulle egter gou in verset gekom toe hulle moedertaal in die staatskole opsetlik verwaarloos is, „want hulle het goed besef dat dit sou lei tot die vernietiging van hul Calvinistiese lewensbeskouing by die jongere geslag.”<sup>2</sup> Die bedreiging van hulle eie kultuur en eie volksaard asook die uitskakeling van plaaslike seggenskap waaraan die Afrikaner vroeër gewoond was en wat hy as 'n Godgegewe reg beskou het, het hulle laat gryp na private onderwys en huisonderwys waaroor die regering geen direkte beheer gehad het nie. Statistiese gegewens dui ook daarop dat die Engelse regeringskole gedurende hierdie jare leeggeloop het.<sup>3</sup> Dit was dan weer eens die onoffisiële private skooltjies en huisonderwys waarin die gereformeerde beginsel bewaar is. Hier het die ouers die inisiatief by die oprigting, instandhouding en beheer van die skool geneem en was dit die ouers wat bepaal het dat die gees en rigting van die onderwys Christelik-nasionaal moes wees. Sodoende is die tradisie van 'n gereformeerde benadering ten opsigte van die onderwys vir die nageslag beveilig. Gedurende hierdie periode het die Groot Trek ook 'n aanvang geneem en is hierdie Christelik-nasionale beginsel na die Noorde oorgeplant waar dit diep wortel ge-

1. Kaapkolonie, „Report on the State and Progress of the Government Schools in 1824, by Mr. Truter, Commissioner of the Court of Justice, addressed to the Bible and School Commission” in Report of a Commission . . . . . upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 50.
2. Van der Schijf, op. cit., p. 99.
3. Vgl. E. Eybers, „Hoofstukke uit die geskiedenis van opvoeding en onderwys in Suid-Afrika” in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, September 1926, pp. 39-44; Malherbe, op. cit., pp. 68, 81-83; en J. du P. Scholtz, op. cit., pp. 69-71.

skiet en tot 'n sterk plant gegroei het.

(d) Die Herschelstelsel en sentralisasiebeleid onder die eerste Kaapse Onderwysdepartement

Die mislukking van die Somersetskole het die destydse koloniale sekretaris, Bell, daartoe beweeg om 'n memorandum oor die Kaapse onderwys op te stel. Na omvattende kommentaar en aanbevelings deur sir John Herschel en Fairbain het die Britse regering op 22 Desember 1839 'n nuwe onderwysstelsel vir die Kaap goedgekeur.<sup>1</sup> Hierdie here was dit eens dat die onderwys 'n staatsaangeleentheid is en het derhalwe toegesien dat die eerste Kaapse Onderwysdepartement op die beginsel van 'n sterk gesentraliseerde stelsel met al die verantwoordelikheid in die hande van een persoon, die Superintendent van Onderwys, berus het.<sup>2</sup> Volgens Bell se voorstel moes hierdie onderwys hoof wees, "a sound, clear-headed man, either not belonging to the ministry, or so untinctured with prejudice in favour of this or that form of Christian Protestant faith as to constitute him an impartial Director-General of Public Schools in this Colony."<sup>3</sup> Aan hierdie onderwys hoof is omvangryke

1. Vgl. Kaapkolonie, "Documents: 1) Herschel to Bell 17 February 1838. 2) Bell's reply 20 February 1838. 3) Memorandum by Herschel to Lord Glenelg 6 March 1838. 4) Government Memorandum on Education 23 May 1839. 5) South African College letter from Herschel to Adamson." in W.T. Ferguson, Sir John Herschel and Education at the Cape, 1834-1840, pp. 14-40.
2. Volgens "Herschel to Bell 17 February 1838" in Ferguson, op. cit., p. 16, het Herschel soos volg aan Bell geskrywe: "I agree entirely with the concluding suggestion of the 'Memorandum' - that the central responsibility should be lodged in one individual."
3. Kaapkolonie, "Colonel Bell's Memorandum - August 1837" in Report of a Commission . . . . . upon the Government Education System of the Colony (G.24-1863), appendix V, p. 55.

magte toegesê wat onder meer ingesluit het dat hy persoonlik die onderwysers in die hoofsoorte staatskole moes aanstel en die aanbevelings van die plaaslike skoolkomitees goedkeur.<sup>1</sup>

Die Herschelstelsel het die Somerset-tradisie van gesentraliseerde onderwysbeheer, die veronagsaming van ouermedeseggenskap en die beperking van plaaslike onderwysbesture aanvanklik gehandhaaf. Ten spyte dan van die toegewings dat Hollands as 'n middel gebruik kon word om Engels aan leerlinge te leer en dat leerlinge geleentheid sou kry om hulle onderskeie kerke se kategismus te leer ('n gewetenskousule is saam hiermee ingestel)<sup>2</sup>, was daar geen sprake van Christelik-nasionale onderwys volgens Afrikanertradisie nie en kon die staat deur middel van sy gesentraliseerde onderwysbeheer steeds voortgaan met die denasionalisering van die Afrikaner.

In die botsing tussen die Angel-Saksiese denkbearde en die Calvinistiese Afrikanertradisie het die Britse gesagvoerders tot hiertoe hulle toevlug op onderwysgebied hoofsaaklik tot 'n gesentraliseerde stelsel van onderwysbeheer geneem. Deur die onderwys gratis te maak en „goeie“ onderwysers vervul met die Engelse ideale en tradisies uit Engeland in te voer, het hulle gehoop om die leerlinge na hulle Engelse staatskole te trek. In ruil vir hierdie onderwys het hulle gehoop dat die jeug van die Afrikanervolk die Engelse taal en kultuur wat in hierdie

- 
1. Vgl. Kaapkolonie, „Government Memorandum - Education - 23rd May, 1839“ in Report on Public Education for the year 1855, and the first half of 1856, pp. 59-61; en Malherbe, op. cit., p. 73.
  2. Vgl. Kaapkolonie, „Government Memorandum - Education - 23rd May, 1839“ in Report on Public Education for the year 1855, . . . . ., (G.16-1857), p. 60.



skole verpligtend was, sou aanvaar en hulle Calvinistiese Christelik-nasionale beginsels sou versaak. Met hierdie stelsel wat vir die Hollandssprekendes te staats en liberaal was en volgens Malherbe te „entirely out of harmony with the temperament of the people”<sup>1</sup>, wou die Afrikaner egter niks te doen hê nie en het liever van huisonderwys aangevul deur rondtrekkende „skoolmeesters” en private skooltjies gebruik gemaak, want daarin sou sy beginsels en Afrikanertradisies minstens teen die aanslae van die vreemde veroweraar beskermd wees.

5. DIE VESTIGING VAN DIE NEUTRALE STAATSKOOLGEDAGTE AAN DIE KAAP ONDER ROSE-INNES EN LANGHAM DALE TEN SPYTE VAN TOEGEWINGS EN PROTES

(a) Desentralisasie onder Rose-Innes

Die aanstelling van Rose-Innes as eerste Superintendent van Onderwys in 1839 het egter 'n keerpunt in die toepassing van die beleid van oordrewe sentralisasie beteken. . Op gematigde wyse sou hy poog om geleidelik die Somerset-Herschel-tradisie van onderwysbeheer te verander binne die raamwerk van die verengelsingsprogram. Rose-Innes het besef dat die vry Engelse staatskool van die Somerset-Herschel-tradisie tot geen noemenswaardige sukses in staat was solank die beheer uitsluitlik 'n sterk gesentraliseerde staatsgesag was wat goed georganiseerde plaaslike verteenwoordiging en inisiatief geïgnoreer het nie. Kort na die ontbinding van die Bybel- en Skoolkommissie in 1841 het Rose-Innes dan ook deur middel van nuwe regulasies in 1842 die werkzaamhede van plaaslike skoolkommis-

1. Malherbe, op. cit., p. 88.

sies duideliker omskrywe en die stelsel gereorganiseer. Hiervolgens is daar duideliker onderskei tussen die pligte van die Superintendent van Onderwys wat interne aangeleenthede soos skoordissipline en die onderrigstelsel sou insluit, en die pligte van die plaaslike skoolkommissies wat oor eksterne sake soos die toesig oor skoolgeboue en algemene onderwystoestande sou handel.<sup>1</sup>

Rose-Innes was deeglik bewus van die beperktheid van die trefkrag van die Herschelskole, want met sy eerste inspeksiereis het hy gevind dat daar net in drie distrikte alleen meer as neëntig private onderwysers was.<sup>2</sup> Geen wonder dat hy die noodsaaklikheid ingesien het om dadelik toegewings te maak en meer erkenning aan persoonlike en plaaslike inisiatief te verleen nie, veral met die oog op die stigting van 'n nuwe tipe skool vanaf 1843 op die platteland : die derde klas of sogenaamde staatsondersteunde skool. Vir hierdie doel moes die inwoners van 'n gebied (en nie net die ouers nie) uit hulle eie geledere 'n skoolkommissie kies, 'n skoollokaal en 'n onderwyserswoning voorsien en bereid wees om elke jaar R80 vir die salaris van die onderwyser byeen te bring wat die regering dan tot R140 sou aanvul.<sup>3</sup> Alhoewel die stelsel van selfgekoose skoolkommissies 'n belangrike toegewing was, was hierdie kommissies se magte egter baie beperk en het hulle

1. Vgl. Kaapkolonie, "Letter of Instruction to the Local School Commissions of the Colony, .....18th February, 1842" in Report of a Commission ..... upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863), pp. 74-76.
2. P.S. du Toit, "Onderwys in Kaapland" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, p. 59. Vgl. ook Kaapkolonie, Blue Book - 1842, "Education. Return of the number of schools etc.", pp. 246-253.
3. Kaapkolonie, "Government Minute, Conditions on which Aid will be granted ..... 14th September, 1843" in Report on Public Education for the year 1855, ....., (G.16-1857), pp. 37-38.

geen seggenskap oor die gees en rigting van die onderwys in hierdie skole gehad nie. As voorwaarde vir die finansiële ondersteuning het die regering byvoorbeeld geëis dat Engels so gou moontlik tot die oorheersende gebruikstaal verhef moes word en dat die godsdiensonderwys wat gedurende skooltyd geskied het, slegs die lees van die Bybel moes behels.<sup>1</sup>

Dat die beginsel van selfverkose skoolkommissies en ondersteunde onderwys twee belangrike beginsels vir die Afrikaner-volksdeel was, ly geen twyfel nie; trouens, die gedeeltelike sukses van hierdie stelsel bewys dit. Maar wanneer Rose-Innes weier om in ooreenstemming met die Calvinistiese beginsels aan hierdie „ouerverteenwoordigers“ die reg te verleen om self oor die gees en rigting van die skool te besluit, veral ten opsigte van die Christelike en nasionale in die onderwys, slaag hy nie daarin om werklik die vertroue van die Afrikaner te wen nie. Inteendeel, sy verengelsingsbeleid en liberalistiese ideale het nog steeds weersin en reaksie uitgelok en daar is gedurende die tweede helfte van die 19de eeu voortgegaan met die stigting en instandhouding van private skole sonder staats-hulp. Met betrekking tot die onderwysstelsel van sy tyd verwys „The Cape Monthly Magazine“ in 1862 na die platte-landse „efforts to supply a system of education more in accordance with their principles, and more suited to their requirements . . . . . ,“<sup>2</sup> en sê Langham Dale, die nuut aangestelde Superintendent van Onderwys in 1860: „There is

- 
1. Kaapkolonie, „Government Minute, Conditions on which Aid will be granted . . . . . 14th September, 1843“ in Report on Public Education for the year 1855, . . . . . (G.16-1857), pp. 37-38).
  2. The Cape Monthly Magazine, „Education“, Januarie tot Junie 1862, p. 33.

abundant proof that the chief element of success - local interest - is wanting in the established schools: unless the inhabitants feel that they have a voice in the appointment of the teacher and in the management of the school, they do not afford that substantial countenance which alone can contribute to the efficiency of the labours of the teacher."<sup>1</sup>

Reeds gedurende Rose-Innes se superintendent-skap was daar in Engeland sterk magte aan die werk om meer erkenning vir die beginsels van menslike vryheid en nie-staatsinmenging in die Britse demokrasie. So het die laissez faire-houding van die Whig-ministerie in Engeland daartoe aanleiding gegee dat selfbestuur en desentralisasie geleidelik in die Kaapkolonie toegepas is terwyl die plaaslike agitatie om meer verantwoordelike bestuur uitge-loop het op die aanneme van Wet nr. 5 van 1855 vir die stigting van afdelingsrade wat die bestaande weërade en skoolkommissies moes vervang.<sup>2</sup> Alhoewel die Koloniale Sekretaris in dier voege aan al die skoolkommissies kennis van ontbinding gegee het, is die bepalinge dat afdelingsrade 'n onderwysfunksie moes vervul, egter nooit toegepas nie. Drie jaar later het Wet nr. 14 van 1858 ook vir „Educational Boards in the Fieldcornetsies, Villages and Towns of this Colony" voorsiening gemaak, maar teen 1861 het slegs een skool daarvan gebruik gemaak.<sup>3</sup>

1. Kaapkolonie, Report of the Superintendent-General of Education for the year 1860 (G.17-1861), p. 2.
2. Vgl. Kaapkolonie, Report of a Commission . . . . . upon the Government Education/ System of the Colony (G.24-1863), p. xl.
3. Van Wyk, op. cit., pp. 85-86. Vgl. ook Kaapkolonie, Report of the Superintendent-General of Education on a Tour of Inspection of the Schools in the Western Divisions of the Colony (G.29-1858), p. 7.

(b) Langham Dale se neutrale staatsondersteunde skole en verengelsingsbeleid vestig te midde van private onderwys

(i) Aksie en reaksie ten opsigte van Langham Dale se stelsel van neutrale staatsondersteunde skole en plaaslike onderwysbestuur. Langham Dale, die opvolger van Rose-Innes, wat 'n getroue volgeling van die liberale beleid van die Whig-regering en die vryheidsfilosofie van Straut Mill was, het die beginsel van desentralisasie waarmee sy voorganger begin het en die beperking van staatsoorheersing so ver moontlik toegepas. Hy was dan ook gekant teen die bestaande Herschelstelsel waarvolgens die staat die onderwys ten volle beheer het en die Superintendent van Onderwys 'n eenmansegenskap gevoer het.<sup>1</sup> In ooreenstemming met hierdie vryheidsgees het die belangrike Onderwyswet nr. 13 van 1865 bepaal dat die reeds kwynende vry- staatskole geleidelik afgeskaf moes word ten gunste van staatsondersteunde eersteklas- (in die groter dorpe), tweedeklas- (in die kleiner dorpe) en derdeklasskole (op die plase) wat die staat op 'n £-vir-£ grondslag sou ondersteun.<sup>2</sup> Hierdie nie-denominasionale skole was onderworpe aan die sentrale beheer van die Superintendent van Onderwys en die plaaslike bestuur van skoolkommissies wat in die plek van die afdelingsrade en „Educational Boards” gekom het.

Op die oog af het Dale se onderwysdenkbeelde en -maatreëls so goed gelyk dat die herstel van die ouerregte

1. Kaapkolonie, Report of the Superintendent-General of Education for the year ended 30th June, 1882 (G.3-1883), pp. 14-15.
2. Kaapkolonie, Wet nr. 13 van 1865, art. 5; en Code of School Regulations (G.1-1865).

selfs daarin gelees is.<sup>1</sup> In die praktyk het dit egter 'n versnelde aksie vir die vestiging van die neutrale staatskoolgedagte geblyk wat 'n hewige reaksie van die kant van die Afrikaner wat hom deur die 1865-Wetgewing bedreig gevoel het, en 'n groot opbloei van die Hollandse private skole ontlok het. Want op die keper beskou, het hierdie Onderwyswet weinig regte vir die ouer en die Hollandse deel van die bevolking gewaarborg. Behalwe vir die bepaling dat die samestelling van die skoolkommissies aan die goedkeuring van die regering onderworpe was, was daar in dié Onderwyswet geen duidelike voorskrif vir die samestelling en verkiesing van die kommissies nie en het dit algemene gebruik geword dat die sogenaamde „guarantors" die lede uit die ondertekenaars van die waarborglys vir plaaslike bydraes gekies het.<sup>2</sup> Daar was derhalwe geen waarborg vir ouermedeseggenenskap deur 'n ouerverkose kommissie nie. Ook het dié Onderwyswet die standpunt bly handhaaf dat plaaslike kommissies geen seggenenskap oor die onderrig van moedertaal, godsdiens en kultuur gehad het nie. In werklikheid is Engels as die enigste onderwysmedium voorgeskrywe - slegs aan plaasskole was daar 'n toeweging dat hulle twaalf maande uitstel kon kry - en godsdiensonderwys moes ná skool aangebied word.<sup>3</sup> Terwille van die verengelsingsbeleid het die staat derhalwe nog steeds volle beheer oor aangeleenthede soos taalmedium,

---

1. Vgl. Cilliers, op. cit., p. 70.

2. Vgl. Kaapkolonie, Report of The Commission appointed to inquire into and report upon the working of the Education Acts in force in this Colony, 1879-1880 (G.75-1880), p. 7.

3. Kaapkolonie, Code of School Regulations (G.1-1865), „Conditions on which Aid is granted by the Government in support of undenominational Public Schools", pp. 2-4.

godsdiensonderwys en aanstellings van onderwysers uitgeoefen. Met slegs geringe wysigings het hierdie 1865-On-derwyswet die Kaapse onderwys tot aan die einde van die 19de eeu gereël en sodoende die idee van 'n neutrale staatskool finaal gevestig.

Ten spyte van Langham Dale se beskouing dat die ouer vir sy kind se opvoeding verantwoordelik is en die staat sy inmenging tot die ondersteuning van ouerlike pogings vir onderwysfasiliteite mees beperk, was sy Onderwyswet van 1865 derhalwe 'n geweldige slag vir die Afrikaner, „want daarmee is sy twee fondamentstene, sy godsdiens en sy taal, finaal uit die skole verban.“<sup>1</sup> Weer eens is daar op groot skaal van private onderwys gebruik gemaak. In sy verslag van 1883 skat Langham Dale dat daar teenoor die 20,408 blankes in regeringskole ongeveer 10,000 in private dorpskole en 1,500 in private plaasskooltjies is<sup>2</sup>, terwyl Donald Ross in dieselfde jaar opmerk: „There probably is no other country where private schools, unaided by the state and altogether unendowed, have risen so rapidly, or upon the whole succeed so well against the natural competition of the Government Schools, which are liberally supported out of the public funds. In almost every town, it might be added, in almost every villiage, non-aided schools exist side by side with aided ones.“<sup>3</sup> Die inisiatief vir die stigting van die Hollandse private skole het gewoonlik òf van die kerk òf van die ouers van

1. Cilliers, op. cit., p. 85.

2. Kaapkolonie, Educational statistics . . . . . of The Aided-School System in this Colony . . . . . (G.78-1883), p. 11.

3. Kaapkolonie, Preliminary Report on the state of Education in the Colony . . . . . by Donald Ross (G.12-1883), p. 12.

Hollandssprekende kinders uitgegaan in wie se hande die beheer oor dié skole meestal gesetel het.

(ii) Toesig en invloed van 'n gedeeltelik verengelsde Hollandse Kerk oor die onderwys. Die N.G. Kerk wat onder die V.O.C. as die Gereformeerde Kerk bekend gestaan het, het die invloed van die verengelsingsbeleid nie vrygespring nie. Hiervoor het die Engelse bewind gesorg deur byvoorbeeld so baie Engelssprekende predikante na die Kaap te bring dat daar reeds op die 1834-Sinode dertien Skotse predikante teenoor elf ander was.<sup>1</sup> As gevolg van ernstige besware van Hollandse predikante en gemeentelede is hierdie beleid later verander en het die Hollandssprekende predikante die Skotse predikante weer na 1839 in getal oortref.<sup>2</sup> Die proses van verengelsing het egter voortgegaan en pogings is byvoorbeeld in 1834 en 1862 aangewend om die kanseltaal van die Afrikaner se kerk Engels te maak.<sup>3</sup> Vanaf Januarie 1865 is daar in die Grootte Kerk, Kaapstad, gereeld elke Sondag dienste in Engels gehou.<sup>4</sup> Hierdie soort optrede het dié eertydse waghond en kampvegter vir Christelike onderrig in skole volgens Calvinistiese beginsels deur middel van die moedertaal, se geledere erg verdeel en vir etlike jare kragtelos gemaak. Tereg merk Potgieter op dat die N.G. Kerk gedurende die eerste vyftig jaar van verengelsing tot geen sterk optrede in staat was nie, omdat hierdie kerk toe nog self in 'n stryd om die behoud van Hollands op

1. J. du P. Scholtz, op. cit., p. 88.

2. Ibid., p. 97.

3. N.G. Kerk Acta Synodi, 6 November 1834, p. 89 en 16 Oktober 1862, p. 13.

4. Vgl. De (Gereformeerde) Kerkbode, „Kerknieuws“, 21 Januarie 1865, p. 26.



eie werf gewikkel was en baie van die predikante die Engelse regering goedgesind was.<sup>1</sup>

Hierdie verwarring in eie geledere het egter nie die N.G. Kerk verhoed om gedurende dié jare 'n belangrike rol in die onderwys te speel nie. Hierdie kerk se sinodale vergadering van 1852 het byvoorbeeld besluit: „De Synode bevele ten ernstigste aan, dat er in iedere Gemeente bestaan zal ten minste ééne Dag School, onder toevorzig van den Kerkeraad, waarin aan kinderen van Ledematen en anderen, die zulks zouden mogen begeeren, onderwijs worde gegee, en wel voornamelijk in de leer onzer Kerk.”<sup>2</sup> Dit was egter nie van verbygaande belang dat daar in 1852 op sinodale vlak ook verwys is na die „weldadige bedoelingen van het Goeverment” en „de welwillende gezindheid der hooge regering” ten opsigte van die onderwys wat „zoo liberaal en zoo toegevend” is dat die Kerk met vrymoedigheid die staat se onderwyspogings kon steun nie<sup>3</sup> want reeds teen 1857 het die N.G. Kerk sy oorspronklike beleid in verband met kerkskole laat vaar ten gunste van „het openbare onderwijs” deur sy besluit om 'n waaksaamheidskommissie aan te stel om toe te sien dat „het positief Christelik element niet verdwijne uit de volkscholen.”<sup>4</sup>

Die Skoolwetgewing van 1865 wat godsdiensonderwys gedurende skoolure verbied het, het in hierdie „verdeelde” Hollandse Kerk 'n verskeidenheid van reaksies uitgelok: Eerstens, dat ouers self private skole moes stig en onderhou; tweedens, dat die kerk, onafhanklik van

1. M. du T. Potgieter, op. cit., p. 289.

2. N.G. Kerk Acta Synodi, 1 November 1852, p. 53.

3. M. du T. Potgieter, op. cit., p. 69.

4. N.G. Kerk Acta Synodi, 30 Oktober 1857, p. 45.

die staat, met of sonder staatsondersteuning kerkskole moes stig, en laastens, dat die kerk hom slegs vir die hervorming en erkenning van die Christelike beginsel in bestaande staatskole moes beywer.<sup>1</sup> Op sinodale vlak is die besluit van 1857 egter gehandhaaf. Trouens, die belangrike „Opvoedings-Sinode" van 1873 het dit herbevestig deur 'n besluit te aanvaar dat die N.G. Kerk nie in eie krag die onderwys kan beheer nie, maar slegs in medewerking met die staat.<sup>2</sup> Omdat dit egter veral die predikante en die kerkrade was wat gewoonlik die ernstige nood aan onderwysgeriewe raakgesien het, was dit ook hulle wat destyds voortgegaan het om met die stigting, instandhouding en toesig van skole behulpsaam te wees.<sup>3</sup> By tye was daar dan ook talle klein plaasskole onder die direkte beheer van sommige kerkrade. Malherbe bestempel die N.G. Kerk gedurende hierdie jare selfs as „the very soul of local effort."<sup>4</sup> Aanvanklik het sommige kerkskole derhalwe nog bly voortbestaan, maar die geskiedenis leer ook dat die N.G. Kerk hom na die tweede helfte van die vorige eeu inderdaad al hoe meer op die hervorming van die staatsonderwysstelsel begin toelê het.

Terwille van doeltreffende onderwysaksie en -toesig het die N.G. Kerk na 1862 van Opvoedingskommissies, 'n Inspekteur vir Sending en Skoolwese, Ringsinspekteurs van Onderwys en plaaslike opvoedingskommissies begin ge-

- 
1. Vgl. Cilliers, op. cit., p. 100; Greyling, op. cit., p. 42; en M. du T. Potgieter, op. cit., p. 237.
  2. Vgl. N.G. Kerk Acta Synodi, 26 November 1873, p. 67.
  3. Vgl. De (Gereformeerde) Kerkbode, „Opvoeding en Onderwijs. Rapport van Inspector van Onderwijs voor den Ring van Albanie", 8 Februarie 1873, pp. 42-47, en „Verslagen van de Inspectors van Onderwijs", 14 Junie 1873, pp. 186-189.
  4. Malherbe, op. cit., p. 109.

bruik maak. So byvoorbeeld het die opvoedingsmasjinerie wat die „Opvoedings-Sinode“ van 1873 geskep het, bestaan uit drie algemene superintendente wat ook die Algemene Opvoedingskommissie gevorm het, terwyl die gebruik om in elke Ring 'n leraar as inspekteur aan te wys om kerk sowel as staatskole te besoek, behou is.<sup>1</sup> Hierdie Superintendente, Ringinspekteurs en Sinodale Kommissies het gedurende die 19de eeu aan die N.G. Kerk 'n groot invloed en houvas op private sowel as staatsonderwys besorg; dikwels in die vorm van direkte toesig. Soos die staat hom egter in toenemende mate met die reëling van onderwys sake ingelaat het deur onder andere regeringsinspekteurs aan te stel, het die N.G. Kerk sy direkte toesig oor skoolonderwys ingekort en opgehou om Ringinspekteurs aan te stel.<sup>2</sup> Hierna het dié Kerk op 'n ondubbelsinnige wyse voortgegaan om sy beleid ten gunste van 'n staatskoolstelsel waarin die Christelike beginsel erken word, toe te pas - 'n standpunt wat vandag nog deur die N.G. Kerk gehandhaaf word.<sup>3</sup>

Die Engelse invloed uit die geleedere van die N.G. Kerk gedurende die middel van die 19de eeu het 'n betekenisvolle uitwerking op die onderwys gehad. Alhoewel enkele predikante gedoen het wat hulle kon om die belange van die Hollandse taal in die onderwys te beskerm, was die oorgrote meerderheid kerkleiers van daardie jare met baie

1. Vgl. N.G. Kerk Acta Synodi, 29 Oktober 1873, p. 23, en 30 Oktober 1873, p. 23.

2. N.G. Kerk Acta Synodi, 21 November 1890, p. 60.

3. Vgl. Verslag van die Jeugstudiekommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sitting 13 Oktober 1966 e.v.d., p. 366. Hiervolgens is dit vandag die N.G. Kerk se taak om die openbare skool Christelik te beïnvloed. Eers wanneer die Christelike opvoeding op skool deur die staat verloën word, neem die kerk hierdie standpunt in heroorweging.

min Hollands tevrede. Selde is die sogenaamde reg van Engels om in alles 'n eerste plek in te neem, betwis. Nie net die staatskole nie, maar ook baie van die Hollandse private skole wat meestal een of ander verbintenis met die N.G. Kerk gehad het, was op Engelse lees geskoei en het aan Hollands slegs 'n beskeie plekkie gegee.<sup>1</sup> So het die N.G. Kerk in 1872 die leiding geneem met die stigting van meisieskole soos die „Good Hope Seminary" in Kaapstad en die „Huguenot Seminary" op Wellington volgens Amerikaanse-Skotse patroon. Al dié „seminaries" is van Amerikaanse of Skotse hoofde voorsien en die oorgrote meerderheid van die personeel was ook Engelssprekend<sup>2</sup> met die gevolg dat die Hollandse taal en vaderlandse geskiedenis skroomlik verwaarloos is. Watter heilsame uitwerking hierdie inrigtings ook al in die algemeen gehad het, bly dit waar dat hulle Angel-Saksiese gees en tradisie die denasionaliseringsproses van die Afrikaner aangehelp het. Dieselfde onafrikaanse toestand het ook in die Normaalskool van die N.G. Kerk geheers wat in 1878 vir die opleiding van godvresende onderwysers gestig is. James Reid Whitton, direk uit Skotland, was byvoorbeeld sewe en dertig jaar lank die hoof van die inrigting en die voertaal was Engels. Aan Hollands as vak is slegs drie uur per week bestee.<sup>3</sup>

1. Vgl. Cilliers, op. cit., p. 76; M. du T. Potgieter, op. cit., pp. 294-295; en J. du P. Scholtz, op. cit., p. 179.

2. Vgl. De (Gereformeerde) Kerkbode, „Offisieel. Ring van de Kaapstad", 2 November 1872, p. 355, en „De Hugenooten School te Wellington", 1 November 1873, p. 361.

3. Vgl. N.G. Kerk Acta Synodi, „Verslag der Curatoren van de Normaalschool bij de Hoog-eerw. Synode ingediend in hare vergadering van het jaar 1880", Bylaag, 1880; en A. Dreyer, „'n Normaalskool-Studentegroep" in De Kerkbode, 26 Mei 1926, p. 707.

Eers na 1880 het die Kaapse N.G. Kerk met betrekking tot die taalstryd ten gunste van Hollands 'n duideliker besef van sy roeping geopenbaar en teen 1882 saam met ander taalaksies van die Afrikaner, die regering daartoe gebring om Proklamasie nr. 113 van 1882 uit te vaardig waarvolgens die keuse van die onderrigmedium aan die skoolkommissies oorgelaat is en die hoofonderwyser of een van die assistente daartoe bevoeg moes wees en daartoe verplig kon word om Hollands te onderrig.<sup>1</sup> Dit was ook gedeeltelik op aandrang van hierdie Kerk dat die Parlement in 1886 besluit het om weer aan godsdiensonderwys 'n plek in die gewone skoolprogram te gee.<sup>2</sup>

(iii) Enkelingpogings van verset uit Afrikanergeledere teen die Angel-Saksiese mag. Ten spyte van Langham Dale se pogings om die liberale en demokratiese beskouinge van Engeland en Skotland op Suid-Afrikaanse onderwys oor te dra, was daar nog soveel gesag in die hande van die Superintendent-generaal van Onderwys en was die plaaslike onderwysstelsel so deurspek van die verengelsingsbeleid dat Thomas Muir dieselfde stelsel vanaf 1892 kon gebruik om die Imperialisme van Disraeli se Toryministrie en die Rhodes-Jameson-angalisasiebeleid op die Kaapse onderwys oor te dra.

Die oorwinnings wat die Engelse bewindhebbers aan die einde van die 19de eeu met hulle verengelsingsbeleid aan die Kaap behaal het, het so omvangryk vertoon dat dit die indruk geskep het van 'n volledige verowering van al die belangrikste lewensterreine, onder andere ook die

1. The Cape of Good Hope Government Gazette, 21 Julie 1882, p. 182.

2. The Cape of Good Hope Government Gazette, „Proklamasie nr. 80“, 28 Mei 1886, p. 1015.

onderwys. Tog was dit nie die geval nie en was daar van 'n algehele vernietiging en oorgawe van die Afrikaner en sy Calvinistiese beginsels geen sprake nie, want toe die stryd op sy heftigste was en oorgawe aan die Angel-Saksiese taal en tradisies 'n algemene verskynsel geword het, het 'n klein groepie Afrikaners met kragtige pogings voor die dag gekom en gehelp om die Afrikaner wakker te skud en opnuut van sy Christelik-nasionale ideale bewus te maak. 'n Voorbeeld hiervan is „Die Genootskap van Regte Afrikaners” met sy *strewe* vir God, Taal en Vaderland; wat onder die leiding van S.J. du Toit gestaan het en as lyfblad gehad het die eerste Afrikaanse koerant, „Die Patriot”.

Die verset teen die neutrale verengelsde staatskool van die tweede helfte van die 19de eeu is veral geleidelik deur predikante soos G.W.A. van der Lingen, S.J. du Toit en W.P. de Villiers wat in persoonlike hoedanigheid en op grond van hulle Calvinistiese beskouinge die idee van staatsbeheerde onderwys sterk aangeval het en 'n stryd ter wille van vrye Christelike skole aangeknoop het. So stig Van der Lingen die Paarlse Gimnasium in 1859 en De Villiers vrye Christelike skole in sy gemeentes Beaufort-Wes en Carnarvon onder die alleen-beheer van die plaaslike kerkrade en word die „Gedenkschool der Hugenoten” in 1882 op Kleinbosch, Daljosaphat, geopen as 'n Afrikaansmediumskool gegrond op die Christelik-nasionale beginsels van die Afrikaner.<sup>1</sup>

Ook het die Gereformeerde Kerk wat in 1859 gestig is, as 'n sterk bondgenoot van die Afrikaner na vore getree met die stigting van skole wat vry moes wees van

1. Vgl. J. Chr. Coetzee, Ds. S.J. du Toit en Die Onderwys, p. 35; en Cilliers, op. cit., pp. 86-93.

staatsbeheer. Aanvanklik het hierdie kerk probeer om self kerkskole te stig. In 1882 het die Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode egter besluit dat „de ouders zelf het onderwijs voor hunne kinderen moeten bezorgen en bekostigen. Kan een Kerkeraad eene Kerkschool oprichten, dan doet die dat namens de Gemeente ter harer hulp en met hare kosten. Besluit de Regeering het onderwijs te helpen bevorderen en aan elke school, waarin voldoende onderwijs in de noodige burgerlijke wetenschappen gegeven wordt, eene toelaag uit 's lands kas toe te kennen naar een redelijken maatstaf, dan mag eene Christelike School die toelaag met evenveel recht ontvangen als elke andere School, behoudens onafhankelijke vrijheid in het Godsdienstig Onderwijs.”<sup>1</sup> Hiermee het die Gereformeerde Kerk die beginsel van vrye Christelike skole met staatsteun onderskrywe.

Hierdie ywer vir die stigting van vrye Christelike skole was egter enkeling- en minderheidspogings teen 'n oorwig, ook in eie geledere, want in 1879 en 1881 pleit W.P. de Villiers as lid van die Kaapse Parlement tevergeefs vir hierdie beginsel<sup>2</sup> en in 1886 het die Kaapse N.G. Sinode 'n voorstel van hom vir die stigting van sodanige skole afgestem.<sup>3</sup>

Die stryd teen verengelsing was egter nie net tot die Suide beperk nie. Ook die twee selfstandige Boere-republieke, die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaanse Republiek, wat gedurende die tweede helfte van die 19de eeu as die produk van die Afrikaner en sy Calvinisme tot stand gekom het, moes hewige aanslae vanuit Angel-Saksiese oord

1. Gereformeerde Kerk Acta Synodi, 20 April 1882, p. 57.

2. J. Chr. Coetzee, Ds. S.J. du Toit en Die Onderwys, pp. 36-37.

3. N.G. Kerk Acta Synodi, 8 November 1886, pp. 42-43.

verduur. 'n Stryd waarvan die spore duidelik sigbaar is in die verskillende onderwysstelsels wat in hierdie republieke uitgetoets is, want alhoewel daar altyd gepoog is om, veral wat die bestuur van die onderwys betref, eie stelsels uit te bou, was die Engelse invloed, voorbeeld en hulp altyd onmiddellik teenwoordig en beskikbaar met die gevolg dat dit soms in die gevalle van nood wel ingespan is.

6. DIE WISSELENDE GANG VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE GEDAGTE IN DIE NOORDELIKE REPUBLIEKE

(a) Oueronderwys gedurende pioniersjare plant Christelik-nasionale onderwysgedagte in nuwe Boere-republieke

Die botsing tussen die ideologiese magte van die Afrikaner en die Engelsman gedurende die eerste helfte van die 19de eeu was een van die aanleidende oorsake van die Groot Trek en die uiteindelijke totstandkoming van die Vrystaatse en Transvaalse Boererepublieke. Waar die Afrikaner voor die koms van Somerset nog die geleentheid gehad het om in die Kolonie sy Calvinistiese tradisie van vryheid en selfstandigheid, sy eie taal en sy Christelike en nasionale ideale op die afgesonderde boereplase met sy huisonderwys uit te lewe en te beskerm, is hy later ook uit hierdie vesting verdrywe deur die nader kruipende verengelsde skool en kerk. Vir die Afrikaner was daar geen ander keuse nie as om na die ongetemde Noorde te verhuis indien hy wasdom vir sy eie taal, sy eie godsdiens en sy eie Calvinistiese lewensopvatting verlang het. Duisende Afrikaners het dan ook hierdie keuse gemaak omdat daar in hulle harte die brandende begeerte was om vry van die oorheersende en



vreemde Angel-Saksiese invloed as aparte blanke volk met 'n eie identiteit en goddelike roeping te bly voortbestaan, iets gans anders as die Franse Rewolusie met sy kreet van „Geen God en geen meester nie“. Tereg wys Pistorius daarop dat die Afrikanervolk sodoende „'n belangrike en ontwrigtende deel van die filosofiese ontwikkeling van Europa, naamlik die intensiewe verdiesseitiging van die 19de eeu, nie meegemaak (het) nie.“<sup>1</sup> Hierdeur is die sterkste bron van die Afrikaner se krag bewaar.

Omdat daar gedurende die Groot Trek en die eerste lewensjare van die twee Boererepublieke, Oranje-Vrystaat en Transvaal, geen sprake van 'n georganiseerde onderwysstelsel was nie, was die draer van die Afrikaner se opvoedingsideaal na die Noorde die klein private skooltjies volgens die patroon van die plaasskooltjies en huisonderwys waaraan die boerevolk in die Kaapkolonie gewoond was.<sup>2</sup> In hierdie pioniersjare was die onderwys derhalwe 'n essensiële deel van die ouerplig, het alle beheer in die ouers self gesetel en was daar geen sprake van en geleentheid vir staatsbeheer oor die onderwys nie. Keyter beskrywe die doel van hierdie onderwys as „die ontwikkeling van die elementêre lees-, skryf- en rekenvermoë wat moes dien as middele tot voorbereiding vir lidmaatskap van die kerk en die daelikse take. In die daelikse saamleef in die klein gesinsgemeenskappie is hierdie onderwys verder aangevul met 'n praktiese toepassing van die gereformeerde Calvinistiese godsdiens en geestesinhoud van 'n langsaam ontluikende eie nasionale kultuur.“<sup>3</sup> So het die

1. Pistorius, op. cit., p. 289.

2. Vgl. Van der Schijf, op. cit., p. 104.

3. J. de W. Keyter, „Die opvoedingsideaal en -strewes van die Afrikaner“ in P. de V. Pienaar (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p. 216.

ouers self oor die Christelike en nasionale inhoud van die onderwys besluit wat in ooreenstemming is met die gereformeerde beginsel dat ouers die gees en rigting van die opvoeding moet bepaal. Hoe elementêr en gebrekkig ook al, was die eerste onderwys in die twee Boererepublieke niks anders as Christelik-nasionale onderwys nie.

Die planting van die Christelik-nasionale onderwysgedagte in die Boererepublieke het vir die Afrikaners aldaar groot geleentheid en uitdagings geskep om oor die wese en implikasies van Christelik-nasionale onderwys te besin en praktiese moontlikhede vir die implementering van hierdie beginsels in 'n georganiseerde onderwysstelsel uit te toets. Al het baie Afrikaners dit destyds nie besef nie, was die uitkristallisering van 'n georganiseerde onderwysstelsel wat op die beginsels van Christelik-nasionale onderwys gefundeer sou wees, 'n lewensnoodsaaklikheid vir die latere behoud van die Afrikaner in sy stryd teen vreemde invloede.

(b) Ontkiemende staatskoolgedagte bring verwarring oor ouermedeseggenkap

(i) Engelse en Hollandse invloed bring staatsonderwys na Noordelike Republieke. Die Trekkers wat hulle Noord en Suid van die Vaal gevestig het, is nie ongestoord gelaat om op hulle moeisame pad na politieke selfstandigheid en onafhanklikheid net uit eie bodem en bestaande Afrikanertradisies te put nie. Magte van buite, het gou hulle verskyning gemaak, soms selfs op uitnodiging van die Boereleiers self. So het sir Harry Smith die Brit met sy Engel-Saksiese denke na die Vrystaat gebring toe hy hierdie gebied vanaf 1848 tot 1854 onder Britse beheer geplaas het; in Transvaal waar die Engelse invloed eers 'n bietjie

later sy verskyning gemaak het, was dit weer 'n Hollandse invloed wat aanvanklik ingewerk het. Uit vrees vir Engelse oorheersing het die Transvalers hulp in Nederland gesoek en is die eerste onderwysers en predikante dan ook direk daarvandaan afkomstig.<sup>1</sup>

Albei hierdie invloede het die idee dat die onderwys 'n staatsfunksie is, sterk na vore gebring. In die Vrystaat het die Engelse 'n stelsel van staatskole op die vyf hoofdorpe en enkele regeringsondersteunde, rondtrekkende onderwysers in die distrikte beoog.<sup>2</sup> Die skole wat volgens hierdie stelsel op Bloemfontein en Winburg tot stand gekom het, is wel onder die toesig van plaaslike skoolkommissies geplaas.<sup>3</sup> Omdat hierdie onderwys vir die Vrystaat egter op die destydse Kaapse patroon gebaseer is, kan die erkenning van die beginsel van ouermedeseggenkap nie in hierdie Vrystaatse stelsel gesoek word nie. Trouens, die Kaapse stelsel van staatsondersteunde skole het self nie oor ouerverkose skoolkommissies beskik nie. Die aandeel van die nog ongeorganiseerde N.G. Kerk was hoofsaaklik tot die opwekking van belangstelling in die onderwys en die invoering van Hollandse onderwysers beperk.<sup>4</sup> Oorkant die Vaal was dit weer die Reglement van Van der Linden,

1. Vgl. Basson, op. cit., pp. 52-53; en Van der Schijf, op. cit., p. 106.
2. Vgl. J.J. Lubbe, Die ontstaan en ontwikkeling van Onderwyswetgewing in die Oranje-Vrystaat (1854-1899), pp. 1-5; J.D. Olwagen, Die Ontwikkeling van die Plaasskool in die Republiek Oranje-Vrystaat, 1854-1899, pp. 67-68, 118; P.S. Malan, Onderwys in die Oranje-Vrystaat (1854-1874), pp. 26-28; en M.C.E. van Schoor, „Onderwys in die Oranje-Vrystaat” in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, pp. 136-137.
3. Besonderhede oor hoe die eerste skoolkommissies gekies is, kon nie opgespoor word nie.
4. Vgl. Lubbe, op. cit., pp. 6-7; en N.T. van Loggerenberg en A.J.C. Jooste, Verantwoordelike Opvoeding, pp. 374-375.

een van die eerste Hollandse onderwysers, wat die Volksraad in Maart 1852 goedgekeur het.<sup>1</sup> Daarmee is die beginsel erken dat dit die staat is wat onderwysers benoem, „eene vaste aanstelling” gee en van 'n standplaas voorsien. Die Van der Linden-Reglement<sup>2</sup> het die toesig oor die onderwys aan 'n „Gemeente-Bestuur” opgedra en die „gemeente” verantwoordelik gehou vir byvoorbeeld die voorsiening van 'n „school- en woonhuis” en die versekering aan die „onderwyzer van zyn bestaan”. Hoewel Roos daarop wys dat Van der Linden met die terme gemeente en Gemeente-Bestuur nie kerklike bestuur nie, maar plaaslike gemeenskapsbestuur bedoel het<sup>3</sup>, het verskeie faktore gedurende die jare 1853 tot 1859 daartoe bygedra dat dit tog kerkrade was wat in Transvaal die staatsonderwys beheer het terwyl die Volksraad slegs 'n wakende oog daarvoor probeer hou het.<sup>4</sup>

In werklikheid was die idee dat die staat vir die onderwys medeverantwoordelik is, nie vir die Foereleiers met hulle Kaaps-Hollandse agtergrond vreemd nie; dit is trouens deur die Dordtse Sinode as 'n gereformeerde beginsel geïnterpreteer. Waarteen hulle wel in opstand gekom het, was wanneer staatsbeheer afgestuur het op neutrale staatskole soos dit in die Kaapkolonie die geval was. Geleidelik sou daar derhalwe in die twee republieke pogings aangewend word om naas die bestaande private onder-

1. Z.A.R., Volksraadnotule, 19 Maart 1852.

2. Z.A.R., Volksraad, Bylae tot Notule, 1852, nr. 7.

3. S.I.W. Roos, Plaaslike beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1852-1899, pp. 18-19.

4. Dit is veral ds. Dirk van der Hoff, eerste leraar ook uit Nederland afkomstig, wat in sy Onderwysreglement van 1853 groot gesag aan die kerk toegeken het. Vgl. Z.A.R., Volksraad, Bylae tot Notule, 1853, nr. 115.

wys deur ouerhuise en rondtrekkende skoolmeesters, ook 'n georganiseerde staatsonderwysstelsel tot stand te bring. Oor die wyse waarop die beginsels van Christelik-nasionale onderwys en onderwysbeheer volgens die gereformeerde beginsel in 'n stelsel van staatskole geïmplementeer moes word, was daar egter geen duidelikheid en eenstemmigheid nie.

(ii) Eerste Republikeinse grondwette erken staatsverantwoordelikheid oor onderwys, maar misken ouermedeseggenskap. In die eerste grondwette van albei republieke is die beginsel vervat dat onderwys die verantwoordelikheid van die staat is. So byvoorbeeld lui dit in die Vrystaatse Grondwet na die verkryging van soewereine onafhanklikheid in 1854: „die bevordering van Godsdienst en Onderwijs is een onderwerp van zorg voor den Volksraad”<sup>1</sup>, en 'n verdere besluit van die Volksraad op 30 April 1854 bepaal dat die aanstellings van onderwysers voorlopig by die president sou berus.<sup>2</sup>

In 1855 het die Vrystaatse Volksraad egter ook die beginsel van plaaslike bestuur oor die onderwys geïmplementeer deur 'n besluit dat „voor elk district eene Schoolcommissie benoemd zal worden, bestaande uit den Landdrost, den Leeraar of Consulent der gemeente, en een lid door de inwoners van het dorp gekozen, en twee leden door de inwoners van het district te kiezen, bij welke Commissie zal berusten alle schikkingen en regulatien tot besturing van de Gouvernementsschool, zoowel als de examinate van applicanten voor het ambt van onderwijzer, .....”<sup>3</sup>

1. O.V.S., Die Grondwet van 1854, art. 23.

2. O.V.S., Volksraadnotule, 30 April 1854.

3. O.V.S., Volksraadnotule, 15 Februarie 1855.

Die bedoeling hiervan was dat die Volksraad onderwysers op grond van die aanbevelings van hierdie skoolkommissies moes aanstel, dat geen staatskool opgerig moes word voordat 'n skoolkommissie saangestel is nie, en dat skoolkommissielede ondertekenaars van 'n waarborglys moes wees ten einde die aanstelling van 'n onderwyser te regverdig.<sup>1</sup> Drie uit die vyf lede van die 1855-skoolkommissies is derhalwe deur die inwoners (nie noodwendig ouers nie) van 'n dorp en distrik gekies terwyl die staat direk deur die landdros en indirek deur die predikant wat sy besoldiging van die Volksraad ontvang het, verteenwoordig is. Hierdie skoolkommissies het egter swak gefunksioneer en is almal in 1861 ontbind. In die vervolg sou die president self die lede van die distrikskoolkommissies aanwys en moes die kommissies onder die instruksies van die president en die Uitvoerende Komitee van die Volksraad funksioneer.<sup>2</sup>

Oor die vraag wie die skoolkommissies moes kies, kon die Vrystaatse Volksraad gedurende die eerste paar dekades van sy bestaan geen uitsluitel gee nie. Dit is asof twee magte teen mekaar gestry het, die een vir die plasing van alle seggenskap in die hande van die staat, en die ander vir die gedeeltelike erkenning van ouermedeseggenskap waar die inwoners van 'n dorp en distrik kommissielede moes aanwys. In die omvattende onderwysregulasies van 1863 wat 'n stelsel van staatsondersteunde skole wou invoer, word bepaal dat daar uit en deur die ondertekenaars van 'n waarborglys vir elke distrik 'n skoolkommissie van vier lede gekies moes word<sup>3</sup>, maar in die finale

1. P.S. Malan, Onderwys in die Oranje-Vrystaat (1854-1874), p. 53.

2. O.V.S., Volksraadnotule, 27 Februarie 1861.

3. O.V.S., Volksraadnotule, 28 Februarie 1863.

1864-regulasies is daar weer na die 1855-bepalinge teruggekeer dat dorpskommissies weer uit vyf lede moes bestaan waarvan drie deur die intekenare aangewys sou word.<sup>1</sup>

Wykskoolkommissies van drie lede wat almal lidmate van die N.G. Kerk moes wees sou op hulle beurt deur die dorpskoolkommissies aangewys word<sup>2</sup>, maar ook hierdie regulasies is spoedig gewysig toe die Skoolwet van 1872 bepaal het dat die drie gewone kommissielede weer deur die staat (Uitvoerende Raad), wat die keuse van die inwoners in ag moes neem, benoem moes word.<sup>3</sup>

Met die 1858-Grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek wat die voorsiening van „Schoolonderwyzers” as ’n staatsverantwoordelikheid omskrywe<sup>4</sup>, is kerklike beheer op die agtergrond geskuiwe en die onderwysers is as goewermentbesoldigdes onder die toesig van staatsaangestelde skoolkommissies geplaas.<sup>5</sup> Vir die algemene toesig oor die onderwys van die hele republiek is ’n „Commissie van onderwys” op 5 Mei 1859 aangestel<sup>6</sup>, ’n liggaam wat baie aan die Algemene Skoolkommissie (Skolarge) van die Kaaps-Hollandse dae herinner. Ten opsigte van die samestelling, benoeming en lewensduur van plaaslike skoolkommissies het die Onderwysreglement van 1859 egter niks gemeld nie.<sup>7</sup> Verskeie plaaslike kommissies van uiteenlopende samestelling wat wel tot stand gekom het, is egter

1. O.V.S., Volksraadnotule, 25 Februarie 1864.

2. O.V.S., Volksraadnotule, 10 Februarie 1864.

3. O.V.S., Ordonnansie nr. 5 van 1872, dl. 2, art. 16.

4. Z.A.R., Staats Courant, 5 Maart 1858, Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek, art. 24.

5. Vgl. Roos, op. cit., pp. 38-40.

6. Z.A.R., Staats Courant, 13 Mei 1859, Notule, Buitengewone Volksraadsitting, Mei 1859.

7. Z.A.R., Staats Courant, 20 Mei 1859, Reglement voor de Gouvernements Onderwyzers in de Z.A. Republiek.

nie deur die ouers gekies nie, maar deur die regering of sy Algemene Skoolkommissie aangestel.<sup>1</sup> Hierdie beginsel van onderwysbeheer uitsluitlik deur die staat is verder gevoer deur die Onderwyswet van 1866 wat neergelê het dat die lede van plaaslike skoolkommissies op voorstel van die landdroste aangewys word, onderworpe aan die goedkeuring van die Staatspresident en Uitvoerende Raad.<sup>2</sup> Twee jaar later, in 1868 is nog 'n stap in die rigting van gesentraliseerde onderwysbeheer gedoen deur die volksraadbesluit wat die Algemene Skoolkommissie ontbind en die algemene beheer oor die Transvaalse onderwys aan die Uitvoerende Komitee van die Volksraad toevertrou het.<sup>3</sup> Ernstige landsprobleme en regeringswerkzaamhede het die Volksraad se tyd egter so in beslag geneem dat die onderwysbeheer in die praktyk aan die plaaslike skoolkommissies oorgelaat is.

Tot hiertoe is die gereformeerde beginsel dat ouers self hulle verteenwoordigers (skoolkommissies) moes aanwys om namens die ouergemeenskap eise oor die gees en rigting van die opvoeding in staatskole te stel, nêrens in Suid-Afrika volledig toegepas nie. Nòg in die Transvaal met sy staatsaangestelde skoolkommissies, nòg in die Kaapkolonie, nòg in die Vrystaat waar skoolkommissies by tye uit en deur die ondertekenaars van 'n waarborglys gekies is, het hierdie beginsel op daardie tydstip volwaar-

1. Vgl. Roos, op. cit., pp. 51, 56-59; en Basson, op. cit., p. 57.

2. Z.A.R., Staats Courant, 4 September 1866, Wet op het Onderwys in de Z.A. Republiek, Reglement voor de Algemeene Schoolcommissie, art. 14. Volgens art. 8 was dit ook die Algemene Skoolkommissie en nie die ouers se skoolkommissies wat die onderwysers aangestel het nie.

3. Z.A.R., Staats Courant, 18 Maart-9 September 1868, Volksraadnotule, 10 Maart 1868.



dige erkenning geniet. Dat ouers onder hierdie stelsels dikwels as kommissielede aangewys is en die kommissies gewoonlik 'n belangrike rol in die aanbevelings oor die aanstellings van onderwysers gespeel het, beteken nog nie dat dit volwaardige ouerverteenwoordiging volgens demokratiese en gereformeerde beginsels was nie. Dit is trouens opmerklik dat die Boererepublieke gedurende hulle wordingsjare onderwys volledig as 'n staatsaangeleentheid probeer organiseer het.

Algemeen gesproke, was die eerste onderwys in die staatskole van albei republieke volgens die Christelike en nasionale beginsels van die Afrikaner en deur medium van die offisiële landstaal, Hollands. Daarom was die wyse van verkiesing van skoolkommissies vir eers nie vir hierdie boerebevolking 'n kontensieuse saak nie. Dit het egter nie lank geduur voordat die Britse invloed, wat aanvanklik op 'n sogenaamde vreedsame wyse sy verskyning gemaak het, sy eise begin stel het nie. Die handels- en werksgeleenthede in die twee Republieke het talle Engelsprekendes en Engelsgesindes gelok wat nie net Engelse kerke en predikante wou hê nie, maar ook onderwysgeriewe volgens die Engelse gebruik.

In die Vrystaatse skole het die invloed van Engels hom reeds in 1852 laat geld toe die eerste regulasies vir die bestuur van regeringskole van onderwysers die bekwaamheid verwag het om in Engels sowel as in Nederlands te kan onderrig gee.<sup>1</sup> In Transvaal was dit weer die 1866-Onderwyswet wat op so 'n ondubbelsinnige wyse aan Engels

1. Kyk M.C.E. van Schoor, „Onderwys in die Oranje-Vrystaat" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 136.

erkenning verleen het dat Basson dit die „dunpunt van die wig in verband met die bevordering van die Britse invloed in die Tranvaalse onderwys“<sup>1</sup> noem. Hierdie toelating van Engels in die Transvaalse onderwys het volgens Lugtenburg „daartoe gelei dat sowat al die genoemde skole van toe af in parallelmediumskole ontwikkel het, en dit het herhaaldelik gebeur dat die Engelse afdeling, wat vir 90 persent uit Afrikaanssprekende kinders bestaan het, by ver die grootste was.“<sup>2</sup> Hierdie toegewing het die Engelse nog nie tevrede gestel nie en talle private Engelse skole waarin die Engelssprekendes hul eie kultuur teenoor dié van die Hollands-Afrikaner probeer beskerm het, is in albei republieke gestig, dikwels met die hulp van Engelse kerkgenootskappe.<sup>3</sup>

Met die invoering van staatsonderwysstelsels gedurende hulle wordingsjare het die twee Boererepublieke in werklikheid nog geen vaste onderwysbeleid gehad wat doelbewus daarop ingestel was om beginsels soos ouermedeseggenenskap in onderwysbeheer, die Christelike-nasionale en onderrig deur middel van die moedertaal konsekwent in staatsonderwys te implementeer nie. In baie opsigte was daar selfs neigings tot die neutrale staatskoolgedagte van die Angel-Saksiese tradisie. In die geledere van die drie Hollandse kerke was daar gedurende hierdie sestigerjare egter ook die behoefte om 'n wakende oog oor die Christe-

1. Basson, op. cit., p. 60.

2. A.H. Lugtenburg, „Onderwys en Opvoeding“ in D.J. Keet (red.), Jubileum-Gedenkboek van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika, p. 271.

3. Vgl. M.C.E. van Schoor, „Onderwys in die Oranje-Vrystaat“ in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 143; Basson, op. cit., pp. 64-65; en A.H. Lugtenburg, Geskiedenis van die Onderwys in die S.-A. Republiek, 1836-1900, p. 87.

like strekking van die onderwys te hou, en toe verskeie ouers in Transvaal met die goewermentskole met hul Hollandse onderwysers ontevrede was, het hierdie kerke na vore getree en eie private skooltjies gestig.<sup>1</sup>

(c) Die neutrale staatsondersteunde skole en plaaslik verkose skoolkommissies van Burgers en Brebner

Die jaar 1874 het vir albei Boererepublieke 'n belangrike jaar op onderwysgebied geword. In die Vrystaat het Brebner in 1874 diens as eerste Inspekteur van Onderwys onder die Vrystaatse Onderwyswet van 1872 aanvaar. Hierdie Skot sou as Direkteur van Onderwys, tot in 1899 sy invloed op die Vrystaatse onderwys laat geld. In Transvaal was dit weer president Burgers se omstrede onderwyswet wat die Volksraad in 1874 goedgekeur het, en die Hollander, Van Gorkom, wat in 1876 as eerste Superintendent van Onderwys aangestel is.

(i) Liberale Hollands-Britse invloed in die Transvaal onder Burgers en die Britse Anneksasie-periode. Burgers het met sy onderwyswet van 1874<sup>2</sup> beoog om in die Transvaal 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys in te stel onder die hooftoesig van 'n Superintendent van Onderwys met uitgebreide magte oor professionele aangeleenthede en die finale gesag in die hande van die Volksraad gesetel. Saam hiermee wou hy ook die plaaslike onderwys-

1. Van der Schijf, op. cit., pp. 124-126.

2. Vgl. Basson, op. cit., pp. 67-68; J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1937, pp. 37-41; Malherbe, op. cit., pp. 242-243; en Pistorius, op. cit., pp. 296-299. Malherbe, op. cit., p. 243 en Pistorius, op. cit., p. 298, wys daarop dat alhoewel 'n staatsondersteunde stelsel beoog is, die staat in die praktyk tog al die onkoste gedra het.

bestuur reorganiseer deur voor te skrywe dat skoolkommissies van ses lede vir tydperke van drie jaar deur die burgers van elke wyk en dorp self gekies moes word.<sup>1</sup> Onder die omvattende magte en pligte wat ten opsigte van algemene toesig aan die skoolkommissies opgedra is, was die reg om onderwysers aan te stel en te skors onderhewig aan die Superintendent van Onderwys se goedkeuring. Terwille van die vryheid van godsdiens en die wense van andersdenkendes is daar ook besondere voorsiening gemaak vir persone, verenigings of kerkgenootskappe om op eie inisiatief vrye skole te stig - iets wat dan ook gedurende hierdie periode dikwels plaasgevind het.<sup>2</sup>

Burgers het aan die Transvaalse skoolkommissies groter seggenskap oor nie-professionele aangeleenthede gegee as wat in die verlede die geval was. So beskou Basson hierdie skoolkommissies as die eintlike spil waaromheen die hele onderwysstelsel in die Burgerswet gedraai het.<sup>3</sup> Burgers se skoolkommissiestelsel was beslis 'n belangrike mylpaal vir plaaslike onderwysbeheer in Transvaal, want vir die eerste keer vandat staatsonderwys ingestel is, kon die burgers nou self hulle verteenwoordigers kies, en hoewel dit nog nie direkte oerkeuse was nie, het dit in die praktyk feitlik op dieselfde neergekom en het Burgers die

- 
1. Die landdros in die geval van dorpskole en die veldkornet in die geval van die wykskole was bykomende ex officio-lede en voorsitters van die plaaslike skoolkommissies. Skoolhoofde kon stem wanneer die aangeleenthede ter sprake nie hulself of hulle personele geraak het nie.
  2. Vgl. Ploeger, 'n Inleiding tot die studie van die grondslae van die Christelik-Nasionaal Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 66, 71-72; Van der Schijf, op. cit., pp. 128, 132-134; J. Chr. Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en Die Onderwys in die Transvaal, 1859-1937, pp. 18-19.
  3. Basson, op. cit., p. 68.

Transvaalse onderwys hiermee op 'n koers na volwaardige ouerverkose skoolkommissies en erkenning van die beginsel van ouermedeseggenskap geplaas. Al was Burgers se skoolkommissies in die praktyk nie 'n algemene sukses nie, was dit sý demokratiese stelsel wat in werklikheid 'n gedeeltelike<sup>1</sup> erkenning van die gereformeerde beginsels in verband met die oprigting, instandhouding en beheer van skole was, waarop sy opvolgers kon voortbou.

Maar Burgers het in ooreenstemming met sy liberale denkbeelde en sy slagspreuk, „Verligting en Vooruitgang“, ook die vryheidsgedagte en neutraliteitsbeginsel in sy konsepwetgewing beklemtoon en in hierdie verband groot dele feitlik woordeliks uit die Hollandse onderwyswet van 1857 ontleen.<sup>2</sup> Dié „verligte“ beginsels wat tot groot ontevredenheid in Transvaal aanleiding gegee het, was veral in die volgende artikels vervat:

„Geen godsdienst-onderwys word in die schooluren gegee; echter zullen de schoollocalen buiten de schooluren met goedvinden der schoolcommissien, daartoe beschikbaar zijn voor Godsdiensteleeraars of onderwijzers.“ (art. 26); en verder

„De onderwijzers of onderwijzeressen zullen zich onthouden van iets te leeren, te doen of te laten dat strijdig is met den eerbied verschuldigd aan de godsdienstige begrippen van andersdenkenden, van het geven van onderwys in de godsdienst gedurende de schooluren, en er zich selfs buiten de schooluren niet mede inlaten, tensij op uitdrukkelijk verzoek van de ouders of voogden der kinderen.“ (art. 51)<sup>3</sup>

1. Van der Schijf, op. cit., p. 127, skrywe dat die Burgerswet die gereformeerde beginsel wat oprigting, instandhouding en beheer betref, gehandhaaf het „in die opsig dat die beginsel hier vasgelê is dat die ouers in die beheer van die onderwys en in die benoeming van onderwysers 'n aandeel moes hê.“ Die Burgerswet sowel as al die literatuur geraadpleeg, ken egter hierdie regte aan die burgers in die algemeen en nie aan die quers in die besonder toe nie.
2. Vgl. J. Ploeger, 'n Inleiding tot 'n studie van die grondslae van die Christelik-Nasionaal Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaan-sche Republiek, pp.61-64; en Basson, op. cit., pp.69-70.
3. Z.-A.R. Wet nr. 4 van 1874, art. 26 en 51 soos aangehaal deur Basson, op. cit., p. 69.

Omdat die meerderheid van die Transvalers nie gediend was met hierdie neutraliteitsgedagte van Burgers nie waarvolgens alle godsdiensonderwys gedurende skoolure verbied is, het die Volksraad in 1874 die volgende toevoeging tot artikel 26 gemaak: „Zullende verder in iedere school in den Bijbel gelezen en in de Bijbelgeschiedenis in iedere school onderwezen worden.”<sup>1</sup> Van godsdiensonderwys was daar egter nog geen sprake nie, slegs van Bybellees en Bybelgeskiedenis gedurende die skooldag.

Kragtens die Burgerswet was die onderrigmedium normaalweg Nederlands, maar volgens die vryheidsbeginsel daarin kon ouers die onderrigmedium vir hulle kinders self kies en „waar twee onderwysers zijn, één voor het Nederduitsch en een voor het Engelsch, gebruikt ieder de taal waarin hij onderwijs geeft.”<sup>2</sup> Hierdie bepalinge saam met die ontevredenheid teen Burgers met sy liberalisties-gesinde Superintendent van Onderwys, Van Gorkom, en sy onderwysers uit Holland, het die Engelse invloed en Engelse onderwys besonder begunstig en in gewildheid laat toeneem.<sup>3</sup>

Die Christelike, nasionale en moedertaalbeginsels van die Afrikaner het onder Burgers moeilike tye belewe, want sowel die Hollandse invloed soos deur Burgers gepropageer, as die vinnig insypelende Britse invloed wou in die Transvaalse staatskole neutrale en liberale onderwys hê.

Vanaf 1877 tot 1881 tree die Britse invloed as die oorheersende mag tydens die anneksasie van Transvaal

1. Z.-A.R., Volksraadnotule van 23 Oktober 1874 soos aangehaal deur Basson, op. cit., p. 70.
2. Z.-A.R., Wet nr. 4 van 1874, art. 36 soos aangehaal deur Basson, op. cit., p. 72.
3. Vgl. Lugtenburg, Geskiedenis van die Onderwys in die S.-A. Republiek, 1836-1900, pp. 103-105; en Basson, op. cit., pp. 71-75.

deur Engeland na vore. Burgers se wet is herroep en nuwe regulasies is deur die nuwe Superintendente, eers Vacy Lyle en na hom ds. Bosman, toegepas.<sup>1</sup> Op taktvolle wyse is die keuse van die onderwysmedium aan die ouers oorge- laat: gevolglik is Engelsmediumonderwys bevorder omdat dit die gewildste keuse was. Plaaslike skoolkommissies het bly voortbestaan sonder verdere noemenswaardige uitbreiding van ouermedeseggenenskap. Ten opsigte van godsdiensonderwys is die gewetenskousule ooreenkomstig die Engelse gebruik toegepas en is daar hoofsaaklik op Bybel- lees en Bybelgeskiedenis gedurende skoolure gelet. Onder hierdie bewind is die beginsel van finansiële ondersteuning aan skole deur die staat ook noukeuriger uitgewerk. Die Engelse owerheid wou graag in hierdie jare die same- werking van die staat, kerk en ouers in Transvaal verkry, want hulle wou die Afrikaner deur die onderwys beïnvloed om bereid te wees om in die Britse Ryksverband geassimi- leer te word. In die Kaapkolonie het die Engelse al vir etlike jare 'n neutrale staatsondersteunde skoolstelsel terwille van hierdie verengelsingsbeleid toegepas en in die Vrystaat sou Brebner dit ook gedeeltelik invoer.

(ii) Brits-Skotse invloed en Brebner se neutrale staatsondersteunde skole in die Vrystaat. Die Vrystaatse Onderwyswet van 1872 het die beginsel van staatsbeheer oor die onderwys, gesteun deur plaaslike onderwysbesture, stewig in hierdie republiek laat vestig. Daarvolgens sou die oppertoesig oor die onderwys, die finale gesag oor onderwyswetgewing en die toekenning en beheer van fondse vir openbare onderwys in die hande van die Volksraad en sy

1. Vgl. Van der Schijf, op. cit., pp. 135-141; Malherbe, op. cit., pp. 251-256; en J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1937, pp. 42-47.

Uitvoerende Raad wees, terwyl die Staatspresident die finale gesag oor die aanstelling, bevordering en beloning van die onderwysers sou uitoefen.<sup>1</sup> Brebner wat in 1874 as hoofuitvoerende amptenaar vir die professionele aspekte van die onderwys aangestel is, het hierdie staatskoolgedagte ten volle onderskrywe. Trouens, na aanleiding van sy Skots-Presbiteriaanse tradisie het hy self die beskouing gehuldig dat openbare onderwys 'n funksie van die staat is en dat die skool staatseiendom en die onderwysers staatsamptenare is.<sup>2</sup>

Dit was Brebner se vaste oortuiging dat geen kerkgenootskap die reg op direkte beheer oor die staatsonderwys het nie. Hy kon hom derhalwe nie met die Vrystaatse gebruik, naamlik dat die plaaslike N.G. leraars amptelike lede van die distrikskoolkommissies is, versoen nie. So verklaar hy voor die Volksraad in 1879 dat „de Staatschool niet de kleur van de een of andere Godsdienst mag hebben, en dit zoude het geval zijn, wanneer de predikant als officieel lid werd toegelaten, .....”<sup>3</sup> In 1889 herroep die Volksraad dan ook die bepaling dat N.G. leraars amptelike lede van die skoolkommissies is.<sup>4</sup> As gevolg van Brebner se begeerte dat staatskole só neutraal moes wees dat alle kinders van watter geloof ook al daarin tuis sou voel, was sy staatskole nooit aan enige kerkinrigting

- 
1. O.V.S., Ordonnansie nr. 5 van 1872, dl. 1 art. 1-3, dl. 2 art. 1, dl. 3 art. 1-2, dl. 4 art. 1.
  2. Vgl. M.C.E. van Schoor, „Onderwys in die Oranje-Vrystaat” in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 149; en Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 386.
  3. O.V.S., Volksraadnotule, 30 Mei 1879. Ook het president Brand die standpunt gehuldig dat „de Staatschool moet zijn eene nationale verheven boven de begrippen van ieder afzonderlijk Kerkgenootschap niet eene Kerschool.”
  4. O.V.S., Ordonnansie nr. 22 van 1889, art. 1.



verbonde nie.

Brebner was egter ook 'n getroue volgeling van die destydse heersende demokratiese beginsels van die Angel-Saksiese wêreld, en het daaraan geglo dat plaaslike gemeenskappe self hulle skoolkommissies moes kies. Hy het derhalwe die bepalings van 1872 waarvolgens die drie gewone lede deur die Uitvoerende Raad aangestel moes word, dadelik in 1874 laat wysig. Die beginsel waarvoor Brebner in al die onderwyswette gepleit het, was dat die inwoners van die distrikte en wyke self die meerderheid van hulle skoolkommissies moes kies. Die uiteindelige stand van sake soos deur Ordonnansie nr. 2 van 1891 omskrywe, was dat die distriks- en wykskoolkommissies uit vyf lede sou bestaan waarvan die Staatspresident op aanbeveling van die Superintendent van Onderwys twee lede en die stemgeregtigde burgers drie lede moes aanwys.<sup>1</sup> Hierdeur is die beginsel dat dit alleen die ouers van skoolgaande kinders is wat skoolkommissies moet kies terwille van die beginsel van oermedeseggenskap oor die gees en rigting van die skoolopvoeding, egter nie deur Brebner erken nie. Hiervoor sou die Vrystaters tot die aanvaarding van die Hertzog-wet in 1907 moes wag.

In Brebner se tyd het die onderwys op die platteland en boereplase 'n belangrike fase binnegegaan toe Ordonnansie nr. 22 van 1889 die staatshulp aan rondgaande

---

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 2 van 1891, artikels 23, 30. Volgens P.S. Malan, Openbare Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat, 1874-1899, pp. 147-148, het Brebner van die skoolkommissielede op sy aanbeveling deur die Staatspresident laat aanstel omdat die publiek so min in die skoolkommissie-verkiesings belang gestel het. Sommige volksraadslede het wel hierteen beswaar gemaak op grond daarvan dat dit in stryd met hulle republikeinse beginsels was.

onderwysers hersien en toelaes aan „private onderwysers op buitenplasen" begin betaal het.<sup>1</sup> Dit was die soort onderwys waarvan die boerebevolking kon en wou gebruik maak.<sup>2</sup> In die staatskole op die dorpe het die beginsels van Christelik-nasionale onderwys egter weinig erkenning geniet, veral omdat 'n beleid van neutrale staatskole gevolg is. Voor Brebner se koms het die Volksraad in 1872 Bybelgeskiedenis en Godsdiensteleer onder die leervakke ingesluit, maar met die voorbehoud dat geen godsdienstonderwys aangebied moes word wanneer ouers gewetensbesware het nie.<sup>3</sup> Voorlopig het hierdie reëling saam met die besluit van 1874 dat die hoofonderwyser elke skooldag met skriflesing en gebed moes open en met gebed moes sluit,<sup>4</sup> bly voortbestaan. Hiermee was Brebner met sy standpunt dat „government does not pay for any set of religious opinions, but for the education of the people", egter nie tevrede nie.<sup>5</sup> In 1879 het hy die Volksraad oorreed om die onderdig van dogmatiese onderwys binne skoolure te verbied en duidelik te omskrywe dat lesse in Bybelgeskiedenis alleen bygewoon word deur die leerlinge van wie die ouers geen beswaar daarteen het nie.<sup>6</sup> Met hierdie bepaling het Brebner en die Volksraad soveel weerstand van die Hollandse Kerk

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 22 van 1889, art. 2-6.

2. Volgens Malherbe, op. cit., pp. 374-375; en Olwagen, op. cit., pp. 329-334, was daar teen 1898 3,400 leerlinge in rondgaande ondersteunde skole, 753 leerlinge in regeringsondersteunde skole op plase, 386 leerlinge in vaste wykskole en 1688 leerlinge in wyksdorpskole. In dieselfde jaar het die 19 distrikskole op die groterdorpe en Bloemfontein 2,338 leerlinge gehad en die twee hoërskole op Bloemfontein 345 leerlinge.

3. O.V.S., Ordonnansie nr. 5 van 1872, dl. 5 art. 2-3.

4. O.V.S., Ordonnansie nr. 1 van 1874, dl. V, art. 5.

5. (J. Brebner), Memoir of the Life and Work of Rev. John Brebner, p. 57.

6. O.V.S., Ordonnansie nr. 13 van 1879, art. 84.

en die boere van die platteland ontvang dat 'n toegewing in 1889 gevolg het waarvolgens dogmatiese onderwys op versoek van 'n skoolkommissie vir 'n halfuur elke dag wel in die wykskole toegelaat kon word.<sup>1</sup> Slegs in dié skole wat die boereplase bedien het, sou die verband tussen onderwys en die voorbereiding vir kerklidmaatskap nog vir baie jare voortbestaan en 'n grondslag vir 'n soort Christelike onderwys vorm.

Ook is die beginsel van moedertaalonderwys baie halfhartig in die dorpskole van die Vrystaatse republiek toegepas. Aanvanklik het onderwyswetgewing onder Brebner „grondig onderwys in de Hollandsche en Engelsche talen“ voorgeskrywe en ten opsigte van wyks- en rondgaande skole bepaal dat dit „de ouders vrijstaan om hunne kinderen al dan niet de Engelsche taal te laten leeren.“<sup>2</sup> 'n Volksraadsbesluit van 1875 dat eweveel tyd aan albei tale bestee moes word, het vir die erkenning van die moedertaalbeginsel weinig beteken. Brebner was geen oortuigde voorstander van Hollands as onderrigmedium nie en het eenvoudig oogluikend toegelaat dat Engels vrylik as onderrigmedium gebruik word.<sup>3</sup> Spoedig het Engels so veel voorkeur bo Hollands op die dorpskole geniet dat baie vakke uitsluitlik deur medium van Engels onderrig is. Tereg maak Van Schoor die opmerking dat Brebner oor die jare heen „deur sy tot-niks-verbindende-optrede laat blyk (het) dat hy nie 'n voorstander van die gedagte was dat die skool aangewend moet word om die volksgevoelens en eiendomlike

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 22 van 1889, art. 12.

2. O.V.S., Ordonnansie nr. 1 van 1874, dl. III, art. 7 en dl. V, art. 4.

3. P.S. Malan, Openbare Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat, 1874-1899, pp. 331-332.

kultuurbesit van die Hollands-Afrikaanssprekende kind wat die oorweldigende meerderheid van die skoolgaande bevolking uitgemaak het, te bevorder en te versterk nie."<sup>1</sup>

Die ontwaking van 'n bewuste volksgevoel by die Afrikaners in die Vrystaat, veral na die Eerste Vryheidsoorlog in die Transvaal en die stigting van die Afrikanerbond in die Kaapkolonie, het 'n geleidelike verset teen Brebner en sy idee van Engelstalige neutrale staatsondersteunde onderwys laat ontstaan. Daar is onder andere besef dat die behoud van die Afrikaner en sy ideale direk verbind is aan die behoud van sy eie taal. So het C.R. de Wet in 'n Volksraaddebat van 1891 verwys na die Hollandse taal wat „ver te kort gedaan" word en hy „acht het anti-republikeinsch om de Hollandsche taal niet als medium van onderwijs neder te leggen."<sup>2</sup> Gedurende hierdie sitting het die Volksraad die eerste en enigste wetgewing in die rigting van verpligte gebruik van die moedertaal as onder-  
rigmedium geneem. In plaas van hulle algemene bepaling van 1889 dat onderrig so ver moontlik deur medium van Hollands moet geskied, het die onderwyswet van 1891 neergelê dat: „Op alle scholen ten plattenlande, door het Gouvernement ondersteund, zal het onderwijs door middel van het Hollandsch moeten gegeven worden zoodra de daartoe noodige boeken in die taal zullen zijn vervaardigd en gedrukt."<sup>3</sup> Teen hierdie tyd was Engels egter al so stewig in die dorpskole gevestig dat die kommissie wat die 1891-konsep-  
onderwyswet opgestel het, nie kans gesien het om Hollands

---

1. M.C.E. van Schoor, „Onderwys in die Oranje-Vrystaat" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 151.

2. O.V.S., Volksraadnotule, 22 Mei 1891.

3. O.V.S., Ordonnansie nr. 2 van 1891, art. 103.

as onderrigmedium vir die dorpskole aan te beveel nie, want „in de dorpen moet zoowel de eene als de andere taal worden onderwezen en als medium gebruikt, anders zoude men de dorpscholen en hun bloei stremmen“<sup>1</sup> - 'n toestand wat deels toegeskrywe kan word aan die feit dat die drie verkose lede van baie skoolkommissies Engelse was en dikwels nie eers lidmate van die N.G. Kerk ingesluit het nie.<sup>2</sup> Net voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die Volksraad, aangevuur deur die begeerte dat in „de harten der kinderen nationalisteits gevoel en liefde voor hun moedertaal“<sup>3</sup> aangekweek moes word, sy laaste maar vergeefse poging aangewend om die Hollandse taal in die staatskole tot sy reg te laat kom. Dié staatsonderwysstelsel het saam met die Vrystaatse Republiek egter nou die einde van sy pad bereik.

Danksy die huisonderwys en plaasskole het die Christelik-nasionale onderwysgedagte nie in die Vrystaat uitgesterwe nie. Trouens, die onderwys op die platteland wat gelyktydig met die ontwaking van die Afrikaner se nasionale gevoel so 'n fenomenale ontwikkeling in die Vrystaat ondergaan het, het saam met die Christelik-nasionale onderwys van S.J. du Toit en Mansvelt in die Transvaal die draer van die Afrikaner se ideale en beskermers teen vreemde invloede in die twee Boererepublieke geword.

1. O.V.S., Volksraadnotule, 22 Mei 1891.

2. Olwagen, op. cit., p. 263, meld dat in 1874 nie een van die drie verkose lede van die Boshofse kommissie, Emil Niemeyer, Peter Carroll en Mark Tracey, lidmate van die N.G. Kerk was nie. Rouxville se kommissie het in 1874 bestaan uit Chase, Seligman en Parker, en Winburg s'n uit G. Vergotini, J.J. de Villiers en W. Johnston.

3. O.V.S., Volksraadnotule, 3 Mei 1898.

(d) Christelik-nasionale onderwys seëvier in Transvaal onder S.J. du Toit en Mansvelt

Die gebeure voor en tydens die anneksasie van Transvaal deur Engeland in 1877 het daartoe gelei dat die magte van die Angel-Saksiese wêreld en dié van die Afrikaner openlik in botsing gekom het en die Afrikaners na die wapens moes gryp. Na die voorspoedige afloop van die Eerste Vryheidsoorlog was die Boerevoormanne in Transvaal duidelik besiel met die ideaal om, geestelik sowel as materieel, 'n nuwe Transvaal op te bou. Die behoefte aan 'n eie nasionale onderwysstelsel, voortvloeiend uit die Afrikaner se Protestants-Christelike lewensbeskouing, het ook duidelik onder die Boerevolk uitgekristalliseer. Geen wonder dat die Driemanskap besluit het om ds. S.J. du Toit, die kerkman, patriot en onderwysman van die Paarl, as Superintendent van Onderwys in 1881 aan te stel nie.

Ds. S. J. du Toit en die Transvaalse Volksraad het in hulle onderwysstelsel veral by die gereformeerde beginsel van die doopbelofte aansluiting probeer vind. Vir hulle was die skool geen staatseiendom en die onderwysers geen staatsamptenare nie, maar was die onderwys en opvoeding 'n ouerverantwoordelikheid onder die toesig van die kerk - 'n gans ander beginsel as die neutrale staatskoolgedagte wat op daardie stadium oorwegend in die ander dele van Suid-Afrika toegepas is. S.J. du Toit, sterk onder die invloed van A. Kuyper, het dan ook in die heel eerste artikel van sy Onderwyswet van 1882 neergelê dat die staat, „uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen,” sy bemoeiing met die skoolwese moes beperk:

- (i) „Tot het aanmoedigen van particulier initiatief bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van Scholen;”
- (ii) „Tot het Schoolopzicht, voor zoo ver zij zich ge-  
roepen acht, toe te zien, dat hare toekomstige  
burgers de vereischte Christelijke opvoeding  
ontvangen;” en
- (iii) „Tot het stichten van eene inrigting voor hooger  
onderwijs, .....”<sup>1</sup>

Die beheer wat deur die Volksraad uitgeoefen is, het daaruit bestaan dat die sogenaamde oppertoesig aan 'n Superintendent van Onderwys opgedra is wat die onderwys in die algemeen moes reël, die skole jaarliks moes inspek-  
teer en jaarliks 'n verslag aan die Volksraad moes voorlê.<sup>2</sup>

Vanselfsprekend moes plaaslike onderwysbestuur die belangrikste rol speel in 'n onderwysstelsel wat van die ouers uitgaan. Ds. Du Toit het op Burgers se stelsel van plaaslike verkose skoolkommissies verder gebou deur neer te lê dat elke ondersteunde skool onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie moes staan en dat sodanige kommissies hulle eie huishoudelike bepalinge, onderge-  
skik aan die geldende Onderwyswet, kon maak.<sup>3</sup>

Anders as die Burgers-Wet, het die Onderwyswet van 1882 geen voorskrifte oor die samestelling, verkiesing en lewensduur van die skoolkommissies bevat nie. Slegs in artikel 2(e) is daar na die wenslikheid verwys dat „de  
verskillende Gemeenten en Kerkraden zelf, zooveel moge-  
lijk is, het initiatief nemen in stichten van Scholen en  
het kiezen van Schoolkommissien.” Verslae van die Super-  
intendent van Onderwys en uitlatings in die Volksraad deur  
lede soos Vise-President Kruger, dui daarop dat dit dik-  
wels die kerk en nie die ouers was wat as die hooffaktor

1. Z.A.R., Wet nr. 1 van 1882, art. 1.

2. Ibid., art. 13.

3. Ibid., art. 8.

in die onderwys erken is nie.<sup>1</sup> Dit was veral Vise-President Kruger wat van „kerkelyke - niet Staatsscholen“ gepraat het terwyl S.J. du Toit vryeliker aan Christelike skole gedink het.

Hierdie vae omskrewe skoolkommissies het uitgebreide magte ontvang.<sup>2</sup> Onder andere moes hulle vir skoolgeboue met meubels en toebehore voorsiening maak, geskikte onderwysers by die Superintendent van Onderwys vir finale aanstelling deur die regering aanbeveel en plaaslike bydraes vind om die ondersteuning van die regering aan te vul. Ten opsigte van verskeie aangeleenthede soos skoolgelde, salarisse van onderwysers en die behartiging van en toesig oor die onderwys het dié onderwyswet egter geen leiding gegee nie. Daarom die opmerking van Roos dat die Wet nr. 1 van 1882 die onderwys geheel en fundamenteel in die hande van die ouers en die kerk gelaat het en wel op so 'n wyse dat die wetsbepalings met betrekking tot plaaslike verantwoordelikheid en beheer onvolledig en vaag voorkom in vergelyking met die vorige onderwyswette en reglemente in die Transvaal.<sup>3</sup>

Alhoewel die Onderwyswet van 1882 verskeie van sy artikels aan die Burgerswet ontleen het, was daar twee totaal verskillende en uiteenlopende denkrigtings ten

1. Vgl. J. Ploeger, Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), pp. 8-9; en Van der Schijf, op. cit., p. 152.

2. Z.-A.R, Wet nr. 1 van 1882, art. 9-12.

3. S.I.W. Roos, op. cit., pp. 209-210.



grondslag van die twee wette.<sup>1</sup> Waar Burgers se wet volgens liberale beginsels „de middelen van kennis en besaving binne het bereik ..... van elke huisgezin“<sup>2</sup> wou bring, wou S.J. du Toit se wet dieselfde doen maar op 'n Christelike grondslag. In hierdie verband het artikel 2 van laasgenoemde wet bepaal dat die godsdiensonderwys by die kerk tuis hoort en dat die staat slegs moes eis dat in alle regeringsondersteunde skole die onderwys behoorlik in 'n Christelike gees gegee word. Binne die gewone skoolure moes die onderwysers die Bybelgeskiedenis behartig terwyl elke skooldag met skriflesing en gebed geopen en gesluit moes word. Leerstellige onderrig, wat ook gedurende skoolure gegee kon word, was egter die verantwoordelikheid van die verskillende kerke.<sup>3</sup> Die nadruk wat Du Toit op die gedagte gelê het dat die Christelike gees alle onderwys moes besiel, is van besondere historiese betekenis. Vir die eerste keer het 'n landswet voorgeskrywe dat benewens godsdiensonderwys, wat gewoonlik as 'n gewone skoolvak aangebied is, die hele onderwys met 'n Christelike gees deuradem en daardeur beheer moes word. Hoewel Van der Schijf beweer dat S.J. du Toit die belangrike gereformeerde beginsel dat ouers alleen oor die gees en rigting van die onderwys besluit, uit die oog verloor en hierdie reg

---

1. Vgl. J. Ploeger, Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), pp. 7-8; J. Ploeger, 'n Inleiding tot die studie (van die grondslae) van die Christelik-Nasionaal Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaanse Republiek, pp. 104-105; en Van der Schijf, op. cit., p. 156.

2. N.M. Hoogenhout, „De Wetgeving op het Onderwijs in de Z.A. Republiek“ in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 1893-1918, p. 54.

3. Z.A.R., Wet nr. 1 van 1882, art. 2(a)-(d). Vgl. ook Pistorius, op. cit., p. 304.

uitsluitlik aan die staat toegeken het<sup>1</sup>, blyk dit uit artikel 2 wat slegs bepaal dat die onderwys in staatsondersteunde skole in 'n „Christelijken geest“ moes geskied en die res aan die plaaslike skoolkommissies, gemeentes en kerkrade oorgelaat het, tog nie of die staat so 'n oormaat van gesag hieroor uitgeoefen het nie. Sou 'n Christelike staat dan nie die reg hê om 'n algemeen Christelike gees in die skole wat hy finansieel ondersteun, te verwag nie? Dat die Onderwyswet van 1882 egter wel die deur vir kerkgenootskappe oopgelaat het om ouerseggenskap te verdring, lyk meer moontlik.

S.J. du Toit wou ook die onderwys nasionaal en ooreenkomstig die behoeftes van die Boerevolk van die Transvaal inrig. Hy het nie alleen die onderwys aan die deur van die „ver uiteen wonende Boerenbevolking“ probeer bring nie<sup>2</sup>, maar het hom ook vir die vorming van „een eigen volk“ beywer. Vir hierdie doel het hy gepleit om „onze jeugd niet wetenschappelijk op een vreemde baan te voeren en tijd en krachten te verspillen in een vreemde taal, in een vreemde geschiedenis en in geheel vreemde denkbeelden, als of het hoogtepunt der geleerdheid bereikt ware in het uitblussen van alle eigen nationaliteit, ...  
...“<sup>3</sup> Volgens artikel 7 van die Onderwyswet van 1882 moes die medium van onderrig Nederlands wees en moes Engels gevolglik as 'n gewone vreemde taal behandel word.

Al was daar gedurende Du Toit se superintendentskap ernstige gevalle van ontduiking van die taalklou-

1. Van der Schijf, op. cit., pp. 168-169, 172.

2. Z.-A.R. Wet nr. 1 van 1882, art. 3.

3. J.D. du Toit, Versamelde Werke, dl. I, p. 70. Aanhaling uit ds. S.J. du Toit se preek „Geen smid uit Israel.“

sule<sup>1</sup>, was daar ook 'n algemene ontwaking op nasionale gebied en 'n taal- en nasiebewuswording by die burgers. Aans. S.J. du Toit kom daar, ten spyte van al die beweerde nalatigheid in latere jare, die eer toe dat hy die eerste in Suid-Afrika was om 'n staatsondersteunde onderwysstelsel, gegrond op die Christelik-nasionale gedagte van die Afrikaner, in die praktyk daar te stel.

Dr. Mansvelt, ds. S.J. du Toit se opvolger, het hom veral daarop toegelê om die nodige masjinerie vir die volle uitvoering van die Christelik-nasionale beginsel te voorsien. Die administrasie is op 'n gesonde, ekonomiese en doeltreffende grondslag geplaas en die subsidiestelsel is opgeknep. Onomwonde en kragtiger as in die geval van die Onderwyswet van 1882 het Mansvelt in die Onderwyswet van 1892 neergelê dat in al die ondersteunde skole „het onderwijs in de verschillende leervakken gegeven worde :

(a) In Protestantsch-Christelijke geest;<sup>2</sup>.....”

Die vae omskrywing van skoolkommissies is heeltemal verander. Aanvanklik het Mansvelt in sy konsepwet die aandeel van die kerke probeer uitskakel deur voor te stel dat kommissieledes slegs uit en deur „een aantal burgers” of blanke inwoners gekies word.<sup>3</sup> Die goedgekeurde Wet nr. 8 van 1892 het egter neergelê dat skoolkommissies vir wyke uit minstens drie lede moes bestaan, sover moontlik op voorstel van, of in oorleg met „één of meer Kerkeraadsliden, den Veldkornet of den Vrederechter van de wijk door en uit de daartoe bevoegde stemgerechtigden gekozen.”<sup>4</sup>

1. Van der Schijf, op. cit., pp. 164-168; en Lugtenburg, op. cit., p. 140.

2. Z.-A.R., Wet nr. 8 van 1892, art. 2.

3. Roos, op. cit., p. 271.

4. Z.-A.R., Wet nr. 8 van 1892, art. 11(a).

Dorpskoolkommissies moes weer uit minstens vyf lede bestaan „òf door den Kerkeraad, òf op voorstel van, of in overleg met den Landdrost, den Veldkornet of den Vrede-rechter der plaats door en uit de daartoe bevoegde stemgerechtigden gekozen.”<sup>1</sup> Die bevoegde stemgeregtigdes was alle vaders van huisgesinne wat binne 'n redelike afstand van die betrokke skool gewoon het, asook alle manlike persone wat deur 'n bydrae tot die skoolfonds tot bevrediging van die meerderheid van die eersgenoemde stemgeregtigdes die stemreg verwerf het.<sup>2</sup> Mansvelt se onderwyswet het derhalwe al iets gehad van die gedagte dat skoolkommissies deur die ouers self gekies moet word. As gevolg van die teleurstellende reaksie ten opsigte van plaaslike inisiatief het Wet nr. 3 van 1893 in sy elfde artikel bepaal dat die stemgeregtigdes slegs daardie vaders sou wees wat 'n skriftelike waarborg van bywoning van hulle kinders in die betrokke skool verskaf.<sup>3</sup> Op hierdie wyse, is gehoop, sou persone wat werklik in die onderwys belang stel, as kommissielede gekies word, en het die beginsel van ouerverkose skoolkommissies sy beslag gekry.

Alhoewel Mansvelt altyd die beginsel dat die ouer vir sy kind se opvoeding verantwoordelik is, ondersteun en in die onderwyswette beveilig het, het die gebrek aan inisiatief by die ouers<sup>4</sup> en in sommige gevalle ook by die Hollandse kerke, egter sy vertrouwe in private inisiatief laat afneem. Daarom het Mansvelt ernstige pogings aangewend om plaaslike onderwysbeheer op 'n hegter grond-

1. Z.-AR., Wet nr. 8 van 1892, art. 11(b).

2. Ibid.

3. Roos, op. cit., pp. 292-293, 336.

4. Vgl. Van der Schijf, op. cit., p. 180; en Roos, op. cit., pp. 283-291, 296-303.

slag te plaas en duideliker en vollediger voorskrifte en voorligting uit te reik. Strenger toesig is deur die Departement van Onderwys en sy skoolinspekteurs uitgeoefen sodat 'n vorm van sentrale beheer bestaan het wat oor die stiptelike uitvoering van die Onderwyswet gewaak het. Plaaslike skoolkommissies het dan ook die al hoe groter wordende regeringsteun verbeur indien voorwaardes soos byvoorbeeld dié ten opsigte van taalmedium nie nagekom is nie.

Onder Mansvelt<sup>1</sup>, die groot kampvegter vir 'n nasionale grondslag in die onderwys, is die bepaling van Hollands as taalmedium streng toegepas en die gebruik van Engelse skoolboeke beperk. Uit vrees vir die toenemende Engelse invloed het hy talle onderwysers uit Nederland ingevoer. Tydig en ontydig het Mansvelt gepleit vir die erkenning van die Christelike beginsel, die nasionale beginsel en moedertaal (Nederlands) as onderrigmedium in die onderwys. Hierdie ontwikkeling van 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel met sy gepaardgaande sukses het 'n blywende bydrae tot die onderwysdenke van die Afrikaner gemaak. In die harte van die Calvinistiese Afrikanerdom oor die ganse Suid-Afrika heen sou die vlam van Christelik-nasionale onderwys hierna sterker brand en in krisistye, wanneer hierdie volk hom bedreig voel, sou dit die sterkste wapen wees waarna hy kon gryp.

Die aanvalle van die „vreemde“ magte van Uitlander en Engelsman op die Afrikaner en alles wat sy eie is,

1. Vgl. Van der Schijf, op. cit., pp. 189-193; Basson, op. cit., pp. 98-109; J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1937, pp. 58-68; Ploeger, Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), pp. 93-95; en Pistorius, op. cit., 308-311.

het in hierdie jare geen perke geken nie. Ook Mansvelt se C.N.O.-stelsel het nie gespaar gebly nie. Die geleentheid om private skole met 'n ander onderwysmedium as Hollands te stig, waarvoor die regering wel toelaes sou betaal mits Hollands minstens vyf uur per week aandag ontvang het<sup>1</sup>, is van die tafel gevee. Nog voor die berugte Jamesonstrooptog het die leiers van die Uitlanderagitasie in die stormagtige 1895 met die Republikeinse Departement van Onderwys gebreek en 'n eie onderwysorganisasie, „The Council of Education, Witwatersrand“, gestig. Gesteun deur die kapitaalkragtige Kamer van Mynwese en die vooraanstaande Engelssprekendes, was dit in staat om 'n eie Direkteur-Generaal van Onderwys, ene John Robinson van Grey Kollege, Bloemfontein, aan te stel en verskeie Engelse skole op te rig.<sup>2</sup> Hierdie anti-nasionale, neutrale Engelse skole was 'n skerp geestelike swaard wat die hart van die Afrikaner met sy Christelik nasionale onderwysgedagte wou deurboor. As bondgenoot in hierdie stryd is die swaard van die slagveld in 1899 ingeroep. Die Anglo-Boere-oorlog was dan ook bedoel om die stryd „finaal“ in die guns van die Angel-Saksiese mag te beslis.

- 
1. Z.A.R., Volksraadbesluit van 1 Junie 1892, Regelende de subsidieering van die Scholen, waarin krachtens speciale vergunning van de Hed. Regeering het medium van onderwijs niet Hollandsch behoeft te wezen.
  2. Vgl. Basson, op. cit., pp. 137-143; en Ploeger, Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), pp. 101-110.

7. RETROGRESSIE ONDER DIE IMPERIALISTIESE BELEID VAN SARGANT-MILNER IN DIE NOORDE EN PROGRESSIE ONDER DIE SKOOLRADEWET VAN THOMAS MUIR IN DIE SUIDE

(a) Neutrale, Engelse staatsbeheerde skole onder Sargant-Milner

Met 'n uiteindelijke oorwinning op die slagveld van die Tweede Vryheidsoorlog het die Britse mag gehoop dat hy die Afrikaner as 'n aparte entiteit en derhalwe ook sy Christelik-nasionale onderwysgedagte vernietig het. Na die Vrede van Vereeniging is al die wette van die twee eertydse Boererepublieke opgehef en het die Vrystaat en Transvaal Engelse kolonies geword wat vanuit Downingstraat regeer is. As goewerneur van dié twee kroonkolonies is aangestel lord Milner, die Hoë-Kommissaris van Suid-Afrika - 'n man wat, in sy strewe om die Afrikaner-nasionalisme te breek sodat die twee Boerestate so spoedig en drasties moontlik in twee suiwer Britse kolonies omskep kon word, 'n kragtige denasionaliserings- en verengelsingsbeleid deur middel van die onderwys geloods het.

Die voorgestelde wetgewing van Sargant, waarnemende Direkteur van Onderwys en opvoedkundige raadgewer van die twee gebiede, wat in 1903 as Ordonnansies nommer 27 en 7 vir die Oranjerivierkolonie en Transvaal onderskeidelik aanvaar is, het aan elk 'n eie Onderwysdepartement met 'n Direkteur van Onderwys, ondergeskik aan die Luitenant-Goewerneur gegee.<sup>1</sup> Die Engelse bewindhebbers wat, anders as in lord Charles Somerset se dae, nou nie meer

1. Vgl. M.E. McKerron, A History of Education in South Africa, p. 38; J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1937, pp. 76-78.

op die ondersteuning van die Hollandse kerke kon staat maak nie, het in alle opsigte die beheer, administrasie en finansiering van die onderwys gesentraliseer. Basson verwys byvoorbeeld na die „suiwer totalitariese stelsel“<sup>1</sup> waarmee die Engelse hulle omskeppingsplanne van die twee Boerestate tot Britse kolonies wou uitvoer.

Plaaslike inisiatief en alle vorms van medesegenskap deur die ouers en kerke is, ten spyte daarvan dat dit in Engeland 'n erkende onderwysbeginsel is, hier te lande doelbewus uit die onderwys geweier. Alhoewel die twee Onderwysordonnansies van 1903 vir die Vrystaat en Transvaal voorsiening gemaak het „for the Lieutenant-Governor to appoint local Committees, and to define by regulation the functions and duties of such Committees“<sup>2</sup>, was dit geen erkenning van die beginsel van ouermedesegenskap nie. Ouers is die reg om self die kommissielede aan te wys, ontsê en die skoolkommissies kon slegs 'n raadplegende en raadgewende funksie ten opsigte van onbelangrike onderwysaangeleenthede vervul. Oor belangrike sake soos die benoeming van onderwysers<sup>3</sup>, die bepaling van die gees en rigting van die onderwys en die medium van die onderrig het die Engelse bewindhebbers besluit. Al die opdragte ten opsigte van die onderwys het van bo gekom en die wense van die ouers vir wie se kinders die

1. Basson, op. cit., p. 148.

2. O.V.S., Ordonnansie nr. 27 van 1903, art. 9.  
Vgl. ook Tvl., Ordonnansie nr. 7 van 1903, art. 8.

3. Vgl. Orange River Colony, Debates in the Legislative Council during the Second Session, 1903, 29th May 1903.



onderwys bedoel was, is geheel en al veronagsaam.<sup>1</sup>

Die eertydse republikeinse skole waarin die Christelik-nasionale onderwysgedagte en die moedertaal voorrang geniet het, is gedurende die Sargant-Milner-periode met vrye (liberale), nie-sektariese, Engelse staatskole vervang. In hierdie verband sê Malherbe: „The old education system of the South African Republic with its Dutch Superintendent, inspectors, and officials had been swept away so thoroughly that not a vestige had remained.”<sup>2</sup> Die idee van Christelike onderwys en 'n Christelike gees in alle skoolvakke verdwyn nou. So is godsdiensonderwys byvoorbeeld tot „Bible History” beperk en indien ouers dit in Hollands aangebied wou hê, sou dit twee van die vyf ure in beslag neem wat vir die onderrig van Hollands toegestaan is.<sup>3</sup> Afrikanerouers moes derhalwe 'n keuse maak tussen „godsdiensonderwys” en die onderrig van Hollands. Die reëling van Sargant waarvolgens kerkleiers een uur per week sektariese onderwys op versoek van ouers aan skole kon gee<sup>4</sup>, was ook niks anders as 'n fopspeen nie, „it was calculated to disarm a certain amount of opposition.”<sup>5</sup> Uit sowel Engels- as Afrikaanssprekende geleedere

1. Vgl. Van der Schijf, op. cit., pp. 218-219; Malherbe, op. cit., pp. 316-321; Van Schoor, „Onderwys in die Oranje-Vrystaat” in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960, pp. 164-165; en Basson, op. cit., pp. 172, 209, 219-221, 244. Aanvanklik is raadplegende skoolkommissies in Transvaal slegs aan skole met meer as honderd leerlinge toegestaan. Ouers en persone wat minstens R10 bygedra het, was die kiesers. In die Vrystaat is die lede van die adviserende kommissies deur die Luitenant-Goewerneur self aangestel.
2. Malherbe, op. cit., p. 315.
3. Tvl., Ordonnansie nr. 7 van 1903, art. 5(1). Vgl. ook O.V.S., Ordonnansie nr. 27 van 1903, art. 5.
4. Vgl. Tvl., Ordonnansie nr. 7 van 1903, art. 5(2).
5. Milner Papers, IV, 279: Milner and Chamberlain, 29 September 1902 soos aangehaal deur Van der Schijf, op. cit., p. 220.

is hierteen beswaar gemaak.<sup>1</sup>

Die aftakeling van die volkseie van die Afrikaner het veral duidelik geblyk uit die wyse waarop uitvoering gegee is aan artikel vyf van die Vredesverdrag van Vereeniging, wat neergelê het dat : „De Hollandsche taal zal onderwezen worden in publieke scholen in de Transvaal en de Oranje-Rivier-Kolonie, waar de ouders der kinderen zulks verlang .....”<sup>2</sup> Sargant het byvoorbeeld gesorg dat die onderrig van Hollands tot 'n minimum beperk word deur soos volg in artikel 6 van die Transvaalse Ordonnansie nr. 7 van 1903 te bepaal: „Any scholar shall at the request of his parent or guardian receive instruction in the Dutch language for three hours a week. The instruction under this section may be additional to instruction in Bible History and religious instruction given in the Dutch language .....; provided that the total time devoted to instruction given in the Dutch language under this section ..... shall not exceed five hours a week.”<sup>3</sup> In die onvolledige omskrywing van die beginsel van moedertaal-onderwys in die Vredesverdrag het die Britse bewindhebbers ook 'n geleentheid gesien om Hollands as onderrigmedium in alle staatskole te ignoreer. Om alles te kroon, was die onderwys in hierdie skole dikwels in die hande van ingevoerde Engelse onderwysers wat nie Hollands magtig was nie.<sup>4</sup> Nog 'n metode wat gevolg is om die Britse Imperialisme ten koste van Afrikaner-nasionalisme te bevorder,

1. Vgl. Van der Schijf, op. cit., p. 221.

2. J.D. Kestell en D.E. van Velden, De Vredesonderhandelinge tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika, p. 135.

3. Dieselfde beginsel word vir die Vrystaat in Ordonnansie nr. 27 van 1903, art. 6 neergelê.

4. Vgl. Van der Schijf, op. cit., 222-224; en Basson, op. cit., 177-180, 192-193.

was om Suid-Afrikaanse geskiedenis uit die skole te weer en „English History” in die plek daarvan aan te bied.<sup>1</sup>

Al hierdie pogings om deur middel van 'n verengelsde staatsbeheerde onderwysstelsel 'n homogene Suid-Afrikaanse volk deurdrenk met die Britse ideale en denke tot stand te bring, het gouer as in lord Charles Somerset se dae misluk. Die Britse invloed het homself wel op baie lewensterreine diep ingegrawe, maar kon nie die Christelik-nasionale onderwysgedagte in die harte van die Afrikaner bykom nie. Nie net in die Noorde nie maar ook in die Suide sou die bevolking teen die staatsoorheersing in die onderwys in verset kom en eise ten opsigte van ouermedeseggenkap, die gees en rigting van die opvoeding en die onderrigmedium stel.

(b) Ouermedeseggenkap vestig in Kaapland onder die Skoolraadwet van 1905

In Kaapland was die stryd van die Afrikaner op hierdie stadium teen Thomas Muir se verengelsde staatskoolstelsel. Besiel met die Imperialisme van die Torybewind het Muir met Langham Dale se desentralisasie en laissez faire-beleid gebreek en die Kaapse onderwys as 'n gesentraliseerde neutrale staatsonderwysstelsel gereorganiseer. So ywerig het hy 'n verengelsingsbeleid deur middel van hierdie staatskoolstelsel geloods dat Du P. van Wyk hom die Somerset van die Kaapse Onderwysdepartement noem.<sup>2</sup>

Aanvanklik het Muir en die Kaapse regering alle pogings om die verkiesing en omskrywing van die magte

1. Basson, op. cit., p. 177.

2. Van Wyk, op. cit., p. 146. Vgl. ook Basson, op. cit., pp. 265-266.

van skoolkommissies in ooreenstemming met die beginsel van ouermedeseggenkap te bring, teëgestaan. Hulle was duidelik bevrees dat sodanige toegewings aan Afrikanermagte soos die N.G. Kerk en die Afrikanerbond 'n groter houvas op die onderwys sou gee as wat Muir se Imperialistiese denkbeelde daarop gehad het.<sup>1</sup> In 1905 het Crewe, die Koloniale Sekretaris, dan ook 'n wetsontwerp ingedien waarvolgens plaaslike skoolkommissies afgeskaf sou word ten gunste van skoolrade<sup>2</sup> wat onder andere moes meehelp om die gesag oor die onderwys in die hande van die Kaapse Engelse bewindhebbers soos die Superintendent-generaal van Onderwys te sentraliseer. Hierdie miskenning van beginsels wat nog altyd deel van die Afrikaner se prinsipiële denke was, het heftige verset uit Afrikanergeleedere ontlok. So maak Malherbe die opmerking: „Thanks to the pressure brought to bear by the 'Afrikander' element, the local school committees were not swept away as the Bill had at first intended .....”<sup>3</sup> Die uiteindelijke gevolg was die aanvaarding van 'n kompromis-voorstel wat naas die instelling van skoolrade, ook die beginsel van ouermedeseggenkap in die Kaapse onderwys op 'n stewige grondslag geplaas het. Ouers of voogde kon nou self die drie tot sewe skoolkommissieledere vir periodes van drie jaar kies. Behalwe pligte soos algemene toesig oor skole, geboue en terreine kon elke skoolkommissie leerkragte vir vakatures by sy betrokke skool benoem, onderhewig aan die Departement.

1. Vgl. Cilliers, op. cit., pp. 132, 137; en Basson, op. cit., pp. 262-263.

2. Vgl. Van Wyk, op. cit., pp. 156-159; P.S. du Toit, „Onderwys in Kaapland” in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, p. 82; en E.G. Pells, 300 Years of Education in South Africa, p. 65.

3. Malherbe, op. cit., p. 130.

ment van Onderwys se finale goedkeuring.<sup>1</sup>

Die beginsel ten grondslag van die verkiesing van die skoolrade was iets heel anders as in die geval van die skoolkommissies. Hier was dit die stemgeregtigde kiesers van die distrik wat twee derdes van die lede aangewys het en die goewerneur wat die res benoem het.<sup>2</sup> Van hierdie rade is verwag om geleidelik verpligte onderwys toe te pas.<sup>3</sup> Volgens artikel 33 het skoolstigtig onder hulle en nie onder die ouers se skoolkommissies ressorteer nie. Omdat die Kaapse regering normaalweg net die helfte van die onkoste verbonde aan onderwys betaal het, het skoolrade ook die reg ontvang om skoolgeld en 'n skoolbelasting te hef.<sup>4</sup> Laasgenoemde belasting is vanaf 1909 deur Afdelingsrade en Munisipaliteite ingevorder.<sup>5</sup> Die beginsel dat ouers moet bydra tot die opvoeding van hulle kinders, is vir etlike jare daarna nog in Kaapland toegepas.

Na 1905 het die Afrikaner in die Suide sy skoolstryd veral op die erkenning van die moedertaalbeginsel toegespits. In die Noorde was die stryd soos deur Sargant en Milner begin, 'n veel omvattender een want in hierdie denasionaliseringspogings was daar baie min toegewings vir beginsels soos ouermedeseggenkap, onderrig deur moedertaal en die Christelik-nasionale gedagte in die onderwys.  
nie.

1. Kpl., Ordonnansie nr. 35 van 1905, art. 41-47.

2. Ibid., art. 11.

3. Ibid., art. 60.

4. Ibid., art. 39.

5. M.E. Martinius, A Sketch of the Development of Rural Education (European) in the Cape Colony (1652-1910), pp. 92-93; Malherbe, op. cit., p. 130.

8. VRYE, CHRISTELIK-NASIONALE SKOLE AS TEENVOETER VIR  
NEUTRALE ENGELSE STAATSKOLE VAN SARGANT-MILNER

Met hulle denasionaliserings- en verengelsingsbeleid het die Britse bewindhebbers soos Milner en Sargant nie daarmee rekening gehou dat die draer en beskermer van die Afrikaner se lewensbeskouing en ideale van die vorige twee honderd en vyftig jaar die Afrikaner selfs in hierdie krisisoomblikke kon beskerm nie. Die Christelik-nasionale onderwysgedagte het die Afrikaner in die Noorde dan ook in staat gestel om op 'n unieke wyse 'n eie onderwysstelsel, onafhanklik van die staat, te organiseer. Met groter vasberadenheid as ooit te vore en met 'n splinternuwe lewenskrag het die verarmde en verowerde Boerevolk die stryd teen die neutrale, Engelse staatskole aangeknoop.

Talle C.N.O.-skole is tussen 1902 en 1907 opgerig en „waren de nieuwe, jonge, maar kerngezonde en veelbelovende uitspruitsels van een oude stam, die gedurende de oorlog wel was afgekapt, doch welks wortels diep doorgedrongen waren in de harten van ons Afrikaanse Volk.“<sup>1</sup> In teenstelling met die Engelse staatskole wat oor bykans onbeperkte Britse steun en ingevoerde onderwysers beskik het, het die C.N.O.-skole van private inisiatief en partikuliere fondse (veral vanuit Nederland ontvang) asook van agtergeblewe Hollandse leerkragte en eie opgeleide onderwysers gebruik gemaak.

Vir die behartiging van hierdie omvangryke taak het verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke en volksleiers oorgegaan tot die stigting van 'n „Algemene Kommissie tot behartiging van 't Kristelik Nationaal

1. H. Visscher, „Het C.N.O. van 1903 tot 1907“ in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 1893-1918, p. 151.

School-onderwijs" wat aan die begin van 1903 tot die „Hoofdkommissie voor Christelik Nationaal Onderwijs" herdoop is.<sup>1</sup> As sekretaris is H. Visscher, 'n skoolinspekteur uit die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek, aangestel. Op die eerste vergadering van hierdie Hoofdkommissie is die reglement vir die beheer van die skole opgestel. As uitgangspunt het gedien die beginsel dat dit die ouers se taak is om vir hulle kinders se onderwys te sorg en te betaal, en dat finansiële hulp slegs aan diegene wat dit nie kon bekostig nie, verleen sou word. Van besondere betekenis is dat elkeen van hierdie skole onder die eie bestuur van 'n skoolkommissie, gekies deur die ouers van die skoolgaande kinders, geplaas is en dat die onderwys in 'n Protestants-Christelike gees moes geskied. Die omvang van die C.N.O.-organisasie het vinnig toegeneem en op een stadium was daar byna 10,000 leerlinge in hierdie skole en is J.K.M. te Boekhorst as inspekteur aangestel.<sup>2</sup>

In die Vaalrivierkolonie was die aksie ten gunste van C.N.O.-skole aanvanklik 'n gesamentlike en gekoördineerde poging van die drie Afrikaanse kerke, die „Vereniging van Onderwyzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika" (V.V.O.O.Z.A.) en die Het Volk-party. In die Oranjerivierkolonie het sowel die N.G. Kerk as die Gereformeerde Kerk C.N.O.-skole gestig. Die Gereformeerde Kerk het

1. M. Vaandrager, „De Oorsprong van de Kommissie voor C.N.O. (Christelik Nationaal Onderwijs) ‚Vriendenkringen'." in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 1893-1918, pp. 149-150.

2. Vgl. Basson, op. cit., pp. 196-204; J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1937, pp. 95-97; J.J. Pienaar, „Ontplooiing van C.N.O.-gedagte in Transvaal en Standpunt en rol van Ned. Herv. of Geref. Kerk in die verband (1902-1907)" in Die Kerkbode, 21 Junie 1967, pp. 875-876; Malherbe, op. cit., pp. 321-323; en Van der Schijf, op. cit., p. 226.

veral by die Transvaalse C.N.O.-beweging aansluiting gesoek terwyl die N.G. Kerk vanaf Desember 1903 self tot die stigting van Christelik-nasionale kerkskole oorgegaan het.<sup>1</sup> Die stelsel van beheer oor die Vrystaatse C.N.O.-skole weerspieël ondubbelsinnig die belangrikheid van die beginsel van ouermedeseggenskap vir die Afrikaner. Alhoewel kerkrade hierdie skole opgerig, van toerusting voorsien en die finansies beheer het, is elke C.N.O.-skool onder die direkte beheer van 'n ouer-verkose skoolkommissie geplaas.

Die groot sukses van die C.N.O.-skole en die be-sieling wat daaruit gevloei het, was 'n kragtige wapen waarmee die Afrikaner nie net homself van algehele verswel-ging deur die Angel-Saksiese mag gered het nie, maar het ook die Britse bewindhebbers tot toegewings gedwing.

Lord Selborne, die opvolger van Milner, en John Adamson wat vanaf 1905 byna twintig jaar lank die Direk-teur van Onderwys in Transvaal was, het besef dat hulle iets moes doen om die C.N.O.-skole tot amalgamasie met die staatskole oor te haal. Hulle toegewings sou egter die dringende ver-toë van Afrikanerkant om staatstoelaes aan selfstandige private skole soos byvoorbeeld C.N.O.-skole, veronagsaam. Vir die Britse gesagvoerders was daar net een ideaal, naamlik, 'n staatsbeheerde onderwysstelsel waarin al die onderwys begrepe is. Deur versigtige toege-wings ten opsigte van plaaslike onderwysbestuur het Sel-borne egter gehoop om die C.N.O.-skole vir aansluiting by

---

1. Vgl. N. Arnold, Die Christelik-Nasionale Onderwysbe-weging in Suid-Afrika gedurende die Tydperk 1907-1920, pp. 31-37; en P.W. Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859-1959, pp. 148-149.



die staatsonderwysstelsel te wen.

In Desember 1905 het Selborne sy regulasies vir Transvaal<sup>1</sup> uitgevaardig waarin hy neergelê het dat advise-rende skoolkommissies nou vir elke Transvaalse skool met meer as dertig leerlinge ingestel kon word. Ouers het die reg gehad om self hierdie kommissies te kies, maar met dié voorbehoud dat die Luitenant-goewerneur hulle finaal aanstel. Selborne het in die Vaalrivierkolonie ook advise-rende skoolrade ingestel wat onder andere belas was met adviserende toesig oor die optrede van die adviserende skoolkommissies in gevalle van skorsing en aanstelling van onderwysers. Een derde van die lede van hierdie skoolrade is deur die goewerneur en die res deur die betrokke plaaslike skoolkommissies aangewys.<sup>2</sup>

In werklikheid was die magte van skoolkommissies maar van 'n geringe aard. So was die vergunning aan die skoolkommissies om in die geval van aanstellings van onderwysers 'n eie keuse te maak, onderworpe aan die bepaling dat die keuse uit 'n lys van onderwysers soos vooraf deur die Direkteur opgestel, gemaak moes word. By die kommissie se benoeming moes die betrokke skoolraad sy opmerkings voeg waarna die Direkteur dit vir goedkeuring oorweeg het. Alhoewel sodanige benoemings normaalweg deur die Direkteur goedgekeur is, kon hy sonder opgaaf van redes 'n skoolkommissie versoek om 'n ander keuse aan hom voor te lê.

- 
1. Tvl., Goewermentskennisgewing nr. 1117 van 28 Desember 1905. Vgl. ook Basson, op. cit., pp. 220-221, 229; Malherbe, op. cit., pp. 330-331; Van der Schijf, op. cit., pp. 235-238; en J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838-1937, pp. 85-87, vir 'n uiteensetting en besprekings hiervan.
  2. Vgl. Basson, op. cit., pp. 229-230; en Van der Schijf, op. cit., p. 235.

Die beginsel van moedertaal as onderwysmedium het in Transvaal gedeeltelike erkenning verkry omdat dit vir aanvangsonderwys aanbeveel is. Engels het egter nog die belangrikste taal gebly : „Teachers shall be allowed to use either the English or Dutch language as the medium of instruction, so long as they make themselves understood to the children, provided that English shall be used as the medium as soon as the children are able to follow the teacher's instruction in that language. A knowledge of English, as prescribed for each Standard, shall be a condition of promotion from any Standard to a higher one.”<sup>1</sup>

In die Oranjerivierkolonie waar die C.N.O.-gedagte nie so sterk beslag gekry het voor die oorlog as in Transvaal nie, het Selborne se Ordonnansie nr. 29 van 1905 vir hierdie kolonie baie minder toegewings bevat. Die beginsel van ouermedeseggenkap is hier byvoorbeeld heeltemal veronagsaam. Voorsiening is wel gemaak vir die instelling van 'n „skoolkommissie” maar in wese was hierdie „skoolkommissie” wat gekies is, nie veel meer as die skoolrade van die ander provinsie nie. Dit was ook die belastingbetalers en nie die ouers nie, wat die meerderheid van die lede van hierdie kommissies gekies het, terwyl die regering die res aangewys het.<sup>2</sup> Hierdie kommissies kon sub-kommissies (in ander provinsies skoolkommissies genoem) vir dele van die distrik aanstel en enige van hulle magte, behalwe dié in verband met die benoeming van onderwysers, aan hierdie sub-kommissies delegeer.<sup>3</sup> In die

1. Tvl., Goewermentskennisgewing nr. 1117 van 28 Desember 1905 art. 46 soos aangehaal deur Basson, op. cit., p. 230.

2. O.V.S., Ordonnansie nr. 29 van 1905, art. 6.

3. Ibid., art. 34(6).

geval van die aanstelling van onderwysers moes die „distrik“-skoolkommissies die lys van beskikbare kandidate by die Direkteur kry, daaruit hulle keuse maak en deurstuur vir die goedkeuring van die Direkteur en bekragtiging van die goewerneur.<sup>1</sup> Selborne het dus nie aan die ouers in die Oranje-Vrystaat die reg verleen om self die lede van die plaaslike sub-kommissies te kies en 'n aandeel in die aanstelling van onderwysers te hê nie. Ten opsigte van godsdiensonderwys het Selborne in artikels 55-59 hoofsaaklik dieselfde bepalings as dié van 1903 neergelê.

Die Selborne-toegewings het geensins die C.N.O.-ondersteuners tevrede gestel nie. Op die twee verteenwoordigende C.N.O.-kongresse van Desember 1905 en Maart 1906 in die Transvaal was die beperktheid van ouerregte een van die redes wat die meerderheid laat besluit het om, ten spyte van 'n ernstige geldskaarste, met C.N.O.-skole voort te gaan.<sup>2</sup> Vir dié doel is die hele stelsel van onderwysbeheer van die C.N.O.-skole op die 1906-kongres opgeknep en gesentraliseer. 'n „Vereeniging voor C.N.O. in Transvaal“ is gestig met die bestuur in die hande van 'n hoofkommissie, distriks- en afdelingskommissies en takke wat in elke wyk en distrik gestig moes word. Aan die hoofkommissies is pligte soos die beheer oor die geldsake, gereelde besoldiging van leerkragte en inspeksie opgedra terwyl die plaaslike skoolkommissies van elke skool, wat deur die ouers gekies is, vir die benoemings van die onderwysers verantwoordelik was. Die finale bekragtiging van sodanige benoemings het by die distrikskommissies berus. By dieselfde geleentheid is die grondslag van Christelik-

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 29 van 1905, art. 38.

2. Basson, op. cit., pp. 233-234.

nasionale onderwys soos volg omskrywe: „Onder Christelik onderwys wordt verstaan: onderwys overeenkomstig de H. Schrift, in overeenstemming met de belijdenisschriften der drie Hollandsche kerken. Onder Nationaal Onderwys wordt verstaan: onderwys dat met het oog op de leidingen Gods in de Geschiedenis van ons Volk, den Godsdienst, de taal en traditiën onzer vaderen in eere houdt en voortplant.”<sup>1</sup>

Die stryd van die C.N.O.-skole om die nodige finansiële hulp het egter al hoe moeiliker geword. In die Vrystaat is verskeie van dié skole reeds vanaf 1905 tot amalgamasie met Selborne se staatskoolstelsel verplig. Die C.N.O.-beweging het egter met sy stryd terwille van die Afrikaner se beginsels voortgegaan tot daar aan die begin van 1907 'n nuwe wending gekom het toe selfregering in die eertydse Boererepublieke ingestel is. By die Boerevolk het daar nuwe hoop gekom dat sy beginsels nou groter erkenning en beskerming sou geniet.

9. NEUTRALE STAATSKOOLSTELSELS MET OUERMEDESEGGENSKAP  
ONDER DIE SMUTS- EN HERTZOGWETTE IN DIE NOORDE IN  
PERSPEKTIEF MET THOMAS MUIR SE SKOOLRADEWET IN DIE  
SUIDE

Onder die nuwe bedeling van verantwoordelike regering het die Afrikanerparty, Het Volk, in die Transvaalse en die Orangia-Unie in die Vrystaatse verkiesings oortuigende oorwinnings behaal. By die rasegte Afrikaner het daar groot verwagtings opgevlam dat die beginsels

<sup>1</sup>. Soos aangehaal deur J. Chr. Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, p. 29.

waarvoor daar in die verlede so hard gestry is, nou ver-  
wesenlik sou word. So het „De Vereeniging” dit op die  
Transvaalse volksleiers se harte gedruk dat „onze politie-  
ke, nationale, godsdienstige opvoedkundige zaligheid moet  
op echt Afrikaansche lijnen worden uitgewerkt.”<sup>1</sup>

In Transvaal is genl. Louis Botha as Eerste  
Minister en genl. J.C. Smuts as Koloniale Sekretaris en  
Minister van Onderwys aangewys terwyl Abraham Fischer die  
Eerste Minister en genl. J.B.M. Hertzog die Minister van  
Justisie en Onderwys in die Vrystaat geword het. Die toe-  
kenning van selfregering het egter op Smuts 'n ander uit-  
werking gehad as op Hertzog.

- (a) Smuts se versoeningsbeleid vestig 'n neutrale  
staatskoolstelsel met ouermedeseggenskap ten  
koste van die C.N.O.-stelsel in Transvaal

In Transvaal het J.C. Smuts en Louis Botha, die  
eertydse Boeregeneraals en kampvegters vir C.N.O.-skole,  
nou van koers verander. In skrilte kontras met die Afri-  
kaner-nasionalisme het hulle 'n versoeningsbeleid probeer  
toepas wat nie net hunsoppers en „National Scouts” tot die  
Afrikanergeleedere wou toelaat nie, maar ook op toenadering  
tussen Afrikaner en Engelsman asook die volledige aanvaar-  
ding van 'n imperiale verbintenis gemik was.<sup>2</sup>

Vroeg in 1907 het Smuts dit baie duidelik aan  
die C.N.O.-ondersteunders gestel dat hy geen staatsteun  
vir vrye, Christelik-nasionale skole sou bewillig nie.

1. De Vereeniging, „Ons Ministerie”, 4 April 1907, p.2.  
2. Vgl. S.B. Spies, „Heropbou en Unifikasie, 1902-  
1910” in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar  
Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 330; en Basson,  
op. cit., pp. 236-237.

Die C.N.O.-skole moes na sy stelsel van eenvormige staats-  
 onderwys waaronder alle Engelssprekende en Afrikaansspre-  
 kende kinders terwille van die opbou van een groot nasie  
 saam opgevoed kon word, oorkom.<sup>1</sup> Smuts slaag dan ook  
 daarin om die oorgrote meerderheid Afrikaners in Transvaal  
 te oortuig dat hy die verskillende standpunte wat tot die  
 C.N.O.- en Engelse staatsonderwysstelsel gelei het, in  
 een nasionale onderwysstelsel sou versoen.

Vir die 115 Transvaalse C.N.O.-skole met hulle  
 geldelike kwellings was daar geen ander keuse as om op die  
 beloftes van die eertydse stigterslid te vertrou en onder  
 die Smutswet van 1907 met die goewermentskole saam te  
 smelt nie. Die Onderwyswet nr. 25 is in Augustus 1907 son-  
 der 'n enkele teenstem deur die Transvaalse Wetgewende  
 Vergadering aanvaar en bly, na geringe wysigings tot in  
 1953 die geldende onderwyswet van Transvaal.<sup>2</sup>

Smuts se onderwyswet het hoofsaaklik op Sel-  
 borne se onderwysbeleid voortgebou. Gevolglik was die  
 Kaaps-Britse invloed daarop oorheersend en het Smuts se  
 onderwysstelsel ook in breë trekke met Muir se stelsel van  
 staatsonderwys in Kaapland ooreengestem.<sup>3</sup>

Ter wille van sy holistiese ideaal van 'n een-  
 heidsbewuste nasie het Smuts groot klem gelê op die be-  
 heer wat die staat deur middel van sy Minister van Onder-  
 wys en sterk sentrale Departement van Onderwys moes uitoe-  
 fen. Die staat moes die volle verantwoordelikheid vir die  
 onderwys aanvaar, want die onderwys was immers ter wille

1. Vgl. Pistorius, op. cit., pp. 323-325; en Van der  
 Schijf, op. cit., pp. 244-246.

2. A.K. Bot, Die ontwikkeling van Onderwys in Trans-  
 vaal 1836-1951, p. 63.

3. Vgl. Basson, op. cit., p. 250; en Arnold, op. cit.,  
 pp. 55-57.

van 'n maatskaplik-politiese doel in diens van die staat. Volgens hierdie opvatting moes die staat die onderwys ten volle finansieer<sup>1</sup> en was onderwysers staatsamptenare wat volgens die voorskrifte van die staat, selfs ten opsigte van die Christelike en nasionale beginsels, onderrig moes gee. Dit alles het ook aan die staat die reg verleen om verpligte skoolbesoek voor te skrywe.

Al het Smuts die uitgesproke desentralisasiebeleid van die vrye, private C.N.O.-skole onder direkte oerbeheer verwerp, het hy tog die beginsel van medeseggenenskap deur ouers in die beheer oor die staatskool erken. Plaaslike beheer oor skole het Smuts, net soos Selborne, onder skoolrade en skoolkommissies geplaas. Wanneer die Smutsonderwyswet in hierdie verband met die Kaapse Skoolradewet van 1905 vergelyk word, is daar talle opvallende ooreenkomste wat daarop dui dat Smuts die Kaapse Skoolradewet as grondslag vir sy stelsel van plaaslike beheer gebruik het. Artikels 66 tot 72 van die Smutswet het byvoorbeeld neergelê dat die vyf tot sewe skoolkommissielede vir drie jaar deur ouers van skoolgaande kinders woonagtig binne drie myl van die skooldistrik se grense, verkies moes word. Ook het die medeseggenenskap wat aan hierdie skoolkommissies ten opsigte van die aanstellings van onderwysers toegestaan is, beteken dat plaaslike kommissies in albei kolonies hulle eie keuse sonder inmenging kon maak en via die skoolraad, wat eie opmerkings kon byvoeg, aan die Direkteur van Onderwys vir finale goedkeuring moes voorlê.

---

1. Smuts pas die beginsel van kostelose laer onderwys konsekwent toe behalwe in die geval van ondersteunde plaasskole waar skoolgeld wel gehef kon word.

Dieselfde beginsels het vir die verkiesing sowel as vir die omskrywing van die magte en pligte van die skoolrade in Transvaal en Kaapland gegeld.<sup>1</sup> Een derde van die lede is in albei kolonies deur die staat aangestel terwyl die orige twee derdes in die geval van die Transvaal deur die stemgeregtigdes vir die Provinsiale Raad of Volksraad en in die geval van Kaapland deur die belastingbetalers van die Munisipale of Afdelingsrade gekies is. Die pligte wat baie ooreengestem het, het in albei gevalle aanbevelings rakende skoolstigting en opmerkings oor die aanstelling en skorsing van onderwysers ingesluit.<sup>2</sup>

In sy toegewings ten opsigte van onderrig deur die moedertaal<sup>3</sup> het Smuts van gelyke beregtiging aan die twee landstale weggeskram. Trouens, Engels het verreweg voorkeur geniet - 'n beleid wat Muir in Kaapland ook toegepas het ten spyte daarvan dat die 1882-bepaling aan Kaaplandse skoolkommissies die reg verleen het om die onderrigmedium self te kies. Smuts se onderwyswet het die Afrikaanssprekende leerling slegs toegelaat om tot standerd drie deur middel van sy moedertaal onderwys te ontvang. Hierna moes Engels die onderwysmedium vir alle leerlinge wees en Hollands kon in hoogstens twee vakke as voertaal gebruik word. Ook sou geen leerling na 'n hoër standerd bevorder word indien hy nie oor voldoende kennis van Engels beskik nie. Hierteenoor was die Engelssprekende leerlinge se hele onderwys in hulle moedertaal, en alhoewel alle leerlinge Hollands moes leer, kon ouers daarteen be-

- 
1. Vgl. Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 38-65; en Kpl., Ordonnansie nr. 35 van 1905, art. 7-55.
  2. Vgl. Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 57-63; Kpl., Ordonnansie nr. 35 van 1905, art. 33, 46, 47; en Basson, op. cit., pp. 263-265.
  3. Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 30-33.



swaar aanteken. Van hierdie voertaalbepalings gee Pistorius 'n raak opsomming: „Elke kind mag Hollands leer, maar elke kind moet Engels leer.”<sup>1</sup> Vir 'n nasionale beginsel wat die Afrikaner-nasionalisme bokant dié van die Britse wêreldryk sou bevorder, het Smuts nie kans gesien nie.

Die idee dat godsdiensonderwys in staatskole neutraal moet wees en dat daar vir 'n Christelike beginsel wat op die hele onderwys betrekking het, geen plek in openbare skole is nie, spreek duidelik uit die Smutsonderwyswet. Vir Smuts het die algemene godsdiensstige grondslag vir staatskole daaruit bestaan dat elke skooldag met Skriflesing en gebed moes begin en dat Bybelse geskiedenis sover moontlik binne die eerste halfuur van elke skooldag deur die onderwysers self onderrig moes word.<sup>2</sup> Vanselfsprekend was die insluiting van die bepaling dat geen kerkgenootskap se dogma of leer in die skole toegelaat sou word nie. Vir die kinders van ouers wat teen godsdiensonderwys beswaar gehad het, was daar die gebruikelike vrystelling. As die ouers van 'n bepaalde skool hoofsaaklik nie-Christene was, sou die bepalings ten opsigte van godsdiensonderwys ook nie toegepas word nie en voorsiening sou slegs vir die minderheidsgroep getref word.

Smuts se onderwyswet was vir baie 'n dankbare oplossing, maar vir ander 'n „droeve teleurstelling”. W. Klooster, wat as voorsitter van die V.V.O.O.Z.A. opgetree het tydens die bespreking van die konseponderwyswet van Smuts, het die reaksie van hierdie onderwysersvereniging soos volg saamgevat: „,Niet ons ideaal, maar als over-

1. Pistorius, op. cit., p. 324.

2. Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 34.

gangswet een stap in goede richting.' Wij wilden meer rechten voor de ouders, beter waarborgen voor de taal en de geest van't onderwijs en geen gratis onderwijs."<sup>1</sup>

(b) Hertzog implementeer gelyke taalregte en ouermedeseggenskap in die reeds bestaande staatskoolstelsel van die Vrystaat

In die spoedige toekenning van selfbestuur aan die Vrystaat en Transvaal het Hertzog, die invloedrykste figuur in die Vrystaatse kabinet, geen morele verpligting tot 'n imperiale toegeneentheid gesien nie. Nie 'n Britse wêreldnasie nie, maar 'n Suid-Afrikaanse nasie saamgestel uit Afrikaner en Engelsman waarin elkeen sy kulturele identiteit kon bewaar, was Hertzog se ideaal. Onderlinge gelykwaardigheid en wedersydse agting van Boer en Brit was vir hom die belangrikste boustone van so 'n nasie. Toe alles vir die Afrikaner na 1902 skynbaar verlore was, het genl. Hertzog tog kans gesien om een ding te red: sy taal. In die taal het Hertzog ook die uitgangspunt vir die handhawingstryd van die Afrikaner gesien. Verskans agter sy tweestroombeleid het hy derhalwe 'n onverbidde-like stryd om die konstitusionele erkenning en die toepassing van die gelyke regte van Hollands (later Afrikaans) naas Engels gevoer.<sup>2</sup>

Hertzog het ook die stryd van die Afrikaner vir die erkenning van die C.N.O.-beginsels geken. Hy het nie

1. W. Klooster, "Onze Vereniging van 31 Desember 1903 tot 24 April 1909" in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek 1893-1918, p. 31.
2. Vgl. S.B. Spies, "Heropbou en Unifikasie, 1902-1910" in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 330; en P.J. Nienaber, "Genl. Hertzog en ons Taalstryd" in Hertzog-Annale, Junie 1952, pp. 22-23.

net as voorsitter van sommige van die protesvergaderings opgetree nie<sup>1</sup>, maar was ook in gedurige kontak met ds. Willem Postma (dr. O'Kulis) wat in 1905 na Bloemfontein gekom het en die groot kampvegter vir die C.N.O.-gedagte en die siel van die Taalbeweging in die Vrystaat geword het.<sup>2</sup> Hertzog het egter te doen gehad met 'n tradisie van neutrale staatskole wat reeds in die Republikeinse dae onder Brebner gevestig het en na 1902 kragtig deur die Engelse Direkteurs uitgebou is. Ook die Direkteur van Onderwys, Hugh Gunn, en verskeie inspekteurs van skole wat nog deur die Britse bewindhebbers aangestel is en wat Hertzog verplig was om te gebruik, het vierkantig by die Kaap-Britse neutrale staatskoolgedagte gestaan.<sup>3</sup> Maar ten spyte hiervan het Hertzog op 26 Junie 1908 sy omstrede Wet nr. 35 aan die Vrystaatse Wetgewende Vergadering voorgedra waarmee hy 'n belangrike deurbraak gemaak het vir die erkenning van sommige van die grondslae van die Afrikaner se opvoedingsfilosofie in die staatskoolstelsel. Volgens sy eie verduideliking van hierdie Onderwyswet aan die Volksraad het hy baie klousules van die Smutswet byna woordeliks oorgeneem, maar „terzelfdertijd moest hij zeggen, dat er grote beginselen in de wet waren, welke hij niet kon aannemen, en dus had hij anderen neergelegd in het wetsontwerp nu voor het Huis, welke

1. Vgl. die „Griewe-kongres“, Desember 1904 te Brandfort en die reeks kongresse gedurende 1905 in Bloemfontein.

2. P.J. Nienaber, „Dr. O'Kulis en die Onderwyswet; Invloed op genl. Hertzog“ in Hertzog-Annale, Junie 1952, pp. 205-209.

3. Vgl. M.C.E. van Schoor, „Die toepassing en ontvangs van die Vrystaatse Onderwyswet van 1908“ in Hertzog-Annale, Februarie, 1953, pp. 23-25; en P.J. Nienaber, „Genl. Hertzog se Onderwyswet“ in Hertzog-Annale, Junie, 1952, p. 101.

volgens zijn opinie veel meer overeenkomstig waren met de behoeften en belangen van het land....."<sup>1</sup>

Allereers het Hertzog die gelyke behandeling van die twee landstale verpligtend gemaak: „De hoofdonderwijzer van elke lagere of middelbare openbare school zal verpligt zijn zoveel mogelijk voorziening te maken voor en de gelyke behandeling van de Engelse en Hollandse taal in zulke school te handhaven, .....”<sup>2</sup> Daarna het hy die belangrike beginsel van onderrig deur middel van die moedertaal volledig omskrywe. Hollands en Engels is tot gelykwaardige onderrigmediums verklaar waarna bepaal is dat „elke kind tot en met standerd IV in elk onderwerp onderwezen worden door middel van de taal die het best door zulk kind gesproken en begrepen word, als het medium van onderwijs voor zulk kind, .....”<sup>3</sup> Die tweede taal sou geleidelik en oordeelkundig ingevoer moes word. Vanaf standerd IV sou alle leerlinge onderrig in beide Hollands en Engels as vak ontvang, behoudende sekere gevalle van vrystelling. Na standerd IV<sup>4</sup> is die moedertaalbeginsel slegs gedeeltelik toegepas want nou moes helfte van die gewone vakke deur medium Hollands en helfte deur medium Engels onderrig word. Die keuse van die medium vir betrokke vakke is aan die skoolkommissies oorgelaat.<sup>5</sup>

1. Het Parlement van de Oranje Rivier Kolonie, Debatten, 26 Junie 1908.
2. O.V.S., Ordonnansie nr. 35 van 1908, art. 14.
3. Ibid., art. 15(1).
4. Volgens Hertzog het 85% van die kinders die staatskole aan die einde van standerd V verlaat. Vgl. J.B.M. Hertzog, „Onze Moedertaal en Haar Waarde” in Hertzog-Annale, Junie 1952, p. 57.
5. O.V.S., Ordonnansie nr. 35 van 1908, art. 15-16. Vgl. ook S.J. Hofmeyr, Die rol wat J.B.M. Hertzog gespeel het in die Skoolwet van 1908 en die re-perkussies van die wet met spesiale verwysing na die Taalmedium-vraagstuk in die Oranje Rivier Kolonie, pp. 27-30.

'n Ander baie belangrike beginsel waaraan Hertzog erkenning verleen het, was dat plaaslike onderwysbeheer van die ouers moes uitgaan. In ooreenstemming met die gebruik in Kaapland en Transvaal, het artikel 33 van Die Hertzogonderwyswet elke laer en middelbare skool onder die toesig van 'n skoolkommissie van vyf tot sewe lede, gekies vir drie jaar, geplaas. Vir die eerste keer sou dit in die Vrystaat net ouers van skoolgaande kinders wees wat skoolkommissies kies. Hertzog het egter die beginsel van ouermedeseggenkap 'n stappie verder gevoer as waartoe Smuts en Muir bereid was: In die verkiesing van skoolraadslede moes vyf van die nege lede deur die betrokke skoolkommissies uit eie geledere aangewys word.<sup>1</sup> Hierdeur is 'n nuwe betekenis aan skoolrade gegee, naamlik dat dit in die eerste plek 'n koördinerende liggaam van ouermedeseggenkap in 'n distrik is. Waar Muir en Smuts die klem op die gesag van die sentrale regering met sy Onderwysdepartement geplaas het, wou Hertzog die ouermedeseggenkap in die Vrystaat beklemtoon. Ds. W. Postma, wat gedurende hierdie tyd in noue voeling met Hertzog was, skrywe op 8 Januarie 1908 in sy dagboek dat „hij (Hertzog) zegt de meeste macht in handen van schoolbestuur te willen geven, zelfs de keuze van onderwijzers en schorsing op zekere gronden.”<sup>2</sup>

Ten opsigte van godsdiensonderwys in die openbare skole het Hertzog min of meer dieselfde „neutrale” Bybelgeskiedenis as die buurkolonies voorgeskrywe, met die verskil dat hy bereid was om dogmatiese onderwys op die

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 35 van 1908, art. 59.

2. W. Postma, soos aangehaal deur P.J. Nienaber, „Dr. O’Kulis en die Onderwyswet; invloed op genl. Hertzog” in Hertzog-Annale, Junie 1952, p. 207.

platteland toe te laat indien die ouers daarvoor eens was. Nòg Smuts nòg Muir was tot so 'n toegewing bereid.

Ander belangrike beginsels van die Hertzogwet wat in Afrikanerkringe byval gevind het, was dat private skole staatsondersteuning kon ontvang mits hulle aan sekere voorwaardes voldoen het en dat „elk een die kon, en die daartoe in staat was zou betalen voor dat wat hij ontving van de staat, naamelik de opvoeding van zijn kind, en dat slechts die personen die niet konden betalen geholpen en ondersteund zouden worden door de staat, ....."<sup>1</sup> In die Transvaal het Smuts die onderwys in laer skole gratis gemaak en konsekwent geweier om aan private skole staatssteun te verleen.<sup>2</sup>

Alhoewel Hertzog se onderwysstelsel nie die volle C.N.O.-ideaal was nie, het dit in 'n groot mate aan die begeertes van die Afrikaners voldoen.<sup>3</sup> Daar is besef dat onder die omstandighede niks meer verwag kon word nie en dat die Vrystaatse staatskoolstelsel na 1908 immers 'n poging was om van die Afrikaner se Christelike en nasionale beginsels in 'n staatskoolstelsel op te neem. Hertzog het 'n eerlike poging aangewend om die botsende magte ten grondslag van die Afrikaner se C.N.O.-gedagte en die Engelsman se Engelse, neutrale staatskoolgedagte, nader na mekaar te bring.

Met die aanvaarding van die Smutswet in Transvaal, die Hertzogwet in die Vrystaat en die Skoolradewet in Kaapland, is 'n staatskoolstelsel met erkenning van ouermedeseggenskap in Suid-Afrika finaal gevestig. Die

1. Wetgevende Raad, Oranje Rivier Kolonie, Debatten, 12 Augustus 1908.

2. Basson, op. cit., p. 261.

3. Arnold, op. cit., pp. 53-55.

C.N.O.-skoolstelsel het verdwyn, maar nie die C.N.O.-gedagte nie. As onafskeidbare deel van die Afrikaner se lewensbeskouing het dit tot op die huidige dag bly voortlewe en bly pleit vir Christelike onderwys wat op die Godgegewe roeping, welsyn en tradisie van die eie volk ingestel is.

10. NEUTRALE STAATSKOOLSTELSEL SONDER OUERMEDESEGGENSKAP : NATAL

Naas die neutrale staatskoolstelsel van die Kaapkolonie, Vrystaat en Transvaal waarin ouermedeseggenskap teen 1910 'n stewige plek verower het, het Natal in die rigting van 'n neutrale staatskoolstelsel onder gesentraliseerde staatsbeheer beweeg waarin ouermedeseggenskap veronagsaam is. Van 'n stryd deur die Afrikaner terwille van die C.N.O.-gedagte gedurende die 19de eeu in Natal is daar ook nie sprake nie. Trouens, daarvoor was Natal na die anneksasie in 1845 te oorwegend Engels.

Gedurende die beginjare van Natal se onderwysstelsel onder Britse bewind was daar wel geleentheid vir plaaslike onderwysbestuur. Dit het bestaan uit skoolkommissies wat egter uit die staanspoor swak georganiseer is. Die hoofrede vir die bestaan van hierdie skoolkommissies is gesoek in die hulp wat dit ten opsigte van die plaaslike organisasie en geldinsameling verbonde aan staatsondersteunde skole kon verleen. So is daar in 1858 aanbeveel dat skoolkommissies vir staatsondersteunde skole jaarliks gekies kon word deur persone wat minstens R2 tot die plaaslike onderwysfonds bygedra het. Vir elke addisionele R4 kon persone nog 'n stem, tot 'n maksimum van vyf, by-

koop!<sup>1</sup> Gewone staatskole wat in Natal altyd naas die staatsondersteunde skole en private skole bly bestaan het, het egter baie gou onder die direkte beheer van die staat ressorteer en sonder die bestaan van plaaslike bestuursliggame gefunksioneer. Dr. R.J. Mann wat in 1859 as eerste Superintendent van Onderwys in Natal aangestel is, het nie juis die skoolkommissiestelsel aangemoedig nie. Plaaslike onderwysbesture was volgens hom nie 'n noodsaaklikheid vir 'n suksesvolle onderwysstelsel nie, maar die krag van een sentrale beheerliggaam en een direkte hoof het hy as van deurslaggewende aard beskou. Sentralisasie was sy ideaal. Waar skoolkommissies wel bestaan het, moes hulle slegs algemene toesigpligte hê en die bevele van die sentrale beheerliggaam met sy uitvoerende hoof uitvoer.<sup>2</sup>

Volgens Steenkamp was daar geen vaste reël vir die verkiesing van skoolkommissies nie.<sup>3</sup> Behalwe dat verskeie kommissies deur diegene wat tot die onderwysfonds van 'n skool bygedra het, gekies is, is ander skoolkommissies direk deur die Superintendent aangestel.

Die bestaan van 'n skoolkommissie was egter nie 'n absolute vereiste vir die uitbetaling van die staats-toelae aan 'n staatsondersteunde skool nie. In 1865 het byvoorbeeld slegs 24 van die 42 staatsondersteunde skole oor skoolkommissies beskik waarvan 17 gedurende die jaar

---

1. Vgl. Malherbe, op. cit., pp. 185, 187-188; en L.S. Steenkamp, Onderwys vir Blankes in Natal 1824-1940, pp. 77-78. Die bedoeling was dat hierdie skoolkommissies wel onderwysers kon aanstel en skors.

2. Steenkamp, op. cit., p. 91.

3. Ibid., pp. 109-110.



vergadering gehou het.<sup>1</sup> In baie gevalle is die reëlings van 'n skool eenvoudig in die hande van die onderwyser wat onder die kontrole van die Superintendent gestaan het, gelaat. In werklikheid is die staatstoelaag aan enige openbare liggaam of individu wat skole volgens die voorskrifte van die staat gestig het, betaal. In die praktyk was die beheer oor die onderwys derhalwe meestal in die hande van die Superintendent wat op sy beurt slegs aan die goewerneur verantwoording verskuldig was.

Die Christelike en nasionale beginsels wat in die staats- asook die staatsondersteunde skole toegepas is, was volgens die Angel-Saksiese tradisie. Engels is as onderrigmedium neergelê, die godsdiensonderwys moes geen dogma-onderrig behels nie, die Bybel is net in Engels gelees en geen kind moes gedwing word om die Bybel-klasse by te woon nie. Die enigste skole waarin Hollands nog 'n bietjie aandag ontvang het, was in die rondgaande skole, maar ook hier het Mann sy verengelsingsbeleid begin toepas en sodanige onderwys na 1864 vinnig in die hande van Engelse onderwysers geplaas. Toe Hollands uiteindelik ook uit hierdie skole geweerd is, het dié taal heeltemal van die toneel verdwyn.<sup>2</sup>

Die volgende stap op die pad van doelgerigte sentralisasie van die Natalse onderwys was die aanname van die Onderwyswette nrs. 15 en 16 van 1877. Daarin was byvoorbeeld geen voorsiening vir die stigting van skoolkommissies of skoolrade nie. Die enkele skoolkommissies wat

1. Vgl. B.R. Buys, "Onderwys in Natal" in J. Chr. Coetzee (red.) Onderwys in Suid-Afrika, p. 231; Steenkamp, op. cit., p. 110; en Malherbe, op. cit., pp. 185-186.

2. Vgl. Buys, op. cit., pp. 234-235; en Steenkamp, op. cit., p. 112.

nog bly voortbestaan het, het volgens die Superintendent se rapport van 1880<sup>1</sup> niks meer gedoen as om die finansiële toelaes van die staat namens die betrokke skool in ontvangs te neem nie. Die beheer oor die staats- en staats-ondersteunde skole is in 1877 direk in die hande van 'n Raad van Onderwys, bestaande uit tien lede, geplaas. Die Superintendent-Inspekteur, deur die Luitenant-Goewerneur aangestel, sou die uitvoerende amptenaar van hierdie Raad wees.<sup>2</sup>

Die onderwyswette van 1877 het nog groter klem op die verbreiding van die Engelse gees en invloed gelê. Volgens die voorskrifte moes die hoofde van die belangrikste skole vanuit Engeland kom<sup>3</sup> - 'n opsetlike verbritsings- en denasionaliseringsbeleid.

Kenmerkend van Natal se verengelsde onderwysstelsel was die verskeidenheid van skole soos staatskole, staatsondersteunde skole en private skole wat naas mekaar bestaan het. Sommige van die private skole het later tot besondere prestige-skole ontwikkel wat dikwels aan een of ander Engelse kerkgenootskap verbonde was en waarin die gees van die Engelse „Public School“ nageboots is. Ná die beskikbaarstelling van hoofdelike toelaes aan plaasskoolonderwysers het ook hierdie soort onderwys baie gewild in Natal geword. In al hierdie skole is die beginsels waarvoor die Calvinistiese Afrikaner in die Kaapkolonie, Vrystaat en Transvaal 'n stryd gevoer het, geheel en al ver-

---

1. Vgl. Malherbe, op. cit., p. 188.

2. Vgl. Buys, op. cit., pp. 237-238; Malherbe, op. cit., pp. 194-195; en Mc.Kerron, op. cit., p. 47.

3. Buys, op. cit., p. 241.

onagsaam.<sup>1</sup> Die geringe toegewings ten opsigte van die onderrig van Hollands in 1889 het slegs daartoe gelei dat enkele onderwysers wat Hollands en Engels magtig was, in 'n paar skole aangestel is.

Die beginsel van gesentraliseerde staatsbeheer oor die onderwys en die veronagsaming van ouermedeseggen-skap het in Natal sy finale beslag gekry toe hierdie kolonie in 1893 verantwoordelike bestuur verkry het. Onmiddellik hierna is die Raad van Onderwys ontbind en is die onderwys onder 'n Minister van Onderwys van die Wetgewende Raad geplaas. Wet nr. 5 van 1894 het 'n Departement van Onderwys in die lewe geroep met die Superintendent van Onderwys as die hoof-uitvoerende amptenaar. Onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Onderwys is hy vir die aanstelling en bevordering van onderwysers asook vir die algemene organisasie, begrotings en finansiële sake van die onderwys verantwoordelik gehou.<sup>2</sup> Onder hierdie sterk gesentraliseerde staatsbeheer het plaaslike onderwysbestuur vir alle praktiese redes opgehou om te bestaan. Nêrens in Suid-Afrika is die beginsel van ouermedeseggen-skap so veronagsaam soos in Natal nie. Nie net die beginsel dat ouers hulle eie verteenwoordigers (skoolkommissies) moet kies nie, maar ook die algemene beginsel van plaaslike onderwysbestuur ten opsigte van staatskole is geheel en al negeer. Saam hiermee sou die staatsondersteunde skole ook geleidelik van die toneel verdwyn : „The weakness of the local machinery of control peculiar to Natal

- 
1. Die Skoolregulasies van 1883 het selfs bepaal dat die gebed van die onderwyser vooraf deur die Raad van Onderwys goedgekeur word. Vgl. Buys, op. cit., p. 240.
  2. Vgl. Malherbe, op. cit., pp. 207-209; en Buys, op. cit., pp. 245-246.

was responsible for the failure of the Aided Schools. The Government Schools, being stronger financially, outstripped the Aided institutions."<sup>1</sup>

Na die Tweede Vryheidsoorlog is daar in aansluiting met die C.N.O.-beweging van die buurkolonies ook C.N.O.-skole in die paar Natalse distrikte gestig waar daar sterk Afrikaner-gemeenskappe was. Die toegewings wat van staatsweë hierop gevolg het, was maar gering en hoofsaaklik tot enkele taalkonsessies ten opsigte van Hollands in die Boeredistrikte soos Vryheid en Utrecht beperk. Ook die instelling van adviserende skoolkommissies in 1909, gekies deur die ouers en onder die voorsitterskap van die burgemeester, het geen ouermedeseggenskap beteken nie en was derhalwe geen toegewing aan die Afrikaner nie: die enigste funksie wat hierdie kommissies kon verrig, was om die Direkteur oor sommige plaaslike aangeleenthede waarby die aanstelling van onderwysers uitgesluit was, te adviseer.

In Natal was daar voor Uniewording nie sprake van 'n vergelyk tussen die botsende Afrikaner- en Angelsaksiese magte nie. Na 1910 sou Natal op hierdie ingeslane weg van 'n neutrale staatskoolstelsel sonder ouermedeseggenskap voortgaan en die provinsie met die mees gesentraliseerde staatsbeheerde onderwysstelsel in Suid-Afrika word.

Met die totstandkoming van die Unie in 1910 was die neutrale staatskoolstelsel reeds in al vier provinsies gevestig. Teenoor Natal met sy miskenning van ouermedeseggenskap en moedertaalonderwys het die Vrystaat,

---

1. Malherbe, op. cit., p. 213.

Transvaal en Kaapprovinsie gestaan waar ouermedeseggen-  
skap naas staatsbeheer in die onderwysstelsels erkenning  
ontvang het. Danksy Hertzog het die Vrystaatse staatsko-  
le die meeste toegewings aan die Afrikaner gemaak, maar  
die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner het aan hom ook  
'n sterker ideaal van Christelik-nasionale onderwys gegee  
wat na 1910 'n al hoe belangriker rigsgnoer in die Suid-  
Afrikaanse onderwys geword het.

11. SINTESE TEN OPSIGTE VAN DIE STRYD OM DIE SKOOL EN  
DIE C.N.O.-BEGINSELS IN DIE VIER GEWESTELIKE OOR-  
DE ONMIDDELLIK VOOR UNIEWORDING

Dit is van besondere betekenis dat, te midde van  
sterk strominge en botsende denkrigtings, hier op Afrikaan-  
se bodem saam met die wording van 'n Afrikanervolk en 'n  
Afrikaanse taal, ook 'n eie Afrikaneropvoedingsfilosofie  
ontstaan het.

Die geboorte van hierdie eie opvoedingsideaal  
kan teruggevoer word na die vroegste huisonderwys van die  
V.O.C.-dae soos dit veral op die afgeleë boereplase met  
behulp van boereskoolmeesters waargeneem is. Dit was on-  
derwys gereël deur 'n volk wat, ten spyte van lossere  
staatkundige verhoudinge met die Kaapse bewind, altyd ten  
nouste aan die Calvinistiese leer gebonde gebly het deur  
hulle gehegtheid aan die Bybel, die drie belydenisskrifte  
en die liturgiese formuliere. Uit hierdie Calvinistiese  
neerslag het die huisonderwys reeds op daardie vroeë sta-  
dium sy grondslae gekies wat ook die grondslae geword het  
waaruit die Afrikaner geleidelik 'n eie opvoedingsfiloso-  
fie ontwikkel het.

Kenmerkende beginsels van hierdie huisonderwys

was dat die ouers self die boereskoolmeesters in diens geneem het, dat die ouers hierdie onderwysgeleentheid sonder finansiële hulp van buite self voorsien het en dat die ouers self volle beheer oor dié onderwys gehad het. Dit was 'n soort onderwysbeheer wat nie net by die Afrikaner se Calvinistiese trekke van vryheidsliefde en selfstandighedsdrang aangesluit het nie, maar ook in die diens van 'n veel groter beginsel gestaan het. Dit het die ouer in staat gestel om sy doopbelofte wat op hom as Calvinis 'n persoonlike verantwoordelikheid teenoor God vir die inslag van die opvoeding van sy kinders gelê het, na te kom.

Die belangrikste beginsel ten grondslag van die huisonderwys was in sy hoofdoel opgesluit. Dit was onderwys wat op kerklidmaatskap toegespits was, wat die kind die Bybel wou leer lees en verstaan, wat die kind wou help om die belydenisskrifte waarin die wesenselemente van die Calvinisme tydens die Dordtse Sinode (1618-1619) byeengebring is, te verstaan en as sy eie te aanvaar. Dit was die oordra van die gedagte van 'n praktiese Christenskap en 'n konsekwente Christenskap wat vir elke oomblik en elke uiting van die lewe bedoel is. Hierdie eenvoudige en in baie opsigte gebrekkige onderwys wou nie 'n stel ideale nie, maar 'n manier van lewe verkondig - met God, in God en vir Sy werkplan op aarde. Die alles omvattende en bepaalde beginsel van hierdie huisonderwys was derhalwe niks anders as 'n Christelike beginsel nie.

Maar die nasionale beginsel was ook 'n belangrike grondslag van die huisonderwys. Van geslag tot geslag het dit die liefde vir 'n eie godsdienst, eie vryheid, eie bodem en eie taal oorgedra. Dit was egter 'n opvoeding wat Gods wil bo alle menslike of volkswil gestel het,

wat gehoorsaamheid aan God bo gehoorsaamheid aan eie of enige ander vreemde wil geëis het en Gods eer bo alles en almal gesoek het - kortom, 'n Christelik-nasionale opvoeding; en die oordrag van hierdie beginsels moes geskied deur middel van die taal wat die kinders aan moedersknie geleer het : hul moedertaal en die taal van hul hart. So het die Calvinisties georiënteerde huisonderwyser, gerugsteun deur die gees en rigting van die ou Kaapse gereformeerde staatskole, daartoe aanleiding gegee dat die Afrikaner die beginsels van Christelik-nasionale onderwys vir hom as opvoedingsideaal gekies het.

Onderwys deur ouers en deur private inisiatief het gedurende die 19de eeu 'n hoogtepunt bereik toe dit saam met die Voortrekkers na die Noorde gegaan het en uiteindelik op kragtige wyse oor gans Suid-Afrika versprei het. In die Kaapkolonie en op enkele plekke in Natal was dit die onderwys waarmee baie Afrikaners hulle teen verbritsing moes beskerm, terwyl dit in die jong en ongetemde Boererepublieke, Transvaal en Vrystaat, die hoofdraer van die blanke en Calvinistiese beskawing na die afgeleë plase geword het.

Die ontplooiing en implementering van die C.N.O.- gedagte het egter met groot probleme en botsende magte te doen gekry. Weliswaar was daar tot voor Uniewording 'n heftige stryd om die skool waarin dit veral oor die vraag wie die onderwys moes beheer, en oor die Christelike, nasionale en moedertaalbeginsels gegaan het. Dit is betekenisvol dat die Afrikaner nooit die stryd net ter wille van die beginsels ten grondslag van onderwysbeheer aangeknoop het nie, maar altyd in die eerste plek terwille van die Christelike en nasionale grondslae waarby ook

inbegrepe is die onderrig deur die moedertaal. Seggenskap in die beheer van die onderwys wou hy slegs hê om in staat te wees om hierdie beginsels te beveilig.

Die sterk klem wat die Afrikaner in sy opvoedingsideaal op ouerreg laat val het, beteken nie noodwendig dat hy alle staatsgesag oor die onderwys prinsipieel verwerp het nie. Dat die staat 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die onderwys het, is immers 'n gereformeerde beginsel so oud soos die Dordtse Sinode (1618). Teen die toepassing van dié beginsel in die gereformeerde staatskole van die V.O.C.-dae het die Afrikaner dan ook geen beswaar gehad nie. Selfs die verontagsaming van die beginsel van ouermedeseggeskap in die beheer van hierdie skole het geen noemenswaardige besware uitgelok nie, want in hoofsaak het hierdie staatsonderwys dieselfde Christelike-nasionale onderwysgedagte as die huisonderwys ten grondslag gehad. As die V.O.C.-bewind genoeg van die gereformeerde staatskole beskikbaar gestel het, sou die omvang van die huisonderwys sekerlik kleiner gewees het. Dis veral treffend hoe georganiseerde onderwys gedurende die wordingsjare van die twee Boererepublieke volledig staatsonderwys geword het. Hier het die Boereleiers tog die geleentheid gehad om ouerverantwoordelikheid en ouerregte soos in die gewilde stelsel van huisonderwys beliggam, op hulle eie staatsonderwysstelsels oor te dra, maar hulle het dit aanvanklik nie gedoen nie.

Staatsonderwys gefundeer op die beginsel van staatsondersteunde onderwys, het ook vir die Afrikaner wat daaraan geglo het dat ouers self 'n finansiële verantwoordelikheid teenoor die opvoeding van hulle kinders moes dra, baie aanneemlik gelyk. So het die toepassing



van hierdie beginsel deur Rose-Innes en Langham Dale byval gevind totdat dit geblyk het dat die Britse bewind doelbewus die Christelik-nasionale beginsel daaruit ge-weer het. Toe die Boererepublieke hulle eie stelsels van onderwys moes ontwikkel, is dit opvallend hoe vryelik daar van die beginsel van staatsondersteunde onderwys ge-bruik gemaak is. In die Vrystaat het die Volksraad en Brebner hulle staatskole op hierdie beginsel gefundeer; in Transvaal het Burgers daarmee begin, waarna S.J. du Toit en Mansvelt dit as een van die hoekstene van hulle C.N.O.-stelsel gebruik het.

Die Afrikaner was met sy C.N.O.-gedagte egter by tye in 'n hewige stryd teen die staatskole van die An-gel-Saksiese magte gewikkel. In die regeringskole van Somerset, Sargant-Milner en Muir het die staat byvoorbeeld nie net alle finansiële verantwoordelikheid aanvaar met gevolglike uitskakeling van ouerverantwoordelikheid en -reg nie, maar is daar op 'n algehele opheffing van die Christelike en nasionale beginsels wat met die ouers se lewens- en wêreldbeskouing ooreenstem, asook op die veron-agsaming van moedertaalonderrig, gekonsentreer. Onder hierdie omstandighede het die verwerping van sy C.N.O.-be-ginsels vir die Afrikaner sinoniem geword met 'n sterk ge-sentraliseerde staatsbeheerde onderwysstelsel met 'n maat-skaplik-politiese doel. Geen wonder dat een van sy sterk-ste eise vir 'n vergelyk met die staatskole van Sargant-Milner en Muir die erkenning van ouermedeseggenkap oor die skool was nie. Met die Skoolradewet van die Kaapkolo-nie, die Hertzogwet van die Vrystaat en die Smutswet van die Transvaal verkry die Afrikanerouer net voor Uniewording uiteindelik sekere regte ten opsigte van medeseggenkap

oor staatskole waarna die staatskoolstelsel waarin die beginsel van medeseggenkap erken word, in al die gewestelike oorde vestig behalwe in Natal wat voortgegaan het om al die beheer in die staat te sentraliseer. Op hierdie stadium was die beginsel dat ouers 'n gedeelte van die koste verbonde aan hulle kinders se opvoeding self moes dra, egter nog slegs in die Vrystaat en Kaapland van toepassing.

Die klemverskuiwing vanaf die tradisionele kerklike doel van onderwys na 'n sekulêre soos deur De Mist in 1804 begin, het nie net kerklike beheer ten gunste van wêreldlike outoriteit verminder nie, maar ook die vraag laat ontstaan of die Christelike beginsel op sekulêre onderwys van toepassing kan wees. In sy soeke na 'n antwoord op die neutrale staatskoolgedagte was dit egter duidelik dat die Calvinistiese Afrikaner nie maklik die Christelike beginsel sou prysgee nie. 'n Beleid van neutrale staatsonderwys soos deur die Engelse in die Kaapkolonie, Brebner in die Vrystaat en Burgers in Transvaal toegepas, het byvoorbeeld die voortbestaan van huis- en plaasskole met hulle Christelik-nasionale inslag sterk gestimuleer. Maar die Calvinistiese Afrikaner het ook die begrip van die Christelike beginsel sodanig uitgebrei dat dit as bepalende faktor vir alle sekulêre en staatsonderwys moes geld. S.J. du Toit se bepaling dat burgerlike onderwys in 'n Christelike gees moes geskied en Mansvelt se onomwonde omskrywing dat die onderrig van alle leervakke volgens 'n Protestants-Christelike gees moes geskied, getuig van die koers van die Afrikaner se opvoedingsideaal net voor die Tweede Vryheidsoorlog. So kragtig het die C.N.O.-gedagte in die harte van die Afrikaner gewerk dat dit aan die be-

gin van die twintigste eeu in staat was om die oorwonne Boerevolk in 'n C.N.O.-beweging met C.N.O.-skole te mobiliseer terwille van sy stryd om sy eie opvoedingsideale. Alhoewel die absorbering van die C.N.O.-skole deur die neutrale staatskoolstelsels net voor Uniewording aan die toepassing van 'n Christelike beginsel wat op alle onderwys betrekking het, groot afbreuk gedoen het, het hierdie C.N.O.-beginsel nie uit die Calvinistiese Afrikaner se opvoedingsfilosofie verdwyn nie. Na Uniewording sou die toepassing van hierdie beginsel in staatskole juis een van die groot uitdagings word waarmee Afrikanerbesinning hom sou besig hou.

Vir 'n nasionale beginsel geskei van die Christelike sowel as vir die onderrig deur die moedertaal was daar in De Mist se sekulêre onderwys nog plek. Die Angelsaksiese magte het egter tot in Muir en Milner se tyd heilige aanvalle op hierdie beginsels gemaak en derhalwe geen plek vir die Afrikaner se Christelik-nasionale beginsel en sy moedertaal in hulle staatskole toegelaat nie. Tog het die Afrikaner ook in hierdie stryd geleidelik veld gewen. Teen die einde van die 19de eeu was daar byvoorbeeld die C.N.O.-skole van S.J. du Toit en Mansvelt in Transvaal, die ondersteunde onderwys op die boereplase van die Vrystaatse platteland en skole soos die Gedenkskool te Daljosaphat in Kaapland. Na die Anglo-Boere-oorlog het die C.N.O.-beweging op nuut die stryd om die Christelik-nasionale beginsel aangeknoop en uiteindelik sekere toegewings ten opsigte van die onderrig deur medium van die moedertaal verkry. In hierdie verband het Hertzog as die kampvegter na vore getree en eers vir die Vrystaat en daarna, met Uniewording, vir die hele Suid-Afrika ge-

lyke taalregte en toegewings ten opsigte van onderwys deur die moedertaal as medium verkry. Verdere besinning oor die betekenis en implementering van die Afrikaner se Christelik-nasionale beginsel en moedertaalbeginsel sou eers na Uniewording volg.

## H O O F S T U K IV

'n FEDERALE ONDERWYSBELEID NA UNIEWORDING EN 'n  
 NASIONALE ONDERWYSBELEID NA REPUBLIEKWORDING

---

1. T O E S P I T S I N G

Uniewording in 1910 verteenwoordig 'n baie belangrike ontmoeting tussen die magte van Britse Imperialisme en Afrikaner-nasionalisme in Suid-Afrika. Ten spyte van die feit dat daar by albei hierdie magte reeds teen 1908 'n groeiende behoefte aan groter samewerking en nasionale eenwording te bespeur was<sup>1</sup>, het die verskeidenheid van gewestelike oorde en die twee blanke bevolkingsgroepe wat deur middel van Unie in 1910 tot 'n staatkundige eenheid saamgebind is, in baie opsigte nog ver van mekaar gestaan.

Waar die Britse Imperialisme aan die begin van die twintigste eeu as die oorwinnaar oor die Afrikaner-nasionalisme op die slagveld na vore getree het, is dit vanselfsprekend dat die onderwys in 1910 nog hoofsaaklik 'n Angel-Saksiese stempel sou dra. Met selgs enkele toegewings aan die Afrikaner se Christelik-nasionale opvoedingsideale, soos in die vorige deel beskrywe, was die skool in 1910 nog oorwegend 'n neutrale staatskool waarin Engels die belangrikste voertaal was en leerlinge selfs 'n gemeenskaplike trou aan die Imperiale Ryk geleer is. Hierdie al hoe sterker wordende staatskoolstelsel wat ook in baie

1. Vgl. E.F.W. Gey van Pittius, Die Stelsel van Prowinsiale Rade in Suid-Afrika, pp. 13-16.

oorsese lande die gebruiklike onderwysstelsel was, het aan die Christelik-nasionale opvoedingsideaal van die Afrikaner seker sy grootste uitdaging van alle tye gestel. Voor Uniewording het die Afrikaner se stryd om die skool veral daartoe bygedra dat sy opvoedingsideale ten opsigte van beginsels soos die Christelike, die nasionale en moedertaal as die voertaal duidelik uitgekristalliseer het. Na Uniewording sou die Afrikaner se stryd om die skool meestal gaan om vir dié beginsels 'n plek naas die beginsels van andersdenkendes in die „vreemde“ staatskole te verower. Van besondere historiese betekenis vir die hede is die riglyne wat die Afrikanervolk deur middel van sy eie onderwysers, kerk en volksleiers aan 'n dikwels onsimpatieke owerheid gegee het oor hoe die Christelik-nasionale beginsels prakties in 'n moderne staatskoolstelsel geïmplementeer kan word.

In die stryd om die skool gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu sou daar ook riglyne ten opsigte van 'n ander belangrike beginsel gesoek kan word : hoe die onderwys in Suid-Afrika voorsiening vir die ideaal van nasionale eenheid van doel en strewe kan maak. Alhoewel die stigters van Unie reeds nasionale eenheid in gedagte gehad het, was die tyd toe nog nie daarvoor ryp nie - dit sou eers na Republiekwording die geval wees. Slegs deur 'n historiese kyk op die magte agter die verskeidenheid en divergensie ten opsigte van onderwysbeheer en onderwysbeginsels wat gedurende die bestaan van die Unie in swang was, kan daardie koers gevind word waarop die botsende magte bereid sou wees om saam te werk en 'n nie-gedwonge nasionale eenheid van binne af sou kon groei. Sonder 'n krities-historiese perspektief van die federale

onderwysbeleid na Uniewording is dit bykans onmoontlik om 'n nasionale onderwysbeleid ten opsigte van onderwysbeginsels en nasionale onderwysbeheer te formuleer wat die toets van die hede en die toekoms sal kan deurstaan.

2. 'n FEDERALE BELEID VIR ONDERWYSBEHEER EN DIVERGENSIE VAN ONDERWYSBEGINSELS NA UNIEWORDING

(a) Verdeling van onderwysbeheer tussen provinsies en staat

(i) Federale onderwysbeleid. Die samesmelting van die verskillende kolonies tot 'n Unie het nie beteken dat 'n volledige nasionale eenwording in 1910 plaasgevind het nie. Die twee blanke bevolkingsgroepe was wel bereid om op staatkundige gebied as 'n nasionale eenheid op te tree, maar ten opsigte van die onderwys was die prinsipiële verskille nog so groot dat 'n federale grondslag hiervoor gekies is. So was daar benewens die politieke verdeeldheid ook die verskillende opvattinge oor die onderwys en 'n stryd om die skool wat veral veroorsaak is deurdat die Afrikaanse Protestantisme die Christelike en nasionale onlosmaaklik as 'n eenheidsbegrip in sy Christelik-nasionale onderwysideaal verbind terwyl die Engelsprekendes se kerkgenootskappe soos byvoorbeeld die Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerke daarenteen nie die religieuse so sterk aan die nasionale verbind nie.<sup>1</sup>

Dit is algemeen bekend hoedat die oorheersend Engelssprekende Natal wat vir sy taal en kultuurgoedere gevrees het, ten tye van die Nasionale Konvensie 'n pro-

I. Vgl. J.B. Haasbroek en R.F. Crowther, Sentrale en plaaslike beheer oor die onderwys in enkele oorsese lande met verwysing na die beheer oor die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks nr. 55, pp. 95-96.

vinsiale stelsel saam met Uniewording afgedwing het. Aan hierdie verskillende provinsiale rade het artikel 85(iii) van die Suid-Afrika-Wet „onderwijs uitgezonderd hoër onderwys, voor vijf jaren en daarna tot het Parlement anders bepaalt“, opgedra. Elke provinsie het outonome reg ontvang om eie beleid in eie onderwysordonnansies vas te lê en eie toegewings in die stryd van die Afrikaner om die skool te maak solank dit net nie in botsing met die bestaande wette van die Unie-Parlement was nie en dit vir goedkeuring aan die Goewerneur-Generaal-in-Rade voorgelê is.<sup>1</sup>

Die enigste beginsel wat in die Uniewet opgeneem is en op die onderwys betrekking gehad het, was die bepaling ten opsigte van die gelykeberegting van die twee landstale waarvoor generaal Hertzog en oud-president Steyn in artikel 137 gesorg het. Hierdie totale afwesigheid van selfs die geringste vermelding of verwysing na ander beginsels wat van nasionale belang vir die onderwys is, het 'n algehele afwesigheid van 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika beteken. Die Suid-Afrika-Wet het hierdie onderwysbeginsels aan hulle eie lot oorgelaat. Dit het die onderwys in dié dilemma gedompel dat niemand eintlik aangespreek kon word oor verkeerde dinge in die land se onderwysstelsel nie, „want sonder 'n onderwysgrondwet en sonder landsbeleid wat die hele terrein van die land se onderwys koördinerend dek, was niemand verantwoordelik vir algemene aspekte van onderwys nie.“<sup>2</sup> In die Volksraad kon die verteenwoordigers van die volk nie

1. Vgl. Unie van S.-A., Zuid-Afrika Wet, 1909, art. 86, 90.

2. Die Skoolblad, „Die Dilemma van Onderwys in Suid-Afrika gedurende die laaste 15 jaar“, Januarie 1962, p. 2.



die aspekte van die onderwys wat onder provinsiale beheer was, bespreek nie en netelige vrae wat gestel<sup>is</sup> is gerieflik ontduik. Die hoogste gesag van die land kon derhalwe nooit die onderwys as 'n geheel in oënskou neem nie.<sup>1</sup>

As gevolg van die afwesigheid van 'n nasionale onderwysbeleid kon die provinsies na Uniewording ongehinderd voortgaan om die reeds gevestigde staatskoolgedagte op provinsiale vlak volgens eie oortuiging uit te bou.

(ii) Verdeelde onderwysbeheer. Die verwerping van die aanbevelings van die Jaggerkommissie (1916) waarvolgens die provinsiale rade afgeskaf en die onderwys onder sentrale beheer met die nodige desentralisasie geplaas moes word<sup>2</sup>, het onderwys in Suid-Afrika finaal op 'n pad van verdeelde versnipperde onderwysbeheer sonder noemenswaardige koördinasie geplaas.

Die toesegging van onderwys ander dan hoër onderwys aan die provinsies het die onvermydelike gevolg gehad dat hierdie onderwys van die beperkte finansiële bronne van die provinsies afhanklik gemaak is. Van meet af aan het die provinsies dan ook nie oor die nodige fondse vir die relatief duur beroeps- en tegniese onderwys beskik nie. Die sentrale regering was op sy beurt slegs bereid om hierdie onderwys te finansieer indien hy dit ook kon beheer.<sup>3</sup>

As uitkoms uit hierdie dilemma is in artikel 11

1. Memorandum i.s. die behoefte aan 'n Uniale Onderwysbeleid en die beeindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, opgestel deur die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van S.-A., p. 27.
2. Vgl. Unie van S.-A., Reports (majority and minority) of the Provincial Administration Commission (U.G.45 -1916), pp.12-13.
3. Vgl. P.S. du Toit, Opvoedkundige Studies, p.134; en Haasbroek en Crowther, op. cit., p.97.

van die Finansiële Verhoudingswet van 1922 bepaal dat die uitdrukking „hoër onderwys" sou insluit onderwys aan so-  
danige tegniese inrigtings soos kuns-, musiek-, handel-,  
tegnologiese-, landbou-, mynbou-, en huishoudskole wat  
die Minister van Onderwys tot inrigtings vir hoër onder-  
wys mag verklaar, asook dié gedeeltes van onderwys aan an-  
der tegniese inrigtings wat die Minister van Onderwys na  
oorlegpleging met die betrokke provinsiale Administrateurs  
tot hoër onderwys mag verklaar. Nie op grond van opvoed-  
kundige of selfs administratiewe oorwegings nie, maar  
bloot om finansiële redes is van hierdie klousule gebruik  
gemaak toe die provinsies na die Durban-konferensie van  
1924 alle beroepsonderwys in tegniese, handel-, ambag-,  
huishoud-, en landbouskole op 1 April 1925 aan die Unie-  
Onderwysdepartement oorgedra het.<sup>1</sup> Selfs die aanbevelings  
van die Hofmeyr-kommissie dat „de Provinciale Administra-  
ties onmiddellike kontrôle zal aanvaarden van alle onder-  
wijs werk dat voorgezet wordt in inrichtingen door de Staat  
verschaft of door de Staat ondersteund, .....met uitzon-  
dering van Landbouw Kolleges en inrichtingen van Univer-  
siteits rang"<sup>2</sup> het geen indruk gemaak nie. Hiermee is on-  
derwys op middelbare skoolvlak volledig in twee geskeur  
want hierna sou nie net vier Provinsiale Onderwysdeparte-  
mente hoërskoolonderwys beheer nie, maar ook Unie-Onder-  
wysdepartement sou gedeeltelik beheer hê.

Die beginsel dat die finansiële reëlings tussen  
staat en provinsies as die grondliggende beginsel vir die  
beplanning van onderwysbeheer op nasionale vlak moes dien,

1. Vgl. Tvl., Departement van Onderwys, Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1925 (T.P.5-1926), pp. 9-10.
2. Unie van S.-A., Tweede Rapport van die Kommissie op de Administratie van Onderwijs (U.G.19-1924), p.67.

is bykans vyftig jaar lank konsekwent toegepas. Die rege-  
ringskommissie van 1934 onder voorsitterskap van J. de V.  
Roos wat aanbeveel het dat beroeps- en tegniese onderwys  
die provinsies se verantwoordelikheid moet wees en wat ko-  
ordinering van onderwysbeheer bepleit het, is byvoorbeeld  
aangestel om die finansiële verhouding tussen die Unie-  
parlement en die provinsies te ondersoek. Op dié Roos-  
kommissie se aanbeveling is die Provinsiale Raadplegende  
komitee en 'n onderkomitee bestaande uit die verskillende  
Onderwys hoofde van die provinsies aangestel.<sup>1</sup> Ook het al  
die wetgewing op parlementêre vlak wat op onderwysbeheer  
betrekking gehad het, in die eerste plek oor finansiële  
verhoudinge gehandel, byvoorbeeld, die Wet tot Verdere  
Wysiging van Provinsiale Subsidies en Belastingsbevoegd-  
hede, Wet nr. 50 van 1935, en die Konsolidasie- en Wysi-  
gingswet op Finansiële verhoudinge, Wet nr. 38 van 1945.

Van die talle probleme wat uit die verdeling van  
die onderwysbeheer en die afwesigheid van 'n nasionale be-  
leid vir onderwysbeheer gespruit het, was een van die be-  
langrikste dié om te weet wanneer 'n skool 'n inrigting  
vir beroepsonderwys is. Die poging in 1925 om dit te om-  
skrywe as 'n skool wat meer as drie agstes van sy tyd aan  
beroepsvakke wy<sup>2</sup>, het onmiddellik misluk. Herhaalde wysi-  
gings hiervan in 1935, 1951 en 1953 het uiteindelik op die  
bepalings vervat in die Beroepsonderwyswet, Wet nr. 70 van  
1955 uitgeloop. Daarvolgens is beroepsonderwys gedefinieer  
as handels-beroepsonderwys, huishoudkunde-beroepsonderwys  
en tegniese beroepsonderwys. Leerlinge in provinsiale  
skole is nie toegelaat om meer as agt uur per week ('n

1. Unie van S.A., Report of the Provincial Finance  
Commission appointed in 1933 (U.G.46-1934),  
pp.52, 55-56.

2. Du Toit, op. cit., p. 138.

derde van hulle vakke) aan 'n spesifieke beroepsrigting te wy nie. 'n Kursus waarin byvoorbeeld meer as 'n derde van die vakke handelsvakke is, sou as 'n handelsberoeps-kursus beskou word.<sup>1</sup> Ten spyte van die feit dat hierdie bepalinge in 1958 verder gewysig is sodat dit vir plattelandse provinsiale skole waar geen handelskool van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap bestaan het nie, moontlik sou wees om drie handelsvakke (tien uur per week) aan te bied<sup>2</sup>, het hierdie reëlins van die Sentrale Rege-ring die provinsies sterk aan bande gelê, want selfs die toepassing van die beginsel van gedifferensieerde onderwys op provinsiale vlak was nou onmoontlik.

Wanneer die De Villiers-kommissie van 1948 na die resultaat van dubbele beheer verwys, word dit duidelik gestel : „Verre daarvandaan dat ons die ideale verhouding tussen algemene en beroepsonderwys in hierdie land het, het ons derhalwe eerder mededinging en algemene antagonisme tussen provinsiale na-primêre skole en beroepsop-leidingsinrigtings. Op sy beste is die verhouding tussen provinsiale na-primêre skole en beroepsopleidingskole en kolleges gewoonlik 'n verhouding van onverskilligheid.“<sup>3</sup>

Die probleme voortspuitend uit die verdeelde onderwysbeheer kon beswaarlik bevredigend deur onderlinge reëlins opgelos word : dié verdeling het immers op geen enkele opvoedkundige grondslag berus nie en 'n aanvaarbare afbakening van elkeen se terrein was prakties onmoontlik. Wanverhoudinge en botsing tussen Sentrale Rege-

1. Unie van S.-A., Wet nr. 70 van 1955, art. 1(ii), (vi), (vii), (x).

2. N.T. van Loggerenberg en A.C. Jooste, Verantwoorde-like Opvoeding, p.352.

3. Unie van S.-A., Verslag van die Kommissie insake Tegniëse en Beroepsonderwys (U.G. 65- 1948), p.21.

ring en provinsies was derhalwe onvermydelik want in hierdie toestand van verwarring het elkeen gedink dat die ander op sy terrein oortree. Elkeen wou ook ongestoord volgens 'n eie stelsel, beheer oor die onderwys voer.

Kenmerkend van die provinsiale stelsels was dat hulle onderwysstelsels van die begin af nie noemenswaardig nader na mekaar beweeg het nie - elkeen het eerder 'n eie selfstandige en onafhanklike koers ingeslaan.<sup>1</sup> Reeds in 1916 het die Jaggerkommissie gewaarsku dat „the educational systems of the different provinces so far from tending to assimilate to a common national type, are in danger of drifting apart”<sup>2</sup>, terwyl A.J. Stals in sy voorwoord tot die Verslag van die Provinsiale Finansiële Kommissie van 1932 gemeld het dat hy „in die onderwysstelsels onmoontlik enige neiging vir die bevordering van werklike Unie” kon vind. In dieselfde trant het daaropvolgende onderwyskommissies getuig en het die Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement groot gedeeltes in verskeie van sy jaarverslae tussen die jare 1935 en 1939 aan die gebrekkige koördinasie tussen Unie-Onderwysdepartement en die provinsies gewy. Nadat sy breedvoerige voorstel van 1937 insake 'n Nasionale Onderwysraad<sup>3</sup> misluk het, sê die Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement in 1938 : „Dit is my laaste woord oor die saak. Wat hierdie Departement betref, is die saak afgehandel, om die eenvoudige rede

1. J.J. Fourie, „Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n Nasionale Onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika” in Die Skoolblad, Januarie 1966, pp.12-13.
2. Unie van S.-A., Reports (majority and minority) of the Provincial Administration Commission (U.G.45-1916), p.13.
3. Unie van S.-A., Verslag van die Unie-Onderwysdepartement vir die Kalenderjaar 1937 (U.G.51-'38), pp. 21-23.

dat die provinsies op ondubbelsinnige wyse hul onwilligheid om enige voorstel van dié aard te oorweeg, te kenne gegee het."<sup>1</sup> Van 'n gesonde provinsiale verskeidenheid binne 'n nasionale eenheid soos immers ook deur 'n Christelike lewensbeskouing gevisualiseer, was daar geen sprake nie. Die algemene neiging was eerder dat die provinsies al hoe meer in die rigting van sterk onafhanklike „ryke" met uiteenlopende onderwysstelsels beweeg het.

(iii) Die stelsel en organisasie op nasionale en provinsiale vlak in die verdeelde onderwysbeheer. Die beheer van beroepsonderwys deur Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap het hierdie gedeelte van skoolonderwys onder 'n sterk gesentraliseerde stelsel van staatsbeheer op nasionale vlak geplaas. Benewens die Sekretaris van Onderwys wat direk onder die Minister van Onderwys gestaan het, het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ten tye van sy bestaan ook oor twee onder-sekretarisse beskik van wie een spesiaal met die onderwys belas was.<sup>2</sup> Die plaaslike adviesrade is deur dié Departement aangestel en slegs beperkte adviserende bevoegdhede is aan hulle toegestaan.<sup>3</sup>

Ten opsigte van onderwysbeheer op provinsiale vlak is daar reeds aan die begin van hierdie hoofstuk na die bepalinge van die Suid-Afrika-Grondwet verwys wat aan die provinsiale rade reg verleen om onderwysordonnansies te maak. Hierbenewens bepaal die Grondwet dat die Staats-

1. Unie van S.-A., Verslag van die Unie-Onderwysdepartement vir die Kalenderjaar 1938 (U.G.59-'39) p. 10.
2. A.L. Behr en R.G. MacMillan, Education in South Africa, p. 21.
3. Volgens Unie van S.-A., Wet nr. 70 van 1955, art. 4(1)(2) is hierdie adviesrade vir beroepskole deur die Minister sonder die tussenkoms van ouers aangestel.

president vir elke provinsie 'n Administrateur as hoof-uitvoerende amptenaar aanstel.<sup>1</sup> Alle uitvoerende hande-linge met betrekking tot provinsiale aangeleenthede geskied in naam van die Administrateur. Elke provinsiale raad kies op sy beurt, gewoonlik uit eie geledere, vier persone wat saam met die Administrateur en onder sy voor-sitterskap die Uitvoerende Komitee van 'n provinsie vorm.<sup>2</sup> Hierdie Administrateur-in-Uitvoerende Komitee vorm die hoogste gesag in 'n provinsie en besit onder andere die alleenreg om fondse op die provinsiale begroting te plaas. Die gewone provinsiale raadslede, die wetlike verkose ver-teenwoordigers van die volk, mag alleen voorgestelde uit-gawes op 'n konsep-begroting afkeur. Selfs nadat 'n pro-vinsiale raad 'n begroting goedgekeur het, moet die ver-skillende hoofde van departemente eers weer die goedkeu-ring van die Uitvoerende Komitee verkry alvorens hulle die bepaalde dienste lewer. Aan elkeen van die Uitvoeren-de Komiteelede word bepaalde werksaamhede van die provin-sie opgedra waarvoor hulle in besonder verantwoordelik is. Die Uitvoerende Komitee kan derhalwe as die hoogste gesag ten opsigte van die bestuur, beheer en die bepaling van die beleid van provinsiale onderwys beskou word.<sup>3</sup>

Die provinsiale rade word soms gesien as „ver-teenwoordigers van ons ouergemeenskap, sodat ons skool-ouers ook op hierdie wyse deur middel van die stembus

1. Unie van S.-A., Zuid-Afrika Wet, 1909, art. 68.

2. Ibid., art. 78, 80.

3. Unie van S.-A., Zuid-Afrika Wet, 1909, art. 81, 83.  
 Vgl. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwys-  
kommissie, 1951, pp. 37-38; J.L. Kriel, „Die posi-  
sie en administrasie van ons Onderwys teen die agter-  
grond van Provinsiale bestuur” in Vrystaatse Onder-  
nuus, Junie 1969, p. 3; en Tvl., Onderwysnuusflitse,  
„Ons Provinsiale Regering”, Desember 1967, pp. 7-8.

uitdrukking kan gee aan hulle wense in verband met die onderwys."<sup>1</sup> Hierdie standpunt verloor egter baie van sy krag as onthou word dat die stemgeregtigdes hoegenaamd nie net tot ouers van skoolgaande kinders beperk is nie en dat die verkiesing van provinsiale raadslede op 'n politieke grondslag plaasvind en nie net om onderwys gaan nie.

Die organisasie en funksionering van elkeen van die provinsiale administrasies dra die kenmerke van tipiese staatsinstellings. Provinsiale Administrasies word deur die Staatsdienswet as Staatsdepartemente geklassifiseer en die provinsiale Onderwysdepartemente wat subdepartemente van die Provinsiale Administrasies is, is derhalwe sub-Staatsdepartemente.<sup>2</sup> Die administratiewe hoof van al die afdelings van 'n provinsie se administrasie is die Provinsiale Sekretaris. Sy invloed op provinsiale onderwys kan groot wees, veral omdat hy ook die rekenpligtige amptenaar van die provinsie is en derhalwe oor die besteding van provinsiale fondse aan onderwys kontrole uitoefen.<sup>3</sup>

Terwille van die uitvoering van al die pligte en bevoegdhede in verband met onderwys wat aan die Administrateur opgedra is, beskik elke provinsie oor 'n Departement van Onderwys waarvan die organisasie en indeling in af-

1. Tvl., Onderwysnuusflitse, Desember 1967, p. 3.
2. Rep. van S.-A., Debatte van die Volksraad (hierna Hansard genoem), 2 Maart 1967, kol. 2374.
3. Vgl. J.L. Kriel, op. cit., p. 5; en D. Vermaak, Ons Provinsiale Onderwysstelsels. 'n Vergelykende Studie van die Funksies en Organisasie, p. 4.



delings van provinsie tot provinsie verskil.<sup>1</sup> Aan die hoof van so 'n Departement van Onderwys het elke provinsie 'n Direkteur van Onderwys wat op aanbeveling van die Staatsdienskommissie deur die Administrateur- in -Uitvoerende Komitee aangestel word.<sup>2</sup> Omdat elke Direkteur van Onderwys sy bevoegdhede aan sy betrokke provinsie se onderwysordonnansie ontleen, het elke Direkteur voor die totstandkoming van die Nasionale Adviserende Onderwysraad in 1963 sy eie koers gevolg. Gevolglik het 'n verskeidenheid van onderwysstelsels met 'n verskeidenheid van skoolkursusse, slaagvereistes, eksamineringmetodes en so meer oor die land heen tot stand gekom. Sommige hiervan was in die verlede so uiteenlopend en botsend dat dit nie tuis gebring kan word onder die gedagte van 'n gesonde verskeidenheid nie. Dit was 'n soort „plaaslike“ verskeidenheid wat nie rekening gehou het met die beginsel dat 'n land se onderwys op nasionale vlak 'n eenheid met 'n nasionale onderwysbeleid vorm nie. Die Komitee van Onderwys hoofde wat vanaf 1935 as 'n vaste onderkomitee van die onaktiewe Interprovinsiale Raadplegende Komitee gefunksioneer het, het wel pogings tot koördinasie aangewend, maar hulle magte was so beperk dat hulle aan die toenemende divergensie op onderwysgebied bykans niks kon doen nie.<sup>3</sup>

1. Vgl. Vrystaatse Onderwysnuus, „Organisasiekaart van die O.V.S. Onderwysdepartement“, Junie 1969, p. 6; Tvl., Onderwysdepartement, Algemene Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1967, „Omvang van Onderwysstruktuur in 1967“, byvoegsel; Tvl., Onderwysnuusflitse, „Enkele Berigte uit Hoofkantoor“, Desember 1968, p. 27; Behr en MacMillan, op. cit., p. 30; en K.P., Die Onderwysgaset, „Departement van Onderwys: Bostruktuur“, 24 Julie 1969, p. 812.
2. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 3(1),(2); Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 3(1)(a)-(c); en K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 4.
3. Vgl. D.H. Cilliers, Onderwysbeleid en -beheer in Suid-Afrika, 1910-1960, p. 12; en Du Toit, op. cit., pp. 154-155.

In die provinsiale gesagstruktuur soos tot hier-toe bespreek, is die Direkteur van Onderwys die hoogste amptenaar van wie dit verwag word om ten opsigte van die onderwys, professioneel geskoold te wees. Hy is egter administratief aan die provinsiale sekretaris ondergeskik en kan selfs aangaande professionele aangeleenthede hoogstens aan die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee aanbevelings voorlê.<sup>1</sup>

Dié ondergeskikte status van die Direkteurs van Onderwys, veral aan die ander staatsamptenare van die Provinsiale Administrasie, asook die beperking van hulle professionele gesag sodat hulle voor 1963 nie gekoördineerd oor die land se onderwys kon meespreek nie, is 'n uitvloeisel van die afwesigheid van 'n nasionale benadering van die onderwys in Suid-Afrika. Onthou moet word dat die administratiewe amptenare van provinsiale administrasies ook by die land se Staatsdiens ingeskakel is en hulle postestruktuur derhalwe op nasionale grondslag georganiseer word. In hierdie verband skrywe Behr en Mac-Millan dat „unfortunately, however, the Director of Education of a province, an officer who carries one of the heaviest and most responsible professional and administrative burdens in the province is not the head of a department in the Public Service sense of the term, and consequently has a lower status..... This is part of the growth of the power of the administrative side of the public service in South Africa. Up to 1935 in the Transvaal, for example, the Director of Education earned considerably more than the Provincial Secretary. Since then

1, Vgl. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, pp. 38-39.

the latter has leapt ahead in no uncertain manner."<sup>1</sup>

Die provinsiale skole kry die karakter van tipiese staatskole omdat staatsdiensgebruike wat ook op alle ander provinsiale departemente toegepas word en tipiese staatsinstellings daarvan maak, ook op die provinsiale onderwys van toepassing is.

(iv) Divergensie die resultaat van verdeelde onderwysbeheer. Die vier provinsiale onderwysdepartemente en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het in baie opsigte ongekoördineerde, volkome selfstandige onderwysstelsels verteenwoordig wat self oor groot beginselsake botsende en teenstrydige besluite kon neem. Die reg om die versnipperde onderwys sonder inmenging van buite en volgens eie besluite en beleid te beheer, het derhalwe die lot van dié beginsels ten grondslag van 'n nasionale onderwysbeleid, aan die oordeel van hierdie instansies oorgelaat. Ten opsigte van beginsels soos plaaslike onderwysbesture terwille van ouerseggenkap, die Christelike en die nasionale in die onderwys en moedertaalonderwys kon daar gevolglik nie op 'n nasionale grondslag in die onderwys opgetree word nie en sou divergensie die onvermydelike gevolg wees.

Hierdie divergensie het oor 'n periode van meer as vyftig jaar ontwikkel en het in baie gevalle stewig in die Suid-Afrikaanse onderwys wortel geskiet. Hieruit sou daar wisselende standpunte teenoor die Christelik-nasionale ideaal van die Afrikaner spruit en tradisies tot stand kom wat 'n belangrike invloed, dikwels stremmend, op die

1. Behr en MacMillan, op. cit., p. 24. Vgl. Tvl., Onderwysdepartement, Verslag van 'n sending na oorsese lande, 1965, dl. 1, pp. 116-117.

totstandkoming van 'n nasionale onderwysbeleid sou hê.

(b) Divergensie ten opsigte van stelsels van plaaslike onderwysbesture

Op die gebied van onderwysbeheer sou die uitbouing van stelsels van plaaslike beheer terwille van die beginsel dat ouers medeseggenkap in onderwysbeheer moet hê, aansienlike provinsiale verskille vertoon.

As gevolg van die besluit met Uniewording om die onderwys op 'n federale grondslag te organiseer, kon al die provinsies hulle reeds bestaande stelsels van plaaslike beheer van voor Uniewording onveranderd behou en volgens eie goeddunke verder ontwikkel.

Die oorwegend Engelssprekende Natal het gevolglik die geleentheid gekry om met die veronagsaming van ouermedeseggenkap voort te gaan en slegs adviserende skoolkomitees in hul provinsie toe te laat : komitees wat wel deur die ouers gekies word, maar geen noemenswaardige pligte soos byvoorbeeld die benoeming van onderwysers het nie.<sup>1</sup>

Die Vrystaat, Transvaal en Kaapland het op hulle beurt geleentheid gekry om eie stelsels van plaaslike onderwysbesture bestaande uit skoolkommissies, skoolrade en beheerrade voortvloeiend uit die Hertzogwet (1908), die Smutswet (1907) en die Kaapse Skoolraadwet (1905) te ontwikkel. Waar ouermedeseggenkap in die vorm van ouerverkose skoolkommissies vir staatskole eers kort voor Uniewording in die Vrystaat, Transvaal en Kaapprovinsie 'n werklikheid geword het, sou die periode na 1910 oor die

1. Natal, Ordonnansie nr. 23 van 1942, art. 67(1)(c); en Regulasies betreffende Adviserende Skoolkomitees in Provinsiale Kennisgewing van Natal, nr. 83 van 1943 soos gewysig deur nr. 14 van 1946.

finale vestiging en implementering van hierdie beginsel moes beslis.

(i) Skoolkommissies. 'n Oorsig van die periode na Uniewording tot voor Republiekwording toon dat die beginsel dat daar vir elke openbare skool 'n ouerverkose skoolkommissie moet wees, in die Vrystaat en Kaapland altyd konsekwent toegepas is, terwyl Transvaal eers met die aanname van Ordonnansie nr. 29 van 1953 die instelling van skoolkommissies vir skole wat onder skoolrade ressorteer, verpligtend gemaak het.<sup>1</sup> In die geheel beskou, kan gesê word dat die skoolkommissiestelsel as een van die belangrikste plaaslike onderwysbestuursinstellings, sy finale beslag gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu in die drie betrokke provinsies gekry het.

Stemreg ten opsigte van die verkiesing van hierdie ouerverteenwoordigers is in die Vrystaat en Transvaal altyd aan die vader en moeder van skoolgaande leerlinge gegee.<sup>2</sup> Kaapland het egter tot die middel van 1969 die gebruik gehandhaaf om slegs aan daardie ouer wie se naam in die toelatingsregister van die skool verskyn, stemreg te verleen.<sup>3</sup>

Aangaande die magte en pligte van die verskillende provinsies se skoolkommissies kan enkele adviserende bevoegdhede aangedui word waaroor daar nooit noemens-

1. Vgl. K.P., Ordonnansie nr. 5 van 1921, art. 75(a); O.V.S., Ordonnansie nr. 7 van 1917, art. 3(a)-(c); Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 48(1); en Johan Bekker, Aspekte van die Organisasie en Administrasie van die Transvaalse Openbare Onderwys, p. 47.
2. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 35 van 1908, art. 34; en Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 67(1).
3. K.P., Ordonnansie 20 van 1956, art. 47(2). Ibid. soos gewysig deur art. 2 van Wysigingsordonnansie nr. 22 van 1969, gee tans aan albei ouers in Kaapland stemreg.

waardige provinsiale verskille bestaan het nie. Elke provinsie se skoolkommissies mag byvoorbeeld vertoë van ouers aanhoor, die skoolrade oor sake rakende die welsyn van die skole adviseer, en algemene toesig oor skoolgeboue, -terreine en -uitrusting hou.<sup>1</sup> Wanneer dit egter by bevoegdhede kom wat van fundamentele betekenis vir ouerseggenskap is soos byvoorbeeld die benoeming van onderwysers en die optrede ingeval van beweerde wangedrag van onderwysers, kan merkbare verskille tussen die verskillende provinsies aangedui word.

Ten opsigte van die benoeming van onderwysers vir aanstelling in vakante onderwysposte het skoolkommissies oor die algemeen altyd uitgebreide bevoegdhede gehad wat hulle die geleentheid gegee het om onderwysers met dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as dié van die meerderheid van ouers te benoem. Baie jare lank kon al drie provinsies se skoolkommissies volgens eie besluit, sonder inmenging van departementele kant, onderwysers vir gewone asook bevorderingsposte (byvoorbeeld skoolhoofde) benoem en aan die Direkteurs van Onderwys vir finale goedkeuring voorlê.<sup>2</sup> Wat assistentsposte betref, het hierdie gebruik tot vandag toe met geringe verskille in prosedure die reg van al drie provinsies se skoolkommissies gebly. Die jongste bepalinge ten opsigte van bevorderingsposte waarvolgens Transvaal en die Vrystaat vanaf 1963 van 'n departementele Keurkomitee en 'n paneel van Inspekteurs onderskeidelik gebruik sou maak om 'n kortlys van die geskikste

1. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 26; Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 50; en

K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 54.

2. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 60;

K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 81; en

Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 50(c), 74-76.

applikante vir elke bevorderingspos op te stel, en Kaapland vanaf 1969 'n departementele komitee vir dieselfde doel sou gebruik, is egter so uiteenlopend van aard dat dit nie aan al die provinsies se skoolkommissies dieselfde seggenskap gee nie en derhalwe die tradisie van divergensie handhaaf.<sup>1</sup> Die Vrystaat laat byvoorbeeld toe dat skoolkommissies onder besondere plaaslike omstandighede wel 'n applikant wat nie op die kortlys verskyn nie, kan benoem<sup>2</sup>, en handhaaf aldus die beginsel van 'n onbevange finale ouer-benoemingsreg met die oog op aanstelling deur die Departement van Onderwys<sup>3</sup>, terwyl die Transvaalse Ordonnansie spesifiek bepaal dat die Onderwysheer nie gebonde is om benoemings van skoolkommissies te aanvaar nie, al is dit ook van die kortlys gedoen, en direk by die Administrateur ander aanbevelings kan maak.<sup>4</sup> Daarenteen ontvang Kaapland se Onderwysdepartement in die jongste onderwysordonnansie die mag om eie benoemings te maak wanneer skoolkommissies weier of in gebreke bly om uit die kortlys 'n keuse te maak.<sup>5</sup>

1. Vgl. O.V.S., Uitvoerende Komitee-besluit, nr. 544 van 1963; K.P., Wysigingsordonnansie nr. 22 van 1969, art. 3; en Tvl., Wysigingsordonnansie nr. 17 van 1963, art. 15, 16. Laasgenoemde ordonnansie lê neer dat twee van die drie lede van die Keurraad verteenwoordigend van die Transvaalse onderwys-professie moet wees. Hulle is egter almal voltyds in diens van die Transvaalse Provinsiale Administrasie.
2. A.G.S. Meiring, „Ouerseggenskap in die Opvoeding” in Vrystaatse Onderwysnuus. Desember 1968, p. 10.
3. Dit het reeds verskeie kere in hierdie provinsie voorgekom dat die skoolkommissie 'n kandidaat benoem het wie se naam nie op die kortlys van die paneel van Inspekteurs verskyn het nie, en die Departement die aanstelling dienooreenkomstig bekragtig het.
4. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 72(2)-(6) soos vervang deur art. 16 van Wysigingsordonnansie nr. 17 van 1963.
5. K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1965, art. 81(6) soos gewysig deur art. 3 van Wysigingsordonnansie nr. 22 van 1969.

Aansienlike provinsiale verskille bestaan ook ten opsigte van die aandeel van skoolkommissies insake voorlopige ondersoeke na gevalle van beweerde wangedrag van onderwysers. Plaaslike onderwysbesture in Transvaal mag byvoorbeeld geen ondersoek na so 'n aanklag instel nie (hulle mag wel 'n onderwyser voorlopig skors en by die Onderwysdepartement 'n aanklag teen 'n onderwyser inbring<sup>1</sup>), terwyl dit een van die pligte van Kaaplandse en Vrystaatse skoolkommissies is om voorlopige ondersoeke in te stel, waar die beskuldigde onderwyser self teenwoordig kan wees. Sulke ondersoeke geskied veral met die doel om gegewens in te samel wat deur middel van die skoolraad saam met dié liggaam se aanbeveling aan die Departement voorgelê word.<sup>2</sup>

Dit is opmerklik dat, alhoewel skoolkommissies heelwat adviserende bevoegdhede ten opsigte van administratiewe aangeleenthede ontvang het, geen provinsiale onderwysordonnansie voor Republiekwording spesifiek neergelê het dat die gees en rigting van skoolopvoeding deur skoolkommissies bepaal moes word nie.<sup>3</sup> Die gedagte dat skoolkommissies die offisiële verteenwoordigers van die ouers is,<sup>4</sup>

1. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 90(1)(a), 90(7)(a).
2. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 26(c)-(e); en K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 100(1)-(5).
3. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 3(1)(d)(ii) se bepaling dat die kinders sover moontlik in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed moes word, het nie aan die Transvaalse skoolkommissies volle seggenskap oor die gees en rigting van die skole gegee nie. Ander voorskrifte in die Ordonnansie het dit onmoontlik gemaak.
4. A.G.S. Meiring, op. cit., p.6; Tvl., Onderwysdepartement, Die skoolkomitee en sy betekenis, 1958, p.4; K.P., Die Onderwysgaset, "Skoolbeheer : Onsektariese openbare skole", 2 Maart 1967, pp. 404-406; en J. Chr. Coetzee, "Ons Skoolkomitee" in Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding (hierna Onderwysblad genoem), Julie 1967, p.151.



het egter gedurende die afgelope vyftig jaar so sterk in die reeds genoemde drie provinsies gevestig dat die Afrikaner-ouer al hoe meer daarin die geleentheid gesoek het om 'n gedeelte van sy doopbelofte ooreenkomstig sy lewens- en wêreldbeskouing na te kom.

Die instelling van skoolkommissies het egter ook die verdere gebruik gevestig dat ouers onder normale omstandighede nie direk aan die skool of die Onderwysdepartement eise mag stel nie, maar vir dié doel van plaaslike skoolkommissies gebruik moes maak. Van skoolkommissies is weer verwag om op hulle beurt nie versoeke direk tot die Onderwysdepartemente te rig nie, maar alles via die skoolrade wat vir elke skoordistrik ingestel is, te kanaliseer.

(ii) Skoolrade. Skoolrade soos deur die Hertzogwet van 1908, die Kaapse Skoolraadwet van 1905 en die Smutswet van 1907 ingestel, het gou deel van die tradisie van plaaslike onderwysbestuur in die drie betrokke provinsies geword.<sup>1</sup>

Skoolrade is in al drie genoemde provinsies 'n belangrike skakel tussen skoolkommissies en Onderwysdepartemente. 'n Algemene beskrywing van funksies wat in 'n mindere of meerdere mate op hierdie provinsies se skoolrade van toepassing is, sluit in : Adviserende bevoegd- hede ten opsigte van die voorsiening van terreine en ge- boue vir onderwysdoeleindes; die toekenning van beurse; die instelling van vervoerskemas en versoeke van skoolkom- missies; toesighoudende magte oor provinsiale onderwysin- rigtings, vir welke doel skoolraadslede vrye toegang tot hierdie inrigtings het op voorwaarde dat hulle nie met pro-

1. Natal het nooit 'n stelsel van skoolrade ingestel nie.

fessionele werk inmeng nie; diskressionêre bevoegdheede met betrekking tot die gebruik van skoolgeboue vir ander as skooldoeleindes; die handhawing van verpligte skoolbesoek; die onderneem van kleiner herstelwerk uit geld onder sy administrasie geplaas en uitvoerende magte wat beperk is tot gedelegeerde funksies ten opsigte van geboue, ameubelment, skoolkommissies en so meer.<sup>1</sup> 'n Interessante bevoegdheid van die Transvaalse skoolrade is hulle reg om aanbevelings te maak insake die beperking van leerlinge se bywoning tot 'n skool in 'n omskrewende gebied waarin hulle woon.<sup>2</sup> Skoolrade is ook met regs persoonlikheid bekleed en kan derhalwe geld of goed wat aan hulle vir onderwysdoeleindes geskenk word, aanneem en onderworpe aan die bepalings van die ordonnansies vir onderwysdoeleindes gebruik.<sup>3</sup>

As gevolg van die afwesigheid van 'n nasionale onderwysbeleid het elkeen van hierdie provinsies egter gedurende die afgelope vyftig jaar die vryheid gehad om onafhanklik van mekaar eie skoolraadstelsels te ontwikkel.

Die divergensie ten opsigte van die aard en funksie van hierdie vorm van plaaslike beheer moet in die eerste plek in die beginsels ten grondslag aan die toekenning van stemreg by die verkiesing van skoolraadslede in die drie provinsies gesoek word. In Kaapland is hierdie beginsels hoofsaaklik deur die Kaapse Skoolraadwet van 1905 neergelê en tot op die huidige dag feitlik onveranderd gehandhaaf. Hiervolgens word ongeveer twee derdes van die

1. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 20;

K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 42; en

Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 39-44.

2. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 40(2).

3. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 20(2);

K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 13; en

Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 47.

skoolraadslede deur die stemgeregtigdes op die Afdelingsraads kieserslys, of waar so 'n lys nie van toepassing is nie, die parlementêre kieserslys, gekies. Die oorblywende lede bestaan dan uit 'n verteenwoordiger van die betrokke afdelingsraad en/of van 'n munisipaliteit soos deur die onderwysordonnansie omskrywe, asook persone deur die Administrateur benoem.<sup>1</sup> In Transvaal was dit weer die Smuts-onderwyswet van 1907 wat in hierdie verband sy invloed tot in 1960 laat geld het. Daarvolgens het die Administrateur 'n derde van 'n skoolraad se lede aangewys en diegene wie se name op die algemene kieserslys verskyn, die orige twee derdes.<sup>2</sup> Vanaf 1961 - die jaar van die Republiek - het Transvaal 'n nuwe stelsel begin toepas waarvolgens skoolraadslede deur die verteenwoordigers van die verskillende skoolkommissies aangewys word. Die Transvaalse Administrateur stel nie meer 'n gedeelte van die skoolraadslede aan nie; almal word nou verkies, terwyl spesiale voorsiening vir die minderheidsgroepe gemaak word.<sup>3</sup> Die Vrystaat het op Hertzog se beskouing voortgebou, naamlik dat skoolrade in diens van die uitbouing en koördinerings van ouerseggenskap in die onderwys moet staan. Waar artikel 59 van die Hertzogwet van 1908 voorgeskrywe het dat vier skoolraadslede deur die Minister van Onderwys en die

1. K.P., Ordonnansie nr. 35 van 1905, art. 7-55; K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 14, 15 en 18. Kyk ook C. de K. Fowler, Skooladministrasie, pp. 24-25. Na die oordrag van Kleurlinge na die Departement van Kleurlingsake is daar vir die eerste keer bepaal dat slegs blankes lede van die Kaapse skoolrade kon word. Vgl. K.P., Wysigingsordonnansie nr. 8 van 1964, art. 1.

2. Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 39-43.

3. Vgl. Tvl., Wysigingsordonnansie nr. 30 van 1960, art. 4; Tvl., Administrateurskennisgewing nr. 883 van 16 November 1960; Tvl., Onderwysnuusflitse, "Ouerseggenskap : Skoolrade", Desember 1967, p.9; en J. Chr. Coetzee, "Ons Skoolrade" in Onderwysblad, Oktober 1967, pp. 303-304.

orige deur die skoolkommissies van die skoolraadsdistrikte aangewys moet word, het Ordonnansie nr. 9 van 1920 nog verder gegaan en bepaal dat al die skoolraadslede deur skoolkommissies aangewys moes word.<sup>1</sup> Hierdie beginsel is deur daaropvolgende onderwysordonnansies van die Vrystaat gehandhaaf<sup>2</sup> en sodoende was die Vrystaat meer as 'n halwe eeu lank die enigste provinsie waarin skoolrade beskou is as 'n koördinerende liggaam van ouerseggenskap in 'n bepaalde gebied wat deur ouerverteenwoordigers self aangewys is. In geen ander provinsie is die beginsel van ouermedesegenskap oor so 'n breë front toegepas nie.

Divergensie het ook ingetree ten opsigte van die bepaling van grense van skoolraadsdistrikte. In die Vrystaat beslaan 'n skoolraadsdistrik die gebied van een of meer N.G. gemeentes, in Kaapland stem dit weer sover moontlik met Afdelingsraadsgebiede ooreen, terwyl Transvaal die grense van een of meer stendistrikte daarvoor kies.<sup>3</sup>

Ten opsigte van die benoeming van onderwysers beskik die Vrystaatse en Transvaalse skoolrade oor geen reg om self aanbevelings te maak of met aanbevelings van skoolkommissies in te meng nie, behalwe waar daar nog geen skoolkommissie bestaan nie en skoolrade hierdie funksie moet vervul. In Kaapland kan die skoolrade by die deursending van die skoolkommissies se benoemings na die Onderwysdepartement daarop kommentaar lewer indien hulle hul nie met die skoolkommissie se keuse of die aanstel-

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 9.

2. O.V.S., Ordonnansie nr. 15 van 1930, art. 9; en O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 6.

3. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 4(c); K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 11(1); en Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 8(1).

lingsomstandighede kan vereenselwig nie.<sup>1</sup>

In die geval van beweerde wangedrag deur onderwysers besit die skoolrade dieselfde magte as hulle provinsies se skoolkommissies. Die enigste mag van Transvaalse skoolrade is om onderwysers voorlopig te kan skors nadat 'n Inspekteur van Skole of twee persone 'n beëdigde skriftelike aanklag ingedien het. In die Vrystaat en Kaapland stel skoolrade op dieselfde wyse as die skoolkommissies voorlopige ondersoeke in. Die prosedure wat die plaaslike onderwysbesture in sulke gevalle volg, toon provinsiale verskille.<sup>2</sup>

Die aard van die funksies van skoolrade asook die feit dat elke skoolraad oor 'n vaste kantoor met 'n opgeleide sekretaris beskik wat in voltydse diens van die provinsiale administrasie is, toon dat die administratiewe en koördinerende werk van skoolrade hoofsaak is. Die instelling van skoolraadstelsels is merendeels terwille van die totstandkoming van 'n algemene demokratiese vorm van onderwysbeheer waarin plaaslik verkose onderwysliggame die plaaslike belange binne die raamwerk van 'n sentrale onderwysonderneming behartig.

As gevolg van die eie koers van ontwikkeling wat elke provinsie se skoolraadstelsel ingeslaan het, het daar ook verskille ten opsigte van hulle gesagsterreine ingetree. In die Kaapprovinsie en die Vrystaat is op enkele

1. Kyk O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 60-61; K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 46(3), 81; en Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 67-79 soos gewysig en vervang deur Wysigingsordonnansie nr. 17 van 1963.

2. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 20(4); K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 100 soos gewysig deur art. 5 van Wysigingsordonnansie nr. 15 van 1964; en Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 90.

uitsonderings na, alle openbare laer- en hoërskole aan die plaaslike beheer van skoolrade onderworpe, terwyl die gesagsgebied van Transvaal se skoolrade feitlik hoofsaaklik tot dié van die laerskole beperk is.<sup>1</sup> Die grootste persentasie Transvaalse hoërskole staan onder die plaaslike beheer van beheerrade en het derhalwe geen verbintenis met skoolrade nie.

(iii) Beheerrade. Benewens die skoolkommissie-skoolraadstelsel is daar in die Vrystaat, Kaapland en Transvaal ook ander stelsels van plaaslike onderwysbestuur in swang waarvolgens alle plaaslike beheer in die hande van een liggaam berus.

In die Vrystaat is Oranje-meisieskool, Eunice-meisieskool en Greykollege byvoorbeeld van die toesig van skoolrade uitgesluit en onder die beheer van plaaslike beheerrade gestel. Die getal lede van hierdie beheerrade word in elke individuele geval deur die Administrateur bepaal en die lede word ook deur hom op aanbeveling van die Direkteur aangestel.<sup>2</sup> Volgens die Pretorius-kommissie is dié reëling nodig omdat hierdie drie openbare skole leerlinge van oor die hele land trek en dit gevolglik onmoontlik is om verteenwoordigende skoolkommissies deur die ouers te laat kies.<sup>3</sup>

In Kaapland word die Suid-Afrikaanse Kollege-Juniorskool, die Suid-Afrikaanse Kollege-Hoërskool, die Paul Roos Gimnasium en die Paul Roos-Laerskool regstreeks

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 20(1); K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 42, 55-56; Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 45; en Tvl., Onderwysnuusflitse, Desember 1967, pp. 4 en 9.
2. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 27 en Eerste Bylae.
3. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, pp. 49-50.

deur die Onderwysdepartement bestuur en die funksie van skoolrade deur die Administrateur vervul. Skoolkomitees met die gewone pligte word vir die eersgenoemde twee skole deur die Raad van die Universiteit van Kaapstad en vir laasgenoemde twee deur die Raad van die Universiteit van Stellenbosch aangestel.<sup>1</sup>

Dit is egter veral Transvaal wat op uitgebreide skaal van beheerrade vir gewone openbare skole en adviesrade vir senior spesiale skole en hoër landbouskole gebruik maak. Volgens artikel 45 van Ordonnansie nr. 29 van 1953 kan die Transvaalse Administrateur enige provinsiale onderwysinrigting uitgesonderd laerskole van die toesig van skoolrade uitsluit. In 1967 was daar reeds 137 hoërskole met eie beheerrade teenoor 'n skrale 20 hoërskole wat nog onder die skoolkommissie-skoolraad-stelsel gefunksioneer het.<sup>2</sup> Een derde van die lede van hierdie beheerrade word deur die Administrateur benoem en die orige twee derdes deur die vaders en moeders van die leerlinge van die betrokke skool gekies. Dié rade tree as verteenwoordigers van die ouers op en vorm die skakel tussen die ouers en die Onderwysdepartement. Dit is hulle funksie om op die voorgeskrewe wyse aan die aanstelling en bevordering van onderwysers deel te neem en oor die geboue van die skool en die persele wat daarby behoort met inbegrip van meubels en toerusting, toesig te hou.<sup>3</sup> Sulke plaaslike beheer

1. K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art.56.
2. Tvl., Onderwysdepartement, Organisasie en Funksies van die Departement en lys van skole en veldamptenare, Julie 1967, pp. 60-66. Tvl., Onderwysdepartement, Algemene Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1967, p. 6, verwys na die bestaan van 147 beheerrade vir hoër skole en 21 skoolrade.
3. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 52. Kyk ook Bekker, op. cit., p. 47; en Tvl., Onderwysnuusflitse, Desember 1967, pp.4-5.

deur slegs een instansie wat direk met die Onderwysdepartement skakel, laat die plaaslike administratiewe masjinerie gladder loop, veral wanneer 'n beleid van sentralisasie groot skole onder die beheerrade laat funksioneer.

Samevattend kan gesê word dat daar voor 1967, toe op 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika besluit is, nog aansienlike provinsiale verskille ten opsigte van plaaslike onderwysbestuur bestaan het. In die geheel beskou, het die toepassing van die beginsel dat ouers selfverkose liggame moet hê om namens hulle op te tree, in die Vrystaat, Kaapland en Transvaal al veel nader aan die Afrikanerideaal as die Angel-Saksiese beskouing van 1910 gestaan, hoewel die stelsel in hierdie provinsies ook nie bo kritiek verhewe was nie. In 1966 noem Haasbroek en Crowther ook dié drie provinsies saam met Natal en Onderwys, Kuns en Wetenskap as hoogs gesentraliseerde stelsels waarin plaaslike owerhede „dikwels weinig meer as 'n adviserende seggenskap" het, want „in teorie het die ouergemeenskap wel seggenskap in plaaslike onderwysaangeleenthede maar in die praktyk is dit minimaal, terwyl die betrokke provinsiale onderwysdepartement algehele gesag voer.”<sup>1</sup> Teenoor 'n bepaling soos dié in die Transvaalse Onderwyswet van 1953 dat die provinsiale onderwysbeleid moet let op die algemene beginsel dat kinders so ver moontlik in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed moet word<sup>2</sup>, blyk dit by nadere ontleding<sup>3</sup> dat elke onderwysordonnansie ook nog

1. Haasbroek en Crowther, op. cit., p. 91. Vgl. Aanvullende toeligting by deel III van die Memorandum i.s. 'n Uniale Onderwysbeleid en die verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, opgestel deur die Interkerklike Komitee, p. 8.

2. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 3(d).

3. Die volgende afdeling van hierdie hoofstuk :  
par. 2(c).



oorblyfsels van die dogma-bepalings bevat wat aanvanklik op neutrale godsdiensonderwys en 'n neutrale staatskool ge-  
 dui het, sodat die Protestants-Christelike beskouing dat  
 oerseggenskap in die onderwys in die eerste plek oor die  
 bepalings van die gees en rigting van die skoolopvoeding  
 moet gaan, in die verlede nog nie sy regmatige erkenning  
 in Suid-Afrikaanse onderwyswetgewing verkry nie.

(c) Divergensie ten opsigte van die Christelike en  
 die nasionale beginsels in die onderwys

Die staatsonderwysstelsels en onderwyswetgewing van die vier provinsies was, soos reeds aangedui, ten tye van Uniewording nog sterk onder die invloed van die Angel-Saksiese magte. Die onvermydelike gevolg was 'n sterk oordraging van die beskouing dat die staat, owerheid, onderwys en wetenskap neutraal moes wees. In ooreenstemming met hierdie uitgangspunt was daar in die eerste onderwyswette vir provinsiale onderwys derhalwe geen sprake van 'n Christelike religie wat die hele skool in sy totaliteit beheers en 'n Christelike skool ten doel het nie. Ook die toepassing van die nasionale beginsel in die onderwys is sover moontlik vermy. Van 'n staatskoolstelsel waarin die Christelik-nasionale beginsel van die Afrikaner 'n regmatige plek verower het, kon in 1910 nog nie gepraat word nie.

Toegewings was daar wel. Hiervoor het die heftige besware en pleidooie van die Afrikaner en sy kerke gesorg. So het elke provinsie byvoorbeeld in antwoord op die versoek om erkenning van die Christelike beginsel, gekom met toegewings ten opsigte van nie-sektariese godsdiensonderwys onderhewig aan 'n gewetensklousule vir onder-

wysers en leerlinge. 'n Ontleding van die verskillende toegewings in provinsiale onderwyswetgewing sedert 1910 sal 'n aanduiding gee of onderwys in Suid-Afrika nader aan of verder weg van die Christelik-nasionale ideaal van die Afrikaner beweeg het : 'n Stand van sake wat vir 'n huidige en toekomstige nasionale onderwysbeleid van wesenlike betekenis is.

(i) Natalse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels. Geen enkele bepaling in onderwyswetgewing van Natal voor Republiekwording wys op die nasionale beginsel in die onderwys heen nie, en sover dit die Christelike beginsel betref, is daar slegs die voorskrifte vir godsdiensonderwys wat gedeeltelik op hierdie beginsel betrekking het. In hierdie verband lê artikel 13 van Ordonnansie nr. 23 van 1942 neer dat:

- „(1) In every Government school the school day shall begin with prayer and the reading of a portion of the Bible, and, save as is hereinafter otherwise provided, the reading of the Bible and an explanation of the fundamental principles of religion and morality inculcated therein, shall form a recognized part of the school course and shall be given in all standards, and, as far as possible, during the first period of the day; provided that nothing hereinbefore contained shall apply to schools established or maintained primarily for or attended mainly by children of non-Christian parents, unless there be in attendance at any such school children of Christian parents, in which case provision shall be made at the request in writing of the parents of such lastmentioned children for their religious instruction, any such provision being contingent upon there being one or more Christian teachers on the staff of such school.
- (2) No child whose parent has notified the principal in writing of his desire that such child shall not receive religious instruction, shall be compelled to receive such instruction, neither shall he be compelled to take part in the morning devotions, and no child so exempted shall be penalised in any respect by reason of such exemption.
- (3) No doctrine or dogma peculiar to any religious denomination or sect shall be taught during

school hours in any Government school.

- (4) No religious instruction shall be given during school hours by any person other than a teacher on the staff of such school.
- (5) The time to be devoted to religious instruction in the various standards of Government schools shall be as prescribed by regulation."

Hiervolgens blyk dit dat Natal bereid is om „nie-Christelike" staatskole vir die kinders van „non-Christian parents" te stig en te onderhou, skole waarop hierdie ouers volgens algemene demokratiese beginsels geregtig is. Vir die leerlinge van Christenouers wat op hulle beurt op Christelike skole kan aanspraak maak, is die enigste voorsiening dieselfde tipe staatskole met bykomende nie-verpligte godsdiensonderwys.

Op die letter af gelees, maak die bepaling dat geen dogma wat aan enige godsdienst eie is, onderrig mag word nie, godsdiensonderwys geheel en al onmoontlik. Onderrig uit die Bybel sonder enige verwysing na iets wat aan die Christelike godsdienst eie is, is nie net onmoontlik nie maar ook 'n kontradiksie.

Ten tye van Republiekwording het Natal nog sterk in die teken van 'n tipiese Angel-Saksiese neutraliteit gestaan.

(ii) Kaaplandse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels. In die Kaapprovinsie het die Angel-Saksiese magte onder Muir se bewind steeds 'n invloed op die onderwys bly uitoefen. Muir se afsydige houding teenoor die Christelike en nasionale beginsels in die onderwys het egter al hoe meer besware uitgelok. Sterk besluite en gesamentlike optrede het teen 1912 van die Nederduitse Gereformeerde, die Presbiteriaanse, die Wesleyaanse, die Baptiste-, die Anglikaanse, die Congregational en die

Lutherse Kerk, De Zuid-Afrikaanse Onderwyzers Unie (later die S.A.O.U.) en die South African Teachers' Association (S.A.T.A.) gekom. Hierdie liggame het 'n leerplan vir Bybelonderrig en 'n verkorte Kategismus van „the great Christian doctrines” opgestel, wat later ook goedgekeur is.<sup>1</sup> Toe die Kaapse Provinsiale Raad in 1913 'n gekose komitee aangestel het om op die saak in te gaan, het die destydse Moderator van die N.G. Kerk voor die Komitee getuig dat daar 'n sterk gevoel onder die N.G. Kerk en die Gereformeerde Kerk is om hulle eie skole te stig indien daar nie voorsiening vir godsdienste op skool gemaak word nie.<sup>2</sup>

Die aanvaarding van Ordonnansie nr. 18 van 1913, 'n ordonnansie vir godsdiensteonderwys op skool, het godsdiensteonderwys vir die eerste keer op 'n eenvormige grondslag in alle Kaaplandse skole geplaas. Artikel 3(1) van hierdie Ordonnansie het bepaal dat benewens die daaglikse opening met skriflesing en gebed daar ook elke dag tussen 'n kwartier en 'n halfuur tot en met standerd IV en nie meer as 'n halfuur op twee dae per week bokant standerd IV nie, godsdiensteonderwys gegee sou word. Skole met 'n nie-Christelike stempel is hiervan uitgesluit asook onderwysers en leerlinge van ouers met gewetensbesware. Volgens klousule 3(2) kon die godsdiensteonderwys gegee word ooreenkomstig die reeds genoemde verkorte Kategismus soos

1. Vgl. De Kerkbode, 23 Mei 1912, p. 407; D.H. Cilliers, Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), pp. 183-184; Fowler, op. cit., p.97; en K.P., Report of the Select Committee on the Religious Instruction in schools draft Ordinance, together with the minority report, minutes of proceedings and evidence (P.C. Sel. Com. 4-1913), pp. 1-3.

2. Ibid., p. 2.

in die bylae tot die Onderwysordonnansie voorgeskrywe indien die meerderheid van die ouers skriftelik daarom vra. Die onderwysers moes dit „zonder aantekening of opmerking” aanbied.<sup>1</sup> Vir hierdie godsdiensonderwys is daar tot aan die einde van standerd 7 voorsiening gemaak.<sup>2</sup> Die bepalinge van hierdie Ordonnansie het nie noemenswaardig van dié van ander provinsies verskil nie en is sonder wysigings in die gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr. 5 van 1921 opgeneem.<sup>3</sup>

Nuwe leerplanne vir Godsdiensonderrig wat tot alle sekondêre standerds uitgebrei is, is deur Wysigingsordonnansie nr. 10 van 1945 in werking gestel. Dit was die gevolg van dringende vertoë van die kerke en die Gesamentlike Raad van die Kaaplandse onderwysersverenigings en is ook deur hulle goedgekeur.<sup>4</sup>

'n Verdere herformulering van godsdiensonderwys deur Ordonnansie nr. 20 van 1956 het geen noemenswaardige veranderinge teweeggebring nie. Artikels 187 en 188 verwys nie meer na nie-Christelike skole wat mag bestaan nie, maar maak die godsdiensonderwysbepalinge van toepassing op elke onsektariese skool.

Insiggewende kritiek is gedurende 1963 (die jaar waarin die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad begin funksioneer het) deur die Nederduitse Gereformeerde en die Gereformeerde Kerke oor die godsdiensonderrig in Kaaplandse skole uitgespreek. Volgens „Die Verslag van die Komi-

1. K.P., Ordonnansie 18 van 1913, art. 3(2).

2. K.P., Ordonnansie nr. 18 van 1913, „Tweede Bijlage, Rooster van Bijbellessen”.

3. Vgl. K.P., Ordonnansie nr. 5 van 1921, art. 304-306.

4. Vgl. L.H. Badenhorst, Christelike Godsdiensonderrig in Openbare Skole, p. 11; en Fowler, op. cit., p. 97.

tee van die S.A.O.U. insake die Gesamentlike Verklaring van die Nederduitse Gereformeerde en Gereformeerde Kerke oor die Godsdiensonderrig op skool in Kaapland" wys genoemde twee kerke daarop dat, alhoewel die leerplan voorgesien om onsektaries en neutraal te wees, dit in werklikheid 'n remonstrantse gees adem, dat dit „humanisties en eensydig-eties" is en kardinale leerstukke wat vir hierdie kerke dierbaar is, vermy.<sup>1</sup> In sy antwoord hierop aan die Onderwysdepartement van Kaapland het die betrokke Komitee van die S.A.O.U.<sup>2</sup> die standpunt gehuldig dat die heterogene leerlingbevolking van die onsektariese staatskool vereis dat die dogmatiese tot 'n minimum beperk moes word. Hulle het die gedagte van gedifferensieerde leerplanne in Bybelonderrig vir kinders van lidmate van die Afrikaanse kerke met dieselfde belydenisgrondslag en vir dié van ouers met 'n ander belydenis van die hand gewys en was ook nie bereid om Bybelonderrig as 'n verpligte eksamenvak of as 'n keusevak in die Sekondêre skool (onderhewig aan die gewetenskousule) te steun nie. Hierdie Komitee het wel onderskrywe dat die skool 'n positiewe bydrae tot die godsdienstige opvoeding van sy leerlinge behoort te maak, maar was slegs bereid om die vervanging van godsdiensonderrig met Bybelonderrig aan te beveel waarvoor 'n betreklik eenvoudige leerplan opgestel moes word waarin die dogmatiese tot 'n minimum beperk moes word.<sup>3</sup> Dié verslag van Kaapland se belangrike onderwysersvereniging vir Afrikaanssprekende onderwysers getuig van die houvas wat die idee van

1. Die Unie, Mei 1964, p. 522.

2. Volgens Die Unie, Mei 1964, p. 521 het die Komitee uit prof. C.F. Gunter (sameroeper), mej. E. Coetzee, en mnre. D.M. Broekmann, P.H. du Preez en A.H.V. Erasmus bestaan en was al die bevindinge en aanbevelings eenparige besluite.

3. Die Unie, Mei 1964, pp. 523-525.

'n neutrale staatskool waarin die neutraliteitsgedagte geëerbiedig word, deur die jare heen verkry het.

Dat die houvas van die strakke neutraliteitsgedagte soos aanvanklik deur die Angel-Saksiese magte voorgestel, geleidelik verswak het, is egter ook waar. 'n Groeiende behoefte om groter erns met die uitvoering van die bepalinge aangaande godsdiensonderwys te maak, is voor Republiekwording in Kaapland waarneembaar. Hiervan getuig byvoorbeeld die aanstelling van twee spesiale instruktors in godsdiensonderrig gedurende 1946<sup>1</sup>, die aanbieding van verskeie departementele opfrissingskursusse in godsdiensonderwys en die saamspan op nasionale vlak om in samewerking met die „Interkerklike Kommissie van Opvoeding en Onderwys" nuwe leerplanne vir skole daar te stel.<sup>2</sup> Die algemene tendens, al was dit by tye slegs 'n stippellyn, was voor Republiekwording in Kaapland eerder in die rigting van die Afrikaner se ideaal van groter erns met die Christelike beginsel as na 'n streng neutrale staatskool soos

- 
1. K.P., Departement van Onderwys, Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jaar 1946, p. 34. Van die dienste van twee instruktors in godsdiensonderwys is vir byna tien jaar gebruik gemaak om toe te sien dat die bepalinge van Ordonnansie nr. 10 van 1945 aangaande Godsdiensonderwys ten volle in alle skole uitgevoer word.
  2. Vgl. Verslag van die Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sitting 13 Oktober 1966 e.v.d., pp. 391-392; en Die Kerkbode, 8 Oktober 1969, p. 513.

aanvanklik deur die Angel-Saksiese magte geïdealiseer.<sup>1</sup>

Die nasionale beginsel het voor Republiekwording nooit as sodanig in die Kaapse onderwyswetgewing direkte aandag ontvang nie. Dat die Afrikaner van Kaapland net soos in die ander provinsies, sy stryd om die erkenning van die nasionale beginsel op skool gedurende die vorige halwe eeu veral op die erkenning van die beginsel van moedertaalonderwys en eie Afrikaansmediumskole toegespits en in die verband belangrike toegewings verkry het, sal later uit hierdie hoofstuk blyk. Direk na Republiekwording nog voordat 'n nasionale onderwyswet 'n breë nasionale beginsel vir alle skole voorgeskrywe het, het die nasionale beginsel in Kaapland egter geleidelik aandag ontvang toe skole versoek is om die nodige respek en liefde vir die landse nasionale simbole by die kinders te kweek. Die Administrateur, J.N. Malan, het byvoorbeeld in 1962 die jaarlikse viering van Republiekdag geïnisieer.<sup>2</sup> Tydens 'n kort voorgeskrewe plegtigheid op elke Republiekdag word van alle leerlinge in Kaapland verwag om onder andere die volgende Verklaring van Trou af te lê: „Voor almal hier vergader, beloof ek trou aan die land wat ek lief het, my vader-

1. Aangespoor deur die nasionale onderwysbenadering na Republiekwording is die opleidingstyd vir Godsdiensonderrig in Opleidingskolleges vanaf 1968 verdubbel: Kyk Die Unie, April 1969, p. 508. Volgens die Kaapse Offisiële Koerant van 31 Oktober 1969, P.K. 810 word gewysigde leerplanne vir Godsdiensonderrig - nou Bybelonderrig genoem - vanaf 1971 in Kaaplandse skole ingevoer. Die doel hiervan is om (i) kennis van die Bybel as heilsgeskiedenis aan die kind oor te dra en (ii) deur middel van die kennis van die Bybel die weg vir die kind voor te berei tot 'n lewende geloof in Jesus Christus as sy Saligmaker en daarmee tot 'n lewe van diens aan God en sy medemens. Fundamentele geloofswaarhede en die sentrale boodskap van die Ou en die Nuwe Testament word in hierdie leerplanne uitgelig en beklemtoon sonder om die leer of dogma van enige besondere kerk tot uitgangspunt te neem, aldus die leerplan.

2. K.P., Die Onderwysgaset, 10 Mei 1962, pp. 678-679.



land, die Republiek van Suid-Afrika."<sup>1</sup>

(iii) Transvaalse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels. Godsdiensonderwys in die Transvaalse skole is byna vyftig jaar lank volgens artikel 34 van die Smutswet van 1907 georganiseer. Die eerste noemenswaardige poging tot herformulering was dié van Ordonnansie nr. 29 van 1953 wat veral op 'n deegliker en duideliker omskrywing toegespits was. Van der Schijf verwys dan ook na die knap woordspel van artikel 53 oor godsdiensoonderrig „wat vatbaar is vir veel ruimer vertolking<sup>2</sup>”

Ten opsigte van dogma in godsdiensonderwys vervang hierdie onderwyswet die woorde „geen leer of dogma eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte” wat in die Smutsonderwyswet voorkom met „geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte”.<sup>3</sup> Waar die „geen leer” van 1907 alle dogma verbied het, skakel die „geen bepaalde leer” van 1953 slegs sekere dogma uit. Tydens die behandeling van die ontwerp-ordonnansie in die Provinsiale Raad het die Transvaalse Administrateur dan ook verduidelik dat dié dogma-bepaling slegs bedoel is om die eienaardighede van die verskillende sektes uit te skakel.<sup>4</sup> 'n Departementele omsendbrief van 1954 het die saak soos volg verduidelik: „Die inhoud van die godsdiensoonderrig in laer en middelbare skole kan met inagneming van Artikel 53(4) van die nuwe Onderwysordonnansie onder andere die volgende behels:

(a) Bybelkennis.

1. K.P. Die Onderwysgaset, 23 Mei 1963, p. 804.

2. W.G. van der Schijf, Die gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal tot 1963, p. 310.

3. Tvl., Ordonnansie nr. 25 van 1907, art. 34(4); en Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 53(4).

4. Vgl. Van der Schijf, op. cit., p. 310.

- (b) Die Tien Gebooie.
- (c) Die Twaalf Artikels (geloofsbelydenis).
- (d) Die Onse Vader."<sup>1</sup>

Iets van die strenge neutraliteit van Smuts se onderwyswet het derhalwe verdwyn, alhoewel die idee van godsdiensonderwys bo geloofsverdeling nog steeds in artikel 53(4) voortgeleef het.

'n Ander belangrike bepaling van die Onderwyswet van 1953 is dat die provinsiale onderwysbeleid so bepaal word dat „gelet word op die algemene beginsel dat, vir sover dit verenigbaar mag wees met die ekonomiese besteding van Staatsfondse en met die vereiste standaard van doeltreffende onderrig, kinders in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed moet word; en ..... 'n gees van volkseenheid aangekweek en rassesaamewerking in Suid-Afrika bevorder word.”<sup>2</sup> Hierdie artikel skrywe nie 'n spesifieke gees en rigting vir die Transvaalse provinsiale skole voor nie, maar gee aan die ouer die reg om in hierdie verband eise te mag stel. Aangaande die omvang van die regte wat die 1953-Onderwyswetgewing ten opsigte van byvoorbeeld die Christelike beginsel aan ouers verleen, skrywe J. Chris Coetzee dat „binne die raamwerk van die Transvaalse openbare skoolstelsel is dit moontlik vir Christelik belydende ouers om deur middel van hul skoolkomitee 'n Christelik belydende godsdiensonderrig vir hul kinders te verseker. Aan die Transvaalse openbare skool kan Christelike ouers vandag vir die onderrig van hul kinders verkry onderrig in die Bybel en Bybelse geskiedenis en in die drie grondbeginsels van hul oortuiging t.w. 'n onderrig in die belydenis van die geloof, in die Wet van die Here, en

1. Soos aangehaal deur Van der Schijf, op. cit., p. 311.  
 2. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 3(1)(d).

in die Christelike gebed soos Christus ons dit geleer het: die Bybelse geskiedenis as openbaringsgeskiedenis en die geloofsbelydenis, die Wet en die gebed van die Here."<sup>1</sup> Die stryd om die erkenning van die Christelike beginsel in Transvaalse skole het derhalwe ten tye van Republiekwording reeds in die guns van die Afrikaner se ideaal begin swaai.

Na Republiekwording, maar nog voordat die nasionale onderwysbeleid van 1967 in werking getree het, het Transvaal ernstige pogings aangewend om van die vak wat die mees sentrale plek in 'n Christelike opvoeding en onderwys behoort in te neem, naamlik Godsdiensonderwys, iets besonder te maak. Die inhoud van die vernuwing het onder andere Protestants-Christelike geloofsleer en sedeleer omvat<sup>2</sup> en teen 1967 was Bybelkunde as 'n keusevak vir die Matrikulasie-eksamen reeds goedgekeur.<sup>3</sup> Aan die einde van daardie besondere jaar meld die Direkteur in sy Jaarverslag: „Godsdiensonderwys word in alle skole met groot erns en toewyding aangebied. Daar word reeds volgens die nuwe leerangewerk en ten spyte van 'n tekort aan opgeleide personeel is die vordering wat gemaak word hoogs bevredigend.”<sup>4</sup>

Waar Kaapland voor Republiekwording hoegenaamd geen verwysing in sy onderwyswetgewing na die nasionale beginsel gemaak het nie, het Transvaal sover gekom om in 1953 neer te lê dat die onderwys 'n gees van volkseenheid

1. J. Chr. Coetzee, „Ons Onderwysordonnansie" in Onderwysblad, Augustus 1966, p. 106.
2. H.J.S. Stone, „Opknappingskursus in Godsdiensonderrig 'n Geslaagde Onderneming" in Roeping, Junie 1965, p. 5.
3. H.J.S. Stone, „Transvaalse Onderwysdepartement lê klem op die Bybel" in Roeping, Maart 1967, p. 7.
4. Tvl., Onderwysdepartement, Algemene Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1967, p. 12.

moet aankweek en rassesamewerking in Suid-Afrika moet bevorder.<sup>1</sup> Amptelike aanmoediging vir die erkenning van die nasionale beginsel in die Transvaalse onderwys het egter ook veral ná Republiekwording gekom toe skoolhoofde versoek is om op gepaste wyse die landsvlag te huldig en van die Volkslied gebruik te maak om sodoende patriotisme onder die jeug te stimuleer en goeie burgerskap te kweek. Nog 'n versoek het gelui dat voor die viering van Republiekdag of ander openbare vakansiedae besondere aandag aan die betekenis daarvan gegee moes word. Hieroor doen die Transvaalse Direkteur van Onderwys net voor die implementering van 'n nasionale onderwysbeleid vir die hele Republiek soos volg verslag: „Die positiewe reaksies van hoofde op hierdie versoek en die resultate wat reeds bereik is, is bemoedigend.”<sup>2</sup>

Met die 1907-Smutsonderwyswet wat tot 1953 sy invloed in Transvaal laat geld het, was die Christelike en nasionale onderwysbeginsels gedurende hierdie periode in die betrokke provinsie aan die tipiese Angel-Saksiese neutrale staatskoolgedagte onderworpe. Hierna het Transvaal egter duidelik van dié neutraliteitsbeginsel weggeswenk en met Republiekwording meer en meer geleenthede ook vir die erkenning van die Afrikaner se Christelik-nasionale beginsels in staatsonderwys geskep. Hierin het Transvaal 'n sterker standpunt as Kaapland en veral as Natal ingeneem.

(iv) Vrystaatse onderwyswetgewing en die Christelike en nasionale beginsels. Die bepalinge oor godsdiensonderwys soos in artikel 18 van die Hertzogskoolwet

1. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 3(1)(c)(iii).  
 2. Tvl., Onderwysdepartement, Algemene Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1967, p. 2.

van 1908 vervat, het vir baie jare die godsdiensonderwys in die Vrystaatse skole gereël. Dit is feitlik onveranderd deur Ordonnansies nr. 9 van 1920 en nr. 15 van 1930 gehandhaaf<sup>1</sup> en in 1951 kon die Pretorius-onderwyskommis-sie die stand van sake nog soos volg opsom: „dat

- (1) die skooldag begin sal word met gebed, sang en die lees van 'n stuk uit die Bybel;
- (2) dat Bybelse geskiedenis as 'n skoolvak beskou sal word en dat daarin daaglik onderdig gegee sal word tot en met die hoogste standerd van die volkskool en dat die vak behoorlik geïnspekteer sal word;
- (3) dat geen leerstellige onderwys gedurende skoolure gegee word nie;
- (4) dat die onderwys gedurende skoolure alleen deur 'n lid van die onderwyspersoneel gegee mag word;
- (5) dat aan ouers wat skriftelik aansoek doen dat geen Godsdiensonderwys aan hulle kinders gegee moet word, sodanige verlot nie geweier mag word nie;
- (6) dat elke leerkrag verplig is om onderwys in Bybelse geskiedenis te gee tensy hy vrygestel is van die verpligting deur die Direkteur van Onderwys; en
- (7) dat daar nie minder as 'n halfuur en nie meer as 'n uur per skooldag aan die vak bestee word nie.“<sup>2</sup>

Alhoewel artikel 2 van Ordonnansie nr. 15 van 1930 bepaal het dat godsdiensonderdig tot die middelbare standerds uitgebrei kan word, is dit eers vanaf 1933 as 'n moontlike nie-eksamenvak in standerds 7 en 8 ingestel. Hierdie reëling is in 1941 ook op die hoër standerds van toepassing gemaak. 'n Oorvol rooster het die toepassing

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 9 van 1920, art. 43; en O.V.S., Ordonnansie nr. 15 van 1930, art. 47, het byvoorbeeld bepaal dat daar benewens die skriflesing, gebed en sang aan die begin van elke dag, ook daaglik aan alle klasse van Volksskole Bybelse Geskiedenis onderrig moes word.

2. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommis-sie, 1951, p. 213.

daarvan egter belemmer totdat dit in 1945 as 'n keusevak vir standerds 9 en 10 ingestel is.<sup>1</sup> Die beginsel van verpligte godsdiensonderwys vir alle leerlinge in volkskole en hoërskole (behalwe vir diegene vir wie daar skriftelike vrystelling deur die ouers aangevra is) is eers in 1954 deur artikel 48(2) van Ordonnansie nr. 16 vasgelê.

Ten opsigte van leerstellige onderrig is dit reeds bekend hoedat generaal Hertzog hierdie soort onderwys in buiteskole toegelaat het.<sup>2</sup> Ordonnansie nr. 9 van 1920 asook Ordonnansie nr. 15 van 1930 het hierdie gebruik gehandhaaf. Laasgenoemde Onderwyswet het byvoorbeeld neergelê dat in openbare skole „geen leer of leerstelling, aan een of ander kerkgenootskap of sekte eie, gedurende skoolure“ onderrig sou word nie, behalwe in buiteskole en dan slegs as die ouers by wyse van 'n versoekskrif aan die skoolkommissie dit versoek.<sup>3</sup> Die voorsiening van leerstellige onderrig in alle skole was in die Vrystaat altyd 'n uitgesproke behoefte. So beveel die Pretorius-kommissie in 1951 aan dat leerstellige onderwys as deel van die vak Godsdiensonderrig aangebied word aan kinders van ouers wat geen beswaar daarteen het nie.<sup>4</sup> Die wetgewers van 1954 was egter nie hiertoe bereid nie. Artikel 48(3) van Ordonnansie nr. 16 van 1954 bepaal: „geen leerstelling

1. Vgl., A.H. Strydom, Die plek en taak van die skool as samelewingsverband in die moderne Christelike samelewing, p. 189; en E. Greyling, Godsdiensonderwys in die skool, pp. 99-101.

2. O.V.S., Ordonnansie nr. 35 van 1908, art. 18(d).

3. O.V.S., Ordonnansie nr. 15 van 1930, art. 47(3). In art. 47(7) van dieselfde Ordonnansie is ook neergelê dat die tyd wat aan godsdiensonderwys en Bybelse geskiedenis gewy moes word, deur die hoof in oorleg met die plaaslike skoolkommissie onderworpe aan die goedkeuring van die skoolraad, bepaal sou word. 'n Maksimum van een uur per skooldag was toegelaat.

4. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, p. 215.

of dogma wat aan 'n besondere godsdiensgesindte of sekte eie is, word gedurende gewone skoolure aan 'n openbare skool gedoseer nie." Van buiteskole met leerstellige onderrig is daar nie meer sprake nie.

Hierdie „dogmaklousule" sluit egter nie alle dogma uit nie, maar slegs daardie wat kenmerkend van 'n „godsdiensgesindte of sekte" is. In hulle kommentaar hieroor sê die spesiaal aangestelde kommissie van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging in hulle „Memorandum insake Godsdiensonderrig" dat „wat die presiese bedoeling van die uitsluiting is, is nie duidelik nie en word ook nêrens gekwalifiseer nie. In die praktyk kom dit daarop neer dat sake van ooreenkoms tussen kerke en sektes wel geleer mag word (al is dit nie voorgeskryf in die leerplan nie), terwyl geskildpunte vermy moet word. Dit is egter 'n niksseggende toegewing, want die onderwyser wat geen teoloog is nie, kan in weinig gevalle tussen sulke onderskeidende dogmas 'n streep trek."<sup>1</sup> Hierdie toegewing herinner aan 'n soortgelyke vertolking wat aan die 1953-Onderwyswet van Transvaal gegee is, en al was die toegewings gering, verteenwoordig hul tog 'n geleidelike beweging weg van die allesoorheersende neutraliteitsgedagte van die tipiese Angeli-Saksiese tradisie.

Die Vrystaatse Onderwyswet van 1954 is egter veral 'n baie belangrike stuk wetgewing, omdat dit gepoog het om die gedagtes van die oorgrote meerderheid van ouers in die provinsie te vertolk toe dit op aanbeveling van die Pretoriuskommissie (1951) in artikel 2(2) neergelê het dat dit „die algemene beleid van die Administrateur (is) dat

1. Die Skoolblad, „Memorandum Insake Godsdiensonderrig", September 1965, p. 14.

die Christelike beginsel in die onderwys en opvoeding erken, openbaar en gekweek en die nasionale beginsel gehandhaaf word, ten einde by die leerlinge 'n Christelike wêreld- en lewensbeskouing te ontwikkel, 'n gesonde gevoel van onverdeelde liefde vir en trou aan die gemeenskaplike vaderland in te boesem en waardering vir die tradisies, taal en kultuur van alle bevolkingsgroepe aan te kweek." Hiermee het die Vrystaatse Onderwyswet van 1954 die eerste Suid-Afrikaanse onderwyswetgewing van die 20ste eeu geword wat die Christelike en die nasionale beginsels by hulle naam noem en 'n positiewe standpunt daaromtrent inneem. Ten spyte van talle teenstrydighede is dit ook dié onderwyswetgewing wat voor 1967 die groei van die Christelike en nasionale beginsels in die harte van Afrikanerouers die duidelikste vertolk.

(v) Die geheelperspektief. Ten spyte van die aanvanklike divergensie op provinsiale vlak ten opsigte van die erkenning en toepassing van die Christelike en nasionale beginsels in die onderwys, was die algemene tendens ten tye van Republiekwording dat die invloed en houvas van die Angel-Saksiese magte aan die verswak was. Die Christelik-nasionale onderwysideaal wat na Uniewording in die harte van baie Afrikaners bly voortlewe het, het al hoe duideliker in al die provinsies uitgekristalliseer en verskeie toegewings in staatskole verkry.

Die ontwikkeling van die Afrikanervolk tot nasionale mondigheid was egter ondenkbaar sonder dat sy moedertaal - Afrikaans - dieselfde erkenning en regte as ander volkere se tale ontvang het. Daarom was dit vir die Afrikaner na Uniewording lewensnoodsaaklik om sy stryd terwille van die erkenning van die nasionale beginsel aan-



vanklik op die erkenning en gelykberegtiging van Afrikaans as een van Suid-Afrika se offisiële tale en as 'n onder-riemedium op skoolvlak te konsentreer.

(d) Divergensie ten opsigte van die voertaalbeginsel in die onderwys

(i) Provinsiale taalordonnansies na aanleiding van optrede van die Unie-Parlement in 1911: Uniewording het nie sonder meer vir die Afrikaner die einde van sy stryd om die volle erkenning van die regte van sy moedertaal en die konsekwente gebruik daarvan as voertaal op skool beteken nie. Weliswaar het die Zuid-Afrika-Wet Hollands naas Engels as 'n amptelike taal erken en in artikel 137 neergelê dat albei tale op 'n basis van volkome gelykheid behandel moes word wat vryheid, regte en voorregte betref. Die toepassing van hierdie beginsels op skoolvlak is egter deur artikel 85(iii) van die Unie-Grondwet in die hande van die verskillende provinsies geplaas, en omdat die Angel-Saksiese invloed in 1910 nog aansienlik van provinsie tot provinsie verskil het, sou die regte wat aan die belangrike draer van die Afrikaner se kultuur - sy moedertaal - toegestaan word, ook divergensie op provinsiale vlak vertoon.

Terwille van die versekering dat artikel 137 wel toegepas word, het daar in 1911 nasionale optrede van die kant van die Unie-Parlement gekom. Op 25 November 1910 besluit die Unie-Parlement om 'n „Gekozen Komitee op Openbaar Onderwijs" aan te stel wat moes nagaan in hoe 'n mate die beginsels van „vrijheid en gelijkheid" neergelê in artikel 137, deur die provinsiale onderwysstelsels gerespekteer is. In 1911 het die Huis die Provinsiale Rade se aandag op die aanbevelings van die meerderheidsverslag van

die Gekose Komitee gevestig<sup>1</sup> en hulle versoek om die wenslikheid te oorweeg om hulle onderwyswette in ooreenstemming met die aanbevelings van hierdie Gekose Komitee te bring.

Transvaal het heel eerste hierop gereageer en Ordonnansie nommer 5 van 1911 vanaf 1 Januarie 1912 in werking gestel. Kort hierna het die Vrystaat<sup>2</sup> met Ordonnansie nommer 2 van 1912 en Kaapland met Ordonnansie nommer 11 van 1912 gevolg.

Die drie taalordonnansies was getroue vertolkings van die Unie-Parlement se aanbevelings met slegs enkele onbeduidende byvoegings. Die hoofgedagte was dat die medium van onderwys vir elke leerling in alle standerds van openbare skole tot en met die vierde standerd die huistaal van die leerlinge moes wees, met die voorbehoud dat ouers kon eis dat die tweede taal geleidelik ingevoer word en daarna as tweede medium van onderwys gebruik word. Vir die minderheidsgroep moes daar parallelle klasse ingestel word, maar as die getalle hiervoor te min was, kon albei taalgroepe in een klas deur tweetalige onderwysers onderrig word.<sup>3</sup> Bokant standerd vier het die drie ordonnansies

1. Kyk Unie van S.-A., Rapport van het Gekozen Komitee op Openbare Onderwijs (S.C. 2-11), pp. ix-xv vir meerderheidsverslag.
2. Unie van S.-A., Rapport van het Gekozen Komitee op Openbare Onderwijs (S.C. 2-11), p. v, wys daarop dat die Vrystaat die enigste provinsie was waar hulle geen ongelykheid ten opsigte van albei tale se regte gevind het nie. Volgens die Hertzogonderwyswet (1908) en Wet nr. 13 van 1910 is die onderwys in die Vrystaat tot en met st. IV deur medium van die moedertaal aangebied met informele onderrig in die tweede taal. Bokant st. IV moes almal formele onderrig in albei tale ontvang terwyl die onderrig van drie van die hoofvakke deur medium van die een taal en die onderrig van die ander drie deur medium van die ander taal moes geskied.
3. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 2 van 1912, art. 3; Tvl., Ordonnansie nr. 5 van 1911, art. 3; en K.P., Ordonnansie nr. 11 van 1912, art. 2.

aan ouers die geleentheid gegee om self te kies of hulle Engels of Hollands of altwee tale gesamentlik as media vir hulle kinders begeer. In gevalle waar ouers nie hierdie kiesreg uitgeoefen het nie, moes die leerlinge in hulle huistaal onderrig word en die tweede taal soveel moontlik as medium gebruik.<sup>1</sup>

Hierdie bepalings sou die provinsies nie kon uitvoer sonder voorsiening vir afsonderlike skole waarin òf Engels òf Hollands die belangrikste medium was, òf skole waarin Engels vir sommige vakke en Hollands vir ander vakke as voertaal gedien het nie. Die drie provinsies se onderwyswetgewing het derhalwe die stigting van onder andere enkelmediumskole gemagtig.

Met betrekking tot die tale as vakke moes elke leerling in elke standerd tot en met standerd vier in sy huistaal onderrig word vir welke doel daar voldoende voorsiening vir die onderrig van albei tale moes bestaan; die tweede taal moes aan elke leerling onderrig word tensy die ouers dit anders verlang het. Bo standerd vier moes elke leerling in altwee tale onderrig ontvang, behalwe as die ouers dit anders verkies het.<sup>2</sup> In gevalle van twyfel omtrent 'n leerling se huistaal moes die ouer se beslissing hieromtrent as die finale besluit geld.<sup>3</sup>

Die botsing tussen die Afrikaner-invloede en Angel-Saksiese magte oor moedertaalonderwys en verpligte

1. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 2 van 1912, art. 4; Tvl., Ordonnansie nr. 5 van 1911, art. 4; en K.P., Ordonnansie nr. 11 van 1912, art. 3.
2. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 2 van 1912, art. 5-6; Tvl. Ordonnansie nr. 5 van 1911, art. 5-6; en K.P., Ordonnansie nr. 11 van 1912, art. 4-5.
3. Vgl. O.V.S., Ordonnansie nr. 2 van 1912, art. 8; Tvl. Ordonnansie nr. 5 van 1911, art. 8; en K.P., Ordonnansie nr. 11 van 1912, art. 7.

tweetaligheid was egter 'n langdurige en volgehoue stryd. D.H. Cilliers beskrywe hoedat die Engelssprekendes hierdie beginsels tot die bitter einde heftig bestry het en die hele proses aan Engelse kant „deurgaans gekenmerk (is) deur aansienlike wrywing, bitterheid, onverdraagsaamheid en bevooroordeeldheid, soos o.m. geopenbaar in hulle besprekings in die parlement, hulle houding by die gekose komitee, hulle optrede by die behandeling van die konseppordonnansie in die (Kaapse) Provinsiale Raad van begin Aug. 1912, en in die kolomme van 'The Educ. News of S.A.'." <sup>1</sup> Selfs ná die aanvaarding van die Taalordonnansie in 1912 het die Kaapprovinsie erg traag gebly om die bepalinge uit te voer. <sup>2</sup> Die traagheid was egter veral in die Engelse provinsie, Natal, waarneembaar. Hierdie provinsie het etlike jare lank die versoek van die Parlement insake gelyke taalregte geheel en al veronagsaam. Eers in 1916 is Ordonnansie nommer 13 aanvaar waarvolgens die medium van onderrig van elke leerling in al die standerds die taal sou wees wat deur die ouers gekies is. Hoewel ouers ook kon eis dat die ander taal as vak onderrig word <sup>3</sup>, was daar van verpligte onderrig deur middel van die moedertaal nog geen sprake nie en tweetaligheid is ook nie sterk aangemoedig nie.

(ii) Taalordonnansies van Natal na 1916. Die bepalinge van die 1916-Taalordonnansie is in Natal sonder noemenswaardige veranderinge tot in 1942 toegepas. Ten opsigte van die vasstelling van 'n leerling se voertaal

1. D.H. Cilliers, Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), p. 183.

2. Vgl. A.J. Aucamp, Bilingual Education and Nationalism with special Reference to South Africa, p. 154.

3. Natal, Ordonnansie nr. 13 van 1916, art. 2, 3.

bevat die 1942-Onderwyswet ook geen noemenswaardige nuwe bepalings nie. In hierdie verband skrywe artikel 11(1) voor dat „the medium of instruction of every pupil in every Government school for Europeans shall, ..... be that official language selected by the parent. The parent shall make the selection on the pupil's admission to such a school, and when the option of the parent has been exercised and carried out, no change shall be made ..... until the end of the school year....." In die geval van minderheidsgroepe ten opsigte van 'n spesifieke voertaal bepaal dié ordonnansie dat sodanige leerlinge deur middel van parallelle klasse onderrig moet word indien die minderheidsgroep vyftien of meer is. Wanneer die minderheidsgroep egter kleiner as vyftien is, moet die taal van die meerderheidsgroep die voertaal wees.<sup>1</sup>

Die 1942-Onderwyswet maak ook nie die studie van die tweede taal verpligtend nie. Eers met Ordonnansie nr. 10 van 1950 en die regulasies wat ingevolge hierdie ordonnansie opgestel is, is die bestudering van albei tale vanaf standerd een vir alle leerlinge verpligtend gemaak.<sup>2</sup>

Alle onderwyswetgewing van Natal het die beginsel dat dit die ouers se voorreg is om self die voertaal vir die onderrig van hulle kinders te kies, tot aan die

1. Natal, Ordonnansie nr. 23 van 1942, art. 11(2)(a).
2. Natal, Ordonnansie nr. 23 van 1942, art. 12(1) soos gewysig deur Ordonnansie 10 van 1950, art. 1. Vgl. Natal, Provinsiale kennisgewing nr. 59 van 1955, Regulasies i.s. dosering van tweede amptelike taal in blanke- en kleurling-staatskole. Die 1950-Ordonnansie het ook die verpligte dubbelmediumbepaling van 1942 waarvolgens leerlinge deur medium van hulle tweede amptelike taal in een of ander deel van die leergang vir nie minder nie as 'n halfuur per dag onderrig moes ontvang, opgehef.

einde van 1969 gehandhaaf.<sup>1</sup> Volgens syfers vir 1966 soos in die Parlement verstrek, het hierdie beklemtoning van die ouer se keuse in plaas van moedertaal as voertaal tot groot nadeel vir die Afrikaanssprekendes in Natal gestrek.<sup>2</sup>

Vir die erkenning van Afrikaans as voertaal moes die Afrikaner in Natal 'n langdurige stryd voer, want alhoewel Afrikaans vir die eerste keer in 1921 in Utrecht onderrig en in ander skole vanaf 1923 toegelaat is, was dit in die eerste plek blote toegewings onder artikels 2 en 3 van die 1916-Taalordonnansie. Tweedens is die eerste volwaardige Afrikaansmediumskool in Natal, die Vortrekker-Hoërskool te Pietermaritzburg, eers in 1927 geopen en die tweede, die Port Natalse Hoërskool te Durban, in 1942 in gebruik geneem. Op kleiner dorpe soos Vryheid en Newcastle is parallelmediumskole gestig en op ander soos Greytown en Utrecht dubbelmediumskole.<sup>3</sup>

(iii) Taalordonnansies van Kaapland na 1912. Ook in Kaapland het die Angel-Saksiese invloed etlike jare lank na die totstandkoming van Unie 'n aktiewe stryd teen die Afrikaner en sy taal voortgesit. So het die Kaapse onderwys waarvan Thomas Muir tot in 1915 Superintendent-

1. Natal, Die Offisiële Koerant, 23 Oktober 1969, Konseponderwysordonnansie art. 14 meld dat alle kinders wat aan die begin van 1970 vir die eerste keer tot staats- en staatsondersteunde skole in die provinsie toegelaat word, deur medium van hulle moedertaal onderrig sal word. Ouers kies slegs die voertaal indien 'n leerling in albei tale ewe bedrewe is asook vir standerds IX en X.

2. Rep. van S.-A., Hansard, 22 Februarie 1967, kol. 1837-1840.

3. Vgl. L. Steenkamp, Onderwys vir blankes in Natal, pp. 194-196; B.R. Buys, "Onderwys in Natal" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, pp. 253-254; en B.F. Nel, Aspekte van die Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika, pp. 42-43.

Generaal van Onderwys was, aanvanklik feitlik onverskillig teenoor die toepassing van die Taalordonnansie van 1912 gestaan. Uit die verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie van 1917 onder voorsitterskap van prof. A. Moorrees blyk dit onder andere dat ruim 64% van alle leerlinge tot en met standerd IV Afrikaanssprekend was, maar dat slegs 31% van hulle deur middel van hulle huistaal onderrig is, teenoor 0.61% van die Engelssprekende kinders wat deur Hollandsmedium onderwys ontvang het. Bokant standerd IV het die oorgrote meerderheid skole Engels as enigste medium gebruik.<sup>1</sup> Van besondere betekenis is die wyse waarop hierdie kommissie bevestig het dat onderrig deur middel van die moedertaal die ideale beleid is:

„From a purely educational point of view this is perhaps the ideal solution.”<sup>2</sup> Terwille van praktiese en finansiële redes beveel die kommissie egter parallelle klasse aan, maar betekenisvol is ook die feit dat dié Kommissie die stelsel van dubbelmedium-onderwys verwerp.<sup>3</sup>

Die stryd van die Afrikaner om sy taalregte het gedurende hierdie periode nog 'n faset in al die provinsies bygekry, naamlik die erkenning van Afrikaans in plaas van Hollands as sy moedertaal. In Kaapland het C.J. Langenhoven reeds op 23 April 1914 die Kaapse Provinsiale Raad oorreed om eenparig te besluit „dat deze Raad zijn goedkeuring hecht aan de toenemende handhaving door het Onderwijs Departement van deze Provincie van het ge-

1. K.P., Report of the Commission Appointed on 17th August, 1915, to enquire into, and report upon, certain matters connected with the carrying into effect of Ordinance No. 11 of 1912 - commonly known as the "Language Ordinance." (C.P. 1-'17), pp. 6-8.

2. Ibid., p. 23.

3. Ibid., p. 24.

zonde beginsel van onderwijs door medium van de moedertaal der leerlingen, zoals neergelegd in de Onderwijs Ordonnantie, en verder aanbeveelt dat dat beginsel verder uitgebreid worde door het gebruik van het Afrikaans-Hollands als medium op onze lagere scholen tot en met de Vierde Standaard waar het Hollands volgens wet de voertaal is: Mits ....."<sup>1</sup> In dieselfde jaar het „de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" op voorstel van Langenhoven en D.F. Malherbe besluit dat daar met belangstelling kennis geneem word „van die besluite wat daar gepasseer werd door die Provinciale Rade van die Kaap, Vrijstaat en Transvaal met betrekking tot die aanwending van Afrikaans als voertaal bij die lagere onderwijs, en heg sijn goedkeuring aan die redes wat die Provinciale Rade gelei het tot gemelde besluite."<sup>2</sup> By wyse van ondersteuning van hierdie voorstel het Langenhoven sy bekende pleitrede „Afrikaans as Voertaal" gelewer.

Die stroom ten gunste van Afrikaans het al hoe sterker geword en in 1918 belangrike toegewings afgedwing. In Julie 1918 het die Matrikulasieraad besluit om Afrikaans as 'n voertaal vir die Matrikulasie-eksamen te erken en om 'n kommissie te benoem wat oor Afrikaans as vak moes rapporteer.<sup>3</sup> Vir die Kaapse onderwys was Ordonnansie nommer 14 van 1918 van besondere betekenis want daarvolgens kon Afrikaans in plaas van Hollands as voertaal tot en met standerd IV gebruik word mits twee derdes van die plaaslike bestuur ten gunste daarvan was.<sup>4</sup> 'n Jaar

1. K.P., Oorkonden van de Provinciale Raad, 9 April tot 8 Mei 1914, p. 63.

2. De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, Jaarboek V, 1914, p. 79.

3. De Unie, September 1918, p. 61.

4. K.P., Ordonnansie nr. 14 van 1918, art. 1.



later het Ordonnansie nommer 25 bepaal dat Afrikaans naas Hollands as vak in enige of alle standerds, en as voertaal in enige of alle vakke, gebruik kan word.<sup>1</sup> Oor die toepassing van laasgenoemde Wet skrywe die Superintendent-generaal van Onderwys in 1919 dat „as far as the primary school is concerned, it certainly seems best, therefore, to exclude Nederlands altogether and to have Afrikaans and English as the two languages in use“, maar ten opsigte van die sekondêre skole dat „it would appear to be wise to retain Nederlands as a subject, though Afrikaans will naturally be used as a medium of instruction.“<sup>2</sup>

Die amptelike erkenning van Afrikaans as taal en die invoering daarvan in skool en kerk was van die belangrikste gebeurtenisse in die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk.

Die konsolidering van al die Kaapse onderwyswetgewing in Ordonnansie nommer 5 van 1921 het die bestaande bepalinge aangaande taalonderwys en voertaal in die Kaapprovinsie feitlik onveranderd gelaat. Hierdie ordonnansie het die Kaapse Onderwysdepartement verantwoordelik gehou vir die praktiese uitvoering van die taalbepalinge.<sup>3</sup> Die huistaal is beskrywe as „de taal, die het best gekend en verstaan word deur de leerling“<sup>4</sup> en artikel 298 het weer eens die gebruik van „Afrikaans in plaas van Hollands (Nederlands) als een vak van onderwijs of als een voertaal van onderwijs in alle of in enige standaards of klassen of in alle of enige vakken van onderwijs“ dui-

1. K.P., Ordonnansie nr. 25 van 1919, art. 1.

2. K.P., Departement van Onderwys, Report of the Superintendent-General of Education for the Year ended 31st December 1919, pp. 11-12.

3. K.P., Ordonnansie nr. 5 van 1921, art. 4(b), 301.

4. Ibid., art. 293.

delik omskrywe.

Afrikaans se groot oorwinning op nasionale vlak het in 1925 gekom toe met die Nasionale Party aan bewind en D.F. Malan as Minister van Onderwys, Wet nr. 8 op 22 Mei aanvaar is. Met slegs een teenstem het 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat besluit: „Het woord 'hollandse' in artikel honderd zeven en dertig van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten.”<sup>1</sup>

Moedertaalonderwys het in Kaapland aansienlik veld gewen toe hierdie provinsie in 1925 die eerste geword het om die 1912-bepalings waarvolgens moedertaalonderrig slegs tot en met standerd IV verpligtend was, te wysig en die huistaal as die verpligte voertaal tot by standerd VI neer te lê.<sup>2</sup> Dit het die dubbele taalbeleid, een vir die onderste klasse en een vir die boonste klasse van die primêre skool, met reg beëindig en die organisasie van parallele klasse met afsonderlike voertale vergemaklik. Alhoewel die teenkanting vanuit Engelse geledere baie jare lank voortgeduur het, het die bestaande wetgewing oor die voertaal op skool onder 'n veranderde en meer simpatieke Kaapse Onderwysdepartement vrylik geleent hede vir die stigting van Afrikaansmediumskole geskep<sup>3</sup> - skole wat in daardie stadium die Afrikaner se strewe grootliks versinnebeeld het.

1. Unie van S.-A., Wet nr. 8 van 1925, art. 1. Vgl. Unie van S.-A., Hansard, 18 Februarie 1925, kol. 66-96, 26 Maart 1925, kol. 1642-1650; en C.J. Langenhoven, Versamelde Werke, dl. XII, pp. 402-416.
2. K.P., Ordonnansie nr. 23 van 1925, art. 13.
3. Vgl. K.P., Report of the Superintendent-General of Education for The Two Years 1927 and 1928, pp. 31-32; en Die Unie, November 1934, p. 181.

Die natuurlike ontwikkeling op hierdie weg van aparte enkelmediumskole sou egter van korte duur wees. Die Koalisie van 1932 en die daaropvolgende samesmelting op politieke gebied sowel as die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 sou die taal-, die medium- en die skoolvraagstuk in 'n onverkwiklike partypolitieke stryd dompel. Reeds in 1941 het die Verenigde Party-kongres in Kaapstad besluit om stappe te neem vir die algehele afskaffing van enkelmediumskole - bedoelende die Afrikaansmediumskole.<sup>1</sup> Na die groot oorwinning van die Verenigde Party in die landswye verkiesing van 1943 onder die leiding van J.C. Smuts, is die taalkwessie dadelik gedurende die eerste sessie van die Parlementêre sitting van 1944 te berde gebring. 'n Voorstel van C.R. Swart ten gunste van moedertaalmedium en enkelmediumskole is verwerp en genl. Smuts se amendement ten gunste van dubbelmediumonderwys terwille van 'n sogenaamde verenigde land en 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk is aanvaar „dat alles wat moontlik is gedoen moet word om nasionale eenheid te bevorder en om alle burgers gelyke geleenthede te besorg om albei offisiële tale te leer.“<sup>2</sup> Die regering het by dié geleentheid ook die reg verkry om in oorleg met die Provinsiale owerhede oorweging te skenk aan die wysiging van onderwyswette en regulasies en die onderwysmasjinerie van die provinsies sodat die sogenaamde tweetaligheidsideaal binne vyf jaar verwesenlik kon word.<sup>3</sup> Kort daarna het die vier provinsiale Administrateurs 'n navraag van die

1. M.A. van Tonder, Dr. S.H. Pellissier as Direkteur van Onderwys vir die tydperk 1926-1948, p. 322; en Die Volksblad, „Betekenis van die stryd teen enkelmedium“, 31 Augustus 1943.

2. Unie van S.-A., Hansard, 22 Februarie 1944, kol. 1759.

3. Ibid.

Minister van Onderwys ontvang oor wat hulle in verband met tweetaligheid doen. Met die Afrikaner in 'n toestand van staatkundige swakheid was daar goeie geleentheid vir aanvalle op sy ideaal, die Afrikaansmediumskool. Dubbel-medium is as die ideaal voorgehou.

Kaapland het na aanleiding van al die beroeringe besluit om oor die hele aangeleentheid van die gebruik van die tweede taal as medium, beheerde proefnemings te doen. Dié ondersoek wat vanaf 1945 tot 1949 plaasgevind het, het geen besondere voordele vir die gebruik van die tweede taal as medium uitgewys nie.<sup>1</sup>

Intussen het die Nasionale Party onder die leiding van D.F. Malan in 1948 aan bewind gekom en kon die Afrikaner weer eens met die uitbouing van 'n Afrikaner-ideaal vir eie Afrikaansmediumskole voortgaan.

Met die konsolidering van die Kaapse onderwyswetgewing in 1956 (Ordonnansie nr. 20) is neergelê dat die voertaal van elke leerling in alle standerds tot en met standerd 8 „of Afrikaans of Engels na gelang van watter een van hierdie tale hy die beste ken“, moet wees en indien 'n leerling albei tale ewe goed ken dat die ouer die medium kan kies.<sup>2</sup> Vir standerds 9 en 10 is die keuse van die voertaal geheel en al aan die ouer oorgelaat.<sup>3</sup> Dié onderwyswet skrywe Afrikaans en Engels as leervakke vir alle leerlinge in alle standerds voor<sup>4</sup> en maak voorsiening vir die stigting van parallelle klasse vir albei media en enkelmediumskole.<sup>5</sup>

1. K.P., Departement van Openbare Onderwys, Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys oor die jare 1950 en 1951, p. 58.

2. K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 182(1).

3. Ibid., art. 183.

4. Ibid., art. 185(1).

5. K.P., Ordonnansie nr. 20 van 1956, art. 182(2), 184.

Wanneer 'n leerling tot 'n Kaaplandse skool toegelaat word, is dit die skoolhoof wat in die eerste plek oor die leerling se huistaal besluit. Indien die skoolhoof nie kan besluit wat die huistaal is nie, kan hy die Inspekteur van Skole oor die saak raadpleeg. Slegs wanneer 'n leerling albei tale ewe goed ken, mag die ouer die voertaal kies.<sup>1</sup>

(iv) Taalordonnansies van Transvaal na 1912. Ook in die eertydse Boererepubliek Transvaal, sou die Afrikaner wat die oorgrote meerderheid van die bevolking uitmaak het, 'n paar dekades lank vir die regte van sy moedertaal moes stry.

Aan die einde van 1915 nadat die Transvaalse Taal-ordonnansie (Ord. nr. 5 van 1911) sy proeftyd deurmaak het, het byna 50% van alle leerlinge nog onderrig deur medium Engels ontvang.<sup>2</sup> Die toepassing van hierdie Taal-ordonnansie in Transvaal was derhalwe 'n stadige proses, alhoewel heelwat vinniger as in die geval van Kaapland.

Die besluit van die Transvaalse Provinsiale Raad in 1914 om in ooreenstemming met die Kaapprovinsie toe te laat dat die benaming Hollands ook Afrikaans insluit<sup>3</sup>, was 'n belangrike toegewing teenoor die Transvaalse Afrikaners wat vir die taalregte van Afrikaans gestry het. Die belangrikste wending het egter gekom nadat Afrikaans die reg verkry het om vanaf die begin van 1918 Hollands as skooltaal te vervang.<sup>4</sup> So kon die Direkteur van Onder-

1. Fowler, op. cit., p. 97.

2. Tvl., Departement van Onderwys, Verslag voor het jaar eindigende 31 Desember 1915 (T.P. 4-1916), p. 36.

3. Nel, op. cit., p. 29.

4. J. Chr. Coetzee, "Die Taalvraagstuk in die skool sinds 31 Mei 1910" in Hertzog-Annale, Oktober 1952, p. 97.

wys reeds in sy Jaarverslag van 1921 meld : „In verreweg die meeste gevalle is die enigste medium tot en met Standaard IV, die huistaal.”<sup>1</sup> Hierdie oorskakeling van Hollands na Afrikaans saam met die toepassing van die beginsel van moedertaalonderwys het die deur vir die totstandkoming van die Afrikaanse skool in Transvaal geopen.<sup>2</sup>

Die stigting van enkelmediumskole en moedertaalonderwys is verder gestimuleer toe 'n Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie in 1920 aanbeveel dat Afrikaans in plaas van Hollands naas Engels 'n offisiële taal moet wees, dat die huistaal die korrekte medium van onderrig is en dat „where there are enough children in each medium to warrant the creation of a school in either medium with not less than two teachers, the parents of the children must be entitled to a separate school for their medium. The separate school must be the rule, and dual medium schools the exception.”<sup>3</sup>

Die bepaling in die Taalordonnansie dat ouers na standaard IV self die voertaal van hulle kinders kan kies, het in Transvaal lank behoue gebly. Soos dit ook in die ander provinsies die geval was, het hierdie klousule in Transvaal geleenthede geskep vir onkundige ouers om teen die belange van hulle kinders die nie-huistaal as onderrigmedium te kies en vir Engelsgesinde Afrikaners om ongehinderd met die versaking van hulle moedertaal voort te gaan. Die Uitvoerende Komitee van Transvaal het vanaf 1927 verskeie regulasies uitgevaardig waarmee hulle ouers wou verplig om die huistaal as voertaal te kies.<sup>4</sup>

1. Tvl., Departement van Onderwys, Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1921 (T.P. nr. 7-1922), p. 36.
2. Vgl. A.J. Aucamp, op. cit., pp. 160-161.
3. Tvl., Report of the Education Commission (T.P. 1-1920), p. 25.
4. E. Botes, Die Taalmediumvraagstuk, pp. 77-80.

In die stryd teen die Afrikaner en sy taal is hierdie regulasies egter as 'n aantasting van ouerreg voorgehou en in 'n hofsaak wat hieroor in 1933 gevoer is, is uitspraak ten gunste van ouerkeuse gegee!<sup>1</sup> Hierna was die Provinsiale Raad verplig om Ordonnansie nr. 17 van 1934 aan te neem waarvolgens die huistaal omskrywe is as die taal wat die kind die beste verstaan. Die onderwyser, skoolhoof en inspekteur sou hieroor beslis. Alleen wanneer die inspekteur van oordeel was dat die kind altwee tale ewe goed ken, kon die ouer die medium kies.<sup>2</sup>

Die Afrikaansmediumskole en moedertaalonderwys is ook in Transvaal ernstig bedreig tydens die politieke woelinge van die dertiger- en veertigerjare. So het die meerderheidsverslag van die Provinsiale Onderwyskommissie van 1939 (die Nicol-kommissie) aanbeveel dat die Provinsie hom daarvoor moes beywer dat „albei tale as voertale gebruik word in alle skole, hetsy dubbelmedium-, parallelklasse, of afsonderlike skole”<sup>3</sup> en dat die normale handelwyse die oprigting van skole met parallelklasse of dubbelmedium moet wees.<sup>4</sup> As rede hiervoor is aangevoer die opheffing van „volksverdeeldheid” en die bevordering van tweetaligheid.<sup>5</sup> Die minderheidsverslag soos deur Nicol en vier ander lede opgestel, het hieroor geheel en al van die meerderheid verskil. Dit het daarop gewys dat besluit word of daar in Suid-Afrika twee volksgroepe, elkeen met 'n eie kultuur, naas mekaar bestaan en as sodanig geëerbiedig moes word. Vervolgens het dié minderheidsgroep die

1. Vgl. E. Botes, op. cit., p. 80.

2. Tvl., Ordonnansie nr. 17 van 1934, art. 8(1)-(3).

3. Tvl., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. 5-1939), p. 231.

4. Ibid., p. 230.

5. Ibid., pp. 227-230.

vraag gestel „of die volkseenheid daarin lê dat die twee groepe hartlik moet saamwerk om Suid-Afrika op te bou, dan of die eenheid daarin lê dat een of beide van die groepe hulle identiteit moet verloor.“<sup>1</sup> As eersgenoemde die regte opvatting is, verklaar hulle dat „die Provinsie waar moontlik moet bly by die bestaande reëling van aparte skole.“<sup>2</sup>

Die hoogtepunt van die aanvalle op die enkel-mediumskole het gekom na die Unie-Parlement se aanvaarding in 1944 van J.C. Smuts se voorstel aangaande „tweetaligheid“. In antwoord hierop het die Transvaal Ordonnansie nr. 13 van 1945 in werking gestel. Volgens artikel 5(1) van hierdie taalordonnansie moes die voertaal in openbare en private skole tot en met standerd V die huistaal van die leerling wees, 'n bepaling waarmee daar op sig self geen fout te vind is nie. Dié Onderwyswet het egter ook neergelê dat na standerd V die gebruik van albei tale as onderwysmedium verpligtend sou wees.<sup>3</sup> Daar is beoog om die twee tale teen 1951 op 'n gelyke grondslag as voertale bo standerd V in elk openbare en private skool te laat funksioneer. Die vakke wat deur die medium van die tweede taal aangebied is, sou deur die Direkteur bepaal word.<sup>4</sup> Die jaar 1945 het derhalwe vir alle standerds bo standerd V in Transvaalse skole 'n beleid van verpligte dubbelmedium gebring. Hierteen het die Afrikaanssprekende onderwys- en kerkmanne, opvoedkundiges, staatsmanne en ouers in heftige opstand gekom. In Transvaal het die provinsiale verkiesing van 1948 grootliks

1. Tvl., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (T.P. 5-1939), p. 268.

2. Ibid., p. 269.

3. Tvl., Ordonnansie nr. 13 van 1945, art. 6(1).

4. Ibid., art. 6(2).



hieroor gegaan.<sup>1</sup> Toe die Nasionale Party wel die verkie-  
sing wen, was 'n nuwe Taalordonnansie (nr. 19 van 1949)  
'n onvermydelike gevolg. Daarmee is gesorg dat die huis-  
taal tot in standerd VIII die verpligte voertaal in Trans-  
vaalse skole word en is die beslissing oor die huistaal  
van 'n leerling in die hande van die skoolhoof geplaas.<sup>2</sup>  
Ook het hierdie Onderwyswet weer die stigting van enkel-  
mediumskole moontlik gemaak.<sup>3</sup>

Die samevatting en wysiging van die Transvaalse  
onderwyswette in 1953 het die beginsel van moedertaalon-  
derwys finaal bevestig. Hiervolgens is „die voertaal van  
elke leerling in alle standerds tot en met die agste stan-  
derd van enige skool die huistaal van die leerling“<sup>4</sup> en  
moet alle uitsonderings hierop deur die Administrateur ge-  
magtig word. Vir die toepassing hiervan skrywe hierdie  
ordonnansie voor dat voorsiening gemaak moet word vir af-  
sonderlike Engelsmediumskole, Afrikaansmediumskole en  
„skole waarin die voertaal vir sommige leerlinge Afrikaans  
en vir ander Engels is.“<sup>5</sup> Die keuse van die voertaal word  
aan die ouer oorgelaat, maar as die skoolhoof se waarne-  
ming daarop dui dat dit 'n foutiewe keuse was, word die  
saak na die Inspekteur en indien nodig na die Direkteur  
van Onderwys verwys.<sup>6</sup> Ouers ontvang egter ook die reg om  
na die Administrateur te kan appélleer.<sup>7</sup> Die wetgewing  
gee besondere aandag aan taalgelykheid en aan die twee  
tale as leervakke.<sup>8</sup>

1. J. Chr. Coetzee, „Die taalvraagstuk in die skool sinds  
31 Mei 1910“ in Hertzog-Annale, Oktober 1952, p. 99.

2. Tvl., Ordonnansie nr. 19 van 1949, art. 4(1), 5(2).

3. Ibid., art. 4(3).

4. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 56(1).

5. Ibid., art. 56(2).

6. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 57(2). Vgl.  
Bekker, op. cit., pp. 67-68.

7. Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 57(6).

8. Ibid., art. 55.

(v) Taalordonnansies van die Vrystaat na 1912.

Die Vrystaat met sy oorwegend Hollandssprekende bevolking was die aangewese provinsie om aan die Afrikaner met sy ideaal van moedertaalonderwys en Christelik-nasionale onderwys besondere geleentheid te bied. Reeds vanaf die begin is daar in hierdie oord groot erns met die uitvoering van die taalkousules van Ordonnansie nr. 2 van 1912 gemaak.<sup>1</sup>

Gedurende daardie jare was daar egter ook in die Vrystaat die stryd van Afrikaans om offisiële erkenning. In hierdie verband het 'n belangrike wending gekom toe die Vrystaatse Provinsiale Raad op 15 Junie 1914 die voorstel van N.C. Havenga eenparig aanvaar dat vir die behoorlike uitvoering van Ordonnansie nr. 2 van 1912 „wat 't Hollands aangaat, moet worden verstaan Nederlands en Afrikaans”.<sup>2</sup> Die Vrystaatse onderwysers en hulle vereniging het, veral onder die leiding van S.H. Pellissier, sterk steun aan Afrikaans verleen.<sup>3</sup> So ook van die kant van die Onderwysdepartement met W.J. Viljoen as Direkteur is in 1916 instruksies uitgevaardig waarvolgens plaaslike skoolbesture kon kies „of Vereenvoudigd Hollands of de Zuid-Afrikaanse vorm van het Hollands als voertaal moet gebruikt worden.”<sup>4</sup> Met die aanneme van Ordonnansie nr. 9 van 1920 is Nederlands dan ook finaal deur Afrikaans vervang. Teen 1921 kon 'n Provinsiale Onderwyskommissie verslag doen dat Afrikaans as voertaal vir Afrikaanssprekendes en Engels vir die Engelssprekendes in die Vrystaatse laerskole die

1. Vgl. Aucamp, op. cit., pp. 157, 159-160.

2. O.V.S., Stemmingen en Verrichtingen en Aanhangesels van de Provinciale Raad, Sessie 1914, p. 94.

3. Van Tonder, op. cit., p. 38.

4. O.V.S., Rapport van de Direkteur van Onderwijs, voor de periode ge-eindigd 31 Maart, 1916, p. 40.

algemene gebruik geword het en dat die middelbare afdelings „oor die algemeen in die rigting van die moedertaal-medium" beweeg het.<sup>1</sup> Met die heelhartige ondersteuning van die Direkteur van Onderwys het hierdie kommissie aanbeveel dat die moedertaal as voertaal vir alle vakke behalwe die tweede taal aanvaar moes word en dat informele onderrig in die tweede taal reeds vanaf die tweede skooljaar en formele onderrig vanaf standerd twee moes geskied.<sup>2</sup> Die oorwinning van Afrikaans as voertaal in die Vrystaatse skole was teen 1925 'n uitgemaakte saak. Die offisiële erkenning van Afrikaans op nasionale vlak deur die Unie-Parlement in 1925 het dit des te meer versterk.

'n Verdere uitbouing van die moedertaalbeginsel het plaasgevind toe die Vrystaatse onderwyswetgewing in 1930 gekonsolideer is. Ordonnansie nr. 15 van 1930 het die verpligte gebruik van die moedertaal as voertaal van standerd IV tot standerd VI verhoog.<sup>3</sup> Bokant standerd VI is die keuse aan die ouers oorgelaat toe artikel 49(3) neergelê het dat die ouer van 'n leerling een van die offisiële tale as enigste voertaal of albei offisiële tale as voertale kan kies. In artikel 49(5) is derhalwe voorsiening gemaak vir enkelmediumskole, parallelmediumskole, dubbelmediumskole waarin Engels en Afrikaans om die helfte as voertaal vir die leervakke gebruik is, en laastens skole waarin een van die twee amptelike tale die heersende

1. O.V.S., Rapport van die Kommissie van ondersoek oor die skaarste van onderwysers in die Oranje Vrystaat, medium van onderwys, invoering van die tweede taal as medium en vak, ens. soos gepubliseer in Departement van Onderwys, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember, 1921, p. 31.

2. Ibid., p. 45.

3. Tvl., Ordonnansie nr. 15 van 1930, art. 49(1).

de voertaal is en voorsiening vir die minderheid gemaak is deur van tweetalige onderwysers gebruik te maak.<sup>1</sup> Vir die Afrikaanssprekende kind in die Vrystaat was 1930 'n belangrike jaar omdat skoolonderrig tot standerd X deur medium van sy moedertaal hierna vir hom gewaarborg is.

Die toepassing van die beginsel van moedertaal-onderrig tot minstens standerd VI het in die Vrystaat vanaf die dertigerjare ernstige aandag ontvang. Die Onderwysdepartement het byvoorbeeld in omsendbriewe van Desember 1930 en Januarie 1932 daarop aangedring dat artikel 52 van die 1930-Onderwyswet uitgevoer word.<sup>2</sup> Daarvolgens was dit die plig van skoolhoofde om self uit te vind water van die twee ampstale as die huistaal van die leerling beskou moes word. Alleen in gevalle van twyfel kon die saak na die ouers vir 'n beslissing verwys word. Skoolhoofde is deur die Departement gewaarsku dat diegene wat versuim om hierdie klousule uit te voer, weens wangedrag vervolg sou word.<sup>3</sup>

Ook ten opsigte van geleenthede vir moedertaal-onderrig in standerds bo standerd VI was daar na 1930 'n merkbare verbetering. Tot ongeveer 1930 was dit nog die beleid van baie skole om in die middelbare klasse sommige vakke deur medium van Engels en die orige deur medium van Afrikaans aan te bied. Na 1930 het die toedrag van sake egter so verander dat die Direkteur van Onderwys in 1940 kon rapporteer „dat met die uitsondering van Latyn,..... en hier en daar handelsvakke, in al die vakke van die middelbare leerplan tans die leerlinge deur die medium van

1. Vgl. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie - 1951, p. 65.

2. Van Tonder, op. cit., pp. 304-306.

3. Ibid., p. 306.

die moedertaal onderrig word. Uit hierdie feite blyk dit dus duidelik dat enkelmedium-skole die ideaal van die Ordonnansie is en dat 'n skool met parallelklasse slegs beskou word as 'n noodhulp."<sup>1</sup> Voorts het die Direkteur daarop gewys dat die byna 500 primêre skole op die platteland enkelmedium en wel Afrikaansmediumskole was waarin die Engelssprekende leerlinge deur middel van dubbelmedium onderrig is. In Bloemfontein was daar 3 primêre en een hoërskool met parallelklasse teenoor 3 primêre en 4 hoërskole asook 2 privaatondersteunde hoërskole wat enkelmediumskole was.<sup>2</sup>

Hiermee het die Afrikaner nog nie die einde van die stryd ~~terwille~~ van sy eie enkelmediumskole bereik nie. Die partypolitieke stryd van die dertiger- en veertigerjare saam met simpatieke gevoelens jeens Brittanje gedurende die Tweede Wêreldoorlog het heftige aanvalle op die enkelmediumskole geloods en die idee van dubbelmediumskole ~~terwille~~ van sogenaamde tweetaligheid en volkseenheid gepropageer. Hoe ernstig die enkelmediumskole in die Vrystaat bedreig is, blyk daaruit dat nadat J.C. Smuts se voorstel aangaande dubbelmediumonderwys in die Volksraad aanvaar is, die Vrystaatse Administrateur, dr. Barnard, homself ondubbelsinnig ten gunste van dubbelmedium in die Oranje-Vrystaat uitgespreek het.<sup>3</sup>

Dit het egter gou geblyk dat die Afrikaners van die Vrystaat, net soos elders, nie bereid was om die beginsel van moedertaalonderwys prys te gee nie. Trouens, kragtige verset soos in geen ander provinsie nie is in die

1. O.V.S., Departement van Onderwys, Rapport vir die Jaar geëindig 31 Desember, 1940, p. 8.

2. Ibid.

3. Van Tonder, op. cit., pp. 325-327.

Vrystaat teen die idee van dubbelmediumonderwys geloods. Nadat die Herenigde Nasionale Party in die Vrystaatse Provinsiale verkiesing van Oktober 1943 al die setels op vier na verower het, het die Provinsiale Raad met 'n meerderheid van stemme sy bestaande beleid van enkelmediumonderwys herbevestig en as die enigste aanvaarbare beleid vir die Vrystaat voorgehou.<sup>1</sup> Die Direkteur van Onderwys, S.H. Pellissier, het op sy beurt in sy twee memorandumms insake tweetaligheid in skole die argumente van die Administrateur weerlê.<sup>2</sup> Dan was daar ook die groot kongres van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging gedurende Oktober 1943 waar kragtige toesprake van opvoedkundiges van oor die land heen die saak van die enkelmediumskole en moedertaalonderwys bepleit het. Die besluite van die Kongres is daarna deur middel van 'n afvaardiging aan die Minister van Onderwys oorhandig.<sup>3</sup>

Van besondere betekenis in hierdie dae was die pogings van die Afrikaner om homself op 'n breë nasionale grondslag terwille van sy opvoedingsideale te organiseer. Reeds gedurende Julie 1939 het die groot F.A.K.- en C.N.O.-kongres oor volksonderwys en opvoeding in Bloemfontein plaasgevind waarop belangrike besluite ten gunste van moedertaalonderwys en die Afrikaansmediumskool geneem is.<sup>4</sup> Maar nog belangriker was die groot volkskongres oor moedertaalonderwys van 14 Desember 1943 onder die beskerming

1. O.V.S., Stemnings en Verrigtings en aanhangsels van die Provinsiale Raad, 1943, p. 65-66.
2. Van Tonder, op. cit., pp. 334-338.
3. Vgl. Die Skoolblad, November 1943, p. 1 vir "Verslag van die Groot Kongres van die O.V.S.O.V. gehou op 23 Oktober 1943 in die stadsaal van Bloemfontein.
4. Vgl. Referate en Verslag, F.A.K. en C.N.O.-kongresse, 5, 6, 7 Julie 1939, Bloemfontein, p. 155; en Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys (F.A.K.), Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, die voorwoord.

van die F.A.K. in Bloemfontein gehou waar meer as 800 Afrikaanse liggame en verenigings verteenwoordig was. Dié kongres is as 'n groot volksdemonstrasie vir die behoud van die Afrikaner se volksbesit beskou en almal teenwoordig het hulle plegtig verbind om met elke geoorloofde middel die stryd teen die dubbelmediumbeleid aan te knoop en voort te sit. As dit nodig sou blyk, moes daar selfs tot die stigting van private Afrikaansmediumskole oorgegaan word.<sup>1</sup>

Onder sulke omstandighede het die Vrystaat hom onwrikbaar by die taalbepalings van Ordonnansie nr. 15 van 1930 gehou en voortgegaan om dit toe te pas. In die verslag wat die Provinsiale Onderwyskommissie van 1951 ter tafel gelê het, beklemtoon hulle weer eens dat die hoogste doelstellings in onderwys en opvoeding alleen deur die opvoedkundige gesonde enkelmedium-skoolorganisasie bereik kan word. So 'n beleid sal die oorgrote meerderheid van die bevolking van die Provinsie bevredig en sal op gesonde opvoedkundige grondslae berus.<sup>2</sup> Hulle finale aanbeveling was gevolglik dat enkelmediumskole die beleid van die provinsie moes wees en dat die moedertaal as voertaal in alle openbare en private ondersteunde skole tot en met standerd VI gebruik moes word. Ook moes die onderrig in albei landstale vir alle leerlinge in primêre sowel as middelbare klasse verpligtend wees.<sup>3</sup>

Die gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1954 het nog verder as die aanbevelings van die 1951-Onderwyskommissie gegaan en die huistaal as verpligte voer-

1. Vgl. Die Volksblad, „Groot Volkskongres oor Moedertaal-onderwys”, 14 Desember 1943; en Die Volksblad, „Gewigtige besluite oor Moedertaal-skole op Volkskongres geneem”, 15 Desember 1943.

2. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, p. 74.

3. Ibid., pp. 78-79.

taal tot aan die einde van standerd VIII neergelê.<sup>1</sup> Hierdie Onderwyswet plaas 'n sterk klem op die enkelmediumskole en parallelle klasse.<sup>2</sup> Slegs vir standerds IX en X kan die Administrateur verlof toestaan dat die onderrig van sommige vakke deur medium van een amptelike taal en die res deur medium van die ander amptelike taal geskied.<sup>3</sup> Die bepaling van 'n leerling se huistaal het die verantwoordelikheid van die skoolhoof gebly wat slegs wanneer leerlinge gelyke bekwaamheid in albei amptelike tale besit, die beslissing aan die ouer mag oorlaat.<sup>4</sup> Elke leerling is volgens artikel 51 verplig om onderrig in albei amptelike tale te ontvang, behalwe as die Direkteur in spesiale gevalle vrystelling verleen.

Die Vrystaat was na Uniewording ongetwyfeld een van die sterkste vestings van die Afrikaner in sy stryd om gelyke taalregte vir sy moedertaal op skool. Vanweë 'n oorwegende Afrikaanssprekende bevolking wat bereid was om die stryd terwille van die Afrikanerideaal van Afrikaansmediumonderwys tot die laaste voort te sit, was die Vrystaat in staat om die sterkste weerstand teen die aanslae uit Angel-Saksiese oord te bied.

Die stryd om die verkryging van moedertaalonderwys en Afrikaansmediumskole het op 'n merkwaardige wyse die harte van die Afrikaners oor die ganse land aangegryp. Trouens, die stryd was by tye so heftig dat dit vir baie die versinnebeelding van die Afrikaner se nasionale beginsel in die onderwys geword het. Die geleidelike toegewings ten opsigte van taalregte wat op 'n divergerende

1. O.V.S., Ordonnansie nr. 16 van 1954, art. 49(1).

2. Ibid., art. 49(2)-(3).

3. Ibid., art. 49(2)(c).

4. Ibid., art. 50(1).



grondslag in die provinsiale skole gemaak is, die moedertaalskole wat geleidelik oor die hele land tot stand gekom het, asook die skare van Afrikaneronderwysers wat tot die onderwys toegetree het, was vir die Afrikaner voorwaar 'n sperpunt in sy taal- en kultuurstryd.<sup>1</sup> Hiermee sou hy na Republiekwording die houvas van die Angel-Saksiese magte grootliks verbreek en met groter oortuiging sy eie Christelik-nasionale opvoedingsideaal in eie skole begin toepas.

(e) Die Christelik-nasionale onderwysbeginsels verower na Uniewording die neutrale staatskole geleidelik

Die Afrikaner se geleidelike verowering van die neutrale staatskole deur die verkryging van toegewings ten opsigte van plaaslike onderwysbeheer, die Christelike en nasionale beginsels en moedertaalonderwys is veral deur die voortlewing van die C.N.O.-gedagte in die harte van die volk sterk gestimuleer. Na 1910 sou talle kerklike, volks- en onderwyskongresse daartoe bydra dat hierdie volksideaal duideliker uitkristalliseer. Afrikaanse volksleiers, predikante, onderwysers, tydskrifte en koerante, ja selfs 'n nuut gestigte Nasionale Party in 1915 sou oor die Christelik-nasionale beginsels besin en dit

1. J.C. van Rooy, voorsitter van die F.A.K. in 1948 pleit in 'n voorwoord tot die I.C.N.O. (F.A.K.) se brosjure Christelik-Nasionale Onderwysbeleid (1948) dat die Afrikaanse skole nie net moedertaal-skole moet wees nie; „hulle moet in die ware sin van die woord Christelike en Nasionale skole wees, hulle moet plekke wees waar ons kinders in die Christelik-Nasionale geestelike kultuurgoed van ons nasie gedrenk en gekweek word. B.F. Nel, op. cit., p. 32 gaan so ver om te beweer dat „die oorwinning wat die Nasionale Party in 1948 behaal het, veral aan die nasionale gees wat die moedertaalskole deuring het, toegeskryf kan word.”

tot in die verste uithoeke van die land uitdra.

Hierdie lewens- en wêreldbeskouing waarvoor die Afrikaner in baie opsigte 'n intuïtiewe aanvoeling het, sou versterk deur besondere landsomstandighede, as 'n geestelike erfenis na hom kom en diep in sy wese ingroei. Die trefwydte en invloed van die C.N.O.-beginsels sou oor die jare ook so toeneem dat Bingle in 1962 kon getuig dat „dit diep in die Afrikaanse volk gewortel is : dit het opgekóm uit ons geskiedenis; dit rank wyd in ons godsdiens-tige beskouing, lê veranker in ons lewens- en wêreldbeskouing, dra die tekens van ons sosiale samestelling, is nou vervleg met die ekonomie en aardrykskunde van Suid-Afrika.<sup>1</sup>”

(i) Kerklike en Onderwyskongresse dra die Christelik-nasionale Onderwysgedagte na Uniewording voort.

C.N.O.-ondersteuners het onmiddellik na Uniewording die stryd teen die neutrale staatskool voortgesit deur C.N.O.-kongresse in 1911, 1912 en 1913 op Steynsburg, Potchefstroom en Bethulie onderskeidelik te hou. Van die groot kampvegters vir C.N.O.-skole was proff. J. Kamp, J. Lion Cachet, J.D. du Toit (Totius) en ds. D. Postma. Op hierdie kongresse is die gedagte dat die skool aan die ouers behoort en nie aan die staat of kerk nie, en dat vrye skole staatsubsidies moet ontvang, sterk op die voorgrond gestel. Die „Vereniging voor Christelik Schoolonderwijs” wat in 1911 gestig is om onderwys op Bybelse grondslag en volgens die doopbelofte te probeer inrig, het egter na 1913 as gevolg van moeilike landsomstandighede geleidelik doodgeloop. Die meeste van die C.N.O.-skole wat gedurende hierdie tyd opgerig is, was maar klein en kon nie lank met

1. H.J.J. Bingle, Aspekte van Christelike-Nasionale Onderwys, p. 3.

die stryd volhou nie.<sup>1</sup>

Na 1915 het daar egter weer stemme vir Christelik-nasionale onderwys begin opgaan. Partykongresse van die nuut gestigte Nasionale Party het hulle daarvoor verklaar<sup>2</sup> terwyl die Vrystaatse onderwysers nou die eerste was om aktief vir C.N.O. te begin werk toe hulle op 'n onderwyserskonferensie van 1915 besluit het om 'n Christelik-nasionale propagandavereniging te stig.<sup>3</sup> Volgens hierdie vereniging se reglement was vir 'n Christelik-nasionale opvoeding en onderwys nodig: (i) die gebruik van die Heilige Skrif op so 'n wyse dat die onderwyser by al sy onderwys deur die beginsels daarin vervat, gelei sal word; (ii) die behandeling van die vaderlandse geskiedenis sodat die waarde van die Hervorming in die Hollands-Afrikaanse lewe daaruit blyk en ware eerbied vir sy stoe-re voorvaders, die Voortrekkers by die kind ingeprent sal word en (iii) dat Suid-Afrika die uitgangspunt van die onderwys sal wees.<sup>4</sup> Die Vereniging het aan die begin van April 1916 'n dinamiese konferensie wat ook deur die Hollandssprekende onderwysers van die Vrystaat bygewoon is, gehou by watter geleentheid besluit is om die Propagandavereniging se program van beginsels deur die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.) te laat erken.

1. Vgl. N. Arnold, Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, pp. 63-74; Van der Schijf, op. cit., pp. 281-284; en J. Chr. Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en Die Onderwys in die Transvaal, 1859-1937, pp. 36-41.
2. D.H. Cilliers, Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939), p. 206. Die Party erken in sy program van beginsels en konstitusie dat die volkslewe langs die Christelik-nasionale weg moet ontwikkel.
3. Vgl. Arnold, op. cit., p. 94.
4. Vgl. Het Kerkblad, "C.N.O. nog nie dood nie.", 15 September 1915, p. 3.

'n Kommissie is ook aangestel om toe te sien dat die Christelik-nasionale beginsels deur die O.V.S.O.V. uitgevoer en gehandhaaf word.<sup>1</sup>

Op hierdie 1916-konferensie het J. Kamp die beginsel van „groepskole” geformuleer en oor „Huisgezin, school en..... een derde” 'n lesing gehou terwyl G.Knothe in sy referaat „Wat is C.N.O.?” 'n Christelike staatskool bepleit het.<sup>2</sup> Hierdie twee referate was tipierend van die twee strominge in Afrikanergeleedere soos op al die kongresse van daardie tyd geopenbaar want, alhoewel daar eenstemmigheid oor die algemene beginsels van Christelik-nasionale onderwys was, was daar meningsverskille oor die praktiese toepassing daarvan. Die een groep wou die Christelik-nasionale beginsels in die staatskool indra terwyl 'n ander groep die vrye skool voorgestaan het. Die koers wat die Vrystaatse onderwysers uiteindelik gekies het, was om die staatskool te hervorm. Op die O.V.S.O.V. se Jaarvergadering van Oktober 1916 is onder andere gepleit vir die parallelmediumskool omdat die Afrikaner se taal en tradisies daarin meer tot sy reg sou kom as in die bestaande Engels-georiënteerde staatskole.<sup>3</sup>

Die volgende belangrike aksie in die stryd om die skool was die Kerklike Onderwyskongres van die Vry-

1. Vgl. Het Schoolblad, „Kristelik Nasionale Propaganda Vereniging”, 24 Januarie 1916, „Opvoeding”, 15 Junie 1916, p. 12, „Kristelik Nasionale Propaganda Vereniging”, 15 September 1916, p. 7; Arnold, op. cit., pp. 95-98; I.M. van Rooyen, Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging Gedurende die Periode 1900-1908 in die Oranje Rivier Kolonie met Verwysing na die C.N.O.-Beweging in die Transvaal, Kaapland en Natal, pp. 185-187.

2. Arnold, op. cit., pp. 95-97.

3. Vgl. Het Schoolblad, 16 Oktober 1916, p. 9; Arnold, op. cit., p. 98; en Van Rooyen, op. cit., p. 186.

staatse N.G. Kerk op 4 en 5 Julie 1917 te Bloemfontein waarop ook die Gereformeerde en die Hervormde Kerke sterk verteenwoordig was. Sprekers soos dr. D.F. Malan, dr. T.B. Muller, prof. J.D. du Toit en ds. W. Postma het opgetree. Ten opsigte van die twee uiteenlopende standpunte oor die praktiese implementering van die Christelik-nasionale beginsels in skole was die oorgrote meerderheid van die kongresgangers ten gunste van die „konsekwente toepassing en handhaving van bestaande wetgeving om alzoo geleidelijk tot de verwerkelyking van het C.N.O. beginsel te komen.”<sup>1</sup> Op voorstel van J.D. Kestell en D.F. Malan het die kongres onder andere besluit:

- „(a) Dat de school niet moet zijn staatsschool, maar dat de Staat alleen toezien moet dat het onderwijs wetenschappelijk en technisch voldoende is.
- (b) Dat de school ook niet moet zijn kerkschool, maar dat de Kerk als zoodanig alleen eischen kan, dat de betrokken ouders hun kinderen naar christelijke scholen zenden zullen.
- (c) Dat de school behoort aan de ouders, zooals die zich gemeenschappelijk en groepsgewijze in de samenleving openbaren.

Uit dit beginsel vloeit voort:-

- (a) Dat aan de oudersgroepen bij wetgeving het recht moet worden verleend, om zelf het godsdienstige en nationale karakter en de richting van hun scholen te bepalen.
- (b) Dat bij een gemengde samenleving parallele scholen moeten gesticht worden naar de behoeften van de verschillende groepen van ouders.”<sup>2</sup>

Met die oog op die getuienis wat die drie Transvaalse Afrikaanse kerke voor die Malherbe-Onderwyskommissie (T.P. 1-20) moes lewer, is 'n gesamentlike Onderwys-

1. De Kerkbode, „Kerkelyk Onderwijs Kongres”, 19 Julie 1917, p. 694. Vir opsommings van toesprake gelewer tydens hierdie kongres kyk De Unie, „Onderwijs-Kongres te Bloemfontein”, 1 September 1917, pp. 66-70.

2. De Kerkbode, 19 Julie 1917, p. 694.

kongres op 3 en 4 April 1918 te Pretoria gehou. Belang-  
rike prinsipiële besluite op dié kongres geneem, lui:

- „(1) Dat gelijkgezinden (in ons geval Hollandschsprekende ouders) het recht zullen hebben om door middel van hun Schoolcommissies zelf hun onderwijzers te kiezen en aan te stellen uit een list van gecertificeerde onderwijzers door het Departement verstrekt.....
- (2) Dat deze ouders het recht zullen hebben om zelven het godsdienst en taalonderwijs te regelen en den geest en richting van hun school te bepalen, waar noodig door de oprichting van afzonderlijke scholen.....
- (3) Dat de ouders gerechtigd zullen zijn om met gelijkgezinde ouders van de Transvaal Provincie een eigen Normaalschool of scholen op te richten.....
- (4) Dat de scholen, opgericht op dezen grondslag, wat wetenschappelijk gehalte betreft, onderworpen zullen wezen aan de wetten en regulaties die van kracht zijn in de betrokken Provincie.....
- (5) Dat de Staat gehouden zal zijn deze scholen op gelijken voet met andere Staatscholen te behandelen wat betreft gebouwen, ..... enz., en voorziening zal maken voor de vertegenwoordiging op het Departement door de aanstelling van een tweeden secretaris speciaal ten behoeve van scholen op bovengenoemden grondslag opgericht. Om te voorkomen dat deze scholen minderwaardig zullen zijn en om de samenbinding te bevorderen, beveelt het Congres aan dat Hollandschsprekende ouders over het heele land zich organiseeren tot Schoolvereenigingen.“<sup>1</sup>

Vir hierdie beginsels is daar dwars-oor Transvaal gepleit en die Malherbe-kommissie het dan ook in hulle verslag wat eers in 1920 verk<sup>s</sup>yn het, aan die hand gedoen dat die groepstelsel soos deur die C.N.O.-leiers voorgestel, in Transvaal geïmplementeer word.<sup>2</sup> Trouens, bykans al die aanbevelings van dié Kommissie was in die gees van Christelik-nasionale onderwys, maar omdat die

1. De Kerkbode, „Onderwijs in de Transvaal“, 6 Junie 1918, pp. 541-542. Vgl. Tvl., N.H. of G. Kerk Acta Synodi, 1919, p. 243.
2. Tvl., Report of the Education Commission (T.P.1-1920), pp. 23-25, 28, p. 56. Vgl. Van der Schijf, op. cit., p. 288.

publisering van die verslag so lank deur onvermydelike omstandighede vertraag is, het dit veel van sy aktualiteit verloor. 'n Transvaalse L.P.R., Harm Oost, wou wel in 1923 'n onderwysordonnansie in dié gees voorstel, maar administrateur Robertson het sy vetoreg toegepas toe Oost daarvan kennis gegee het.<sup>1</sup>

Dit is opmerklik met hoeveel ywer die drie Afrikaanse kerke na Uniewording die stryd terwille van die Christelike en nasionale beginsels in die onderwys gevoer het. Selfs in Kaapland het talle van die N.G. Kerk se rings- en sinodale besluite, verslae en werksaamhede van sinodale Opvoedingskommissies, kerklike Opvoedingskongresse op streeksgrondslag asook gemeentlike konferensies oor opvoeding (byvoorbeeld die Opvoedingskongresse op Middelburg Kaap gedurende September 1920 en op Stellenbosch gedurende Junie 1922) hiervan getuig.<sup>2</sup>

In hierdie stryd om die skool het die Gereformeerde Kerk as die groot pleitbesorger vir vrye C.N.O.-skole met staatsubsidie, dit wil sê 'n vrye groepstelsel, na vore getree - 'n stelsel wat vir die eerste keer in 1930 deur J. Chr. Coetzee wetenskaplik geformuleer is.<sup>3</sup> Hierteenoor het die N.G. Kerk en die Hervormde Kerk hulle al hoe meer bereid verklaar om die bestaande staatskoolstelsel te aanvaar mits die Christelike en nasionale beginsels daarin erken en toegepas is. Sedert 1919 het die

1. J. Chr. Coetzee, "Onderwys in Transvaal" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960, p. 316.

2. Vgl. K.P., N.G. Kerk Acta Synodi, 1915 pp. 81-84, 1919 Bylaag A pp. 105-106 en Bylaag B p. 40, 1924 pp. 41-45 en Bylaag 19 p. 92, 1928 pp. 88-90 en 198; De Kerkbode, 16 November 1911, p. 711, 10 Augustus 1916, p. 770, 3 Februarie 1921, pp. 112 en 128-129, en 24 Oktober 1934, p. 754.

3. Vgl. J. Chr. Coetzee, Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, pp. 128-138.

N.G. Kerk hom met al die mag tot sy beskikking vir die toepassing van moedertaalonderwys en meer godsdiensonderwys in staatskole beywer.<sup>1</sup>

Die ywer vir die hou van C.N.O.-kongresse het gedurende die twintigerjare egter aansienlik verflou. Die Gereformeerde Kerk het wel in 1927 en 1928 C.N.O.-konferensies gehou, maar veel minder ondersteuning as in die verlede ontvang. Hulle versoek wat in oorleg met die hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging opgestel is en waarvolgens skoolkommissies meer seggenskap oor die gees en rigting van staatskole en die aanstelling van onderwysers moes verkry, is sonder meer deur die Transvaalse Direkteur van Onderwys verwerp.<sup>2</sup>

Heftige aanvalle op die opkomende Afrikaansmediumskole vanaf die dertigerjare het ook die Christelike nasionale beginsels van die Afrikaner bedreig en 'n hernude reeks van C.N.O.-kongresse, naamlik dié van 1934, 1935, 1937 en 1939 tot gevolg gehad. Die stryd om die skool het weer 'n nuwe fase betree. Oor die metode van die stryd was daar in Afrikanergeleedere egter nog steeds twee gedagtes. So byvoorbeeld was die meerderheid op die 1935-Kongres ten gunste van die christianisering van die staatskool, terwyl die besluite van die 1937-Kongres 'n stelsel van staatsondersteunde skole voorgestel het.<sup>3</sup>

'n Belangrike bondgenoot van die Afrikanervolk in sy stryd om die skool was die Afrikaneronderwyser wat in al hoe groter getalle tot die onderwys toegetree het.

- 
1. Vgl. K.P., N.G. Kerk Acta Synodi, 1924, pp. 41-45 en Bylaag 19 p. 92; O.V.S., N.G. Kerk Acta Synodi, 1919 pp. 65-67; Tvl., N.H. of G. Kerk Acta Synodi, 1922 p. 57; en Van der Schijf, op. cit., p. 300.  
 2. Vgl. Van der Schijf, op. cit., p. 288.  
 3. Vgl. ibid., pp. 323-325.



Deur middel van onderwysersverenigings vir Afrikaanssprekende onderwysers het hulle al hoe sterker vir die regte van die Afrikanerkind gepleit. So was daar in die Vrystaat die reeds gemelde C.N.O.-aksie van die Hollandssprekende onderwysers wat onder andere gesorg het dat die statute van die O.V.S.O.V. vanaf Oktober 1916 sou bepaal dat die onderwysers in die Heilige Skrif die grondslag, beginsels en ideaal van alle opvoeding moes soek en dat vaderlandse geskiedenis volgens Afrikanertradisies onderrig moes word.<sup>1</sup> Deur die jare heen het die O.V.S.O.V. hom dan ook besonder beywer vir die invoering van Afrikaans as voertaal, die volle implementering van die moedertaalbeginsel asook die propagering van die Christelik-nasionale beginsels in die algemeen.<sup>2</sup> In Transvaal was daar vanaf 1893 die „Vereniging van Onderwysers en Onderwyzeressen in Suid-Afrika“ (na 1923 die Transvaalse Onderwysersvereniging genoem) waarvan die sekretaris in 1918 skrywe: „In de bijna vijf-en-twintig jaar van zijn bestaan heeft hij goed werk verricht, al is hij ver beneden het ideaal gebleven. Vasthoudende aan de eeuwig-blijvende beginselen van Gods Woord voor opvoeding en onderwijs, blijve hij voortgaan, arbeidende in dieselfde geest, om zodoende een zegen te zijn voor Land en Volk!“<sup>3</sup> Volgens sy grondwet is hierdie vereniging se doel : „Die bevoor-

1. Vgl. Het Schoolblad, 16 Oktober 1916, p. 11.

2. Vgl. Die Skoolblad, „Verslag van die Groot Kongres van die O.V.S.O.V.....“, November 1943, p. 1; J.A. Henning, „Oorsigbeeld van die Geskiedenis van die O.V.S.O.V.“ in Die Skoolblad, September 1967, p. 9; en J.A. Henning, Die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging gedurende die periode 1930-1950, pp. 96-104.

3. M. Vaandrager, „Onze Vereniging, van 24 April 1908 tot 31 Desember 1917“ in V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 1893-1918, p. 41.

ring van 'n Christelike en Nasionale opvoeding in en deur die skool."<sup>1</sup> In Kaapland was dit weer die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (S.A.O.U.) wat onder die leiding van persone soos G.G. Cillié (snr.) as kampvegter vir Afrikaans as voertaal opgetree het en 'n bondgenoot vir die Afrikaner in sy stryd om die verowering van die „vreemde staatskool" was.<sup>2</sup> Na afloop van 'n S.A.O.U.-kongres oor „Die Grondslae vir Christelike en Nasionale Onderwys" in 1943 skrywe Die Unie : „Die S.A.O.U. het nou die leuse : Christelike en Nasionale Onderwys op sy vaandel geskrywe en sal en moet nou voortaan onder daardie banier stry .... Hy wil 'n skool hê wat Christelik is ..... Daarby moet die skool Suid-Afrikaans-Nasionaal wees ....."<sup>3</sup> Alhoewel die Onderwysersverenigings in hulle amptelike standpunte gewoonlik nie die Christelike en die nasionale beginsels aanmekaar gekoppel het nie, het talle Afrikaneronderwysers in die praktyk volgens dié Afrikaner-opvoedingsideaal onderwys gegee.

(ii) Die F.A.K. word die spreekbuis van die Afrikaner. Verskeie verenigings is oor die hele land gestig om vir die Christelik-nasionale onderwysideale te help stry. So was daar die „Vereniging vir Christelike Nasionale Hoër Onderwys" van 1917 en die „Christelike Unie" van prof. J.A. du Plessis wat in 1930 in die „Calvinistiese Bond" oorgegaan het.<sup>4</sup> Van besondere betekenis is egter die „Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge"

1. Onderwysblad, Oktober 1968, p. 162.

2. Vgl. De Unie, Januarie 1914, p. 215, Junie 1916, p. 417, Januarie 1918 pp. 175-177, 182, en „Feesuitgawe", Oktober 1943.

3. Die Unie, „Ons jongste kongres - 'n nabetragting", September 1943, p. 55.

4. Vgl. W.S. du Plessis, Die Christelik-Nasionale Onderwysgedagte met spesiale verwysing na Suid-Afrika, pp. 89-90.

(F.A.K.) wat vanaf 1929 as die kultuurspreekbuis van die Afrikaner op die voorgrond tree en die Christelik-nasionale lewensbeginsels as penwortels van die Boerevolk beskou.<sup>1</sup>

'n Gebrek aan samewerking en die verskeidenheid van gedagtes oor optrede ter/wille van die C.N.O.-beginsels, het egter tot verwarring in Afrikanergeleedere gelei. Die drie Afrikaanse Kerke het gevolglik in 1939 'n tussenkerklike C.N.O.-komitee gestig<sup>2</sup> terwyl die F.A.K. in dieselfde jaar die belangrike gesamentlike F.A.K.- en C.N.O.-kongres op Bloemfontein gereël het. Op hierdie Kongres is daar ernstig besin oor wat onder Christelik-nasionale onderwys verstaan word en 'n poging is aangewend om die verband tussen C.N.O. en godsdiensonderwys, moedertaal- en tweede-taalonderwys, geskiedenisonderwys en algemene skoolorganisasie aan te toon. Prinsipiële besluite in hierdie verband was:

- „1. Die kongres besluit dat die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing die grondslag van die opvoeding en onderwys van die Afrikaanse volk moet wees en dat dit ten doel moet hê die voortplanting, beskerming en ontwikkeling van die Christelike en nasionale wese en aard van ons volkslewe;
2. Die kongres spreek dit as sy oordeel uit dat Godsdiensonderwys as vak 'n skool nog nie Christelik en die moedertaal as medium of vak en die vaderlandse geskiedenis as vak 'n skool nog nie nasionaal maak nie, maar dat 'n skool alleen dan Christelik en nasionaal is wanneer hierdie twee beginsels kenmerkend is van gans die skool sowel wat sy gees, doel, leerplan, metodiek, tug, personeel, organisasie en al sy aktiwiteite betref.“<sup>3</sup>

1. Vgl. Handhaaf, „Penwortels van die Boerevolk“, Junie 1968, p. 1, „Verlede en Hede“, November 1969, p. 1. Vgl. H.B. Thom, „Die FAK 40 jaar: Terugblik en Toekomsblik“ in Handhaaf, Oktober 1969, pp. 1-6 vir 'n beskrywing van hoe die F.A.K. oor die Calvinistiese erfenis van die Afrikanervolk waak.

2. Du Plessis, op. cit., p. 91.

3. Referate en Verslag - F.A.K.- en C.N.O.-Kongresse, 5, 6 en 7 Julie 1939, p. 154.

Op aanbeveling van laasgenoemde kongres het die F.A.K. 'n Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys (I.C.N.O.) in die lewe geroep wat op die algemene riglyne van die F.A.K.-beleid moes voortbou.

Gedurende die veertigerjare het die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys sterk in gedrang gekom as gevolg van die politieke verwickelinge. Die Afrikaner moes opnuut 'n stryd terwille van moedertaalonderwys en moedertaalskole aanknoop. In Transvaal het die drie Afrikaanse kerke tot aksie oorgegaan en belangrike kerklike onderwyskongresse terwille van die behoud van die enkelmediumskool gereël.<sup>1</sup> Die F.A.K. het op sy beurt die groot Volkskongres oor moedertaalonderwys gedurende 1943 op Bloemfontein gehou terwyl die Natalse Moderatuur van die N.G. Kerk in dieselfde jaar vir 'n kerklike kongres aldaar gesorg het.<sup>2</sup>

Seker een van die belangrikste publikasies gedurende hierdie jare was dié van die I.C.N.O., naamlik „Christelik-Nasionale Onderwysbeleid” in 1948. Dit was 'n beleidstuk wat probeer het om die sienswyse van alle Afrikaanse instansies wat by die onderwys belang het, te ver-

- 
1. Vgl. Die Transvaler, „Ons eis vir onself wat ons Engelse gun”, 3 Desember 1942, p. 3; „Moedertaal noodsaaklik vir onderwys. Kongres van Kerke bespreek saak”, 4 Desember 1942, p. 1; en Die Kerkblad, „Die Enkelmediumskool in Transvaal”, in 18 Desember 1942, p. 10.
  2. Vgl. Die Volksblad, „Groot Volkskongres oor Moedertaalonderwys”, 14 Desember 1943; Die Kerkbode, „Besluit van Sinodale Kommissie van die Natalse Kerk, insake Nuwe Onderwysordonnansie no. 13/1942” en „Die lot van Enkelmediumskole in Natal”, 30 Desember 1942, p. 741; „Enkelmediumskole”, 24 Februarie 1943, p. 163; en Die Kerkblad, „Kerk en Skool. Konferensie oor Moedertaalonderwys in Natal, 20th Febr. 1943, belê deur die tydelike Onderwys-kommissie van die Ned. Geref. Kerk onder die gesag van die Moderatuur,” 5 Maart 1943, p. 9.

tolk. Benewens 'n verduideliking van die betekenis van die Christelike en nasionale beginsels vir die opvoeding en onderwys van die Afrikaanssprekende kind, het dit ook ten opsigte van die organisasie van die skoolstelsel verklaar : „Ons glo in die ideaal van 'n stelsel van Christelik-Nasionale skole. Daarmee verwerp ons in beginsel die oorheersing van huis of kerk of staat oor die skool en daarom ook 'n stelsel van ouerskole of kerkskole of staatskole. Die skool moet vry wees om binne die aan hom gestelde perke selfbepalend en selfstandig te werk.

..... Die oprigting van skole moet in die eerste plek van die ouergemeenskap, in samewerking met die kerk en staat, uitgaan..... Die beheer van 'n skool moet in die eerste plek in die hande van die ouers berus; die kerk mag slegs deur middel van die ouers die nodige beheer uitoefen; maar die staat moet toesien dat die reg tussen die ouer, die onderwyser, die kerk en die staat op skool gehandhaaf word..... ons besef ook dat ons taak voorlopig altans in die direkte deursuring van die gangbare openbare skool deur ons Christelik-Nasionale gees en rigting lê."<sup>1</sup>

(iii) Die Afrikaner se deurbraak na 1948. Met die Nasionale Party aan bewind vanaf 1948 kon die Afrikaner spoedig sy stryd terwille van moedertaalonderwys in die openbare skole van Kaapland, die Vrystaat en Transvaal wen. Hierna is die Afrikaner ongehinderd gelaat om met die stigting van moedertaalskole voort te gaan. Staatskole het nou al hoe meer op 'n eie nasionale trots gekonsentreer en Suid-Afrika eerste geplaas.

1. Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, pp. 19-20.

Alhoewel die geesdrif vir die C.N.O.-aksie hier-  
na langamerhand onder die breë volkslae verflou het, was  
daar van kerklike weë 'n besondere toespitsing op die ver-  
betering van godsdiensonderrig op skole, universiteite en  
kolleges. 'n „Interkerklike Kommissie vir Godsdiensonder-  
rig" het in 1951 begin funksioneer en byvoorbeeld vertoë  
tot die Transvaalse Provinsiale Administrasie en universi-  
teite gerig oor doeltreffender godsdiensonderwys op skool  
en opleidingskursusse in dié vak vir aspirantonderwysers.  
Uit hierdie kerklike kommissie is die bekende „Interkerk-  
like kommissie vir Opvoeding en Onderwys" in 1954 gebore.<sup>1</sup>

Verenigings wat gedurende hierdie periode die  
uitbouing van die Christelik-nasionale beginsels sterk be-  
vorder, is die „Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys"  
(V.C.H.O.) wat vanaf 1948 bestaan en op Christelike onder-  
wys en Christelike wetenskap - veral op die vlak van Hoër  
onderwys - konsentreer<sup>2</sup>, asook die „Afrikaanse Calvinis-  
tiese Beweging" (A.C.B.) wat in 1955 tot stand gekom het  
en hom vir staatsondersteunde skole in plaas van die hui-  
dige staatskole ywer.<sup>3</sup> Aangaande die gewone primêre en  
hoërskole staan V.C.H.O. op sy beurt 'n Christelike staat-  
kundige onderwysbeleid en afsonderlike Afrikaansmediumskole  
waarin die gees en rigting positief Protestants-Christelik  
en nasionaal is, voor.<sup>4</sup>

1. Vgl. Verslag van die Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sitting 13 Oktober 1966 e.v.d., pp.387-388.
2. Vgl. Roeping, Junie 1964, p. 4; en September 1969, p. 6.
3. Van der Schijf, op. cit., p. 335.
4. V.C.H.O., Memorandum insake Godsdiensonderrig voor-  
gelê aan sy Edele, sen. J. de Klerk, minister van  
Binnelandse sake en Onderwys, Kuns en Wetenskap op  
4 Februarie 1964, p. 1.

Teen die vyftigerjare het die Afrikaner al hoe meer sukses behaal met sy stryd om die erkenning van sy ideale in die staatskool, want alhoewel die toegewings ten opsigte van die Christelike en nasionale beginsels, oerseggenenskap en moedertaalonderwys in skole nog op 'n uiteenlopende provinsiale grondslag toegestaan is, getuig dit in die breë van 'n deurbraak vir die erkenning van die Afrikaner se Christelik-nasionale opvoedingsideale in staatskole. Die houvas en invloed van die tipiese Angel-Saksiese magte vertoon nou ook baie swakker as met Uniewording. Hiermee is al die vreemde magte wat die implementering van die Afrikaner se opvoedingsideale in staatskole teenwerk, egter nie uit die weg geruim nie.

(iv) Verdeelde onderwysbeheer 'n remskoen vir die volle ontplooiing van die Afrikaner se opvoedingsideale. Die gedeeltelike erkenning van sy opvoedingsideale op 'n toevallig-wisselvallige provinsiale grondslag het die Afrikaner nooit ten volle bevredig nie; daarom het hy hom al hoe meer vir nasionale erkenning van sy ideale beywer. Hiervoor was 'n nasionale beleid vir die hele land se onderwys 'n noodsaaklikheid. So 'n nasionale onderwysbeleid is egter tot op daardie stadium as gevolg van die verdeelde onderwysbeheer en die gevolglike federale onderwysbeleid geen bestaansreg gegun nie.

Verdeelde onderwysbeheer en die nadelige gevolge daarvan het reeds onmiddellik na Uniewording ernstige aandag geniet. Hierdie probleme is vanaf 1916 tot 1955 deur nie minder nie as agt provinsiale en uniale kommissies sonder sukses gedeeltelik of in die geheel behandel. Elke kommissie het 'n eie aanbeveling vir die oplossing van die probleem aan die hand gedoen. Dit het gewissel van die

oordrag van alle onderwys aan die Uniale Regering met ge-  
paardgaande desentralisasie, tot die plasing van alle on-  
derwys tot en met standerd 10 onder provinsiale beheer.

Voorstelle wat alle onderwys onder provinsiale  
beheer wou plaas, het gewoonlik ook een of ander vorm van  
'n nasionale onderwysraad terwille van die koördinering  
van die provinsiale onderwysstelsels ingesluit. In dier  
voege het die Hofmeyrkommissie reeds in 1924 aanbeveel dat  
„een Unie Raad van Onderwijs ingesteld worde, met gezag om  
de onderwys bedryfgheden van de vier Provinciale Admini-  
straties te koördineren, beide met elkander en met die van  
de Universiteiten en Landbou Kolleges.“<sup>1</sup>

Die probleme rondom Verdeelde Onderwysbeheer het  
later so aktueel geword dat die drie Afrikaanse kerke dit  
nodig geag het om hieroor gesamentlik vertoë tot die Minis-  
ter van Onderwys te rig. Op 11 Augustus 1954 is „Die In-  
terkerklike kommissie vir Opvoeding en Onderwys“ (I.K.K.)  
saamgestel wat 'n deeglik uitgewerkte memorandum „Insake  
die behoefte aan 'n Uniale Onderwysbeleid en die beëindi-  
ging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v.  
middelbare onderwys“ gedurende 1955 aan die Minister van  
Onderwys, Kuns en Wetenskap voorgelê het. Hierin het hul-  
le versoek dat 'n uniale (nasionale) onderwysbeleid in  
„voorskriftelike en magtigende wetgewing“ vasgelê word.  
Sodanige wetgewing sou 'n uniale onderwysstelsel statutêr  
bepaal, „die algemene erkende beginsels van onderwys en  
opvoeding aandui, die terreine afbaken waarop die onder-  
skeie onderwysdepartemente verantwoordelikheid moet aan-  
vaar, die breë minimum vereistes stel waaraan die verskeie

1. Unie van S.-A., Tweede Rapport van de Kommissie op  
de Administratie van Onderwijs (U.G. 19-'24), p. 67.



departemente moet voldoen en daarby die breër geleent- hede aandui wat elkeen van hulle na sy finansiële ver- moëns en wense van sy burgers sou wil voorsien.<sup>1</sup> Saam hiermee moes alle primêre en sekondêre onderwys onder die beheer van die provinsies geplaas word en 'n Advi- serende Uniale Onderwysraad ingestel word.<sup>2</sup>

Die vraagstukke verbonde aan Verdeelde Onder- wysbeheer het baie jare lank ook die ernstige aandag van al die onderwysersverenigings geniet. In hierdie verband was daar noue samewerking tussen die I.K.K. en die Suid-Afrikaanse Onderwysbond (S.A.O.B.), skakellig- gaam tussen die Afrikaanse Onderwysersverenigings in die vier provinsies - die twee liggame wat ook verantwoor- delik was vir die onlangs gehoue Volkskongres vir Opvoe- ding en Onderwys.<sup>3</sup>

Op die vooraand van Republiekwording het die probleme van verdeelde beheer sowel as die behoefte aan 'n eie nasionale onderwysbeleid waarin die prinsipiële beskouinge van die verskillende blanke bevolkings- groepe volle erkenning kan geniet, duidelik uitgekris- talliseer.

- 
1. Aanvullende Toeligting by deel III van die Memorandum i.s. 'n Uniale Onderwysbeleid en die verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, opgestel deur die I.K.K., p. 6.
  2. Memorandum i.s. die behoefte aan 'n Uniale Onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, opgestel deur die I.K.K., pp. 35-39.
  3. Vgl. R.J. Raath, "Ter Oriëntering" in ongepubli- seerde stukke van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, Oktober 1969.

3. 'n NASIONALE BELEID VIR GEKOÖRDINEERDE ONDERWYSBE-  
BEER EN VIR ONDERWYSBEGINSELS NA REPUBLIEKWORDING

(a) Die eerste stap na 'n gekoördineerde nasionale  
onderwysbeleid : Die instelling van die eerste Nasionale  
Adviserende Onderwysraad

Die jare toe die Afrikaner heftig vir die erkenning van sy beginsels in die staatskool moes stry, was vir hom ook jare van innerlike ontwikkeling en nasionale ontwaking. Trouens, 'n nasionale bewuswording het geleidelik onder die hele blanke Suid-Afrikaanse nasie gegroei en nasionale trou het al hoe meer plek van enge provinsiale trou ingeneem. Nie gewestelike oorde nie, maar die taal, kultuur en lewensbeskoulike grondslae van die bevolkingsgroepe het al hoe meer die bindingsfaktore geword.

Hierdie nasionale bewuswording het ook geleidelik tot die onderwys deurgedring. Selfs die bestaan van gevestigde provinsiale rade met sterk en uitgebreide magte kon nie meer die drang na 'n nasionale onderwysbeleid waarop 'n nasionale onderwysstelsel gebou moes word, keer nie. Waar die provinsies in 1937 nog nie vir die Volksraadbesluit „dat die Regering versoek word om die raadsaamheid te oorweeg om stappe te doen om 'n Nasionale Onderwysraad in die lewe te roep, met die doel om onderwys sake te koördineer .....“<sup>1</sup> te vinde was nie, was hulle op die vooraand van Republiekwording heeltemal bereid tot samewerking vir die stigting van 'n nasionale onderwys-

1. Unie van S.-A., Hansard, 19 Februarie 1937, kol. 2096. Vgl. Unie van S.-A., Verslag van die Unie-Onderwysdepartement vir die Kalenderjaar 1938 (U.G.59, '39), p. 10.

adviesraad.<sup>1</sup>

(i) Nasionale optrede op parlementêre vlak. Die aanbevelings en vertoë van al die verskillende onderwyskommissies, -konferensies, -verenigings en die Interkerklike kommissie vir Opvoeding en Onderwys om 'n nasionale onderwysraad en 'n nasionale onderwysbeleid het in die jare '50 al hoe meer weerklank in die vergadersale van die land se hoogste gesag op nasionale vlak gevind. Nadat die aanbevelings van die De Villierskommissie (1948) en die afname van die provinsies se weerstand teen 'n Onderwysraad aanvanklik om finansiële redes nie deur die Regering opgevolg kon word nie<sup>2</sup>, het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap op 4 Mei 1956 in die Volksraad verklaar dat die Onderwyshoofde „ooreengekom het om aan te beveel dat 'n Nasionale Adviserende Raad van Onderwys in die lewe geroep word<sup>3</sup> en dat die voorstel die aandag van hom en die Administrateurs sou geniet. Die instelling van so 'n Onderwysraad is andermaal druk bespreek toe Dirk Mostert 'n private voorstel in dié verband by die Parlement ingedien het by watter geleentheid die Minister verklaar het dat die instelling van 'n nasionale onderwysraad en 'n omvattende onderwyswet vir die hele Unie aandag geniet.<sup>4</sup>

Die Eerste Minister het op sy beurt in 1959 die instelling van 'n nasionale onderwysbeleid in die vooruitstig gestel en kort daarna (25 April 1960) is die „Wetsontwerp op die Uniale Onderwys-Adviesraad" by die Volksraad

1. Vgl. Unie van S.-A., Hansard, 25 April 1960, kol. 6123-6125.

2. Vgl. J.J. Fourie, „Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika" in Die Skoolblad, Januarie 1966, p. 13.

3. Unie van S.-A., Hansard, 4 Mei 1956, kol. 5205.

4. Vgl. Du Toit, op. cit., p. 179.

ingedien.<sup>1</sup> Dit is egter nie by daardie sitting deurgevoer nie en eers in 1961 na 'n gekose komitee met Dirk Mostert as voorsitter verwys, 'n proses wat weer in 1962 herhaal is<sup>2</sup> voordat dit as Wet nr. 86 van 1962 aanvaar is. Hierdie wetgewing is in die Parlement voorgestel as „die langverwagte daadwerklike stap om die koördinering van die onderwys en 'n nasionale onderwysbeleid vir blankes in die Republiek te verseker.“<sup>3</sup> In sy openingsrede by geleentheid van die eerste vergadering van die Nasionale Adviseerende Onderwysraad op 29 Maart 1963 het Sy Edele J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, tereg gesê: „Die behoefte wat by sekere instansies bestaan het dat onderwysvernuwing op nasionale vlak benader moet word, het deur die jare heen gegroei tot 'n magtige volkswye vloedgolf van aandrang wat so ondubbelsinnig en sterk gespreek het, dat gevolg gegee moes word.“<sup>4</sup>

Opmerklik is die nuwe gees van nasionale samewerking terwille van 'n nasionale benadering van die onderwys wat saam met die koms van die Republiek al hoe duideliker op die voorgrond getree het. Van die mooiste bewyse van hierdie kentering was die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap se verklaring tydens die behandeling van die Wetsontwerp op 'n Nasionale Onderwysraad dat as die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in die verlede gesondig het om in die eerste plek eie voordeel en uitbouing en grootwording te soek, hy sou sorg dat dit die einde

1. Unie van S.-A., Hansard, 25 April 1960, kol. 6112.
2. Vgl. Verlag van die Gekose Komitee oor die Ontwerp van die Wetsontwerp op die Nasionale Onderwys-Adviesraad (G.K. 5-1962) pp. vii-xxxi.
3. Rep. van S.-A., Hansard, 6 Junie 1962, kol. 7474.
4. Rep. van S.-A., Verlag van die Nasionale Adviseerende Onderwysraad vir 1963 (R.P. 41/1964), p. 9.

daarvan is en dat dié Departement hom in die toekoms kinderlik by die advies van die Onderwys-adviesraad sou neerlê.<sup>1</sup> Ook het al die provinsies behalwe Natal dié Onderwyswet met wysigings goedgekeur en sodoende die strewe na 'n breë nasionale benadering van die onderwys onderskrywe.<sup>2</sup>

(ii) Die beginsels ten grondslag van die Wet op die instelling van die Nasionale Adviserende Onderwysraad. Wet nr. 86 van 1962 het aan die stryd om 'n nasionale onderwysbenadering waarin die staatskool aan die beginsels van sowel die Afrikaanssprekendes as die Engelssprekendes erkenning verleen, 'n duidelike wending in 'n bepaalde koers gegee. Benewens die feit dat die blote stigting van 'n Nasionale Adviserende Onderwysraad reeds by implikasie die nasionale beginsel in die onderwys erken, lê daar ook nog in die bewoording en toepassing van die onderskeie artikels 'n hele reeks beginsels - respektiewelik 'n onderwysfilosofie soos dit deur die jare heen in die hart van die volk gegroei en in die getuienis voor die Gekose Komitee wat die Wet voorafgegaan het, na vore gebring is - in die Wet opgesluit.

Die instelling van 'n Onderwysraad om die regering aangaande 'n nasionale onderwysbeleid en die regering en die provinsies aangaande enige ander onderwysaangeleentheid uitgesonderd universitêre onderwys te adviseer sonder om die outonomie van die provinsiale owerhede ernstig aan te tas, erken die tipiese demokratiese gebruik om

- 
1. Rep. van S.-A., Hansard, 6 Junie 1962, kol. 7485.
  2. Ibid., 11 tot 16 Junie 1962, kol. 8508-8509. Hiervolgens was Natal se reaksie: „Natal Administration has no objection to the proposed amendments to the National Educational Council Bill provided it is understood that in agreeing to such amendments the Executive Committee does not in any way accept the principles contained in the Bill.”

'n onderskeid te maak tussen die beleidmakende gesag en die gesag wat die beleid uitvoer.<sup>1</sup>

Artikel 7 van hierdie wet beklemtoon dat die Onderwysraad geen uitvoerende mag besit nie en slegs advise-rend en inisiërend-koördinerend optree. Dit maak derhalwe 'n duidelik verskil tussen beleid en beheer. In die Volksraad het die Minister verklaar : „Tweedens, sal die advies wat hy (die Nasionale Adviserende Onderwysraad) mag gee vrywilliglik aanvaar of verwerp kan word. Dit sal dan nog in die openbaar plaasvind want die raad moet sy ver-slae oor sy werksaamhede ter Tafel lê..... Derdens, waar aanbevelings ..... in die belang van die onderwys van die land aanvaar en uitgevoer moet word, sal die nodige wetge-wing in hierdie Huis ingedien word. Intussen hoef niemand hom te bekommer dat enige ideologie of stelsel - hetsy met betrekking tot privaatskole of Staatskole- met behulp van hierdie voorgestelde raad afgedwing sal word nie.”<sup>2</sup>

Hierdie Wetgewing omskrywe noukeurig dat die Na-sionale Adviserende Onderwysraad hom ten doel moet stel „om in oorleg met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die provinsiale onderwysdepartemente, onderwys-lyggame en organisasies en persone wat by die onderwys be-lang het, die breë grondbeginsels van gesonde onderwys vir die land as geheel te bepaal, in die algemeen samewerking op onderwysgebied te bevorder, en onderwysbeleid in die algemeen te koördineer met die oog op die aanpassing

1. Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 6 Junie, kol. 7481, 16 Junie 1962, kol. 8507; Rep. van S.-A., Wet nr. 86 van 1962, art. 7; en J.J. Fourie, „Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n nasionale onderwys-beleid vir die Republiek van Suid-Afrika” in Die Skoolblad, Januarie 1966, p. 12.

2. Rep. van S.-A., Hansard, 16 Junie 1962, kol. 8510.

van die onderwysstelsel by die behoeftes van die land, maar met inagneming van die raadsaamheid van handhawing van verskeidenheid wat die omstandighede mag vereis."<sup>1</sup> Hierdeur is die belangrike beginsel van eenheid in verskeidenheid in nasionale onderwys-wetgewing vasgelê, want Wet nr. 86 van 1962 het geen strakke eenvormige onderwysstelsel vir Suid-Afrika gevisualiseer nie, maar eerder 'n groter eenheid in die verskeidenheid - organisatories sowel as lewensbeskoulik - wat altyd moes bly bestaan. Hierdie beskouing stem ooreen met die Afrikaner se Christelike lewensbeskouing waarvolgens die ganse kosmos as 'n eenheid in verskeidenheid geskape is en daar nêrens in die skeppingsorde vir eentonige eenvormigheid wat gewoonlik op doodsheid afstuur, plek is nie. Koördinasie van die verskeidenheid het derhalwe in die Wetgewing 'n prominente plek ontvang.

Opvallend is hoedat artikel 7(2) voorskrywe dat die Onderwysraad sy funksies soos die bepaling van die breë onderwysbeginsels en die koördinering van die onderwys in oorlegpleging met en nie na oorlegpleging met al die betrokke onderwysinstitusies nie moet vervul. Na oorlegpleging sou beteken dat die Onderwysraad slegs die belanghebbende institusies se mening hoef te vra waarna die Raad met enige plan sou kon voortgaan al stem almal nie saam nie.<sup>2</sup> Die Adviserende Onderwysraad het ook nie die reg ontvang om self te koördineer nie, maar moes die nodige koördinasie deur die bestaande onderwysinstitusies inisiesier.<sup>3</sup> Die Raad kon derhalwe nie radikaal te werk gaan

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 86 van 1962, art. 7(2).

2. Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 16 Junie 1962, kol. 8506.

3. Ibid.

om alles wat bestaan het, eenvoudig oorboord te gooi nie. Dit beteken dat die Raad met wysheid en die versigtigheid wat omstandighede vereis het, die onderwysprobleme van die land moes benader deur die weg van evolusie uit die reeds bestaande te volg, en nie die weg van revolusie nie.<sup>1</sup>

Om te verseker dat met die vasstelling van die breë nasionale onderwysbeleid al die onderwysinstitusies en bevolkingsgroepe se eise aandag sou geniet, het die Minister die versekering gegee dat benewens die verteenwoordigers van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die vier provinsies, die Nasionale Adviserende Onderwysraad uit hoogstaande opvoedkundiges uit albei taalgroepe en uit albei geslagte saangestel sou word. Daar sou derhalwe Afrikaans- en Engelssprekende lede wees.<sup>2</sup> Hiermee is vir die eerste keer na 1910 aan albei blanke bevolkingsgroepe die geleentheid gebied om op nasionale grondslag deur middel van 'n statutêre Onderwysadviesraad eise ten opsigte van onderwysbeginsels in die staatskool te stel. Nog belangriker is die feit dat, volgens die voorgeskrewe werkwyse van dié Onderwysadviesraad, geen eis deur middel van 'n meerderheidstem verwerp kon word nie. Sou die Afrikaner nou sy eise ten opsigte van die Christelik-nasionale beginsels in die staatskool stel, sou diegene wat daarmee nie saamstem nie deur middel van die proses van oorlegpleging 'n vergelyk moes soek. Hierdie beginsel indien saam gelees met die ander beginsel wat verskeidenheid (ook ten opsigte van lewensbeskoulikheid)

1. Vgl. J.J. Fourie, „Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika“, in Die Skoolblad, Januarie 1966, p. 14.

2. Rep. van S.-A., Hansard, 16 Junie 1962, kol. 8510.



binne 'n nasionale eenheidsbeleid waarborg, het vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse onderwys aan die botsende magte 'n eerlike geleentheid gebied om 'n aanvaarbare vergelyk in die stryd om die skool te vind.

Wet nr. 86 van 1962 was ook reeds 'n eerste statutêre maatreël om te verhoed dat die provinsies wat reeds uiterste vorms van verskeidenheid ten koste van eenheid gehandhaaf het, nog verder van mekaar wegdrywe. Artikel 8 lê byvoorbeeld neer dat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap geen onderwyswetgewing, hetsy òf provinsiaal, òf nasionaal, in die land sal laat aanneem voordat hy eers die Raad se sienswyse daaromtrent verkry het nie. Die Minister sou ook na oorlegpleging met die betrokke Administrateurs of enige ander minister op aanbeveling van die Raad 'n Komitee kon aanstel wat uit 'n lid van die Raad en twee ander persone bestaan, met die bevoegdheid om in enige skool 'n ondersoek soos deur die Minister gelas, in te stel.<sup>1</sup>

Die instelling van die Nasionale Adviserende Onderwysraad het nog die besondere historiese betekenis dat dit die eerste keer was dat 'n Suid-Afrikaanse regering die hulp van die onderwysprofessie ingeroep het om onder andere die staat te adviseer oor nasionale wetgewing waarin die staat se funksionele verhouding tot die onderwys op 'n nasionale grondslag bepaal moes word. Waar hierdie Raad wat as 'n permanente liggaam ingestel is, ook persone uit die georganiseerde onderwysprofessie ingesluit het of gekoöpteer het, verleen dit ook aan die beginsel van mede-

---

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 86 van 1962, art. 5(2).

segenskap deur die georganiseerde onderwysprofessie erkenning - 'n beginsel wat nooit in die verlede op nasionale vlak erkenning ontvang het nie. Benewens die belofte van samewerking tussen staat en onderwysprofessie is daar ook 'n weg betree waar „staat en professie mekaar wedersyds kan aanvul ten opsigte van vier aspekte wat 'n wesenlike betrekking het op 'n onderwysstelsel wat in alle opsigte lewenskragtig kan funksioneer: dis die visionêre, die wetgewende, die organisatoriese en die vitaliteitsaspekte.”<sup>1</sup>

(iii) Die funksionering van die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad. Die jaarverslae van die Nasionale Adviserende Onderwysraad toon vanaf die eerste jaar, 1963, die omvangrykheid van die taak wat aan die eerste Raad gestel is en die ingrypende gevolge daarvan vir onderwys in Suid-Afrika. Reeds op die eerste vergadering is 'n ad hoc-komitee oor die onderwerp „Die Onderwyser” onder voorsitterskap van P.S. du Toit aangewys. Vier onderkomitees het onderskeidelik as opdrag gehad (a) die Werwing, Keuring en Verlies van Onderwysers; (b) Opleiding van en Sertifikaatuitreiking aan Onderwysers; (c) Diensvoorwaardes van Onderwysers en (d) Status en Aansien van Onderwysers.<sup>2</sup> Ander belangrike onderwerpe wat die onmiddellike aandag van die Raad ontvang het, was die koördinering van skoolleerplanne en leergange deur middel van kernsillabusse en curricula waarin slegs daardie diversiteit behou is wat omstandighede mag vereis; opknappingskursusse en verdere opleiding van onderwysers; opvoedkundige navorsing

1. Die Skoolblad, „Staat en Onderwys”, Junie 1965, p. 1.  
2. Unie van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1963 (R.P. 41/1964), p. 3.

en uitgebreide mannekragopnames; voor-primêre onderwys; nie-kurrikulêre skoolaktiwiteite; gedifferensieerde onderwys; statistiese studies en so meer.<sup>1</sup>

Met die oog op die Kabinet se opdrag dat die Raad aan die koördinering van onderwys en opleiding met die veranderde behoeftes van die landse ekonomie en uitbreiding van tegniese opleiding aandag moet skenk, is drie verdere onderkomitees van die Raad in 1964 in die lewe geroep.<sup>2</sup>

Maar as eerste ernstige struikelblok vir gesonde onderwys waaraan die Nasionale Adviserende Onderwysraad aandag moes gee, is onderken die verdeelde beheer oor die middelbare skool. So meld die voorsitter in sy verslag vir 1963 dat die grootste gedeelte van die tweede vergadering gewy is „aan 'n bespreking van wat waarskynlik die ernstigste en dringendste enkele onderwysprobleem van die land is, naamlik die probleem van die verdeelde beheer oor sekondêre onderwys en noodwendig daarmee samehangend die uitbouing van 'n nasionale onderwyspatroon.”<sup>3</sup> Juis met die oog op die beëindiging van verdeelde onderwysbeheer en die ontwikkeling van 'n nasionale onderwysbeleid asmede alle ander sake waarvoor daar op 'n hoë professionele vlak interdepartementele ruggespraak gevoer moes word, het die Minister teen die einde van 1963 gemagtig dat die Kontakliggaam bestaande uit die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad en die ses Onder-

1. Vgl. Unie van S.-A., Verslae van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vanaf 1963 tot 1967.
2. Unie van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1964 (R.P. 32/1965), p. 2.
3. Unie van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1963 (R.P. 41/1964), p. 4.

wyshoofde in die Republiek en Suidwes-Afrika in die lewe geroep word.<sup>1</sup>

Die ywer en toewyding waarmee die eerste Raad aan al die onderwysprobleme aandag bestee het, was iets heel anders as die laissez faire-beleid wat voor Republiekwording toegepas is. Persone en instansies wat egter verwag het dat hierdie Raad maar net 'n towerstaf sou kon swaai om eensklaps al die onderwysprobleme van die land op te los, het in die eerste plek nie die komplekse onderwys-situasie in hierdie land teen die agtergrond van sy landsomstandighede, bevolkingsamestelling en geskiedenis begryp nie. Tweedens was die voorgeskrewe werkwyse van die Raad - en meer bepaaldelik dié van oorlegpleging soos deur die Wet vereis - die weg van onderlinge oortuiging in die verpligte ope gesprek wat deur die statutêre masjienerie van die Wet moontlik gemaak is, en geensins die begin van 'n rewolusionêre tydvak en 'n willekeurige radikalisme in die Suid-Afrikaanse onderwys nie : dit was nooit iemand se intensie dat 'n keisersnee toegepas moes word waar die weg van 'n natuurlike geboorte gevolg moes word nie. Daarom het die Minister self verklaar : „Obviously there is a multitude of problems on which the Council will have to advise. Many of these problems will require thorough and in some cases long-term research.”<sup>2</sup> Tog moes die oes so gou moontlik ingesamel word: met 'n na-

- 
1. Unie van S.-A., Verslag van die Nasionale Advise-rende Onderwysraad vir 1964 (R.P. 32/1965), p. 3.
  2. Rep. van S.-A., Verslag van die Nasionale Advise-rende Onderwysraad vir 1963 (R.P. 41/1964), „Ope-ningsrede deur Sy Edele J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap by geleentheid van die eerste vergadering van die Nasionale Adviserende Onderwysraad op 29 Maart 1963 te Pretoria”, p. 11.

sionale onderwysbeleid kon daar nie meer langer uitgestel word nie, want - soos Bingle dit stel - „die hele volk vra onophoudelik daarna dat op alle vlakke van die onderwys - uitgesonder universitêre onderwys - daar 'n beleid sal geld wat geput is uit ons volksaard en die geskiedenis gesien in die lig van die voorts krydende tyd en omstandigheid sodat die volk sy siel sal behou en elke lid geharnas sal word teen die aanslae van 'n vyandige wêreld in al sy geweld.“<sup>1</sup>

(b) Die Triomf van die Stryd : Die drie Onderwyswette van 1967

(i) Botsing tussen magte word deur die Nasionale Onderwysraad en Kontakliggaam uitgeskakel. Die funksionering van die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad het aan die stryd om die skool 'n nuwe wending gegee. In die hele opset en werksaamhede van hierdie Raad is op 'n unieke wyse saamgetrek daardie magte wat baie lank oor die opvoedkundige beginsels en die struktuur vir onderwysbeheer in Suid-Afrika gebots het. So geslaagd is die botsing tussen hierdie magte deur die Onderwysraad uit die weg geruim dat die voorsitter aan die einde van 1965 soos volg kon verslag doen: „Met die voortgesette oorleg in die Kontakliggaam tussen die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad namens die Onderwysraad en die Onderwyshoofde het sake so gunstig gevorder dat die resultaat van die oorleg en besinning met algehele instemming in 'n konsepwetsontwerp saamgevat kon word.“<sup>2</sup> Hier-

1. H.J.J. Bingle, Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade (Studiestuk 22. Instituut vir bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.), pp. 2-3.

2. Rep. van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1965 (R.P. 35/1966), p. 4.

die konsepwetsontwerp wat in leketaal die breë trekke van 'n nasionale onderwysbeleid en die grondslae daarvan asook 'n plan vir die opheffing van die verdeelde beheer uiteengesit het en reeds aan die begin van September 1965 aan die Minister oorhandig is, is deur die volle Onderwysraad eenparig aanvaar. Trouens, daar is nooit pogings aangewend om te stem nie sodat 'n meerderheid nie 'n minderheid in 'n bepaalde rigting kon dwing nie; die onderhandelinge en oorlegpleging is eenvoudig voortgesit totdat die botsende magte 'n onderling-aanvaarbare oplossing gevind het.<sup>1</sup> Dit geld ook die onderhandelings met die provinsiale administrasies met wie daar ruggespraak gehou moes word en wat die wetsontwerp in breë trekke gesteun het, ook ten opsigte van beginsels waaroor daar vroeër groot bitterheid in hierdie land was. Dit lyk byna ongehooflik, maar dis 'n waarheid wat bo alle twyfel staan : dat die Onderwysraad daarin geslaag het om vir die eerste keer in die onderwysgeskiedenis van hierdie land, tussen die botsende magte 'n gees van welwillendheid en samewerking te skep.

(ii) Wetgewende magte span op nasionale vlak saam.

Die werk van die Onderwysraad is op regeringsvlak opgevolg en na verdere oorlegpleging tussen die regering en die provinsies en die omsetting van die voorgestelde wetsontwerpe in regstaal, kon Sy Edele J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, wette nrs. 39 (Wet op Nasionale Onderwysbeleid), 40 (Wet op Gevorderde Tegnieese Onderwys) en 41 (Wet op Onderwysdienste) vroeg in 1967 by

1. Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 20 Februarie 1967, kol. 1641; en Rep. van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1964 (R.P. 32/1965), p. 3.

die Parlement indien.

Die jaar 1967 was vir die Suid-Afrikaanse onderwys 'n triomfjaar waarin die ideale waarvoor daar vir baie jare 'n stryd gevoer is, geseëvier het. Tereg het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap met die lees van Wet nr. 39 op 20 Februarie 1967 in die Volksraad gesê: „Ons (het) vandag seker by die belangrikste mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die primêre en sekondêre onderwys in die Republiek van Suid-Afrika gekom”<sup>1</sup>, en het C.P. Mulder na aanleiding van die 1967-Onderwyswette in die Volksraad na 1967 verwys as die jaar wat „in die toekoms bekend (sal) staan as 'n keerpunt in die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika.”<sup>2</sup>

Twee van die wetsontwerpe, dié oor Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet nr. 40 van 1967) en dié oor Onderwysdienste (Wet nr. 41 van 1967), is na geringe wysigings deur albei kante van die Huis aanvaar<sup>3</sup>, terwyl die Wet op 'n Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967) eers na 'n daelange debat net met die steun van die regerende party deur die Volksraad geloods is.<sup>4</sup>

(iii) 'n Nasionale onderwysbeleid word 'n werklikheid. Die aanvaarding van Wet nr. 39 van 1967 het die kroon gespan op die jarelange stryd van die Afrikaner om statutêre erkenning op nasionale grondslag van daardie onderwysbeginsels wat uit die verlede as 'n Protestants-Christelike erfenis tot hom kom. Waar die provinsiale pogings om aan beginsels soos die Christelike en die nasio-

1. Rep. van S.-A., Hansard, 20 Februarie 1967, kd. 1644.

2. Ibid., 15 Februarie 1967, kol. 1375.

3. Vgl. ibid., kol. 1392-1393, 16 Februarie 1967, kol. 1435-1454, en 27 Februarie 1967, kol. 2104-2107.

4. Daagliks vanaf 22 Februarie tot 2 Maart in die Volksraad bespreek.

nale erkenning te verleen, voor 1967 toevallig, wisselvallig en ongekoördineerd was, verleen Wet nr. 39 van 1967 op 'n ondubbelsinnige wyse aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap die mag om na oorlegpleging met die Administrateurs en die Nasionale Adviserende Onderwysraad 'n nasionale onderwysbeleid vir alle skoolonderwys tot en met standerd tien vir die hele Republiek van Suid-Afrika neer te lê<sup>1</sup> wat deur al vier provinsiale administrasies uitgevoer moet word. So is een van die grootste ideale wat sedert Uniewording vir hierdie land se onderwys gekoester is, uiteindelik verwesenlik. As gids vir hierdie nasionale onderwysbeleid bevat artikel 2(1) van genoemde Wet 'n raamwerk van tien beginsels waarbinne die Minister hom dan ook moet bepaal.

As heel eerste beginsel word genoem dat die onderwys in alle staatskole<sup>2</sup> „'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderlig en godsdienstige plegtighede.”<sup>3</sup> Dis nie toevallig dat die lys van beginsels by die Christelike begin nie. Die hele verlede van die Afrikaner getuig daarvan dat sy lewens- en wêreldbeskouing ten diepste Christelik gefundeer is. Die Minister se vertolking in die Volksraad van „'n Christelike karakter van die onderwys” was „dat die onderwys sal bou op die basis van die tradisionele westerse kultuur en lewensbeskouing wat die Bybelse beginsels,

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1).

2. Rep. van S.-A., Hansard, 28 Februarie 1967, kol. 2165, stel dit duidelik dat private skole, of hulle staatsubsidie ontvang al dan nie, van hierdie bepaling vrygestel is. Die hele Onderwyswet (nr.39) het geen betrekking op private skole wat nie subsidies van die staat of provinsies ontvang nie.

3. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(a).



norme en waardes as geldend erken ..... nie die huidige soos hy verrot het en verwater is nie, maar soos ons hom geken het sedert Jan van Riebeeck meer as 300 jaar gelede hier gekom het as die eerste draer van die beskawing, die kultuur en die Godsdienst en sy Christelike inslag, en soos hy daarvandaan af in elke hoekie van hierdie land van ons voortgeplant is."<sup>1</sup> Vir verdere amptelike interpretasie van hierdie baie belangrike beginsels het die Minister reeds op 14 Maart 1967 die hulp van die Onderwysraad ingeroep, maar weens ander dringende sake kon die Raad tot dusver nog nie daaraan aandag skenk nie.<sup>2</sup> Intussen het sommige opvoedkundiges hulle eie interpretasie begin gee. So skrywe Bingle dat, alhoewel daar oënskynlik nog iets van die gedagte as sou die hele Christelike karakter net in die godsdiensoonderrig bestaan, in die klousule te lees is, die skool volgens die letter van die woord tot 'n Christelike inrigting verklaar word wat „niks anders bedui as dat letterlik alles in die skool positief op die Christelike ingestel moet wees : doelstellinge, mensbeskouing, inhoud, metode, tug, organisasie, selfs die buiteskoolse bedrywighede is hieronder ingesluit."<sup>3</sup> 'n Soortgelyke gedagte is ook deur A.L. Kotzee uitgespreek waar hy daarop wys dat godsdiensonderwys en Bybelkunde as keusevak nie genoegsaam is nie, maar dat die hele skool 'n Christelike karakter moet hê : „dit moet deur woord en daad tot uiting

1. Rep. van S.-A., Hansard, 27 Februarie 1967, kol. 2089-2090.

2. Vgl. Rep. van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1967 (R.P. 29/1968), p. 7; en Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1968 (R.P. 45/1969), p. 16.

3. H.J. Bingle, Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade (Studiestuk 22. Instituut vir bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.), p. 4.

kom in elke vak en elke aktiwiteit. Dit is nie 'n saak wat net met sillabusse nagestrewede word nie - dit is die gees en rigting van ons skole."<sup>1</sup> So gesien, maak Wet nr. 39 van 1967 daarvoor voorsiening dat die Calvinistiese Afrikaners vir hulle kinders onderrig in staatskole kan vra wat in ooreenstemming met hulle Christelike beskouing is, 'n ideaal waarvoor die Afrikanervolk oor baie jare heen al sy kragte moes inspan en 'n verbete stryd moes voer. Die insluiting van die Christelike beginsel in die nasionale onderwysbeleid vir alle staatskole is 'n unieke gebeurtenis : dit span nie net die kroon op die stryd van die Afrikaner terwille van die Christelike beginsel in Suid-Afrikaanse onderwys nie, maar maak ook van die Republiek van Suid-Afrika die enigste land ter wêreld wat sy onderwys uitdruklik op Christelike beginsels bou.<sup>2</sup>

Die tweede beginsel wat in artikel 2(1)(b) voorgeskrywe word, is dat die onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê. Minister J. de Klerk se verduideliking hiervan aan die Volksraad lui „dat die onderwys sal bou op die ideaal van nasionale ontplooiing van alle burgers van Suid-Afrika, sodat ons eie identiteit en leefwyse bewaar kan bly en sodat die Suid-Afrikaanse nasie steeds sy taak sal begryp as onderdeel van die Westerse beskawing.“<sup>3</sup> Ook ten opsigte van hierdie artikel wag die Minister op die Onderwysraad se advies in verband met verdere inter-

- 
1. A.L. Kotzee, „Toekomsblik na aanleiding van die nuwe Onderwyswet“ in Onderwysblad, Julie 1967, p. 159.
  2. Vgl. P. Pistorius, Gister en Vandag in die Opvoeding, p. 352.
  3. Rep. van S.-A., Hansard, 27 Februarie 1967, kol. 2090.

pretasie en implementering.<sup>1</sup> Waar die nasionale beginsel vir die Calvinistiese Afrikaner altyd aan die Christelike ondergeskik is, is dit belangrik om daarop te let dat dié Wetgewing nêrens so 'n vertolking verbied nie. Trouens, wanneer die Christelike en die nasionale beginsels van Wet nr. 39 van 1967 gesamentlik gelees word, is daar goeie rede om daarin 'n geleentheid te sien vir 'n Christelik-nasionale benadering in daardie staatskole waarin die Afrikaner dit sou verlang. Op soortgelyke wyse lê daarin ook opgesluit die geleentheid vir ander groepe soos byvoorbeeld Engelssprekendes om in staatskole hoofsaaklik deur hulle ondersteun, op die interpretasie van die Christelike en nasionale beginsels volgens hulle beskouing aan te dring. Hierdie geleentheid maak van Wet 39 van 1967 'n besondere mylpaal in die onderwysgeskiedenis van hierdie land. Dit verwesenlik 'n ideaal wat die Afrikaner reeds vanaf die vroegste jare van sy bestaan koester en waarvoor hy tot op die hede sonder ophou bly pleit het.

Nog 'n belangrike beginsel wat in Wet nr. 39 van 1967 as een van die tien nasionale onderwysbeginsels neergelê is, is „dat die moedertaal, indien dit Engels of Afrikaans is, die medium van onderrig moet wees.”<sup>2</sup> Omdat daar steeds stemme opgegaan het dat ouers self die onderrigmedium van hulle kinders moes kies, is 'n stryd op parlementêre vlak tot op die laaste oomblik gevoer om hierdie beginsel as deel van Wet nr. 39 aanvaar te kry.<sup>3</sup> Hierdie

1. Vgl. Rep. van S.-A., Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1967, p. 7; en Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1968, p. 16.

2. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(c).

3. Rep. van S.-A., Hansard, 28 Februarie 1967, kol. 2171-2184.

aanspraak op ouerkeuse in verband met die onderrigmedium wat prinsipieel nie te regverdig is nie, omdat dit 'n suiwer didaktiese beginsel is wat in die Calvinistiese denke nie binne die soewereiniteitskring en gesagsfeer van die ouer val nie, moet egter gesien word as die laaste loopgraaf van anti-Calvinistiese volksvreemde magte wat politieke gewin bo die beginsels waarin die Afrikaner se Calvinisties-religieuse verworteldheid lê, stel.

Amptelike interpretering van artikel 2(1)(c) het nie lank uitgebly nie. Na raadpleging met die Nasionale Adviserende Onderwysraad, die Administrateurs en die Komitee van Onderwyshoofde kon die Minister van Nasionale Opvoeding reeds op 24 April 1969 in die Parlement en daarna in die Staatskoerant onder andere aankondig dat die moedertaal die verpligte onderrigmedium van alle leerlinge in alle standerds tot en met standerd agt in staats- en staatsgesubsidieerde skole is, dat die moedertaal die amptelike taal is wat die leerling die beste ken en dat die skoolorganisasie vir enkelmedium- en parallelmediumskole voorsiening moet maak.<sup>1</sup> Op 19 November 1969 was ook die Natalse Provinsiale Raad verplig om ten spyte van 'n heftige stryd en teenstand uit Verenigde Party-geledere, sy goedkeuring aan die taalklousules van 'n Konseponderwys-ordonnansie te heg wat verpligte moedertaalonderrig vanaf 1970 in Natal invoer.<sup>2</sup> Uiteindelik het die Afrikaner daarin geslaag om, met die nasionalisering van die onderwys, ook hierdie belangrike onderwysbeginsel van moeder-

1. Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 24 April 1969, kol. 4826-4828; en Rep. van S.-A., Staatskoerant, Proklamasie nr. 809, 16 Mei 1969.

2. Die Volksblad, „Taalklousule is goedgekeur“, 20 November 1969; en Natal, Die Offisiële Koerant, 23 Oktober 1969, Konseponderwysordonnansie art. 14.

taalonderwys en moedertaalskole uit die politieke dampkring te lig en dit in al vier gewestelike oorde op provinsiale vlak toegepas te kry.

Twee van die tien beginsels wat direk met die beheer van die onderwys te doen het, is dat „aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse"<sup>1</sup> (die beginsel van ouermedeseggenenskap) en dat „by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings van die amptelik erkende onderwysersverenigings oorweging geskenk moet word"<sup>2</sup> (gedeeltelike medeseggenenskap deur georganiseerde onderwysprofessie). Hierdie twee beginsels is belangrike mylpale op die pad na 'n eie Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gefundeer op 'n eie opvoedingsideaal. Vir die eerste keer in die onderwysgeskiedenis van hierdie land ontvang die beginsel van ouermedeseggenenskap in 'n landswet op nasionale vlak erkenning en word al die onderwysinstitusies verplig om dit toe te pas. Dit is vir die Afrikaner 'n groot deurbraak, want uit sy Calvinistiese erfenis kom dié beginsel tot hom dat die ouer vir die gees en rigting van sy kind se opvoeding verantwoordelik is en gevolglik medeseggenenskap oor die onderwys en opvoeding van sy kind moet besit. Dit is 'n beginsel waarvoor hy deur baie jare heen geveg het en wat uit sy Calvinistiese volksgrondwortel sterk in sy hart voortlewe.

Die erkenning, hoe skraal ook al bewoord, wat Wet nr. 39 aan die beginsel van medeseggenenskap van die georganiseerde onderwysprofessie verleen, is eweseer 'n be-

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(h).  
2. Ibid., art. 2(1)(i).

langrike historiese gebeurtenis. Al is dit 'n beginsel wat deur die Calvinistiese denke sterk ondersteun word, het geen onderwyswet - provinsiaal of nasionaal - voorheen daaraan erkenning verleen nie. Hierdie bepaling verteenwoordig derhalwe 'n baie belangrike baken in die georganiseerde onderwysprofessie se stryd om regmatige medeseggenskap ooreenkomstig die soewereiniteitsbeginsel binne eie kring.

Die orige nasionale onderwysbeginsels wat deur die Wet neergelê is, handel oor skoolplig en uniforme grense van skoolpligtige leeftyd; vry onderwys met inbegrip van boeke en skryfbehoeftes<sup>1</sup>; gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting; nasionale koördinasie van leerplanne, kursusse, eksamenstandaarde, onderwysnavorsing en -beplanning op nasionale grondslag met die behoud van die verskeidenheid wat omstandighede mag vereis; eenvormige diensvoorwaardes en salarisse vir onderwysers.<sup>2</sup> Aangesien die breë terrein van hierdie beginsels nie per sé vir die doel van hierdie studie afgesonder is nie, word hul hier sonder meer vermeld. Op die verskeidenheidsbeginsel berus egter die stelsel van opheffing van die verdeelde beheer. Opsommend kan op hierdie stadium slegs gesê word dat hierdie tien onderwysbeginsels so ingrypend en koersgewend is dat dit die „Magna Carta” van toekomstige onderwys in Suid-Afrika genoem kan word.

- 
1. Net soos in die geval van die beginsel oor die Christelike karakter, geld die beginsel van vry onderwys nie vir private skole wat staats- of provinsiale subsidies ontvang nie.
  2. Vgl. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1).

(iv) Verdeelde beheer maak plek vir die beginsel van eenheid-in-verskeidenheid in 'n nasionale stelsel onder interprovinsiaal-gekoördineerde provinsiale beheer. Dit is veral die Wet op Onderwysdienste wat die beëindiging van die verdeelde beheer op middelbare skoolvlak moontlik gemaak het deur aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap die reg te verleen om al die hoër huis-houd-, hoër handel- en hoër tegniese skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die provinsies oor te dra<sup>1</sup> - 'n bepaling wat op 1 April 1968 deurgevoer is en die stryd van baie jare beëindig het.

Die weg waarlangs Wet nr. 41 te werk gegaan het om verdeelde beheer op te hef, was om alle gewone skoolonderwys tot en met standerd tien onder beheer van die afsonderlike provinsies te plaas, maar terselfder tyd deur middel van sterk interprovinsiale koördinasie asook die beklemtoning van die Parlement se soewereiniteit die provinsiale tot 'n groter, nasionale eenheid saam te bind sonder om die verskeidenheidsbeginsel soos dit binne en onderhewig aan die groter raamwerk van 'n nasionale eenheid gehandhaaf kan word, aan te pas. Dit is 'n koers wat om historiese en praktiese redes die enigste aanvaarbare moontlikheid vir die betrokke onderwysinstitusies was. Dit is ook 'n koers wat veral vir 'n groot land soos Suid-Afrika, sterk prinsipiëel bepaald is : die handhawing van die Christelike beginsel van eenheid-in-verskeidenheid in 'n nasionale stelsel onder interprovinsiaal-gekoördineerde provinsiale beheer waarin provinsiale verskeidenheid „wat die omstandighede mag vereis“<sup>2</sup> nog moontlik is

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 41 van 1967, art. 9.

2. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(g).

binne die nasionale eenheid van parlementêre soewereinitiet oor die onderwys en die stelsel van verpligte interprovinsiale koördinasie. Die stelsel hef ook die verdeelde beheer oor die middelbare onderwys waarvolgens die sentrale regering sowel as die verskillende provinsies elk sy eie koers met sy onderwys tot op standerd X-peil ingeslaan het, op vertikale en horisontale vlak op en herstel weer die noodsaaklike eenheid in die verskeidenheid.

Uit bostaande volg dat die sleutel tot sukses van hierdie nasionale onderwysstelsel koördinasie is. Trouens, sonder koördinasie is dié nasionale onderwysstelsel 'n praktiese onmoontlikheid. Interprovinsiale koördinasie word gevolglik deur die 1967-Onderwyswette sterk op die voorgrond gestel. As een van die tien onderwysbeginsels lê artikel 2(1)(g) van Wet nr. 39 byvoorbeeld neer dat : „koördinasie op nasionale grondslag van leerplanne, kursusse en eksamenstandaarde en navorsing, ondersoek en beplanning op die gebied van die onderwys bewerkstellig moet word, met inagneming van die raadsaamheid van die handhawing van die verskeidenheid wat die omstandighede vereis."

Die Komitee van Onderwyshoofde bestaande uit die vyf Onderwysdepartemente en Suidwes-Afrika se Direkteurs van Onderwys, vorm met sy statutêre gesag miskien die belangrikste onderdeel van die koördinerende masjinerie van die nasionale onderwysstelsel. Dit is 'n komitee wat juis deur nasionale wetgewing in die lewe geroep is om oor die moontlike middele en weë vir die gekoördineerde implementering van die nasionale beginsels te besin. Die spesifieke taakopdrag van hierdie komitee is om „aanbevelings (te doen) by die Minister en die Administra-



teurs oor die wyse waarop die beleid ten opsigte van onderwys in skole en onderwysopleiding ....., op gekoördineerde grondslag uitgevoer kan word," en „om die Minister of 'n Administrateur van advies (te dien) aangaande enige ander aangeleentheid betreffende die onderwys wat die Minister of dié Administrateur na hom verwys of wat die komitee onder die aandag van die Minister of dié Administrateur wil bring.“<sup>1</sup> Hierdie komitee speel in die praktyk 'n belangrike funksionele rol op die koördinerende vlak.

Ook in die bestaan, samestelling en funksionering van die Nasionale (Adviserende)<sup>2</sup> Onderwysraad lê daar 'n baie sterk koördinerende krag opgesluit. Wat in die 1967-Onderwyswette deur die toedoen van die eerste Onderwysraad verkry is, is 'n sprekende bewys hiervoor. Met die opdrag om die Minister van advies te bedien aangaande die algemene beleid in verband met onderwys (met inbegrip van onderwysersopleiding) en aangaande koördinasie van navorsings- of ondersoekwerk en beplanning van die onderwys<sup>3</sup>, sal ook die nuwe Onderwysraad geen geringe rol in die koördinering van die onderwys speel nie.

Dit is opmerklik hoedat Wet nr. 39 ten opsigte van 'n verskeidenheid van aangeleenthede oorlegpleging tussen die Minister van Nasionale Opvoeding, die Administrateurs en die Uitvoerende Komitee van die Onderwysraad

---

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967 soos gewysig deur Wet nr. 73 van 1969, art. 6(2)-(3).

2. Wet nr. 73 van 1969 vervang die Nasionale Adviserende Onderwysraad met 'n „Nasionale Onderwysraad“ met meer uitgebreide funksies. Sien veral art. 5(1) en 5(3) van die Wet.

3. Vgl. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967 soos gewysig deur Wet nr. 73 van 1969, art. 4(3).

voorskrywe.<sup>1</sup> Hierdie oorlegpleging skep die besondere geleentheid dat daar op die hoogste regerende en wetgewende vlakke gereeld samesprekings oor onderwys sake van nasionale belang gehou word en dat hierdie gesagvoerders in staat gestel word om uit dieselfde mond te praat.

Omdat die verdeelde beheer nie meteens in sy geheel opgehef kan word nie, maak die Wet op Onderwysdienste voorsiening vir 'n interim-maatreël van geleidelike opheffing. So is daar benewens die beveiliging van die onderwyspersoneel van die destydse Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap se bestaande regte en diensvoorwaardes voor die oordrag aan die provinsies ook nog die volgende voorbehoudsbepalings: (a) Dat die afneem van eksamens en die uitreiking van diplomas en sertifikate in die beroepskole voorlopig eers by die Departement van Hoër Onderwys berus<sup>2</sup>; (b) Dat beroepsonderwys slegs in beroepskole verskaf mag word behalwe as die Minister andersins verlof toestaan<sup>3</sup>; (c) Dat die aard en doelstelling van beroepsonderwys nie sonder die goedkeuring van die Minister verander mag word nie<sup>4</sup>, in welke verband die agt-uur-maksimum-bepaling van 1955 gehandhaaf is; (d) Dat die Minister die lys van verklaarde beroepsvakke in oorleg met die Administrateurs by kennisgewing in die Staatskoerant kan wysig.<sup>5</sup>

„Hoër” onderwys se betekenis het ook verander. Slegs die volgende soorte onderwys vir blankes sou nou daaronder ressorteer: „(a) onderwys op universitêre vlak;

1. Vgl. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967 soos gewysig deur Wet nr. 73 van 1969, art. 4(3).

2. Rep. van S.-A., Wet nr. 41 van 1967, art. 13(1).

3. Ibid., art. 9(8).

4. Ibid., art. 9(9).

5. Ibid., art. 9(10).

(b) onderwys gegee in kuns- en skeepvaartopleidingskole en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys; (c) buitengewone onderwys vir die kategorieë belemmerde kinders in bylae I van wetsontwerp (later Wet nr. 41 van 1967) genoem; (d) onderwys bedoel vir persone wat nie meer skoolpligtig is nie, soos verskaf in vakleerlingskole, deeltydse klasse en skole vir die voltydse tegniese opleiding van volwassenes."<sup>1</sup> (e) Volgens artikel 2(4)(b) het nywerheids- en verbeteringskole ook onder dié Departement gebly.

Die aanvaarding van die drie Onderwyswette van 1967 het onderwys vir die eerste keer na Uniewording 'n saak van die Parlement gemaak en op ondubbelsinnige wyse die soewereiniteit van die Parlement oor die skoolonderwys van die Republiek bevestig. Dit stel byvoorbeeld dié Huis in die geleentheid om enige saak oor onderwys, primêr of sekondêr, te bespreek, kritiek daaroor uit te oefen en wenke aan die hand te doen onder die Pos van die Minister van Nasionale Opvoeding of by wyse van privaatomosies.<sup>2</sup> Artikel 2(1) van Wet nr. 39 lê neer dat die Minister na oorlegpleging en nie in oorlegpleging met die Administrateurs en die Onderwysraad nie, die nasionale onderwysbeleid sal uitbou, met die gevolg dat die finale gesag in hierdie verband by die Minister berus.<sup>3</sup> Dit word ook van die provinsies, wat in werklikheid 'n onderdeel van die land se regering is, verwag om die soewereine gesag van die Parlement te erken; daarom is die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee daartoe verplig om die nodige stappe

1. Rep. van S.-A., Hansard, 27 Februarie 1967, kol. 2102-2103.

2. Vgl. ibid., 28 Februarie 1967, kol. 2183.

3. Vgl. ibid., kol. 2183, 2187 vir die Minister se versekering dat hy besondere klem op die oorlegpleging met ander instansies sal plaas.

te doen om die onderwysbeleid soos deur die Minister bepaal, ten uitvoer te bring.<sup>1</sup> Indien die Minister sou vermoed dat 'n provinsie nie die nasionale onderwysbeleid wat sentraal bepaal word, uitvoer nie, gee artikel 7 van Wet nr. 39 aan die Minister die reg om „na oorlegpleging met of kennisgewing aan die betrokke Administrateur, 'n inspeksie van 'n skool of kantoor in 'n provinsie (te) laat doen om vas te stel in watter mate die nasionale onderwysbeleid uitgevoer is of word of om aan hom 'n verslag te laat voorlê oor enige ander aangeleentheid betreffende onderwys in dié provinsie wat die Minister bepaal." Minister J. de Klerk het dit in die Volksraad duidelik gestel dat hier nie van gewone inspeksie sprake is nie.<sup>2</sup> Sou die Minister daarvan oortuig wees dat die nasionale onderwysbeleid in 'n bepaalde provinsie nie uitgevoer word nie, kan hy ten opsigte van dié provinsie regulasies aangaande voorskrifte of strawwe in dié verband in die Staatskoerant uitvaardig.<sup>3</sup>

Artikel 3 van Wet nr. 39 van 1967 handhaaf die gebruik van Wet nr. 86 van 1962 waarvolgens onderlinge oorlegpleging tussen die betrokke Ministers, Administrateurs en Uitvoerende Komitee van die Onderwysraad 'n voorvereiste is vir die indiening van onderwyswetgewing of by die Senaat, of by die Volksraad of by die Provinsiale Rade. Die soewereiniteit van die Parlement word weer eens bo alle twyfel gehandhaaf deur die woord „na oorlegpleging”.<sup>4</sup>

1. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(2)(a).  
Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 1 Maart 1967, kol. 2244-2245.

2. Ibid., kol. 2296-2313.

3. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(2)(b)-(d).

4. Vgl. Rep. van S.-A., Hansard, 1 Maart 1967, kol. 2254.

Dat die Onderwyswette van 1967 die provinsiale beheer oor alle gewone onderwys tot en met standerd X binne die nasionale stelsel relativeer, word ook bevestig deur die kommentaar van die vorige Superintendent-generaal van Onderwys van Kaapland op genoemde wette : „Vir diegene wat provinsiale beheer voorstaan, moet dit teen hierdie tyd duidelik wees dat daar g'n nasionale beleid kan wees tensy dit met sentrale beheer gepaard gaan nie. Dit is 'n sine qua non - 'n voorvereiste; en hulle sal hul met die gedagte moet versoen. Mens kan nie albei tegelyk hê nie.“<sup>1</sup>

Met die aanvaarding van die Onderwyswette van 1967 is uiteindelik 'n weg gevind waarlangs die ideaal van 'n nasionale onderwysstelsel wat reeds vanaf 1910 gekoester is, 'n werklikheid kon word. Die stryd van die verlede was nie tevergeefs nie. Die ou federale benadering moes plek maak vir 'n nasionale benadering wat oor die provinsiale grense heen strek en die lewensbeskouing van die verskillende kultuurgemeenskappe in die land respekteer. Onderwys in Suid-Afrika is uiteindelik op 'n eenheidsgrondslag geplaas en die beperkinge wat die onderwys so lank aan bande gelê het, is uit die weg geruim. Hierdie Wette lei 'n „nuwe tydvak van byna ongedroomde moontlikhede tot vooruitgang op onderwysgebied in.“<sup>2</sup> Soos sterker pogings tot nasionalisering van sy onderwys een van die eerste take was wat die nuwe Republiek van Suid-Afrika teen 'n historiese agtergrond

---

1. G.J.J. Smit, „Toespraak gelewer deur die Superintendent-generaal van Onderwys" in Die Unie, Augustus 1967, p. 71.

2. Pistorius, op. cit., p. 356.

van divergensie en verdeeldheid moes aanpak, so was die resultate wat reeds binne 'n paar jaar bereik kon word, 'n deel van sy triomf. Saam met die Republiek se Grondwet wat vir die eenheid van doel en strewe voorsiening maak, lui hierdie wette 'n nuwe era van nasiewording in. Die pad lê oop na voor.

## H O O F S T U K V

## TOEKOMSBLIK EN TOEKOMSVERWAGTING

1. VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS STUUR OP DIESELFDE DOEL AF

Elke verlede en hede is op die toekoms gerig - elke einde 'n nuwe begin. Daarom vloei daar uit die verlede en hede van die onderwys in Suid-Afrika soos in hierdie studie geskets, ook 'n toekomsblik en behoort alle toekomsgerigte onderwysbeplanning in die verlede en die hede te wortel. So 'n toekomsvisie verseker ook dat verlede, hede en toekoms op dieselfde doel gerig is en dieselfde onderwysfilosofie ten grondslag het.

Die noue verweefdheid van die onderwys met die beweging van die volk op geestelike en kulturele gebied het ook tot gevolg dat ontwikkeling op onderwysgebied nie op rewolusionêre wyse nie, maar eerder langs 'n weg van geleidelike hervorming geskied. Onderwyswetgewing hier te lande dui derhalwe nie soseer die koers aan nie as wat dit die algemene in die wordende uitsuiwer en dit as't ware in die openbaar formuleer en vir die pad vorentoe vaslê.<sup>1</sup> Daarom moet die 1967-Onderwyswette slegs as die eerste skredes op die weg na 'n eie Afrikaanse onderwys- en opvoedingspatroon gesien word.

'n Toekomsvisie vir Suid-Afrikaanse onderwys sal ook daarmee rekening moet hou dat, ten spyte van die masjinerie op nasionale vlak om die botsings tussen al die

1. Vgl. H.J.J. Bingle, „Ons Lewens- en wêreldbeskouing en Wet 39 van 1967" in ongepubliseerde referaat nr. 1(b) van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, p. 1.

magte op onderwysgebied uit te skakel en die stryd om die skool by te lê, die magte as sodanig nie noodwendig verdwyn of in mekaar oplos nie. So kan byvoorbeeld van die Afrikaanse en Engelse kultuurgemeenskappe gesê word dat, alhoewel die jare van saamwoon, saamwerk, saamdink en saamvoel binne dieselfde staatsverband 'n al hoe sterker gemeenskaplike trou aan 'n gemeenskaplike vaderland skep en selfs tekens van kulturele integrasie toon, daar nou en in die onmiddellike toekoms nog geen sprake van assimilasiel is nie.<sup>1</sup> Elkeen se eie, tipiese lewensbeskouing, tradisies en kultuur moet derhalwe ten volle erken en eerbiedig word. Hoe dit egter gedoen moet word en welke toekomsverwagtinge gekoester kan word ten opsigte van die toepassing van die fundamentele beginsels wat vir die doel van hierdie studie gekies is, naamlik die beginsel van moedertaalonderrig, die nasionale en Christelike beginsels en die beginsel van medeseggenenskap ten opsigte van onderwysbeheer in 'n nasionale onderwysstelsel, verg verdere besinning.

## 2. KONSEKWENTE TOEPASSING VAN MOEDERTAALONDERWYS EN DIE STIGTING VAN MOEDERTAALSKOLE OP NASIONALE GRONDSLAG 'n TOEKOMSWERKLIKHEID

Dat die leerlinge in alle openbare skole in die Republiek van Suid-Afrika vanaf 1970 deur medium van hul le moedertaal onderrig moet word, gee aan die onderwys in

1. Vgl. P.J. Meyer, „Die nasionale grondbeginsels van die opvoeding en onderwys in Suid-Afrika, meer bepaald ten opsigte van die Afrikanerjeug” in ongepubliseerde referaat nr. 3(a) van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, p. 12; en H.B. Thom, „Die FAK 40 Jaar : Terugblik en Toekomsblik”, in Handhaaf, Oktober 1969, pp. 3-6.



Suid-Afrika 'n betekenisvolle toekoms. Uit die uiteinde-  
like verowering op 19 November 1969 van die laaste ves-  
ting, Natal, wat teen verpligte moedertaalonderwys weer-  
stand gebied het, ontspring die hoop dat die stryd om die  
erkenning van hierdie beginsel beëindig is en dat daar in  
die toekoms vir albei taalgroepe geleentheid sal wees om  
ongestoord op die konsekwente en volledige toepassing van  
die moedertaalbeginsel op nasionale grondslag te konsen-  
treer. Die volledige implementering van hierdie beginsel  
kan 'n omvangryke invloed op die toekoms hê, want in en  
deur die moedertaal is die hoogste en diepste vorm van na-  
sionale gemeenskaplikheid moontlik. In en deur die moe-  
dertaal herskep die mens die wêreld, die gehele werklik-  
heid tot 'n eie wêreldbeeld, 'n eie geestesbeeld. Die  
taal is immers een van die uitgange van die hart en elke  
nasionale gemeenskap is in sy omvattendste en diepste  
wese „taal“, want die eie van elke volksgemeenskap lê in  
sy eie taal opgesluit.<sup>1</sup>

Die jongste onderwyswette en staatsproklamasie  
maak ook die deure vir die toekoms wawyd oop om moeder-  
taalskole op 'n nasionale grondslag te stig - 'n koers  
wat reeds deur die verlede van Suid-Afrikaanse onderwys  
aangedui is. In die stigting van afsonderlike skole vir  
die Afrikaanse en Engelse kultuurgemeenskappe lê ook die  
moontlikheid van differensiasie opgesluit wat op die ver-  
skil in aard van die twee kultuurgemeenskappe gefundeer  
is. Tydens die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys het  
Bingle tereg daarop gewys dat dit in die Afrikaans- en  
Engelsmediumskole om veel meer as die metode gaan: „Let-

---

1. Vgl. Meyer, op. cit., p. 7.

terlik alles wat deur die taal gedra word : die lewens- en wêreldbeskouing, die rigting, kultuur, tradisie, selfs die klein gewoontetjies soos die groet van onderwyser en leerling, die aanspreekvorm..... - ja alles kom in die skool tot openbaring en verklaar sy karakter in teëstelling met die van 'n ander taalskool."<sup>1</sup> In die volgehoue uitbouing van die moedertaalskoolgedagte lê derhalwe dié toekomsmoontlikheid opgesluit dat die Afrikaanse skool die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing en die Engelse skool die Engelse lewensbeskouing sal uitdra sonder dat die een in die ander opgelos word en die huidige verskeidenheid van twee groot blanke volks- en kultuurgroepe binne een Suid-Afrikaanse nasie hoef verlore te gaan. Die Afrikaanssprekende volksgroep glo immers dat sy Calvinistiese erfenis suiwer bewaar moet word vir die toekoms van hierdie land en dat sy eie moedertaalskool hierin 'n belangrike rol te vervul het. Die einde van die pad sal dan deur die toekoms bepaal moet word.

3. TOEKOMSTIGE NASIONALE OPVOEDING EN ONDERWYS OOREENKOMSTIG DIE LEWENSOPVATTING VAN ELKE KULTUURGEMEENSKAP

Die bepaling deur nasionale wetgewing dat 'n breë nasionale karakter vir alle skoolonderwys 'n vereiste is<sup>2</sup>, waarborg dat alle skoolonderwys in die toekoms met die nasionale beginsel sal rekening hou en dieselfde grondslae as die Grondwet van Republiek van Suid-Afrika sal handhaaf. Terwille van die breë nasionale karakter sal elke skool in die toekoms ten minste aan die nasionale

1. Bingle, op. cit., p. 2.

2. Rep. van S.-A., Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(b).

simbole 'n ereplek in die skoollewe moet gee, 'n gees van lojaliteit teenoor volk en nasie moet bewerkstellig, en die gemeenskaplike ekonomiese belang en veral die gemeenskaplike verantwoordelikheid vir 'n gemeenskaplike voortbestaan en roeping ten opsigte van 'n toekomstaak wat tot 'n gemeenskaplike trou aan 'n eie vaderland en staat lei, moet beklemtoon.

Hoewel bogenoemde as die minimum-vereiste vir 'n „breë nasionale" opvoeding in terme van artikel 2(1)(b) van Wet nr. 39 van 1967 gesien moet word, kry die nasionale opvoedingsideaal hierin ook die volle geleentheid om as 'n kragtige wesensfaktor die aard van die nasionale onderwysstelsel sterk partikulier te beïnvloed. Hierdeur word die toekomsmoontlikheid geskep dat skole, en veral die moedertaalskole, 'n partikuliere volksgestalte kan aanneem soos dit in die lewensordening en -groepering van die volksgenote rondom hulle volkseie en volkstipiese weerspieël word, en 'n karakter dra wat die unieke volkshheid wat die een volk van die ander onderskei, aandui. Waar moedertaalonderwys reeds as een van die basiese vereistes vir alle nasionale opvoeding aangedui is, kan as verdere ideaal vir nasionale opvoeding veral in moedertaalskole in moedertaalopvoeding voorgehou word wat benevens eie taalbeheersing, ook die verwerwing van die eie op alle lewensterreine in en deur die eie taal ten doel het : 'n moedertaal- en nasionale opvoeding wat die kind by die geskiedkundige verloop van sy eie volksdeel inskakel en aan die uitdagings, ideale en drome van sy volksgenote bind. Hierdie soort nasionale opvoeding sal in die toekoms die kind binne eie gesins-, familie-, volks- en staatsverband tot 'n hegter innerlike eenheid kan saam-

snoer en 'n nasionale saambinding bewerkstellig wat 'n gesagstruktuur sowel as 'n liefdesstruktuur impliseer.

Nasionale opvoeding en onderwys sal in die toekoms al die konsekwensies van kultuurintegrasie vir die jeug van Suid-Afrika skerp moet omlin en vir hulle daartoe lei om op 'n verantwoordelike wyse 'n keuse ooreenkomstig die tradisies van hulle eie volkskultuurgemeenskap te maak. Vir die Afrikanerjeug beteken dit dat sy opvoeding en onderwys hom uit 'n Afrikaans-nasionale standpunt sal oriënteer ten opsigte van die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende, die verhouding tussen Afrikaner en nie-blanke in Suid-Afrika, die verhouding Afrikaner-Afrikaan in Afrika en die verhouding Afrikaner-Westerling in 'n Christelike-Westerse volkeregemeenskap. In die hart van die Afrikanervolk lewe die ideaal dat die kind van die Christen-Afrikaner opgevoed moet word sodat hy „volkome toegerus word as lid van sy volk - 'n volk met 'n eie besondere, Godgegewe roeping in die ry van volkere.“<sup>1</sup>

Die belangrikste faktor waarmee alle nasionale opvoeding rekening moet hou, is dat elke volksdeel se nasionale lewens- en wêreldbeskouing regstreeks uit sy geloofsbeskouing spruit. Elke nasionalisme is 'n religieus-bepaalde nasionalisme. Trouens, die plek en waarde wat 'n volk in sy nasionalisme aan volkskarakter-bepalende faktore soos bloedverwantskap, 'n eie vaderland en eie taal en volkstradisies toeken, asook die waarde wat die volk aan nasionalisme heg en die rol wat dit in sy alle-

1. Vgl. Besluite geneem deur die Volkskongres oor Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, besluit nr. 3.2.

daagse lewe speel, word deur sy lewensgrondslag bepaal. In die geval van die Afrikaanse kultuurgemeenskap is die nasionale opvoeding en onderwys van die toekoms derhalwe verplig om die deurslaggewende betekenis van die Hervorming en in besonder die Calvinisme in ag te neem. Ten grondslag van die Afrikaner se nasionale karakter, aard en geestesinhoud lê immers die Calvinistiese beskouing<sup>1</sup>, want al sou alle Afrikaners dit nie elke dag bely en beoefen nie, kom dit op 'n ondubbelsinnige wyse uit die verlede tot hom. Hierteenoor wortel die tradisie van die Engelse kultuurgemeenskap hoofsaaklik in 'n sogenaamde „Christelik-deïstiese“<sup>2</sup> geloofsbeskouing. Waar die Afrikaner in alle omstandighede na 'n beginselgrondslag vir al sy denke en handel soek, plaas sy Engelssprekende volksgenoot eerder die klem op 'n praktiese menslike benadering wat hom tot die verlangde resultaat moet lei. Laasgenoemde beskouing wortel in die Angel-Saksiese tradisie en trek 'n skerp skeidslyn tussen geloof en denke, tussen godsdiens en wetenskap en tussen openbaring en ervaring : die bewysbare en die praktiese is van fundamentele betekenis. Vir die kind van die Afrikaner is die nasionale opvoeding en onderwys gevolglik verplig om daarmee rekening te hou dat nasionalisme in die geval 'n Christelik-nasionale siening is : Christelik in sy Calvinistiese vorm en uitdrukking, met Christelik nasionale onderwys en opvoeding as die onvermydelike gevolg.

- 
1. Vgl. H.B. Thom, „Ons historiese vorming“ in Die Waardes van die Afrikaner, pp. 27-32; en W.J. de Klerk, Die Calvinisme in 'n neutedop (Studiestuk 36. Instituut vir bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.), p. 1.
  2. Vgl. P.J. Meyer, op. cit., p. 12; en J. Bekker, „Weg met ‚C.N.O.‘?“ in Onderwysblad, April 1969, p. 92.

Dié soort nasionale onderwys en opvoeding het as grondslag 'n lewenshouding, -praktyk en -wandel wat totalitêr Christelik is. Dit beskou die Christelike religie as die dryfkrag van die Afrikanervolk se nasionale lewensgang en geskiedenis en verklaar die verskeidenheid van volkere en nasies as komende van God. In die verskeidenheidsbeginsel fundeer dit die eie identiteit van die verskillende volkere, elk met 'n eie taal, 'n eie kultuur, 'n eie skool en so meer. Dit huldig die beskouing dat God 'n verskeidenheid van volkere, elk met 'n eie aard, identiteit en bestemming, hier aan die Suidpunt van Afrika geplant het, waarvan die Afrikanervolk met sy sterk Calvinistiese erfenis nog altyd die grootste groep gevorm het om veral ook op ideologiese gebied, die verloop van die geskiedenis kragtig te help bepaal. Christelik-nasionale onderwys gee tewens ook 'n prominente plek aan die bepaalde taak en besondere roeping wat elke volk van die Here self ontvang het om sy bydrae hier te lewer, want dat hul hier is, is ook Sy bevel. Maar die Christelik-nasionale gedagte gaan nog veel verder en is nie bereid om die nasionale beginsel sonder nadere kwalifikasie te aanvaar nie. Dit eis dat die eie volksaard en -geskiedenis, eie taal en kultuur - ja alles onder die allesomvattende Christelike beginselleiding moet staan. Die nasionale moet eers gesuiwer word van alles wat nie die toets van Gods Woord kan deurstaan nie. So het die onlangse Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys op 'n oortuigde wyse besluit dat „die Christelike primêr is en dat die nasionale gegrond moet wees op die Christelike

beginsels."<sup>1</sup> Nasionale opvoeding en onderwys is vir die Afrikaner derhalwe in die eerste plek Protestants-Christelike onderwys waarin die nasionale in die Christelike gefundeer en duidelik deur die Christelike gekwalifiseer moet wæs, sodat ons nasionale bestaan nie denkbaar sou wees sonder ons Christelike roeping in hierdie land nie?<sup>2</sup> Van die toekoms koester hy die verwagting dat die skool van sy kind openlik die gees van Calvinisme en Suid-Afrikaanse Republikanisme sal uitlewe - met dien verstande dat die Republikanisme nooit verabsoluteer sal word nie.<sup>3</sup>

4. TOEKOMSTIGE CHRISTELIKE OPVOEDING EN ONDERWYS ANTI-TETIES IN CHRISTELIK-REFORMATORIESE EN ALGEMENE CHRISTELIKE (RESPEKTIEWELIK „CHRISTELIK-DEÏSTIESE“) LEWENS BESKOUINGSVERBAND

Die vaslegging van die Christelike beginsel deur nasionale wetgewing in 1967 skep onbeperkte en unieke toekoms moontlikhede vir die onderwys in Suid-Afrika. Artikel 2(1)(a) van Wet nr. 39 vertolk die gedagte dat die Suid-Afrikaanse staat as wetgewer 'n deel van 'n Christelike nasie is wat die reg het om van sy staat Christelike staatskole te eis. Deur nie die aard van die Christelike karakter te omskrywe nie, skep dié Onderwyswet die toekoms geleentheid vir die verskillende blanke kultuurgemeenskappe om eise ten opsigte van die Christelike beginsel

1. Besluite geneem deur die Volkskongres oor Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, besluit nr. 2.6. Vgl. ook die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika waarin die oppergesag van God op alle lewensterreine, derhalwe ook die van die onderwys, erken word.
2. J.J. Fourie, „C.N.O.-Beleid het Koers verloor" in Roeping, Junie 1965, p. 3.
3. J. Leon le R. Cilliers, „Christelik-Nasionale Opvoeding" in Handhaaf, Augustus 1968, p. 16; en H.J. Strauss, Christelik-Nasionaal en C.N.O., pp. 18-20.

in staatskole ooreenkomstig hulle eie geloofsbeskouing te stel. Dit maak gevolglik nie net van die Republiek van Suid-Afrika die enigste land ter wêreld wat alle staatsonderwys in die algemeen op die Christelike beginsel wil bou nie, maar gee ook aan kultuurgemeenskappe die geleentheid om volgens eie lewensbeskouing die Christelike beginsel op hulle skole van toepassing te maak. 'n Afrikaanse kultuurgemeenskap sou byvoorbeeld die Christelike en die nasionale beginsels tot 'n Christelik-nasionale kon saambind, terwyl 'n ander kultuurgemeenskap die Christelike en nasionale beginsels los van mekaar kan hou.

In sy poging om in hierdie verband die pad vir die Afrikaner vorentoe uit te stippel, het die onlangse Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys in een van sy kongresbesluite verklaar dat hierdie Christelike karakter van die onderwys aan die Heilige Skrif in sy volle waarheid ontleen moet word en verder die vertrouete uitgespreek dat die Christelik-Reformatoriese erfenis van die Afrikanervolk daarin tot volle gelding sal kom.<sup>1</sup> Dit is 'n koersaanwysende besluit van geen geringe betekenis nie en sal in die toekoms nie godsmoeds opsy geskuiwe kan word nie, aangesien die Volkskongres as 'n resente mondstuk opgetree het van wat tans in die harte van die Afrikaner omgaan.

Dit het reeds duidelik geblyk dat die Christelike beginsel in die Calvinistiese Afrikaner se denke die nasionale beginsel tot 'n Christelik-nasionale lewensopvatting verander waaruit Christelik-nasionale on-

1. Besluite geneem deur die Volkskongres oor Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, besluit nr. 2.1.



derwys noodwendig voortvloei. Desgelyks verwag die Calvinistiese beskouing dat die Christelike (religieuse) grondmotief ook vir al die ander lewensterreine fundamenteel sal wees. So skrywe J.J. de Klerk dat dit „op al die snare van die gelowige lewe : in die kerk, in die huwelik, in die gesin, in die skool, kollege, universiteit, in die bedryf, ja orals moet die lied van die verlossing gehoor word : SOLI DEO GLORIA!“<sup>1</sup> In die Christelike opvoedende onderwys van die Afrikanerjeug moet derhalwe elke vak, elke binne- en buitemuurse aktiwiteit, elke vermaning en onderwysing of voorbeeld onder die leiding van die koerswysende Christelike geloof staan en meewerk tot die totaal-ontplooiing van die kind. Christelike opvoeding is immers meer as uiterlike aanleer van gedragnorme en goeie werke; dit veronderstel die Christelike ontsluiting van die kind tot in sy hart sodat die kind in sy ganse ontwikkeling uitgroeï op daardie wortel van 'n ware en vaste geloof wat in sy hart ontspring. Onder die Christelike gesagsleiding „moet die kind groei in die diepe wete dat alle lewensfunksies kanale is waardeur die Christelike-religieuse hartsuitinge vloei, en dat die Christelike religie dus al die doen en late van die mens ten volle beheer.“<sup>2</sup> In hierdie verband is dit nodig om in die toekoms volhardend die nasionale koers aan te wys, omdat hierdie beginsel ook in Afrikanergeleedere misgekyk word. J.J. Bekker verwys byvoorbeeld na „die gelowiges wat 'n deïstiese uitkyk handhaaf, wat glo dat godsdiensonderrig,

1. J.J. de Klerk, „Evangelisasie en Christelike Wetenskap“ in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 1e en 2e kwartaal 1968, p. 19.
2. J.L. Pretorius, „Christelike Godsdiensonderrig (Leer en Lewe)“ in ongepubliseerde referaat van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, p. 6.

algemene Christelikonderbou en die doelbewuste nasionale opvoeding by die Kerk en die huisgesin tuishoort en dat die skool hom tot die feitlike of ,wetenskaplike' moet bepaal."<sup>1</sup>

In Christelike opvoeding en onderwys is die fundamentele vak wat primêr met die geloof van die kind te doen het, godsdiensonderwys; daarom behoort godsdiensonderwys in die toekoms 'n sentrale plek in die Afrikaner se opvoeding en onderwys in te neem. Die nuwe leerplanne vir godsdiensonderwys (Bybelonderrig) wat tans op nasionale grondslag ingevoer word en die instelling van Bybelkunde as eksamenvak in sommige provinsies skep alreeds vir dié beskouing meer toekomsgeleenthede.

'n Besondere taak vir die toekoms is om die idee van „neutrale" godsdiensonderwys in die regte perspektief te stel. Party van die jongste Onderwysordonnansies handhaaf nog steeds die beskouing dat godsdiensonderwys alle dogma of leerstellings van bepaalde godsdiensdienste kan uitsluit<sup>2</sup>, en dit ten spyte van die feit dat godsdiensonderwys nooit anders as leerstellig kan wees nie, want as aanvaar word dat dogma niks anders is as die formulering van die geopenbaarde Christelike waarheid nie, moet alle onderrig uit die Bybel, ook die Bybelgeskiedenis, in 'n mindere of meerdere mate leerstellig wees. So gesien is neutrale godsdiensonderwys 'n praktiese onmoont-

---

1. J. Bekker, op. cit., p. 92.

2. Vgl. byvoorbeeld Natal, Konseponderwysordonnansie, art. 16(3) soos gepubliseer in Die Offisiële Koerant van Natal, 23 Oktober 1969.

likheid.<sup>1</sup>

Die beskouing dat godsdiensonderrig leerstellig moet wees, beteken nie dat die skool in die toekoms sy geloofsleer formeel en konsekwent op spesifieke kerklike belydenisskrifte moet baseer nie, want dan sal die skool se godsdiensonderwys verkerklik en sal van die skool verwag word om op kerklike verdelingslyne te differensieer. Met reg kan egter van die skool verwag word om sy geloofsleer op 'n leerstellige Christelike belydenis te baseer wat die hoofsaak van die Christelike geloof is wat deur nagenoeg alle Christene aanvaar word, maar terselfdertyd ook speling sal laat vir verskil in interpretasie al na gelang die geloofsbeskouing van diegene vir wie dit bedoel is, byvoorbeeld Reformatories-Christelik in die geval van die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes.<sup>2</sup> By implikasie beteken leerstellige godsdiens op skool dan ook dat die skool nie noodwendig 'n geslote gemeenskap moet vorm nie. Al waarop dit neerkom is dat dit 'n milieu moet skep waarin die jeug van 'n bepaalde kultuurgemeenskap die geleentheid moet kan kry om ongestoord en positief ooreenkomstig die geloofsoortuiging van sy volksdeel vir die volwasse lewe voorberei te word.

Een of ander vorm van religieuse differensiasie wat aan ouergemeenskappe die geleentheid bied om Christelike opvoeding en onderwys ooreenkomstig hulle Protestants-

1. Vgl. P. de B. Kock, "Besinning oor die Skoolverband" in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 3e kwartaal 1968, p. 59; J.C. Lombard, "Leerstellige Godsdiensonderwys" in Roeping, September 1968, p. 6; en H.J.S. Stone, "Christelike Godsdiensonderrig in huis en skool" in ongepubliseerde referaat nr. 6 van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, pp. 5-7.
2. Vgl. Stone, op. cit., p. 23; Roeping, "V.C.H.O. se standpunt voor Onderwysraad gestel", Maart 1967, p. 3; en Kock, op. cit., p. 59.

Christelike geloofsbeskouing te eis, is egter noodsaaklik en seker een van die grootste uitdagings aan die toekoms. Die bestaande skoolstelsel maak reeds genoegsaam voorsiening vir onderwys waarin 'n Christelike geloofsbeskouing van Angel-Saksiese oorsprong tot sy reg kan kom. Teen die agtergrond van die verlede gesien, roep die toekoms egter om onderwysgeleenthede waarin die Calvinisties-Christelike beskouing van die Afrikaner dat die Christelike religie konsekwent op al die terreine en vakke van die skool van toepassing moet wees, tot sy reg sal kom. Van wesenlike betekenis in hierdie onderwys is die beoefening van 'n Christelike wetenskap wat sy beginsel in Christus het en gelei en beheer word deur die openbaring van God in Sy Woord. Die openbaringswysheid van God moet as Bron van kennis vir elke vak geld.<sup>1</sup>

Dat die toekoms hierdie ideaal van Christelike opvoeding sal moet verwesenlik, spreek uit besluite soos die volgende wat op die 1969-Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys geneem is : „Die kongres wil beklemtoon dat christelike opvoeding en onderwys veel meer impliseer as dat die skooldag met skriflesing en gebed sal begin en dat die tyd wat aan Godsdiensoonderrig bestee moet word, voorgeskryf moet word. Dit impliseer dat die gees van die skool sodanig moet wees en die leerstof sodanig aangebied moet word dat dit in elke opsig 'n christelike gees sal adem,\" (besluit nr. 2. 3) en „die kongres onderskryf dit dat die doel van Christelike Opvoeding en Onderwys is om die kind in die totaliteit van sy bestaan te help vorm tot volwasse mens wat in diens aan sy medemens binne sy eie gesins-, volks- en kerkverband sy lewensroeping ver-

1. Vgl. J.J. de Klerk, op. cit., p. 11.

vul tot eer van God." (Besluit nr. 2.4)

Ten opsigte van die regte waarop andersdenkendes in staatskole aanspraak het, kan artikel 2(1)(a) van Wet nr. 39 van 1967 so vertolk word dat andersdenkendes van die godsdiensonderwys en godsdienstige plegtighede wat met hulle geloofvoortuiging bots, vrygestel word. Indien hulle die res van die Christelike gees van die skool nie wil aanvaar nie, sal hulle egter vir hulself eie skole moet oprig. As in aanmerking geneem word dat die bepaling aangaande die Christelike karakter nie op private skole van toepassing is nie, al sou hulle ook staatsubsidie ontvang, staan niks in die weg van die andersdenkende minderheid om sodanige eie skole te stig nie.

#### 5. DIE INSKERPING VAN SEKERE FUNDAMENTELE BEGINSELS VAN SAMELEWINGSVERBANDE AS TOEKOMSTAAK

Die Calvinistiese siening dat daar in die kosmos 'n radikale verskeidenheid van selfstandige samelewingsverbande is, elk met sy eie Godgegewe roeping en eie terrein waaroor elkeen eie soewereiniteit ontvang om volgens eie wetmatighede binne eie kring onder die Absolute gesag van God oor eie sake te beslis, is een van die mooiste Protestants-Christelike erfenisse wat tot die Afrikaner gekom het.

In die denkskool van die Christelike Wysbegeerte en deur verenigings soos die „Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys” en die „Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap” is daar reeds veel gedoen om hierdie beginsels vollediger uit te werk

en sterk op die volksgewete te plant.<sup>1</sup> Besinning oor die aard en struktuur van die skoolverband konfronteer ook opvoedkundiges met prinsipiële riglyne van Reformatoriese oorsprong wat op die beheer van onderwys betrekking het.<sup>2</sup> In dié beskouing dat die ouergemeenskap, onderwyserskorps, staat en kerk (laasgenoemde slegs op 'n indirekte wyse) verbande is wat by die skool as 'n eiesoortige samelewingsverband belang het, setel byvoorbeeld die prinsipiële fundering vir elkeen van hierdie selfstandige samelewingsverbande se geïntegreerde medeseggenenskap ten opsigte van die beheer oor die skool. Verdere besinning en duidelike omskrywing van die grense van die terreine waaroor elkeen van hierdie samelewingsverbande ten opsigte van die skool eie interne bevoegdheid besit om getrou aan eie struktuur-norme gesag te voer sonder onregmatige grensoorskryding, is 'n voorvereiste vir 'n sinvolle onderlinge verhouding tussen die betrokke verbande. Dis egter veral die volge-

- 
1. Vgl. H. Dooyeweerd, A New Critique of Theoretical Thought, deel I, p. 102 en deel III, p. 627; H.G. Stoker, Die Stryd om die Ordes, pp. 220-222; H.G. Stoker, Oorsprong en Rigting, dl. I, pp. 44-54; J.M. Spier, Inleiding in de Wijsbegeerte der Wets-idee, pp. 38-39, 52-57, 104; P. de B. Kock, "Die Grondslae van die Christelike Wysbegeerte" in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 1<sup>e</sup> en 2e kwartaal 1968, pp. 1-9; H.J. Strauss, Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, pp. 25-38; en N.T. van der Merwe, "Calvinistiese Wysbegeerte en Ideologie" in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap, Januarie 1968, pp. 34-36.
  2. Vgl. P. de B. Kock, "Besinning oor die Skoolverband" in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 3e kwartaal 1968, pp. 46-62; J. Chris Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp. 277-301; J.J. Fourie, "Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-onderwysersvereniging" in Die Skoolblad, Maart 1968, pp. 10-13; H.J.J. Bingle, "Differensiasie as Een van die Basiese Probleme van ons Onderwysstelsel" in Die Skoolblad, November 1965, pp. 16-22; en N.T. van Loggerenberg en A.J.C. Jooste, Verantwoordelike Opvoeding, pp. 80-107.

houe inplanting van hierdie beginsels op die denke van die volk en in onderwyswetgewing wat nou en in die toekoms dringend noodsaaklik is, want onkunde aangaande die verskillende gesagsterreine skep die geleentheid vir òf die staat, òf die ouers, òf die onderwyserskorps, òf die kerk om die skool te oorheers.

Die wesenlike betekenis van hierdie Christelik-Reformatoriese beginsels kry eers volle perspektief wanneer onthou word dat die staatskoolgedagte in die verlede sterk op die demokratiese tradisie uit Angel-Saksiese gesigspunt geleun het en gevolglik iets van die beginsels van absolute vryheid van die individu en samelewingsverbande, van gelykheid van almal en van 'n laissez faire-beleid op die onderwys en sy beheer hier te lande oorgeplant het. Omskrywings in die onderwysordonnansies van die magte en pligte van die verskillende samelewingsverbande ten opsigte van onderwysbeheer het gevolglik altyd probeer om alle prinsipiële riglyne betreffende die roeping, taak en funksies van hierdie verbande sover moontlik te vermy. Verwarring en onkunde ten opsigte van die gesagsterreine van die verskillende samelewingsverbande wat by die skoolverband betrokke is, het dan ook nie uitgebly nie.

Die staatskoolgedagte waarvolgens onderwys sedert Uniewording gereël is, het onder andere die gedagte laat posvat dat die skool geheel en al aan die staat uitgelewer moet word. Selfs in resente onderwysverslae soos dié van die Transvaalse Oorsese Sending in verband met Grondwetlike beheer oor die onderwys word nog daarop gewys dat die instansie aan wie die reg in die land se konstitusie toegesê word om wetgewing oor die onderwys aan te neem,

die onderwys moet beheer.<sup>1</sup> So is daar dan die wanbegrip dat die onderwys 'n tipiese staatsinstelling soos die departemente vir Hospitaaldienste, Wildbeskerming, Paaie en Vervoer is en gevolglik op departementele vlak op dieselfde wyse georganiseer en beheer moet word. Daarom dat die Uitvoerende Komitees van die Provinsiale Rade in die verlede dikwels alleen besluit het oor beginsels wat in werklikheid op die terrein van die ouers of dié van die onderwyserskorps gelê het<sup>2</sup>; dat seniorstaatsamptenare soos provinsiale sekretarisse uit hoofde van hulle amp waarvoor professionele geskooldheid in die onderwys geen vereiste is nie, belangrike besluite oor die onderwys, veral ten opsigte van die finansiëring daarvan, op hoë vlak kan neem en dat Direkteurs van Onderwys in die ry van staatsamptenare 'n ondergeskikte posisie inneem.

'n Ander verkeerde opvatting wat in die toekoms reggestel moet word, is dat desentralisasie van onderwysbeheer hoofsaaklik die desentralisasie van administratiewe aangeleenthede soos aanbevelings betreffende skoolbusroetes, die toekenning van losiesbeurse en die verkryging van skoolterreine sou behels. Alhoewel die magte en pligte van skoolkommissies in drie provinsies die benoeming van onderwysers insluit, het onderwysordonnansies en onderwyskommissies insake onderwysbeheer in die verlede nog altyd die fundamentele beginsel ten grondslag van die instelling van ouerverkose skoolkommissies verswyg, naamlik dat dit gaan om 'n prinsipiële reg van ouers om oor

1. Tvl., Onderwysdepartement, Verslag van 'n sending na oorsese lande, 1965, dl. I, p. 113.

2. Vgl. die besluit van die Vrystaatse Uitvoerende Komitee oor die uitreiking van kostelose boeke aan leerlinge vanaf die begin van 1966.



die gees en rigting van hulle kinders se onderwys te waak en eise te stel. Die Pretoriusonderwyskommissie van die Vrystaat (1951) het wel in sy verslag 'n afdeling aan prinsipiële oriëntering gewy waarin onder andere na die ouer se doopbelofte verwys is, maar met die formulering van die funksies van skoolkommissies en skoolrade het dié Kommissie hom slegs deur die aanbevelings van die getuies laat lei waarvan sommige nie prinsipiëel te verantwoord is nie.<sup>1</sup> Ook op Provinsiale Raadsvlak het dit algemene gebruik geword om die reg en verantwoordelikheid van ouers om self die gees en rigting van hul kinders se opvoeding te bepaal te ignoreer. Deur dogmaklousules en ander bepalings is die onderwys vir baie jare „neutraal” verklaar en kon ouers geen eise betreffende onderwys en opvoeding in staatskole ooreenkomstig hulle eie lewensbeskouing stel nie.

Vir die bestaan van skoolrade is daar ook geen regverdiging te vind nie as dit bloot gaan om 'n tweede plaaslike onderwysbestuursliggaam met administratiewe verpligtinge wat net so goed deur die skoolkommissies afgehandel sou kon word. Des te meer is skoolrade nie te regverdig as hulle deur alle stemgeregtigdes op 'n Afdelingsraads- of Parlementêre kieserslys verkies word<sup>2</sup> in plaas van deur verteenwoordigers van die ouers nie.<sup>3</sup> Daar is egter goeie grond vir die bestaan van skoolrade as hulle in die eerste plek terwille van koördinasie van plaaslike ouerbelang in 'n skooldistrik bestaan en ook as 'n ont-

1. Vgl. O.V.S., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, p. 58 vir die aanbeveling dat die aanstelling van tydelike leerkragte die funksie van die Onderwysdepartement bly.

2. Vgl. die gebruik in Kaapland.

3. Vgl. die gebruik in die Vrystaat en Transvaal.

moetingsvlak tussen ouerverteenwoordigers en die staat dien wanneer byvoorbeeld 'n lid van die Provinsiale Raad of 'n verteenwoordiger van die Onderwysdepartement (Inspekteur van Skole) periodiek die Raad se vergaderings vir die doel bywoon.

Dit is nie die taak van skoolrade om die gees en rigting van die skole in hulle distrikte voor te skrywe nie, maar skoolrade sou wel van die staat (Provinsiale Raad) 'n tipe skoolorganisasie kon eis wat aan die ouergemeenskappe die geleentheid bied om 'n bepaalde gees en rigting vir hulle skole ooreenkomstig hulle lewensbeskouing te kies solank dit nie staatskadend is nie. In hierdie verband kan skoolrade ook 'n nuttige funksie verrig deur streekkonferensies te belê waarop hulle as verteenwoordigers van die ouers oor hulle roeping en taak besin. Dit is een weg waarlangs die so noodsaaklike oriëntering en opskerpings van ouers ten opsigte van hulle verantwoordelikheid op die lewensbeskoulike vlak van die opvoeding kan geskied. Die Vrystaatse Skoolrade reël byvoorbeeld reeds vanaf 1967 jaarliks skoolraadsimposiums waarop onderwerpe soos „Godsdienst as vak in eie reg“<sup>1</sup> en „Religieuse differensiasie in die onderwys“<sup>2</sup> al bespreek is en belangrike besluite oor Christelik-nasionale onderwys geneem is.<sup>3</sup> Transvaal het op sy beurt vanaf 1966 sy stelsel van driejaarlikse skoolraadskonferensies gereorganiseer en die provinsie in sewe streke verdeel waarin senior amptenare van die Onderwysdepartement periodiek met die verteenwoordigers van skoolkommissies, beheerrade, advies-

1. Die Volksblad, „Godsdienst as vak in eie reg“, 29 Mei 1967.

2. Roeping, „Skoolraadsimposium“, Junie 1968, p. 5.

3. Ibid.

rade, streekkomitees en skoolrade samesprekings voer. Die betrokke gebiede se Inspekteurs van Skole en Provinsiale Raadslede woon ook die besprekings by. Die samesprekings help besonder baie om wedersydse begrip van mekaar se probleme te verseker.<sup>1</sup>

Die reg van ouers om self hulle eie plaaslike beheerinstansies te kies, word nog nie in hierdie land konsekwent geëerbiedig nie. So is dit byvoorbeeld die Administrateurs van die verskillende provinsies wat sonder die tussenkoms van ouers finaal besluit wie as lede van die adviesrade vir Beroepskole aangestel word.<sup>2</sup> In die Vrystaat is dit die plig van die Administrateur om beheerrade vir skole soos Greykollege, Oranje-meisieskool en Eunice-meisieskool saam te stel, en in Kaapland is dit die gebruik dat die Universiteitsrade die skoolkomitees van die Suid-Afrikaanse Kollege (hoër- en laerskole) en die Paul Roosgimnasium benoem. Watter redes vir hierdie gebruik ook al aangevoer word en watter instansies ook al indirek geraadpleeg word, dit bly 'n prinsipiële mistasting van ouerrechte.

Die gebruik in sommige provinsies om sonder die tussenkoms van die plaaslike skoolkommissies tydelike personeel aan te stel en onderwysers na ander onderwysbetrekkings oor te plaas, is ook 'n miskenning van ouerrechte.<sup>3</sup> Praktiese weë moet eenvoudig bedink word om in alle om-

1. Tvl., Onderwysnuusflitse, Junie 1968, pp. 22-23, en Desember 1968, p. 13.

2. Tvl., Onderwysdepartement, Omsendbrief nr. 86 van 1968; en mondelinge mededeling deur skoolhoof van Hoër Handelskool, Bloemfontein, 5 Desember 1969.

3. Vgl. Vrystaatse Onderwysnuus, Desember 1968, p. 10; en Tvl., Ordonnansie nr. 29 van 1953, art. 76(1) soos gewysig deur art. 19 van Wysigingsordonnansie nr. 17 van 1963, en art. 78(1) soos gewysig deur art. 20 van Wysigingsordonnansie nr. 17 van 1963.

standighede aan die ouer die geleentheid te gee om medeseggenskap uit te oefen ten opsigte van die keuse van onderwysers vir sy kinders.

In die lig van die voorafgaande is die insluiting van die Christelike en nasionale beginsels in die nasionale onderwysbeleid sedert 1967 asook die voorskrif dat ouergemeenskappe in die onderwysstelsel 'n plek moet hê, 'n belangrike deurbraak ten gunste van gesonder onderlinge gesagsverhoudinge betreffende die skoolverband. Alhoewel hierdie voorskrifte niks anders as breë riglyne is nie (dit kan niks anders wees nie omdat nasionale onderwyswetgewing op albei blanke bevolkingsgroepe van toepassing is), skep dit die besondere geleentheid dat elke gemeenskap ooreenkomstig sy eie geloofsbeskouing eise aangaande die gees en rigting van sy skool kan stel. Op die ouergemeenskappe plaas dit 'n besondere verpligting om medeseggenskap ten opsigte van onderwysbeheer op 'n verantwoordelike wyse binne die aangeduide prinsipiële riglyne en begrensing te beoefen.<sup>1</sup>

Ouergemeenskappe sal in die toekoms moet beseef dat diegene wat as lede van 'n skoolkommissie of beheerraad verkies word, deeglik kennis moet dra van die grense van die terrein waaroor hulle soewereiniteit besit. Die oorskryding van hierdie interne bevoegdheid, al sou dit as gevolg van onkunde wees, kan ontevredenheid by samelewingsverbande soos die onderwyserskorps laat ontstaan en gevolglik 'n wanverhouding tussen ouers en onderwysers skep. Dis egter ook van die grootste belang dat ouergemeenskappe in die toekoms sterk gemotiveerd sal wees om

1. Vgl. Die Volksblad, „'n Reg wat ouers verwaarloos", 3 Junie 1967.

ten volle van die geleentheid gebruik te maak wat Wet nr. 39 van 1967 bied, want dan alleen sal daar in bepaalde kultuurgemeenskappe skole kom waarvan die gees en rigting met die geloofsbeskouing van die bepaalde kultuurgemeenskap ooreenstem.

Dit lê op die weg van verdere navorsing om vas te stel in hoe 'n mate ouerbelangstelling en religieuse differensiasie in die onderwys bevorder kan word deur byvoorbeeld kinders te verplig om die naaste skool binne 'n bepaalde woongebied by te woon. Hiermee hang ook saam die idee van enkele „neutrale" skole waarheen diegene kan gaan wat nie die lewensbeskouing huldig waarop 'n bepaalde gemeenskap se skool ingestel is nie.

Die gedeeltelike erkenning wat Wet nr. 39 van 1967 aan die beginsel van medeseggenkap deur die georganiseerde onderwysprofessie verleen, hou ook vir die toekomst beloftes in. Belanghebbende instansies is tans besig met die implementering van die beginsel en die uitkoms daarvan moet nog gesien word. Artikel 5(1)(f) en (g) van Wet nr. 73 van 1969 bepaal egter reeds dat drie van die lede van die Nasionale Onderwysraad deur die Minister van Nasionale Opvoeding na raadpleging met die Federale Raad van Onderwysersverenigings aangestel word, van wie een 'n lid van 'n vereniging van Afrikaanssprekende onderwysers, een 'n lid van 'n vereniging van Engelsprekende onderwysers en een 'n lid van òf die Vereniging van Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys òf die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Beroeps- en Tegniese Onderwys moet wees. Op aandrang van die Minister dien daar ook reeds saam met die Adjunk-Direkteurs (professioneel) en senior administratiewe amptenare van die Onderwysdeparte-

mente nege verteenwoordigers van die verskillende onderwysverenigings op die Interdepartementele Advieskomitee insake Onderwysdienste.<sup>1</sup> Die georganiseerde onderwysprofessie word gevolglik in 'n toenemende mate betrek by die beplanning en koördinerings van onderwys in die algemeen sowel as in die beplanning van hulle eie diensvoorwaardes, en 'n verdere feit van belang is dat die Onderwysraad in die totstandkoming van al hierdie dinge 'n belangrike aandeel gehad het.

Daar is egter nog altyd 'n behoefte aan konsekwente uitbouing en verdere implementering van hierdie beginsel van professionele medeseggenkap asook die ideaal van 'n statutêre Raad vir Onderwysers met dissiplinêre magte ten opsigte van die professionele tugreg en eie bevoegdhede ten opsigte van belangrike aangeleenthede soos die bewaking van die poorte van die beroep. Ook hier sal die toekoms en verdere navorsing in verband met die georganiseerde onderwysprofessie as 'n selfstandige samelewingsverband die verdere pad moet aanwys.

## 6. DIE TOEKOMSTAAK VAN DIE ONDERWYSER AS NASIEBOUER

Die onderwyser is die fakkeldraer van die beskawing en die Christelike opvoedingsgedagte. Uit sy werk spruit daar 'n geestelike krag en adel vir sy volk voort.

Hierdie roepingstaak verg van die onderwyser 'n „nuwe visie ten opsigte van die behoud van die oue in die aanvaarding van die nuwe ..... want dat die ou wêreld baie „nuut' geword het in die uiterlike glans van ons kennisprestasies, het vandag so 'n vanselfsprekende aksioma

1. Vgl. Tvl., Onderwysdepartement, Omsendminuut no. I J van 1968, 13 Junie 1968.

geword dat dit byna nie meer ooglopend opval nie"<sup>1</sup> Die nuwe wêreld met sy nuwe leefwyse en nuwe lewensbeskouing waarin daar dikwels nie meer vir God plek is nie, rig gevolglik magtige uitdagings tot die Christen-onderwyser.

As lid van die samelewingsverband wat eie bevoegdheid op die gebied van die didaktiese besit, is die onderwyser verplig om met die verbysterende tempo van ontwikkeling op al die gebiede van die lewe by te hou. Die diensdoende onderwysers moet hul gevolglik in die eerste plek deur voortgesette studie en indiensopleiding op hoogte hou met die jongste ontwikkelinge op hul vakgebied en in die onderwyswêreld in Suid-Afrika en in die buiteland. Maar in die tweede plek is dit veral op die geestelike terrein van die volkslewe waar die groot uitdaging vir die onderwyser lê. Die skool is immers dié samelewingsverband wat in besonder tot kultuurvorming en kultuurhandhawing binne 'n bepaalde kultuurgemeenskap geroepe is; daarom staan die onderwyser in die diens van beskawingshandhawing en beskawingsontploffing. Sy opvoedingsdaad beoog egter ook die ontsluiting en ontploffing van die normatiewe aktiewe van die kind sodat die kind by volwasseheid sy roeping tot eer van die Skepper kan verrig<sup>2</sup>, en hierdie ontsluiting kan nooit religieus neutraal wees nie; trouens, God het vir hierdie genormeerde ontsluiting aan die mens, en gevolglik ook aan die onderwyser, beginsels (beginpunte) gestel wat hy in gehoorsaamheid aan Hom

1. J.J. Fourie, "Toekomsblik vir die Roepingstaak" in Die Skoolblad, September 1967, p. 35.

2. Vgl. J.J. Mulder, "Die verhouding gesin, staat en skool in die opvoeding en onderwys . . . ." in ongepubliseerde referaat van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, p. 10.

moet positiever en konkretiseer. Die toekomstaak van die onderwyser moet derhalwe nie net in die teken van vernuwing staan nie, maar ook teen die agtergrond van die geestelike verval en skewe normgewig van die hede gesien word.

Om hierdie uitdaging die hoof te bied, bepaal Wet 73 van 1969 dat toekomstige onderwysersopleiding so moet geskied dat die toekomstige onderwyser in staat sal wees om uitvoering te gee aan die nasionale onderwysbeleid soos die Minister dit binne die raamwerk van die neergelegde tien beginsels aandui. Dit het derhalwe landsbeleid geword om onder meer die Christelike en die nasionale beginsels ook op die opleiding van onderwysers van toepassing te maak. Watter stelsel ook al uiteinde-lik tot stand kom, die stelsel sal verplig wees om hierdie primêre beginsels in aanmerking te neem.

Vir die Christen-Afrikaneronderwyser beteken die toekoms Christelik-nasionale onderwys in Afrikaanse skole. Sy grootste toekomstaak is om 'n draer van daardie Christelike opvoedingsideaal te wees wat deur die eeue heen uit die hart van sy volk tot hom spreek. Dat hierdie ideaal reeds sterk in die harte van 'n baie groot persentasie van ons onderwysers lewe, word onder meer treffend in die woorde van die amptelike lied van die Oranje-Vrystaat-On-



derwysersvereniging weerspieël wat meteen 'n belofte vir die toekoms is:

„Lied van die onderwyser”<sup>1</sup>

(O.V.S.O.V.-lied)

Ek kom na jou kinders, o land van my trou,  
 En lei hulle uit in die lewe;  
 Jy roep my tot taak om jou toekoms te bou,  
 En sterk sal ek staan in die strewe  
 Dat my werk en my wandel die wyding sal wees  
 Om die kennis tot krag, tot 'n lig vir die gees,  
 'n Gloed vir die hart uit te lei - om te bou  
 Op die Ewige Rots van die Lewe.

Om nooit nie verniet nie jou kinders te lei  
 Na die ruimtes van gees waar die godsvrug gedy,  
 En same te stry om die krag te bevry  
 Wat waardes moet wek aan jou toekoms gewy -  
 O land van my liefde allenig,  
 Staan ons saam in ons roeping verenig!

.....

Refrein: En sterk sal ons staan in ons roeping befaam  
 En trou tot die eer van Sy Grote Naam!<sup>h</sup>

1. Digter: J.J. Fourie.

## B I B L I O G R A F I E

I GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE1. AMPTELIK

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, IV : Resolusies van die Politieke Raad 1707-1715, Deel IV.  
Kaapstad, 1962.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal I-VII: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1844-1868.  
Kaapstad, 1949, 1950, 1951, 1952, 1953, 1956, 1966.

2. ANDER

DE MIST, J.A., Memorie houdende de consideratiën en advijs van het Departement tot de Indische Zaken . . . . ., afgedruk in die Van Riebeeck-vereniging-uitgawe, nr. 3. Kaapstad, 1920.

DREYER, A., Boustawwe uit die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, dl. III, 1804-1836. Kaapstad, 1936.

EYBERS, M.A., Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap De Goede Hoop (1805) in Werken uitgegeven door het Historisch Genootschap. Amsterdam, 1922.

FERGUSON, W.T. en IMMELMAN, R.F.M., Sir John Herschel and Education at the Cape, 1834-1840. Kaapstad, 1961.

KESTELL, J.D. en VAN VELDEN, D.E., De Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika. Pretoria en Amsterdam, 1909.

THEAL, G.M., Records of the Cape Colony, 36 dele. Londen, 1897-1905.

II STAATS- EN PROVINSIALE PUBLIKASIES1. KAAP(a) Voor 1910

Cape of Good Hope Blue Books; 1842-1852.

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Wet nr. 13 van 1865.

Code of School Regulations (G.1-1865).

Proklamasie nr. 113 van 1882 (i.s. keuse van onder-rigmedium) in The Cape of Good Hope Government Gazette, 21 Julie 1882.

Proklamasie nr. 80 van 1886 (i.s. godsdiensonder-rig gedurende skoolure) in The Cape of Good Hope

Government Gazette, 28 Mei 1886.

Verslae van Koloniale Onderwyskommissies:

Report of a Commission . . . . . to inquire into and report upon the Government Educational System of the Colony (G.24-1863).

Report of the Commission appointed to inquire into and report upon the working of the Education Acts in force in this Colony, 1879-80 (G.75-1880).

First, second and third reports of a Commission appointed to enquire into and report upon certain matters connected with the Educational System of the Colony (G.3A en 3-1892).

Departement van Onderwys. Verslae van Superintendent-generaal van Onderwys en ander:

Report of Public Education for the year 1855, and the first half of 1856 (G.16-1857).

Report of the Superintendent-General of Education on a Tour of Inspection of the Schools in the Western Division of the Colony (G.29-1858).

Report of the Superintendent-General of Education for the year 1860 (G.17-1861).

Report of the Superintendent-General of Education for the year ended 30th June, 1882 (G.3-1883).

Preliminary Report on the state of Education in the Colony of the Cape of Good Hope by Donald Ross (G.12-1883).

Educational Statistics to illustrate the progress of the Aided-School System in this Colony etc. (G.78-1883).

(b) Na 1910

Oorkonden van de Provinciale Raad. Eerste sessie van de Tweede Raad, 1914.

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Ordonnansie nr. 11 van 1912

Ordonnansie nr. 18 van 1913

Ordonnansie nr. 14 van 1918

Ordonnansie nr. 25 van 1919

Ordonnansie nr. 5 van 1921

Ordonnansie nr. 23 van 1925

Ordonnansie nr. 10 van 1945

Ordonnansie nr. 20 van 1956

Ordonnansie nr. 8 van 1964

Ordonnansie nr. 15 van 1964

Ordonnansie nr. 13 van 1965

Ordonnansie nr. 22 van 1969

"Regulasies insake Godsdiensoonderrig in skole" in die Offisiële Koerant, 31 Oktober 1969.

Verslae van Provinsiale Onderwyskommissies:

Report of the Select Committee on the Religious Instruction in schools draft Ordinance, together with the minority report, minutes of proceedings and evidence (P.C. Sel. Com. 4-1913).

Report of the Commission appointed on 17th August, 1915, to enquire into, and report upon, certain matters connected with the carrying into effect of Ordinance No. 11 of 1912 - commonly known as the "Language Ordinance" (C.P. 1-1917).

Departement van Onderwys. Jaarverslae van Superintendent-generaal van Onderwys:

1919

1927/28

1950/51

1946

Departement van Onderwys. Die Onderwysgaset.

10 Mei 1962; 23 Mei 1963; 2 Maart 1967; 24 Julie 1969; en 13 November 1969.

2. ORANJE-VRYSTAAT(a) Voor 1910

Die Grondwet van 1854.

Notulen der Verrigtingen van den Hoogedelen Volksraad, 1854-1899.

Debates in the Legislative Council during the Second Session, 1903.

Debates of the Legislative Council and the Legislative Assembly of the Orange River Colony (First Session of the Parliament) 1907-1908.

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Onderwysregulasies van 1855, 1863 en 1864.

Ordonnansie nr. 5 van 1872

Ordonnansie nr. 1 van 1874

Ordonnansie nr. 13 van 1879

Ordonnansie nr. 17 van 1884

Ordonnansie nr. 22 van 1889

Ordonnansie nr. 2 van 1891

Ordonnansie nr. 19 van 1894

Ordonnansie nr. 14 van 1895

Ordonnansie nr. 27 van 1903

Ordonnansie nr. 29 van 1905

Ordonnansie nr. 35 van 1908

(b) Na 1910

Stemmingen en Verrichtingen en aanhangsels van de Provinciale Raad, sessie 1914.

Stemmings en Verrigtings van die Provinsiale Raad, 1943.

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Ordonnansie nr. 2 van 1912

Ordonnansie nr. 7 van 1917

Ordonnansie nr. 9 van 1920

Ordonnansie nr. 15 van 1930

Ordonnansie nr. 16 van 1954

en Uitvoerende Komitee-besluit, nr. 544 van 1963.

Verslae van Provinsiale Onderwyskommissies:

Rapport van die Kommissie van ondersoek oor die skaarste van onderwysers in die Oranje-Vrystaat, medium van onderwys, invoering van die tweede taal as medium en vak, ens., 1921.

Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951.

Rapport van 'n Oorsese Sending oor Gedifferensieerde Middelbare Onderwys, 1963.

Departement van Onderwys. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys:

1916

1921

1940

Departement van Onderwys. Omsendbriewe:

S.S.R. 41/63 en Prins. 36/63 - Aanstelling van onderwysers in promosieposte.

Departement van Onderwys. Vrystaatse Onderwysnuus, vanaf 1968 tot 1969.TRANSVAAL(a) Voor 1910

Grondwet van de Zuid Afrikaansche Republiek, 1858.

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Onderwysreglement van 1852 (Van der Linden-Reglement)

Onderwysreglement van 1853 (Van der Hoff-Reglement)

Onderwysreglement van 13 Mei 1859

„Reglement voor de Governements Onderwijzers in die Z.A. Republiek“, 20 Mei 1859

„De Wet op het onderwijs in de Z.A. Republiek“, 4 September 1866

Wet nr. 1 van 1882

Wet nr. 8 van 1892

Volksraadsbesluit van 1 Junie 1892, „regelende de subsidieering van die skole, waarin krachtens spesiale vergunning van de Hed. Regeering het medium van onderwys niet Hollandsch behoeft te wezen.”

Wet nr. 3 van 1893

Wet nr. 7 van 1903

Wet nr. 25 van 1907

(b) Na 1910

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Ordonnansie nr. 5 van 1911

Ordonnansie nr. 15 van 1930

Ordonnansie nr. 17 van 1934

Ordonnansie nr. 13 van 1945

Ordonnansie nr. 19 van 1949

Ordonnansie nr. 29 van 1953

Ordonnansie nr. 30 van 1960

Ordonnansie nr. 17 van 1963

en Administrateurskennisgewing nr. 883 van 16 November 1960.

Verslae van Provinsiale Onderwyskommissies:

Report of the Education Commission, appointed under the Administrator's notice No. 416, dated 21st December 1917 (T.P.1-1920).

Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie benoem ingevolge Administrateurs-kennisgewing No. 124 van 3 Maart 1937 (T.P.5-1939).

Verslag van 'n Sending na oorsese lande, dl. 1., die Grondwetlike beheer oor die Onderwys (30 April 1965).

Departement van Onderwys. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys:

1915 (T.P.4-1916)

1921 (T.P.7-1922)

1925 (T.P.5-1926)

1967 (Geen T.P. nr. nie)

Departement van Onderwys. Organisasie en Funksies van die Departement en lys van skole en veldamptenare, Julie 1967.

Departement van Onderwys. Die Skoolkomitee en sy betekenis, hersien 1958.

Departement van Onderwys. Omsendbriewe:

Nr. I J van 13 Junie 1968 - Onderwysbeleid, Onderwysbeplanning, Salarisse en Diensvoorwaardes van Onderwysers.

Nr. 86 van 6 September 1968 - Aanstelling van Adviesrade vir Beroepskole en die vulling van vakatures op Adviesrade.

Departement van Onderwys. Onderwysnuusflitse, vanaf Junie 1965 tot Desember 1969.

4. NATAL

Na 1910

Onderwyswetgewing en -regulasies:

Ordinnansie nr. 13 van 1916

Ordonnansie nr. 23 van 1942

Ordonnansie nr. 10 van 1950

„Regulasies betreffende adviserende skoolkomitees" in Provinsiale Kennisgewing nr. 83 van 1943 soos gewysig deur nr. 14 van 1946.

„Regulasies i.s. dosering van tweede amptelike taal in blanke- en kleurlingstaatskole" in Provinsiale Kennisgewing nr. 59 van 1955.

„Konseponderwysordonnansie van 1969" in die Offisiële Koerant, 23 Oktober 1969.

Verslae van Provinsiale Onderwyskommissies:

Report of the Provincial Education Committee 1946 (N.P.2-1946).

5. UNIE VAN SUID-AFRIKA EN REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1910-1969Debatte van die Volksraad (Hansard):

24 tot 25 November 1910, 24 April 1911, 18 Februarie 1925, 26 Maart 1925, 19 Februarie 1937, 22 Februarie 1944, 4 Mei 1956, 25 April 1960, 6 en 16 Junie 1962, 22 Februarie tot 2 Maart 1967, en 24 April 1969.

Wette en regulasies:

Die Zuid-Afrika-Wet van 1909

Wet nr. 8 van 1925

Wet nr. 70 van 1955

Wet nr. 32 van 1961

Wet nr. 86 van 1962

Wet nr. 39 van 1967

Wet nr. 40 van 1967

Wet nr. 41 van 1967

Wet nr. 73 van 1969

Proklamasie nr. 809 van 1969 (i.s. bepaling van nasionale onderwysbeleid - medium van onderrig) in Staatskoerant, 16 Mei 1969.

Verslae van Regeringskommissies:

Rapport van het Gekozen Komitee op Openbare Onderwys (S.C.2-1911).

Reports majority and minority of the Provincial Administration Commission presented to both Houses of Parliament etc. (U.G.45-1916).

Tweede Rapport van de Kommissie op het Administratie van Onderwys aan beiden Huizen van het Parlement aangeboden enz. (U.G.19-1924).

Report of the Provincial Finance Commission appointed in 1933 (U.G.46-1934).

Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (U.G.65-1948).

Verslag van die Gekose Komitee oor die Onderwerp van die wetsontwerp op die Nasionale Onderwys-Adviesraad (G.K.5-1962).

Verslae van die Unie-Onderwysdepartement:

1937 (U.G.51-1938)

1938 (U.G.59-1939)

Verslae van die Nasionale Adviserende Onderwysraad:

1963 (R.P.41-1964)

1964 (R.P.32-1965)

1965 (R.P.35-1966)

1966 (R.P.43-1967)

1967 (R.P.29-1968)

1968 (R.P.45-1969)

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing: J.B. Haasbroek en R.F. Crowther, Sentrale en plaaslike beheer oor die onderwys in enkele oorseese lande met verwysing na die beheer oor die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika (Navorsingsreeks nr. 55).

6. OORSESE STAATSPUBLIKASIES

England and Wales: Ministry of Education, A Guide to the Educational System of England and Wales. Pamphlet No. 2, 1945.

Scotland: Teaching Council (Scotland) Act, 1965.



III ANDER BRONNEPUBLIKASIES1. KERKE, ACTA SYNODI:

Acta of Handeling der Nationale Synode te Dordrecht ten jare 1618 en 1619 ..... onder toezicht van J.H. Donner en S.A. van den Hoorn, te Leiden bij D. Donner.

Handelinge (Acta Sonydi) van die vergaderings van die Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk:

N.G. Kerk in S.-A. (Kaapland). Die gedrukte Acta Synodi vanaf 1834 tot 1928.

N.G. Kerk in die O.V.S. Die gedrukte Acta Synode van 1919.

N.H. of G. Kerk (Transvaal). Die gedrukte Acta Synodi vanaf 1919 tot 1925.

Handelinge van de Achtste Algemene Synodale Kerkvergadering samengesteld uit al De Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, ens., 1882.

2. KERKE, VERSLAE:

"Verslag van den staat der Godsdienst en het Godsdienstig Onderwijs ..... " in De Gereformeerde Kerkbode, 25 November 1865.

"Officieel-Ring van de Kaapstad" in De Gereformeerde Kerkbode, 2 November 1872. (verwys na "Good Hope Seminary")

"Verslagen van de Inspectors van Onderwijs" in De Gereformeerde Kerkbode, 14 Junie 1873.

"Officieel-Verslag van de Drie-en-Twintigste Vergadering van den Ring van Beaufort, ..... " in De Kerkbode, 23 Oktober 1885.

Ringsverslae van Graaff-Reinet en Burghersdorp in De Kerkbode, 13 November 1885. (Verwys na Vrywillige Beginsel)

Ringsverslae van George en Graaff-Reinet in De Kerkbode, 16 November 1911.

"Kerklyk Onderwijs Congres" in De Kerkbode, 19 Julie 1917; vgl. ook De Unie, 1 September 1917.

"Onderwijs in de Transvaal" in De Kerkbode, 6 Junie 1918.

"Onderwijs Konferenties" in De Kerkbode, 3 Februarie 1921.

"Officieel. Ring van Kaapstad" in De Kerkbode, 24 Oktober 1934.

"Besluit van Sinodale Kommissie van die Natalse Kerk, insake Nuwe Onderwysordonnansie No. 13/1942" in Die Kerkbode, 30 Desember 1942.

"Die lot van enkelmediumskole in Natal" in Die Kerkbode, 30 Desember 1942.

"Kerk en Skool. Konferensie oor Moedertaalonderwys in Natal, 20th Febr. 1943, belê deur die

tydelike Onderwyskommissie van die Ned. Geref. Kerk onder die gesag van die Moderatuur" in Die Kerkblad, 5 Maart 1943.

Verslag van die Jeug-Studiekommissie van die Ned. Geref. Kerk vir behandeling deur die Algemene Sinode in sitting 13 Oktober 1966 e.v.d.

3. DIE INTERKERKLIKE KOMITEE VAN DIE HOLLANDSE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Memorandum insake die behoefte aan 'n Uniale Onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys ens.

Aanvullende Toeligting by deel III van die Memorandum insake 'n Uniale Onderwysbeleid en die Verdeelde Beheer ten opsigte van middelbare onderwys. Maart 1955.

Ongepubliseerde stukke van Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys. 29 September tot 2 Oktober 1969.

4. VERENIGING VAN CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Memorandum insake godsdiensoonderrig voorgelê aan sy Edele, sen. J. de Klerk, minister van Binnelandse Sake en Onderwys, Kuns en Wetenskap op 4 Februarie 1964 (Verkrybaar by V.C.H.O.-kantoor), vgl. ook "V.C.H.O. se standpunt voor Onderwysraad gestel" in Roeping, Maart 1967.

5. FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE

Referate en Verslag F.A.K.- en C.N.O.-Kongresse 5, 6 en 7 Julie 1939. Bloemfontein.

Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys - Christelik-Nasionale Onderwysbeleid. Johannesburg, 1948.

6. ORANJE-VRYSTAATSE ONDERWYSERSVERENIGING

"Memorandum in sake godsdiensoonderrig" in Die Skoolblad, September 1965.

7. DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSVERENIGING

"Die Verslag van die Komitee van die S.A.O.U. insake die Gesamentlike Verklaring van die Ned. Ger. en Geref. Kerke oor Godsdiensoonderrig op skool in Kaapland" in Die Unie, Mei 1964.

IV LETTERKUNDIGE BRONNE1. PERIODIEKE PUBLIKASIESKoerante en Tydskrifte

Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap.

The Cape Monthly Magazine, Vol. XI, Januarie tot Junie 1862.

Handhaaf, amptelike maandblad van die F.A.K.

Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Het Kerkblad, Die Kerkblad.

De Gereformeerde Kerkbode, De Kerkbode, Die Kerkbode.

Koers, maandblad vir Calvinistiese denke.

Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding (Orgaan van die T.O.).

Roeping, kwartaalblad van V.C.H.O.

Het Schoolblad, Die Skoolblad (Orgaan van die O.V.S.O.V.).

Die Transvaler.

Tydskrif vir Christelike Wetenskap.

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, en Tydskrif vir Geesteswetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

De Unie, Die Unie (Orgaan van die S.A.O.U.).

De Vereeniging, 4 April 1907.

Die Volksblad.

2. KONTEMPORÊRE WERKE

(BREBNER, J.), Memoir of the Life and Work of Rev. John Brebner. Edinburgh, 1903.

LANGENHOVEN, C.J., My aandeel aan die Taalstryd in Versamelde Werke, dl. XII. Kaapstad, 1942.

V LITERATUUR1. BOEKE

AUCAMP, A.J., Bilingual Education and Nationalism with special reference to South Africa. Pretoria, 1926.

BASSON, M.A., Die onderrig van Afrikaans. Kaapstad Derde hersiene uitgawe. Tweede druk. Datum onvermeld.

BASSON, M.A., Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese. Johannesburg, 1944.

BAVINCK, H., Paedagogische Beginnselen. Kampen, 1928.

- BEHR, A.L. en MACMILLIAN, R.G., Education in South Africa. Pretoria, 1966.
- BEKKER, J., Aspekte van die Organisasie en Administrasie van die Transvaalse openbare Onderwys. Kaapstad, 1965.
- BENTHAM, J., The Theory of Legislation. Londen, 1931.
- BERKOUWER, G.C., De Algemene Openbaring. Dogmatische Studiën. Kampen, 1951.
- BINGLE, H.J.J., Aspekte van Christelike-Nasionale Onderwys. Brosjurerreeks vir Godsdiensonderwys No. 8. Pretoria, 1962.
- BOSHOFF, S.P.E., Taalonderwys (Radio-Iniversiteit). Johannesburg, 1964.
- BOT, A.K., Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951. Pretoria, 1951.
- BOTES, E., Die Taalmediumvraagstuk. Pretoria, 1941.
- BOYD, W., The History of Western Education. Londen, 1950.
- BROOKS, N., Language and Language Learning. Theory and Practice. New York, 1960.
- CILLIERS, D.H., Onderwysbeleid en -Beheer in Suid-Afrika 1910-1960. Pretoria, 1960.
- COETZEE, J.C., Ds. S.J. du Toit en die Onderwys. Johannesburg, 1946.
- COETZEE, J.C., Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937. Potchefstroom, 1939.
- COETZEE, J.C., Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pretoria, 1965.
- COETZEE, J.C., Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde. Johannesburg, 1963.
- COETZEE, J.C., Onderwys in Transvaal 1838-1937. Pretoria, 1941.
- COETZEE, J.C., Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. Potchefstroom, 1930.
- COETZEE, J.C., (Red.), Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960. Pretoria, 1963.
- CORY, G.E., The Rise of South Africa, dl. 2. Londen, 1926.
- CRAMER, J.F. en BROWNE, G.S., Contemporary Education. A comparative Study of National Systems. New York, 1965.
- CRIJNS, J.M. en ander, De Mammoetwet. Voornaamste Aspecten in verband met de Schoolpraktijk. Roosendaal, datum onvermeld.
- DAVIES, R.E., Bilingualism in Wales. Kaapstad, 1954.
- DEWEY, J., Democracy and Education. An introduction to the philosophy of education. New York, 1964.

- DIJDERICHS, N., Nasionalisme as Lewensbeskouing en sy Verhouding tot Internasionalisme. Bloemfontein, 1936.
- DOOYEWEERD, H., Vernieuwing en Bezinning. Zutphen, 1959.
- DOOYEWEERD, H., A New Critique of Theoretical Thought Vol. I, Philadelphia, 1953, en Vol. 3, Philadelphia, 1957.
- DU TOIT, J.D., Versamelde Werke van J.D. du Toit (Totius) dl. 1. Johannesburg, 1960.
- DU TOIT, P.S., Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806. 'n Kultuur-Historiese studie. Pretoria, 1944.
- DU TOIT, P.S., Opvoedkundige Studies. Stellenbosch, 1969.
- FOWLER, C. de K., Skool-administrasie in die Kaapprovinsie. Met besondere verwysing na Komiteeprosedure. Kaapstad, 1954.
- GIE, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika, of Ons Verlede, dl. 1, Stellenbosch, 1924 en dl. 2, Stellenbosch, 1950.
- GRAVES, F.P., A Student's History of Education. New York, 1925.
- GREYLING, E., Christelike en Nasionale Onderwys, dl. 1 en dl. 2. Bloemfontein, 1941.
- GREYLING, E., Godsdiensonderwys in die skool. Bloemfontein, 1946.
- GUNTER, C.F.G., Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde. Stellenbosch, 1964.
- GUNTER, C.F.G., Opvoedingsfilosofieë. Op weg na 'n Christelike Opvoedingsfilosofie. Stellenbosch, 1964.
- HANS, N., Comparative Education. A Study of Educational Factors and Traditions. Londen, 1964.
- HUGHES, A.G., Education and the Democratic Ideal. Nine talks to teachers. Londen, 1956.
- HUNTER, S.L., The Scottish Educational System. Londen, 1966.
- JEFFREYS, M.V.C., Education Christian or Pagan, Londen, 1952.
- JESPERSON, O., Language - Its Nature Development and Origin. Londen, 1922.
- KANDEL, I.L., The New Era in Education. A Comparative Study. Londen, 1962.
- KANDEL, I.L., Comparative Education. Boston, 1933.
- KERR, J., Scottish Education School and University. From early times to 1908 with an addendum 1908-1913. Cambridge, 1913.
- KERR, A.J.C., Schools of Scotland. Glasgow, 1962.
- KEYTER, J. de W., Opvoeding en Onderwys. 'n Prinsipiële Waardering. Kaapstad, 1961.

- KOHN, H., The Idea of Nationalism. A study of its Origins and Background. New York, 1958.
- KUYPER, A., Antirevolutionaire Staatskunde. De Beginselen, dl. 1. Kampen, 1916.
- KUYPER, A., Antirevolutionaire Staatskunde. De Toepassing, dl. 2. Kampen, 1917.
- KUYPER, A., De Gemeene Gratie. Het Practisch Ge-deelte, dl. 3. Kampen, 4<sup>e</sup> onveranderde druk.
- LADO, R., Language Teaching. A Scientific Approach. New York, 1964.
- LANGVELD, M.J., Taal en Denken. Groningen, 1934.
- LEESON, S., Christian Education, Londen, 1948.
- LINDER, C.B., Christelikheid en Nasionalisme in die Opvoeding. Johannesburg, 1946.
- LOWNDES, G.A.N., The English Educational System. Londen, 1964.
- MACKINTOSH, M., Education in Scotland. Yesterday and today. Glasgow, 1962.
- MALAN, J.H., Die opkoms van 'n Republiek. Bloemfontein, 1929.
- MALAN, J.R., The Re-organisation of rural Education in the Cape Province of the Union of South Africa. Columbia, 1922.
- MALHERBE, E.G., Education in South Africa 1652-1922. Kaapstad, 1925.
- MARTINIUS, M.E., A Sketch of the Development of Rural Education (European) in the Cape Colony 1652-1910. Plek onvermeld, 1922.
- Mc KERRON, M.E., A History of Education in South Africa (1652-1932). Kaapstad, 1934.
- MEIJERS, J.A., Taal en Leven. Amsterdam, 1949.
- MEYER, P.J., Die Afrikaner. Bloemfontein, 1940.
- MILL, J.S., Utilitarianism, Liberty and Representative Government. Londen, 1926.
- MULLER, C.F.J., (Red.) Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria, Kaapstad, 1968.
- MURRAY, A.H., The Political. Philosophy of J.A. De Mist, Commissioner-General at the Cape 1803-1805. Kaapstad, datum onvermeld.
- NED. HERV. of Geref. KERK VAN SUID-AFRIKA (red. D.J. Keet), Wonderdade van God. Jubileum-Gedenkboek van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1842-1942. Hoofstukke uit die Geskiedenis van die Ontstaan, Groei, en Werkzaamhede van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Pretoria, 1942.
- NEL, B.F., Aspekte van die Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika. Pretoria en Kaapstad, 1959.
- NIBLETT, W.R., Christian Education in a secular society. Londen, 1960.

- NUNN, P., Education - Its Data and First Principles. Londen, 1947.
- PELLS, E. G., 300 years of Education in South Africa. Kaapstad, 1938.
- PIENAAR, P. de V., (red.) Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, 1968.
- PISTORIUS, P., Gister en Vandag in die Opvoeding. Potchefstroom, 1969.
- POTGIETER, F.J.M., Prinsipiële verantwoordings ten opsigte van Christelike opvoeding, opvoedkunde en onderwys. Bloemfontein, 1961.
- POTGIETER, F.J., Skool- en Klasorganisasie as faset van die praktiese Didaktiek. Kaapstad, 1966.
- POTGIETER, F.J. en SWANEPOEL, C.B., Temas uit die Historiese Pedagogiek. Pretoria, 1968.
- REISNER, E.H., Nationalism and Education since 1789. A Social and Political History of Modern Education. New York, 1929.
- RUPERTI, R.M. (J.L. du Plooy, red.), Die Opvoedings-taak. Johannesburg, 1965.
- SCHMIDT, C.H., The language medium question. Pretoria, 1926.
- SCHOLTZ, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, dl. 1, 1652-1806. Johannesburg, 1967.
- SCHOLTZ, J. du P., Die Afrikaner en sy Taal 1806-1875. Kaapstad, 1939.
- 'n SIMPOSIUM OOR RASSE- EN ANDER VERHOUDINGE, Grense. Stellenbosch, 1961.
- SMITSKAMP, H. en ander, Christendom en Nationalisme. 'S-Gravenhage, 1955.
- SPENCER, H., First Principles. Londen, 1922.
- SPENCER, H., Education: Intellectual, Moral and Physical. Londen, 1861.
- SPIER, J.M., Inleiding in de Wijsbegeerte der Wets-idee. Kampen, 1950.
- STEENKAMP, L.S., Onderwys vir Blankes in Natal 1824-1940. Pretoria, 1941.
- STOKER, H.G. en POTGIETER, F.J.M. (red.), Koers in die Krisis, dl. 1. Stellenbosch, 1935.
- STOKER, H.G. en VORSTER, J.D. (red.), Koers in die Krisis, dl. 2. (Stellenbosch, 1939), dl. 3 (Stellenbosch, 1941).
- STOKER, H.G., Die Stryd om die Ordes. Pretoria, 1941.
- STOKER, H.G., Oorsprong en Rigting, dl. 1. Kaapstad, 1935.
- STRAUSS, H.J., Christelik-Nasionaal en C.N.O. Bloemfontein, 1969.
- STRAUSS, H.J., Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing. Bloemfontein, 1964.

- STRAUSS, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys. Bloemfontein, 1964.
- THEAL, G. McC., History of South Africa since September 1795, Vol. II, III en V. Londen, 1908.
- THEAL, G. McC., History of South Africa (1795-1834). Londen, 1891.
- THEAL, G. McC., History of South Africa (1691-1795). Londen, 1888.
- VAN DER MERWE, J.P., Die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806. Amsterdam, 1926.
- VAN LOGGARENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C., Verantwoordelike Opvoeding. 'n Fenomologiese prinsipiële studie. Bloemfontein, 1966.
- VAN PITTIUS, E.F.W. GEY, Die stelsel van Prowinsiale Rade in Suid-Afrika. Pretoria, 1926.
- VAN ROOYEN, E.E., Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Stellenbosch, 1948.
- VAN ZYL, A.J., Meer Tegnieuse Onderwys. Pretoria, 1965.
- VENTER, E.A., Moedertaalonderrig. Johannesburg, 1963.
- VENTER, I.S.J., Die Anglikaanse Kerk en die Onderwys in die Oranje-Vrystaat 1854-1900. Pretoria, 1959.
- VERENIGING VAN ONDERWIJZERS EN ONDERWIJZERESSEN IN ZUID-APRIKA, Gedenkboek bij geleentheid van het vijftwintig-jarig bestaan. Pretoria, 1918.
- WATERINK, J., Inleiding tot de Theoretiese Paedagogiek, dl. 2 van De Geschiedenis der Paedagogiek (Derde Stuk). Zutphen, 1936.
- WATERINK, J., Inleiding tot de Theoretiese Paedagogiek, dl. I van De Geschiedenis der Paedagogiek (Vierde Stuk). Kampen, datum onvermeld.
- WATERINK, J., Grondslagen der Didactiek. Kampen, 1962.
- WATERINK, J., En Toch : „De Christelike School”. Kampen, 1961.
- WEST, M., Bilingualism (with special reference to Bengal.) Calcutta, 1926.
- WHORF, B.L., Language, Thought and Reality. Massachusetts, 1966.

## 2. BYDRAES IN VERSAMELWERKE, JUBILEUMUITGAWES, ENS.

- BESSELAAR, G., „Internasionale Calvinisme" in Koers in die Krisis, dl. I. Stellenbosch, 1935.
- BÖESEKEN, A.J., „Die opkoms van die blankes onder Van Riebeeck" in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, 1968.
- BUYS, B.R., „Onderwys in Natal" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960. Pretoria, 1963.



- COETZEE, J. Chr., „Onderwys in Transvaal" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960. Pretoria, 1963.
- COETZEE, J. Chr., „Die Taalvraagstuk in die skool sinds 31 Mei 1910" in Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1952.
- DU PLESSIS, J.A., „Kerk en Staat" in Koers in die Krisis, dl. 1. Stellenbosch, 1935.
- DU TOIT, P.S., „Onderwys in Kaapland" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960. Pretoria, 1963.
- HERTZOG, J.B.M., „Onze Moedertaal en Haar Waarde" in Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1952.
- HOOGENHOUT, N.M., „De Wetgeving op het Onderwijs in de Z.A. Republiek" in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek 1893-1918. Pretoria, 1918.
- KEYTER, J. de W., „Die opvoedingsideaal en -strewe van die Afrikaner" in P. de V. Pienaar (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, 1968.
- KLOOSTER, W., „Onze Vereniging van 31 Desember 1903 tot 24 April 1908" in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek 1893-1918. Pretoria, 1918.
- KOTZÉ, C.R., „'n Nuwe Bewind, 1806-1834" in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, 1968.
- KRIGE, J.J., „Metodisme" in Koers in die Krisis, dl. 1. Stellenbosch, 1935.
- LUGTENBURG, A.H., „Onderwys en Opvoeding" in D.J. Keet (red.), Wonderdade van God, Jubileum-Gedenkboek van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1842-1942. Eeufeeskommisjie, 1942.
- MACLEAN, D., „Die Soewereiniteit van God" in Koers in die Krisis, dl. 3. Stellenbosch, 1941.
- NIENABER, P.J., „Genl. Hertzog en ons Taalstryd" in Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1952.
- NIENABER, P.J., „Dr. O'Kulis en die onderwyswet : Invloed op genl. Hertzog" in Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1952.
- SPIES, S.B., „Heropbou en Unifikasie, 1902-1910", in C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria en Kaapstad, 1968.
- THOM, H.B., „Ons historiese vorming" in Die Waardes van die Afrikaner. Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Junie 1968 in Bloemfontein. Kaapstad, 1969.
- VAAKDRAGER, M., „De Oorsprong van de Kommissie voor C.N.O. (Christelik Nationaal Onderwijs) ,Vrien-

- denkkringen'" in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 1893-1918. Pretoria, 1918.
- VAN DER WALT, A.J.H., "Staatsgesag en Volksvryheid" in Koers in die Krisis, dl. 1. Stellenbosch, 1935.
- VAN SCHOOR, M.C.E., "Onderwys in die Oranje-Vrystaat" in J. Chr. Coetzee (red.), Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960. Pretoria, 1963.
- VAN SCHOOR, M.C.E., "Die toepassing en ontvangs van die Vrystaatse Onderwyswet van 1908" in Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Februarie 1953.
- VISSCHER, H., "Met C.N.O. van 1903 tot 1907" in V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 1893-1918. Pretoria, 1918.
- VORSTER, J.D., "Die Metodistiese invloed in ons Volkslewe" in Koers in die Krisis, dl. 3. Stellenbosch, 1941.
3. GE PUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE
- BADENHORST, L.H., Die aandeel van die Kerk in die Opvoeding, spesiaal in die Kaapprovinsie. (Dr.Th., Amsterdam). Amsterdam, 1955.
- BASSON, M.A., Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1907 in Argief-jaarboek vir S.-A. Geskiedenis, dl. 2. 1956. (D.Ed., U.P.). Kaapstad, 1956.
- CILLIERS, D.H., Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939). (D.Phil., U.N.I.S.A.). Kaapstad, 1953.
- DU TOIT, P.S., Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795 - 'n Kultuur-Historiese studie. (D.Phil., U.S.). Kaapstad, 1937.
- LUGTENBURG, A.H., Geskiedenis van onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900. (D.Litt., P.U.). Pretoria, 1925.
- PLOEGER, J., Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder Ds. S.J. du Toit en Dr. N. Mansvelt 1881-1900 in Argief-jaarboek vir S.-A. Geskiedenis, dl. 1, 1952. (D.Phil., U.P.). Kaapstad, 1952.
- VAN DER WESTHUIZEN, W.S., Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie : Die Periode 1804-39 in Argief-jaarboek vir S.-A. Geskiedenis, dl. 2, 1953. (D.Ed., U.S.). Kaapstad, 1953.
- VAN ROOYEN, J.H.P., Kerk en Staat - 'n Vergelyking tussen Kuyper en Van Ruler. (Dr.Th., Groningen). Groningen, 1964.
- VAN SCHOOR, M.C.E., Die Nasionale en Politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854 in Argief-jaarboek vir S.-A. Geskiedenis, 1963, dl. 2. (D.Litt.,

P.U. vir C.H.O.). Kaapstad, 1963.

VAN WYK, A.H. du P., Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese, 1806-1915. (D.Phil., U.N.I.S.A.). Pretoria, 1947.

VENTER, E.L.J., Die verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika. (Dr.Th., Amsterdam). Amsterdam, 1929.

VORSTER, J.D., Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1792. (Dr.Th., P.U. vir C.H.O.). Potchefstroom, 1956.

#### 4. ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

ARNOLD, N., Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920. (M.Ed., P.U. vir C.H.O.) 1954.

BADENHORST, L.H., Christelike Godsdiensonderrig in openbare skole. (M.Th., U.S.) 1966.

BADENHORST, L.H., 'n Histories-Sosiologiese Onderzoek van die aandeel en standpunt van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaapprovinsie ten opsigte van die Beheer en Organisasie van die Onderwys. (M.A., U.O.V.S.) 1952.

BINGLE, P.W., Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika, 1859-1959. (D.Ed., P.U. vir C.H.O.) 1959.

DU PLESSIS, W.S., Die Christelik-Nasionale onderwysgedagte met spesiale verwysing na Suid-Afrika. (M.Ed., U.S.) 1966.

DU TOIT, J.H., Die grondlegging en ontwikkeling van provinsiale, primêre en sekondêre onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat gedurende die tydperk 1910-1926. (D.Ed., U.V.) 1963.

HENNING, J.A., Die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat Onderwysersvereniging, gedurende die periode 1930-1950. (M.Ed., U.V.) 1955.

HOFMEYR, S.J., Die rol wat J.B.M. Hertzog gespeel het in die Skoolwet van 1908 en die reperkussies van die Wet met spesiale verwysing na die Taalmediumvraagstuk in die Oranje Rivier Kolonie. (M.Ed., U.V.) 1958.

LUBBE, J.J., Die ontstaan en ontwikkeling van onderwyswetgewing in die Oranje-Vrystaat 1854-1899. (M.Ed., U.K.O.V.S.) 1942.

MALAN, P.S., Openbare Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat 1874-1899. (D.Ed., P.U. vir C.H.O.) 1951.

MALAN, P.S., Onderwys in die Oranje-Vrystaat 1854-1874. (M.Ed., U.N.I.S.A.) 1943.

OLWAGEN, J.D., Die ontwikkeling en betekenis van die plaasskool in die Republiek Oranje-Vrystaat. (M.Ed., U.V.) 1955.

- PLOEGER, J., 'n Inleiding tot die studie van die (grondslae van die) Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na Die Zuid-Afrikaansche Republiek. (M.Ed., Pretoria) 1942.
- POTGIETER, M. du T., Die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Onderwys van Blankes in Kaapland sedert die eerste Sinode 1824. (D.Ed., U.S.) 1961.
- ROOS, S.I.W., Plaaslike beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852-1899. (D.Ed., P.U. vir C.H.O.) 1955.
- SCHOEMAN, P.G., Die benadering van die voorgeskrewe boek en die bloemlesing vir Engels as tweede taal in die nuwe bedeling van die middelskool in die O.V.S. (M.Ed., U.V.) 1965.
- STRYDOM, A.H., Die plek en taak van die skool as samelewingsverband in die moderne Christelike samelewing. (M.Ed., U.V.) 1967.
- VAN DER SCHIJF, W.G., Die gereformeerde beginsel in in die onderwys in Transvaal tot 1963. (D.Ed., P.U. vir C.H.O.) 1963.
- VAN RENSBURG, J.P., Nasionalisme in die Onderwys. (M.Ed., U.N.I.S.A.) 1964.
- VAN ROOYEN, I.M., Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging gedurende die periode 1900-1908 in die Oranje Rivier Kolonie met verwysing na die C.N.O.-beweging in die Transvaal, Kaapland en Natal. (M.Ed., P.U.K.) 1946.
- VAN TONDER, M.A., Dr. S.H. Pellissier as Direkteur van Onderwys vir die tydperk 1926-1948. (D.Ed., U.V.) 1968.
- VAN DER MERWE, G.J., Die Skoolkomiteestelsel in die Unie van S.A. - 'n Krities-Vergelykende studie. (M.Ed., U.S.) 1957.
- VERMAAK, D., Ons Provinsiale onderwysstelsels. 'n Vergelykende studie van die funksies en organisasie. (M.Ed., U.S.) 1955.

##### 5. ONGEPUBLISEERDE INTREERED E

- PRELLER, S.J., 'n Geïntegreerde Onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika. Intreerede gehou op 24 Oktober 1962, U.O.V.S., Bloemfontein.

##### 6. ARTIKELS IN TYDSKRIFTE

###### (A) REDAKSIONEEL

- „Penwortels van die Boerevolk" in Handhaaf, Junie 1968.
- „C.N.O. nog nie dood nie" in Het Kerkblad, 15 September 1915.

- „Die Enkelmediumskool in die Transvaal" in Die Kerkblad, 18 Desember 1942.
- „Kerknieuws" in De Gereformeerde Kerkbode, 21 Januarie 1865.
- „De Hugenooten School te Wellington" in De Kerkbode, 1 November 1873.
- „Ons Hoger Onderwijs" in De Kerkbode, 3 Februarie 1921.
- „Enkelmediumskole" in Die Kerkbode, 24 Februarie 1943.
- „Verwarrende geluide oor C.N.O." in Die Kerkbode, 10 Julie 1968.
- „Godsdienst sonder God?" in Die Kerkbode, 16 April 1969.
- „Calvinisme" in Die Kerkbode, 7 Mei, 14 Mei, 21 Mei, 4 Junie en 11 Junie 1969.
- „Skoolbeheer : Onsektariese openbare skole" in Die Onderwysgaset, 2 Maart 1967.
- „Elkeen lewer 'n bydrae" in Onderwysnuusflitse, Desember 1967.
- „Ons provinsiale regering" in Onderwysnuusflitse, Desember 1967.
- „Ouersegenskap : Skoolrade" in Onderwysnuusflitse, Desember 1967.
- „Streeksskoolraadkonferensies" in Onderwysnuusflitse, Junie 1968.
- „Vennootskap in die onderwys" in Onderwysnuusflitse, Desember 1968.
- „Die Christelike owerheid in Christelike onderwys" in Roeping, Junie 1964.
- „Skoolraadsimposium" in Roeping, Junie 1968.
- „Nuwe era ook vir V.C.H.O." in Roeping, September 1960.
- „Kristelik Nasionale Propaganda Vereeniging" in Het Schoolblad, 24 Januarie en 15 September 1916.
- „Tiende Kongres van die O.V.S.O.V. te Bloemfontein 3, 4 en 5 Oktober 1916" in Het Schoolblad, 16 Oktober 1916.
- „Verslag van die Groot Kongres van die O.V.S.O.V. gehou op 23 Oktober 1943 in die stadsaal van Bloemfontein" in Die Skoolblad, November 1943.
- „Die dilemma van onderwys in Suid-Afrika gedurende die laaste 15 jaar" in Die Skoolblad, Januarie 1962.
- „Staat en Onderwys" in Die Skoolblad, Junie 1965.

„Ons eis vir onself wat ons Engelse gun" in Die Transvaler, 3 Desember 1942.

„Moerdertaal noodsaaklik in onderwys" in Die Transvaler, 4 Desember 1942.

„Afrikaans als offisiële taal van de Z.A.O.U." in De Unie, 1 Januarie 1918.

„Ons jongste kongres - 'n nabetragting" in Die Unie, September 1943.

„Huldigingsuitgawe van Die Unie opgedra aan Dr. G.G. Cillie vyf-en-twintig jaar hoofredakteur" in Die Unie, 1 Oktober 1943.

„Betekenis van die stryd teen enkel-medium" in Die Volksblad, 31 Augustus 1943.

„Groot Volkskongres oor Moedertaal-onderwys" in Die Volksblad, 14 Desember 1943.

„Gewigtige besluite oor Moedertaalskole op Volkskongres geneem" in Die Volksblad, 15 Desember 1943.

„Godsdienst as vak in eie reg" in Die Volksblad, 29 Mei 1967.

„'n Reg wat ouers verwaarloos" in Die Volksblad, 3 Junie 1967.

„Organisasiekaart van die O.V.S. Onderwysdepartement in Vrystaatse Onderwysnuus, Junie 1969.

(B) ANDER

BEKKER, J., „Weg met 'C.N.O.'?" in Onderwysblad, April 1969.

BINGLE, H.J.J., „Differensiasie as een van die basiese probleme van ons onderwysstelsel" in Die Skoolblad, November 1965.

BOTHA, L.N., „Die lot van enkelmediumskole in Natal" in Die Kerkbode, 30 Desember 1942.

CILLIERS, J. LEON le R., „Christelik-Nasionale Opvoeding" in Handhaaf, Augustus 1968.

COETSEE, A.G., „Nasionalisme as wesensfaktor by die bepaling van Onderwysstelsels" in Koers Januarie/Februarie 1966.

COETZEE, J. Chr., „Ons Onderwysordonnansie" in Onderwysblad, Augustus 1966.

COETZEE, J. Chr., „Ons Skoolkomitee" in Onderwysblad, Julie 1967.

COETZEE, J. Chr., „Ons Skoolrade" in Onderwysblad, Oktober 1967.

COETZEE, J.H., „Afrikaner, die N.P., Calvinisme en

- Engelssprekende" in Die Volksblad, 30 April 1969.
- DE KLERK, J.J., „Evangelisasie en Christelike Wetenskap" in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 1<sup>e</sup> en 2<sup>e</sup> kwartale 1968.
- DREYER, A., „'n Normaalskool-Studente-groep" in De Kerkbode, 26 Mei 1926.
- EYBERS, E., „Hoofstukke uit die geskiedenis van opvoeding en onderwys in Suid-Afrika" in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Junie en September 1926.
- FOUCHE, L., „Onze Eerste Scholen" in De Unie, Julie 1910.
- FOURIE, J.J., „C.N.O.-beleid het koers verloor" in Roeping, Junie 1965.
- FOURIE, J.J., „Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika" in Die Skoolblad, Januarie 1966.
- FOURIE, J.J., „Beginsels en praktyke i.v.m. onderlinge magsverhoudinge tussen onderwyskorps en onderwysowerheid en oorwegings i.v.m. professionele regte" in Die Skoolblad, Junie 1966.
- FOURIE, J.J., „Onderwyskorps en Onderwysowerheid : Die beginsel van medeseggenskap en professionele vennootskap; 'n statutêre Onderwysraad en professionele regte" in Die Skoolblad, Oktober 1966.
- FOURIE, J.J., „Toekomsblik in die roepingstaak" in Die Skoolblad, September 1967.
- FOURIE, J.J., (van die Redaksie) „Die ideale verhouding tussen ouer en onderwyser" in Die Skoolblad, Oktober 1967.
- FOURIE, J.J., „Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die oueronderwysersvereniging" in Die Skoolblad, Maart 1968.
- HENNING, J.A., „Oorsigbeeld van die geskiedenis van die O.V.S.O.V." in Die Skoolblad, September 1967.
- KOCK, P. de B., „Die grondslae van die Christelike Wysbegeerte" in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 1<sup>e</sup> en 2<sup>e</sup> kwartaal, 1968.
- KOCK, P. de B., „Besinning oor die skoolverband" in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 3<sup>e</sup> kwartaal 1968.
- KOTZE, A.L., „Toekomsblik na aanleiding van die nuwe Onderwysbeleid" in Onderwysblad, Julie 1967.
- KRIEL, J.L., „Die posisie en administrasie van ons onderwys teen die agtergrond van provinsiale bestuur" in Vrystaatse Onderwysnuus, Junie 1969.
- MEIRING, A.G.S., „Ouerseggenskap in die opvoeding" in Vrystaatse Onderwysnuus, Desember 1968.
- PIENAAR, J.J., „Ontplooiing van die C.N.O.-gedagte in Transvaal en Standpunt en rol van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in die verband (1902-1907) in

Die Kerkbode, 21 Junie 1967.

- PIENAAR, J.J., "Konflik tussen kerk en staat (1902-1906) in Transvaal" in Die Kerkbode, 18 Oktober 1967.
- PIENAAR, J.J., "Onderwys - die standpunt van die Ned. Geref. Kerk" in Die Kerkbode, 7 Februarie 1968 en 14 Februarie 1968.
- ROBBERTSE, P.M., "Onderwysbeplanning om in die behoeftes van die volkshuishouding te voorsien" in Onderwysblad, November 1965.
- RUPERTI, R.M., "'n Paar aspekte van sekondêre onderwys in die Verenigde State van Amerika" in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Maart 1966.
- SMIT, G.J.J., "Toespraak gelewer deur die Superintendent-generaal van Onderwys" in Die Unie, Augustus 1967.
- STOKER, H.G., "Die eenheid van die wetenskap. 'n Ensiklopediese besinning. 'n Referaat gelewer op die algemene vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op 30 Junie 1967, Bloemfontein.
- STONE, H.J.S., "Opknappingskursus in Godsdiensonderig 'n geslaagde onderneming" in Roeping, Junie 1965.
- STONE, H.J.S., "Transvaalse Onderwysdepartement lê klem op die Bybel" in Roeping, Maart 1967.
- THOM, H.B., "Die F.A.K. 40 Jaar : Terugblik en Toekomsblik" in Handhaaf, Oktober 1969.
- TREURNICHT, A.P., "Die kultuurtaak van die Kerk" in Handhaaf, Junie 1968.
- TREURNICHT, A.P., "Politieke Perspektief" in Hoofstad, 28 Maart 1969.
- VAN DER MERWE, N.T., "Christelike Filosofie en Ideologie (1)" in Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap (S.A.V.C.W.), Julie 1967.
- VAN DER MERWE, N.T., "Kerk en Ideologie (2)" en "Calvinistiese Wysbegeerte en Ideologie (3)" in Bulletin van die S.A.V.C.W., November 1967.
- VAN DER MERWE, N.T., "Calvinistiese Wysbegeerte en Ideologie (slot)" in Bulletin van die S.A.V.C.W., Januarie 1968.
7. PAMFLETTE
- BINGLE, H.J.J., Onderwysontwikkeling in S.-A. gedurende die afgelope dekade. (Studiestuk nr. 22 van die Instituut vir bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.)
- DE KLERK, W.J., Die Calvinisme in 'n neutedop. (Studiestuk nr. 36 van die Instituut vir bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.)

